



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIE VERHOUDING
TUSSEN DIE CHRISTOLOGIE EN ETIEK
IN DIE BRIEF AAN DIE KOLOSSENSE**

DEUR

JOHANNES P PIENAAR

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

PHILOSOPHIAE DOCTOR

**IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

2009

**PROMOTOR: PROF ERNEST VAN ECK
MEDE-PROMOTOR: PROF J G VAN DER WATT**

DANKBETUIGING EN ERKENNING

Die volgende persone het 'n groot bydrae gelewer tot die aanloop, verloop en afhandeling van hierdie studie. Aan elkeen my opregte dank en waardering:

PROFESSOR ERNEST VAN ECK

Prof Ernest, jy het toe op die laaste oomblikke tot my redding verskyn – en wat 'n redding. Ek is baie beïndruk met jou benadering, noukeurigheid en ure se werk wat jy ingesit het! Dankie vir die positiewe advies en professionele akkuraatheid waarmee jy die hele proses hanteer het. Met opregte dank en groot waardering wil ek hierdie proefskrif ook aan jou opdra.

PROFESSOR JAN VAN DER WATT

Prof Jan, sedert my voorgraadse jare is jy vir my 'n inspirasie in jou benadering tot die teologie en kennis van die Bybel. Jou persoonlike voorbeeld het my nog altyd gemotiveer om in nederigheid my kennis van Jesus Christus te verdiep. Jou geduld, motivering en raad met hierdie studie het my laat volhard.

MY FAMILIE

My gesin het my aangespoor om nie tou op te gooi of moedeloos te word nie en hulle aanmoediging en ondersteuning het my gedra. Arno, Lené, en Ian, julle “sterk staan, Pa!” sal my altyd by bly. Nella, sonder jou tikwerk en redigering kon hierdie werk nie die lig sien nie. Hierdie proefskrif word met opregte liefde aan jou opgedra.

DIE NG GEMEENTE AMSTERDAM

Ek het groot waardering vir julle begrip, aanmoediging en ondersteuning. Die ruimhartige studieverlof en die feit dat julle bereid was om 'n aflosleraar in diens te stel, het vir my 'n groot geleentheid gebied om 'n diepte-studie te kon doen.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDEND

| | | |
|-----|------------------------------|----|
| 1.1 | REDE VIR ONDERSOEK | 11 |
| 1.2 | WERKWYSE VAN STUDIE | 12 |
| 1.3 | BREË GEDAGTEGANG | 13 |
| 1.4 | HIPOTESE VAN ONDERSOEK | 14 |

HOOFSTUK 2

DIE PROLEGOMENA

| | | |
|-------|--|----|
| 2.1 | INLEIDING TOT KOLOSSENSE | 15 |
| 2.1.2 | OUTEURSKAP EN TYD EN PLEK VAN SKRYWE | 15 |
| 2.1.3 | DIE GEMEENTE IN KOLOSSE | 17 |
| 2.1.4 | AANLEIDING TOT DIE SKRYWE VAN DIE BRIEF | 18 |
| 2.1.5 | DIE STRUKTUUR VAN KOLOSSENSE | 22 |
| 2.1.6 | GEDEELTES IN BRIEF WAAR DIE TEMA VAN DIE STUDIE AANGESPREEK WORD | 25 |

HOOFSTUK 3

TEOLOGIE EN CHRISTOLOGIE IN KOLOSSENSE

| | | |
|---------|--|----|
| 3.1 | INLEIDEND | 27 |
| 3.2 | TEOLOGIE | 30 |
| 3.2.1 | DIE WIL VAN GOD | 30 |
| 3.2.2 | DIE KRAG OF MAG VAN GOD | 33 |
| 3.2.3 | DIE VOLHEID VAN GOD | 34 |
| 3.2.4 | GOD SE VERSOENING | 37 |
| 3.2.5 | DIE GENADE VAN GOD | 40 |
| 3.2.6 | DIE VREDE VAN GOD | 42 |
| 3.2.7 | DIE LIEFDE VAN GOD | 42 |
| 3.2.8 | GOD ROEP | 43 |
| 3.2.9 | GOD SE ROL OF FUNKSIE IN KOLOSSENSE | 44 |
| 3.2.9.1 | GOD DIE SKEPPER | 44 |
| 3.2.9.2 | GOD DIE HEERSER | 44 |
| 3.2.9.3 | GOD DIE REGTER | 45 |
| 3.2.9.4 | GOD DIE VADER | 46 |
| 3.2.10 | SAMEVATTING VAN DIE TEOLOGIE VAN KOLOSSENSE | 48 |
| 3.3 | CHRISTOLOGIE | 51 |
| 3.3.1 | WAT IS CHRISTOLOGIE? | 51 |
| 3.3.2 | CHRISTOLOGIE: TEMAS, UITDRUKKINGS, TERME EN BEGRIPPE | 52 |
| 3.3.2.1 | JESUS (Ἰησοῦς) | 53 |
| 3.3.2.2 | CHRISTUS (Χριστός) | 53 |
| 3.3.2.3 | HERE (κύριος) | 55 |
| 3.3.2.4 | SEUN VAN GOD (τοῦ υἱοῦ) | 55 |



| | | |
|----------------------------------|---|-----|
| 3.3.2.5 | DIE SEUN VAN SY LIEFDE (τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ) | 59 |
| 3.3.2.6 | DIE KONINKRYK VAN DIE SEUN | 60 |
| 3.3.2.6.1 | DIE BETEKENIS VAN KONINKRYK VAN DIE SEUN VAN GOD | 61 |
| 3.3.2.6.2 | DIE KONINKRYK AS GEESTELIKE REALITEIT | 63 |
| 3.3.2.6.3 | TOEGANG TOT DIE KONINKRYK | 63 |
| 3.3.2.6.4 | VERLOSSING | 66 |
| 3.3.2.6.5 | IN CHRISTUS | 67 |
| 3.3.2.6.6 | DIE ETIESE DIMENSIE VAN DIE KONINKRYK | 69 |
| 3.3.2.6.7 | DIE EKKLESIOLOGIESE DIMENSIE VAN DIE KONINKRYK | 70 |
| 3.3.2.6.8 | DIE DINAMIESE DIMENSIE VAN DIE KONINKRYK | 70 |
| 3.3.2.7 | SAMEVATTING | 71 |
| 3.3.3 | KOLOSSENSE 13-2:5 – DIE EERSTE HOOFDEEL VAN DIE BRIEF: DIE OPPERGESAG (VOORRANG) VAN DIE SEUN IN SKEPPING EN VERLOSSING (HERSKEPPING) | 72 |
| 3.3.3.1 | KOLOSSENSE 1:13-20: DIE BELYDENIS | 72 |
| 3.3.3.1.1 | DIE FUNKSIE VAN DIE BELYDENIS | 74 |
| 3.3.3.1.2 | 'N INDELING VAN DIE BELYDENIS | 75 |
| 3.3.3.2 | DIE BELYDENIS (KOL 1:13-20): 'N INHOUDELIKE ONDERSOEK | 76 |
| 3.3.3.2.1 | KOLOSSENSE 1:13-14: GOD, DIE VADER, WAT DEUR SY SEUN VERLOSSING BEWERK HET | 77 |
| 3.3.3.2.1.1 | DIE SEUN SE VERHOUDING TOT GOD (DIE VADER) | 77 |
| 3.3.3.2.2 | KOLOSSENSE 1:15A: DIE SEUN SE STATUS – HY IS DIE BEELD VAN DIE ONSIENLIKE GOD) | 77 |
| EKSKURS I | | 78 |
| 3.3.3.2.3 | KOLOSSENSE 1:15B-17: DIE SEUN SE STATUS EN FUNKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE SKEPPING | 79 |
| 3.3.3.2.3.1 | DIE SEUN SE VERHOUDING TOT DIE SKEPPING | 79 |
| 3.3.3.2.3.2 | KOLOSSENSE 1:16: OMDAT IN HOM ALLE DINGE GESKAPE IS | 79 |
| EKSKURS II | | 80 |
| 3.3.3.2.3.3 | KOLOSSENSE 1:17A: EN HY IS VOOR ALLES | 82 |
| 3.3.3.2.3.4 | KOLOSSENSE 1:17B: EEN IN HOM HOU ALLES STAND: DIE SEUN SE VERHOUDING TOT DIE INSTANDHOUDING VAN ALLES | 82 |
| 3.3.3.2.4 | KOLOSSENSE 1:18: DIE SEUN SE STATUS TEN OPSIGTE VAN DIE KERK (DIE SEUN SE VERHOUDING TOT DIE KERK) | 83 |
| 3.3.3.2.4.1 | CHRISTUS IS DIE HOOF VAN DIE KERK | 85 |
| 3.3.3.2.4.2 | CHRISTUS IS DIE OORSPRONG VAN DIE KERK | 86 |
| 3.3.3.2.4.3 | CHRISTUS IS DIE EERSTELING VAN DIE KERK | 87 |
| 3.3.3.2.5 | KOLOSSENSE 1:19-20: DIE REDES VIR DIE SEUN SE STATUS | 88 |
| 3.3.3.2.6 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 1:13-20 | 90 |
| BELANGRIKE TERME: 'N WOORDSTUDIE | | 91 |
| 3.3.3.2.7 | KOLOSSENSE 1:21-23: DIE VERSOENING IS VOLBRING EN WORD TOEGEPAS | 102 |



| | | |
|---------------|---|-----|
| 3.3.3.2.7.1 | SAMEVATTING – DIE BELYDENIS (KOL 1:13-20) EN VERSOENING EN TOEPASSING (KOL 1:21-23): TEOLOGIESE, CHRISTOLOGIESE EN ETIESE IMPLIKASIES | 105 |
| 3.3.3.2.8 | KOLOSSENSE 1:24-2:5: PAULUS SE BEDIENING EN LYDING VIR KERK EN EVANGELIE | 106 |
| 3.3.3.2.8.1 | DIE BOODSKAP VAN KOLOSSENSE 1:24-2:5 | 108 |
| 3.3.3.2.8.1.1 | KOLOSSENSE 1:24A | 109 |
| 3.3.3.2.8.1.2 | KOLOSSENSE 1:24B | 110 |
| 3.3.3.2.8.1.3 | KOLOSSENSE 1:25 | 112 |
| 3.3.3.2.8.1.4 | KOLOSSENSE 1:26-27 | 112 |
| | EKSKURS III: “IN CHRISTUS” | 115 |
| | GEVOLGTREKKING | 118 |
| | EKSKURS IV: HOOP | 119 |
| 3.3.3.2.8.1.5 | KOLOSSENSE 1:28 | 121 |
| | GEVOLGTREKKING | 130 |
| 3.3.3.2.8.1.6 | KOLOSSENSE 1:29 | 131 |
| 3.3.3.2.8.1.7 | KOLOSSENSE 2:1-3: PAULUS SE PASTORALE BESORGDHEID OOR DIE GEMEENTE | 131 |
| | EKSKURS V: LIEFDE, INSIG, VERBORGE SKATTE, WYSHEID EN KENNIS..... | 134 |
| 3.3.3.2.8.1.8 | KOLOSSENSE 2:4-5: WAARSKUWING TEEN MISLEIDING | 139 |
| | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 1:24-25 | 141 |
| 3.3.4 | KOLOSSENSE 2:6-23 – DIE TWEDE HOOFDEEL VAN DIE BRIEF: IN HOM GEWORTEL EN OP HOM GEBOU | 142 |
| 3.3.4.1 | KOLOSSENSE 2:6-7: LEWE IN VERBONDENHEID MET HOM | 144 |
| 3.3.4.1.1 | KOLOSSENSE 2:6-7: SAMEVATTING | 149 |
| 3.3.4.2 | KOLOSSENSE 2:8 :’N WAARSKUWING TEEN MISLEIDING | 149 |
| 3.3.4.3 | KOLOSSENSE 2:9-10 :DIE VOLLE WESE VAN GOD IS IN HOM WAARIN DIE GELOWIGES DEEL HET | 151 |
| 3.3.4.4 | KOLOSSENSE 2:11-12: DIE WEGNEEM VAN DIE SONDIGE NATUUR | 152 |
| 3.3.4.5 | KOLOSSENSE 2:13-14: SAAM MET CHRISTUS LEWEND GEMAAK | 155 |
| 3.3.4.6 | KOLOSSENSE 2:15: DIE BOSE MAGTE IS ONTWAPEN | 158 |
| 3.3.5 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 2:6-15 | 161 |
| 3.3.6 | KOLOSSENSE 2:16-23: DIE DWAALLEER | 162 |
| 3.3.6.1 | KOLOSSENSE 2:16-19 : MOENIE MISLEI WORD NIE | 163 |
| 3.3.6.2 | KOLOSSENSE 2:20-23: WAAROM GEHOORSAAM JULLE DIE DWAALLEER? | 165 |
| 3.3.7 | SAMEVATTING: DIE CHRISTOLOGIE VAN KOLOSSENSE | 167 |

HOOFSTUK 4

DIE ETIEK IN KOLOSSENSE

| | | |
|-----------|---|-----|
| 4.1 | INLEIDEND | 170 |
| 4.1.1 | ETIEK | 170 |
| 4.1.2 | INDIKATIEF EN IMPERATIEF | 170 |
| 4.1.3 | DIE VERHOUDING TUSSEN DIE INDIKATIEF EN IMPERATIEF | 171 |
| 4.1.4 | DIE AANWENDING TUSSEN DIE INDIKATIEF EN IMPERATIEF | 172 |
| 4.1.5 | PARANESE | 172 |
| 4.1.6 | GEVOLGTREKKING | 173 |
| 4.2 | 'N ALGEMENE OORSIG VAN DIE ETIEK IN KOLOSSENSE | 174 |
| 4.3 | DIE ETIESE VERMANINGS IN KOLOSSENSE 1-2 | 176 |
| 4.4 | KOLOSSENSE 3:1 - 4:6 : DIE DERDE HOOFDEEL VAN DIE BRIEF: DIE NUWE LEWE IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS | 177 |
| 4.4.1 | KOLOSSENSE 3: 1 - 4 : STREWE NA DIE DINGE DAARBO WAAR CHRISTUS IS | 178 |
| 4.4.1.1 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:1-4 | 184 |
| 4.4.2 | KOLOSSENSE 3:5-11: DIE OU EN NUWE LEWE | 185 |
| 4.4.2.1 | INLEIDEND | 185 |
| 4.4.2.2 | KOLOSSENSE 3: 5-7: MAAK DOOD DIE AARDSE DINGE | 185 |
| 4.4.2.3 | KOLOSSENSE 3: 8-11: LAAT STAAN HIERDIE DINGE | 190 |
| 4.4.2.4 | SAMEVATTING : KOLOSSENSE 3: 5-11 | 204 |
| 4.4.3 | KOLOSSENSE 3:12-17: DIE UITVERKORE VOLK VAN GOD – LEEF AS UITVERKORENES | 204 |
| 4.4.3.1 | KOLOSSENSE 3:12-14: UITVERKORE EN SAAMGEBIND IN LIEFDE | 205 |
| 4.4.3.1.1 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:12-14 | 210 |
| 4.4.3.2 | KOLOSSENSE 3:15-17: DOEN ALLES IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS CHRISTUS EN DAN K GOD DIE VADER DEUR HOM | 210 |
| 4.4.3.2.1 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:15-17 | 217 |
| 4.4.4 | KOLOSSENSE 3:18-4:1: WEDERSYDSE VERHOUDINGS IN DIE HUISHOUDING | 217 |
| 4.4.4.1 | KOLOSSENSE 3:18: VROUE WEES DIE MANS ONDERDANIG | 219 |
| 4.4.4.2 | KOLOSSENSE 3:19: MANS JULLE MOET DIE VROUE LIEFHÊ | 220 |
| 4.4.4.3 | KOLOSSENSE 3:20: KINDERS WEES GEHOORSAAM AAN JULLE OUIERS IN ALLES | 220 |
| 4.4.4.4 | KOLOSSENSE 3:21: VADERS MOENIE JULLE KINDERS TERG NIE | 221 |
| 4.4.4.5 | KOLOSSENSE 3:22: GELOWIGE SLAWE | 221 |
| 4.4.4.6 | KOLOSSENSE 4:1: HERE, VOORSIEN REG EN GELYKHEID AAN DIE SLAWE | 223 |
| 4.4.4.6.1 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:18-4:1 | 224 |
| 4.4.5 | KOLOSSENSE 4:2-6: BID EN TREE MET WYSHEID OP | 225 |
| 4.4.5.1 | KOLOSSENSE 4:2-4 : OPROEP TOT GEBED | 226 |
| 4.4.5.2 | KOLOSSENSE 4: 5-6: OPROEP TOT WYSE OPTREDE | 228 |
| 4.4.5.3 | SAMEVATTING: KOLOSSENSE 4: 2-6 | 229 |
| 4.5 | SAMEVATTING VAN ETIEK (PARANESE) IN KOLOSSENSE | 229 |



HOOFSTUK 5

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE CHRISTOLOGIE EN DIE ETIEK VAN KOLOSSENSE

| | | |
|--------|---|-----|
| 5.1 | INLEIDEND | 236 |
| 5.2 | AGTERGROND VAN KOLOSSENSE | 236 |
| 5.3 | DIE VERSKILLENDE VERBANDE TUSSEN DIE CHRISTOLOGIE EN ETIEK IN KOLOSSENSE: MOTIVERING, IMPLIKASIES EN GEVOLGE | 237 |
| 5.3.1 | GELOWIGES IS DEUR GOD GESKIK GEMAAK VIR DIE KONINKRYK VAN CHRISTUS | 237 |
| 5.3.2 | VERLOSSING IN CHRISTUS | 239 |
| 5.3.3 | GELOWIGES MOET DANKBAAR WEES | 241 |
| 5.3.4 | DIE GELOWIGES IS DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS | 241 |
| 5.3.5 | GELOWIGES HET DIE VERSOENING ONTVANG EN DIE VREDE IS HERSTEL | 243 |
| 5.3.6 | GELOWIGES LEEF VANUIT DIE GENADE VAN GOD | 246 |
| 5.3.7 | GELOWIGES MOET MET VREDE LEWE | 246 |
| 5.3.8 | GELOWIGES MOET MET LIEFDE LEWE | 247 |
| 5.3.9 | GELOWIGES LEEF IN GELOOF | 248 |
| 5.3.10 | GELOWIGES LEEF MET HOOP | 248 |
| 5.3.11 | GELOWIGES LEEF MET TOENEMENDE KENNIS, INSIG EN WYSHEID | 249 |
| 5.3.12 | GELOWIGES LEEF IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS | 250 |
| 5.3.13 | GELOWIGES MOET NIE MISLEI WORD NIE | 252 |
| 5.3.14 | GELOWIGES MOET STREWE NA DIE DINGE DAARBO WAAR CHRISTUS IS | 253 |
| 5.3.15 | GELOWIGES MOET DIE AARDSE DINGE DOODMAAK | 254 |
| 5.3.16 | GELOWIGES HET MET DIE OU MENS GEBREEK EN MOET NOU DIE LEWE VAN DIE NUWE MENS LEEF | 255 |
| 5.3.17 | GELOWIGES IS DIE BEELD VAN CHRISTUS | 256 |
| 5.3.18 | GELOWIGES LEEF IN 'N NUWE ORDE | 257 |
| 5.3.19 | GELOWIGES MOET AS UITVERKORENES LEEF | 257 |
| 5.3.20 | DIE WOORD VAN CHRISTUS MOET IN GELOWIGES WOON EN HULLE MOET MEKAAR LEER EN VERMAAN | 259 |
| 5.3.21 | DIE EREDIENS VAN DIE GEMEENTE MOET GETUIG VAN DANKBAARHEID | 259 |
| 5.3.22 | GELOWIGES MOET ALLES WAT HULLE SÊ OF DOEN IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS DOEN..... | 260 |
| 5.3.23 | GELOWIGES MOET IN HULLE HUISHOUDINGS CHRISTUS WEERSPIEËL | 260 |
| 5.3.24 | GELOWIGES MOET BID EN MET WYSHEID OPTREE | 261 |

HOOFSTUK 6

| | |
|-------------------------------|-----|
| RESULTATE VAN ONDERSOEK | 262 |
|-------------------------------|-----|

| | |
|------------------|-----|
| AFSLUITING | 264 |
|------------------|-----|

| | |
|--------------------|-----|
| BIBLIOGRAFIE | 266 |
|--------------------|-----|

SUMMARY



TEGNIESE GEGEWENS

AFKORTINGS VAN BYBELBOEKE

(Soos deur die S A Akademie vir Wetenskap en Kuns aanbeveel)

OU TESTAMENT

| | | | |
|---------------|--------|------------|--------|
| Genesis | Gen | Eksodus | Eks |
| Levitikus | Lev | Numeri | Num |
| Deuteronomium | Deut | Josua | Jos |
| Rigters | Rig | Rut | Rut |
| 1 Samuel | 1 Sam | 2 Samuel | 2 Sam |
| 1 Konings | 1 Kon | 2 Konings | 2 Kon |
| 1 Kronieke | 1 Kron | 2 Kronieke | 2 Kron |
| Esra | Esra | Nehemia | Neh |
| Ester | Est | Job | Job |
| Psalms | Ps | Spreuke | Spr |
| Prediker | Pred | Hooglied | Hoogl |
| Jesaja | Jes | Jeremia | Jer |
| Klaagliedere | Klaagl | Esegiël | Eseg |
| Daniël | Dan | Hosea | Hos |
| Joël | Joël | Amos | Am |
| Obadja | Ob | Jona | Jona |
| Miga | Miga | Nahum | Nah |
| Habakuk | Hab | Sefanja | Sef |
| Haggai | Hag | Sagaria | Sag |
| Maleagi | Mal | | |

NUWE TESTAMENT

| | | | |
|--------------|-------|--------------|-------|
| Matteus | Matt | Markus | Mark |
| Lukas | Luk | Johannes | Joh |
| Handelinge | Hand | Romeine | Rom |
| 1 Korintiërs | 1 Kor | 2 Korintiërs | 2 Kor |
| Galasiërs | Gal | Efesiërs | Ef |
| Filippense | Fil | Kolossense | Kol |



| | | | |
|------------------|--------|------------------|--------|
| 1 Tessalonisense | 1 Tess | 2 Tessalonisense | 2 Tess |
| 1 Timoteus | 1 Tim | 2 Timoteus | 2 Tim |
| Titus | Tit | Filemon | Filem |
| Hebreërs | Heb | Jakobus | Jak |
| 1 Petrus | 1 Pet | 2 Petrus | 2 Pet |
| 1 Johannes | 1 Joh | 2 Johannes | 2 Joh |
| 3 Johannes | 3 Joh | Judas | Jud |
| Openbaring | Op | | |

ANDER AFKORTINGS

| | |
|-------|----------------------------------|
| et al | en ander |
| LXX | Septuagint |
| NAV | Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) |
| OAV | Ou Afrikaanse Vertaling (1953) |
| s j | sonder jaartal |
| WBD | Wycliffe Bible Dictionary |

TYDVORME EN MODUS VAN DIE GRIEKSE WERKWOORD

| | |
|-------|-------------|
| aor | aoristus |
| praes | praesens |
| fut | futurum |
| perf | perfektum |
| ind | indikatief |
| imper | imperatief |
| inf | infinitief |
| part | partisipium |
| akt | aktief |
| pass | passief |
| imp | imperfektum |
| nom | nominatief |
| akk | akkusatief |
| subj | subjunktief |
| opt | optatief |



| | |
|------|-----------|
| med | medium |
| vl | vroulik |
| ml | manlik |
| mv | meervoud |
| ekv | enkelvoud |
| pers | persoon |

VERWYSINGSISTEEM

Alle bronverwysings word gedoen aan die hand van die aangepaste Harvard-verwysingsisteen deur Vosloo, W, s j. *Riglyne vir die opstel van 'n navorsingsvoorstel*. Teologiese Fakulteit (Ned Geref Kerk). Universiteit van Pretoria.

SUMMARY

The relationship between Christology and ethics in the letter to the Colossians

The letter to the Colossians was written because of a false or heretic doctrine that threatened the absolute reign of Christ and the fullness of his redemptive action; it claimed the necessity of the inclusion of other redemptive practices such as asceticism and participation in ceremonial rites; robbing the believer of his/her freedom in Christ by lessening the fullness of his victory (Col 2:23).

In stark contrast to this, Paul accentuates the absolute uniqueness of Christ (Col 1:12-20); assuring the congregation of the fact that they have died with Christ (Col 2:20), and have been resurrected with Him (Col 3:1). With these indicatives, he calls on the believers in Colossi to live new lives of triumph (Col 2:20-4:6).

Excepting the introductory paragraph (Col 1:1-12) and the conclusion (Col 4:7-18), the letter is divided into three parts – Colossians 1:13 to 2:5; 2:6-23; and 3:1 to 4:2. The letter can also be divided into a movement in two parts; an indicative or fundamental part, and an imperative or exhortative part. But this division should not become too much of a focus as Paul's Christological declarations are also found in the exhortative part of the letter (Col 3:1-4:6), and ethical imperatives can be identified in the indicative/instructive part of the letter.

In the introductory paragraph, the author expresses thanks to God for the faith of the Colossians; and prays that they may do the will of God, whilst growing in faith and the strength to persevere. The author also calls on the congregation to join him in his expression of thanksgiving, as it is God who has enabled them to become heirs of the light and life of his Kingdom. Accordingly, the first part of the letter tells the tale of their coming to faith – through Christ they were ripped from the darkness and placed under His reign.

In the Christological confession that follows the precedence of the Son is described – He is the one who has restored peace and has brought about reconciliation between God and man. It is through Christ that the mysteries of God have been revealed; therefore true knowledge of life is to be found only in Christ. This serves as an exhortation for believers to stand firm in their faith, and in this way avoid being misguided by false doctrines.

In the second part, believers are requested to live in close connection with Christ, as they died and were resurrected with Him. This identity in Christ should be the decisive factor in their lives, causing them to live a new life with Christ.

In the third part, practical examples are given for when living connected to Christ; summed up with the exhortation to say and to do everything in the name of Jesus Christ.

Thus, a logical progression can be identified in the letter; beginning with the reality of the Colossians faith and identity in Christ; and leading into a life lived in accordance with this connection to Christ; accentuating the interconnectedness of Christology and ethics.

KEYWORDS

| | |
|------------------|-------------|
| False doctrine | Christology |
| Ethics | Indicative |
| Imperative | Exhortation |
| Confession | Redemption |
| Reconciliation | Peace |
| Grace | Love |
| Faith | Hope |
| Knowledge | Wisdom |
| Old life | New life |
| Image | Doctrine |
| Instruction | Household |
| Prayer | Asceticism |
| Ceremonial rites | |

HOOFSTUK 1

INLEIDEND

1.1 REDE VIR ONDERSOEK

Ek het geboer en was 43 jaar oud toe ek met my teologiese studies (1990) by die Universiteit van Pretoria begin het. As geestelike leier in die gemeente was ek en my gesin ernstig betrokke by die kerk, veral by die kategetiese en evangelisasie van die jeug. Reeds van kleins af het my twee seuns my gereeld vroe gevra rondom die praktiese leef van 'n mens se Christenskap. “Waarom leef die grootmense wat gereeld kerk toe gaan, nie soos mense wat Jesus ken nie?”. Hierdie vroe en die soek na die regte antwoorde het in my gegroei. Die seuns het my oortuig dat ons as grootmense/kerkmense “kerk-kerk” speel en dit was een van die redes waarom ek my boerdery verkoop het en predikant geword het. Dit het dan uiteindelik uitgeloop op my MTh-studie en MTh-skripsie, getiteld Die gelowige as beeld van sy Skepper: Kolossense 3:10. In hierdie studie het ek beweer dat baie gelowiges sukkel om hulle teologie/geloof te funksionaliseer vanweë die feit dat hulle nie vanuit 'n vaste vertrekpunt te werk gaan nie. My praktiese ervaring as leraar van 'n gemeente bevestig hierdie vermoede. Dit gaan dus om die feit en werklikheid dat gelowiges 'n identiteit in Christus het en vanuit hierdie identiteit moet lewe. Hulle identiteit in Christus moet hulle lewe motiveer en bepaal.

Met hierdie ondersoek poog ek om aan te toon dat die *verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense* my bewering bevestig. Die verbondenheid aan Christus moet 'n mens se lewenswyse bepaal en nie 'n wettiese ingesteldheid nie. Daarom die tema van hierdie studie: *Die verhouding tussen die Christologie en die etiek in die brief aan die Kolossense*¹.

¹ Hierdie studie het kennis geneem van die huidige stand van navorsing op Kolossense maar beskou dit nie van belang vir hierdie studie nie. 'n Volledige in diepte ondersoek wat spesifiek fokus op die verhouding tussen die *Christologie en etiek in Kolossense* kon nie gevind word nie.

1.2 WERKSWYSE VAN STUDIE

Hierdie studie word in ses hoofstukke aangebied. Die eerste hoofstuk is inleidend en gee die rede vir die studie, 'n kursoriese oorsig oor die huidige stand van navorsing op Kolossense, die breë gedagtegang van die studie en die hipotese van die ondersoek.

Hoofstuk 2 dien as die prolegomena waarin kortliks aandag gegee word aan die outeur van die brief, aanleiding tot die skrywe, 'n beskrywing van die gemeente van Kolossense en dié se sosio-ekonomiese agtergrond. Verder word die struktuur en opbou van die brief uiteengesit, asook die gedeeltes in die brief wat spesifiek in hierdie studie aandag sal ontvang.

In Hoofstuk 3 word die teologie en Christologie in Kolossense in diepte ondersoek, soos dit veral die tema van hierdie studie raak.

Hoofstuk 4 word gewy aan 'n bespreking van die etiek in Kolossense, met as fokus die tema van hierdie studie.

Hoofstuk 5 handel spesifiek oor die tema van die studie. Met die gegewens verkry uit Hoofstukke 3 en 4 word die verhouding tussen die Christologie en etiek in diepte beskryf.

Hoofstuk 6 bied die resultate van die ondersoek aan.

In die ondersoek na die teologie en Christologie in die brief laat ek my lei deur die gekose definisies en soos die onderskeie temas hulle in die brief voordo. Aan die hand van hoofsaaklik teologiese eksegeese, asook detail-eksegeese en breedvoerige woordstudies, word daar ondersoek ingestel na moeilike tekste, woorde en begrippe. Op hierdie wyse word ook gepoog om die etiek in die brief te identifiseer. Besondere aandag word gegee aan die gedeeltes waar paranese of etiek hoofsaaklik in voorkom. Gevolgtrekkings word gemaak en na elke belangrike gedeelte word 'n samevatting gegee.

1.3 BREEË GEDAGTEGANG

Gelowiges se geloof en hulle verhouding met die Here Jesus Christus word daagliks bedreig deur allerlei beproewings en versoekings komende van mense, omstandighede en die bose. Met die gemeente in Kolosse was dit nie anders nie. Hulle verbondenheid aan Christus was bedreig deur mense wat 'n dwaalleer verkondig het. Christus se algenoegsaamheid, sy voorrang en verhewendheid word deur die dwaalleer betwyfel wat gelowiges laat twyfel het oor hulle redding in Christus.

As teenvoeter vir hierdie dwaling het Paulus hierdie brief geskryf om hulle te herinner aan wie Christus is. Die gemeente word daaraan herinner dat Christus die heerser oor alles is en dat Hy alles gedoen het wat vir hulle redding nodig is. God het alles deur Christus met Homself versoen. Christus is alles en in almal. Hy is die hoop op die heerlijkheid. Hulle moet aan Hom verbonde bly en hulle nie laat mislei deur die dwaalleer nie.

Om die gelowiges weer op Christus gefokus te kry maak Paulus gebruik van 'n indikatief-imperatief metode van skryf. Hy herinner die gemeente aan wie hulle is. Hulle is deur God geskik gemaak om deel te hê aan die hemelse erfenis. God het hulle uit die duisternis weggeruk en hulle onder die heerskappy van sy Seun geplaas. Hulle is verlos en hulle sondes is vergewe. In hierdie proses het hulle saam met Christus gesterf, en is saam met Hom opgewek. Hulle is nou die uitverkore volk van God.

Op grond van hierdie feit, en omdat hulle Christus aangeneem het, vermaan Paulus hulle om die nuwe lewe in Christus te leef. Die ou lewe moet afgelê word. Hulle strewes en gedagtes moet op Christus gerig wees, in Hom gewortel en op Hom gebou.

Hierdie nuwe lewenswyse moet hulle onderlinge verhoudings in die gemeente, in die huishoudings en met buitestaanders bepaal. Alles wat hulle sê of doen moet in die Naam van Christus gedoen word.

Dit is die boodskap van Kolossense. Christus is alles. Daarom bepaal en motiveer die Christologie die etiek in Kolossense. Anders gesê: Die gelowi-

ges se verbondenheid aan Christus bepaal en motiveer hulle gedrag en optrede. Hulle moet wees wat hulle alreeds is, verlostes in Christus. Hulle is mense met 'n identiteit, status en posisie in Christus.

1.4 HIPOTESE VAN ONDERSOEK

Die begrip of woord hipotese word hier verstaan as 'n onbewese stelling of stellings wat moet dien as grondslag vir (be)redenering.

In die lig van hierdie betekenis van die woord hipotese bied hierdie studie die volgende hipotese aan. **Dit is duidelik dat die rede vir die skryf van die brief aan die gemeente in Kolosse aan 'n dwaalleer of 'n bedreiging wat sy kop in die gemeente uitgesteek het, toe te skryf is. Hierdie dwaalleer het die volstreckte heerskap van Christus en die volkomenheid van sy verlossingswerk bedreig en wou dit aanvul met asketiese praktyke en seremoniële rites wat die gelowiges die vryheid in Christus wou ontnem, sonder om oorwinning oor die sondige natuur te bied.**

Paulus konfronteer nie die dwaalleraars direk nie. Hy volg 'n ander strategie. Deur deurgaans die wisselwerking tussen die indikatief en die imperatief toe te pas, help hy die gelowiges om vas te staan teen die bedreiging. Hy herinner hulle aan die volstreckte uniekheid van Christus, dat Hy die genoegsame Middelaar vir skepping en herskepping is. Tweedens herinner hy die gelowiges aan hulle identiteit. Hulle is mense wat aan Jesus Christus verbonde is. Hulle staan in 'n noue verhouding met Hom. Hulle lewenswyse moet deur hierdie verbondenheid, hierdie identiteit bepaal word (*die verhouding tussen die Christologie en die etiek*). Dit moet die vertrekpunt van hulle alledaagse, praktiese lewe wees, wat insluit hulle persoonlike lewe, hulle verhoudings binne die gemeente, die gesin en teenoor buitestaanders.

Die tema van die studie gaan poog om bostaande hipotese te bevestig deur die werkswyse soos in § 1.3 aangetoon.

HOOFSTUK 2

DIE PROLEGOMENA

2.1 INLEIDING TOT KOLOSSENSE

2.1.1 OUTEURSKAP EN TYD EN PLEK VAN SKRYWE²

Dat Paulus die outeur van die Kolossensebrief is word nie algemeen aanvaar nie. In die ondersoek na die outeurskap van Bybelse dokumente word normaalweg van twee kriteria gebruik gemaak, naamlik *eksterne en interne* getuienis van outeurskap.

Eksterne getuienis handel oor bronne buite die kanon wat verwysings oor die outeurskap van die Bybelse dokumente bevat. Interne getuienis, daarenteen, vergelyk die inhoud van 'n dokument (soos Kolossense) met ander dokumente of briewe waaroor daar geen dispuut bestaan nie (Boonzaaiër 2002:17).

As voorbeeld van eksterne getuienis verwys O'Brien (1982:xli) na die kanon van Muratori en die kanon van Marcion wat Kolossense nie as deel van die corpus Paulinum insluit nie (Boonzaaiër 2002:17).

Hierteenoor aanvaar kerkvaders soos Ireneaus, Tertullianus en Klemens van Aleksandrië Kolossense as 'n egte Paulusbrief is. Volgens O'Brien (1982:xli) was daar in die eerste dekades geen dispuut oor die Pauliniese outeurskap van Kolossense nie. Die naam van Paulus as outeur kom immers aan die begin (Kol 1:1) en aan die einde van die brief (Kol 4:18) voor.

Die *interne getuienis* behels die vergelyking tussen Kolossense en die sogenaamde egte briewe van Paulus. Aan die volgende terreine word onder andere aandag gegee, naamlik aan taal en styl, nie-Pauliniese uitsprake en

² In hierdie Afdeling word daar nie 'n in diepte studie van die moontlike plek en skrywe van Kolossense aangebied nie. Enkele opmerkings word gemaak om die uitgangspunt van die studie in hierdie verband duidelik te maak.

die leer, teologie (veral die ekklesiologie), Christologie, eskatologie en soteriologie van Kolossense (Boonzaaier 2002:17).

Sonder om hier in besonderhede daarop in te gaan, bied Roberts, du Toit en O'Brien myns insiens aanvaarbare verduidelikings vir die taal- en stylverskille tussen Kolossense en die sogenaamde egte Paulusbriewe. Roberts (1984:117-124) se verduideliking kom in hoofsaak daarop neer dat die omstandighede van die outeur en lesers, asook die aard van die geskrif, bepalend is vir die gebruik van taal en styl asook spesifieke woordgebruik. Verder is dit ook moontlik dat Paulus, in die skryf van Kolossense, van 'n amanuensis gebruik gemaak het. Hierdie gebruikmaking van 'n amanuensis en dié se individualiteit kan die rede wees vir die besondere taal en styl van Kolossense (Roberts 1984:118).

Du Toit (1984:18-21) verwys ook na die gebruik van 'n amanuensis deur Paulus by verskeie geleenthede. Wanneer daar van die dienste van 'n amanuensis gebruik gemaak is was dit normaal vir die outeur om die brief self af te sluit om só die gevaar van vervalsing te voorkom. Dit is inderdaad dan ook die geval in Kolossense soos uit Kolossense 4:18 afgelei kan word.

O'Brien (1982:xli), op sy beurt, is nie oortuig dat die sogenaamde verskille tussen Kolossense en die algemeen aanvaarde Pauliniese briewe genoegsame gronde bevat om die Pauliniese outeurskap van Kolossense te bevraagteken nie. Die verskille tussen Kolossense en die egte Pauliniese briewe, volgens hom, kan toegeskryf word aan die omstandighede in Kolosse.

Nadat die twee teenoorgestelde standpunte oorweeg is in soverre dit vir hierdie studie van belang is, skaar ek myself by die standpunt dat daar genoeg getuienis is om te aanvaar dat Paulus die outeur van die Kolossense brief is. Dat daar van 'n amanuensis onder Paulus se gesag of toesig gebruik gemaak is, is 'n sterk moontlikheid. Dit neem egter nie die Pauliniese "egtheid" van die brief weg nie.

Die outeursvraagstuk is nie die fokus van hierdie studie nie, daarom die kort oorsig van die vraagstuk. Verder is die bedoeling van hierdie oorsig ook om my eie posisionering aan te toon. Wat die plek van skrywe betref, kan uit Kolossense 4:3, 10 en 18 afgelei word dat die brief vanuit 'n gevangenis geskryf is. Die plek word egter nie genoem nie. Verskeie moontlikhede word deur navorsers in hierdie verband aangebied, te wete Rome, Sesarea en Efese.

Die onsekerheid oor die plek van skrywe beïnvloed uiteraard die bepaling van die tyd van skrywe. Alhoewel die tyd en plek van skrywe nie bepalend is vir hierdie studie se verstaan van die verband tussen die Christologie en etiek in Kolossense nie, word om volledigheidshalwe 'n keuse gemaak vir die tyd van skrywe tussen 52 en 62 nC (kyk Barth & Blanke 1994:126).

2.1.3 DIE GEMEENTE IN KOLOSSE

Die heiliges in Kolosse, wat as gelowige broeders in Christus aangespreek word (Kol 1:2), het nie deur Paulus se bediening tot bekering gekom nie en die gemeente is nie deur hom gestig nie en is ook nie voor die skrywe van die brief deur hom besoek nie (Kol 2:1; kyk O'Brien 1982:xxvii, Barth & Blanke 1994:17, Schweizer 1982:14 en Martin 1985:6).

Die gemeente moes egter wel onder die Pauliniese invloedssfeer gestaan het (Kol 1:7; 4:12; Pelser 1989:274; O'Brien 1982:xxvii). Blykbaar was Epafras (Kol 1:7), 'n medewerker van Paulus, die stigter van die gemeente. Ten tye van die skrywe van die brief was Kolosse 'n klein gemeente wat 'n noue verbintenis met dié in Laodicea en Hiërapolis gehad het (Kol 4:13, 15 -16). Die gemeente het verder, soos dit die geval met al die ander gemeentes in hierdie streke was, oorwegend uit nie-Joodse Christene bestaan (Pelser 1989:274; O'Brien 1982:xxviii-xxix).³

³ O'Brien verwys in hierdie verband na Moule (1973:29) wat die nie-Joodse karakter van die gemeente in Kolosse op die volgende vier argumente begrond: 1) Kolossense 1:12, 21 en 27 dui op nie-Jode wat deel van die gemeente was; 2) baie min aanhalings uit die Ou Testamentiese kom in Kolossense voor; 3) 'n kenmerkende sondelys waarmee daar na die lewe van die heidene verwys word kom in Kolossense 3:5-7 voor; en 4) daar is 'n gebrek aan verwysings na die versoening tussen Jode en heidene in die gemeente, behalwe miskien Kolossense 3:11 en 4:11. Uit hierdie argumente is dit duidelik dat die gemeente oorwegend uit nie-Jode bestaan het, alhoewel Jode heel waarskynlik ook deel van die gemeente was.

Hoewel die evangelie goeie vrug by die gemeente opgelewer het (Kol 1:6) en hulle vasgestaan het in geloof en liefde (Kol 1:4-5), het daar tog ook dwaalleer in die gemeente na vore getree (Kol 2:6-23).

2.1.4 AANLEIDING TOT DIE SKRYWE VAN DIE BRIEF

Dit is uit kommentare en verskeie artikels duidelik dat die rede vir die brief aan die dwaalleer of bedreiging in die gemeente in Kolosse toe te skryf is (O'Brien 1982:xxx, Barth & Blanke 1994:46; Martin 1985:7) Hierdie agtergrond, spesifiek die dwaalleer of bedreiging, moet daarom deeglik verrekken word wanneer daar oor die inhoud en boodskap van die brief nagedink word. In hierdie verband maak Boonzaaiër (2002:27-29) die opmerking dat dit belangrik is om daarop te let dat daar primêr van literêre bronne gebruik gemaak word in die navorsing oor die opponente in die gemeente in Kolosse. In hierdie verband word Kolossense 2:4-23 meestal gebruik as die basis vir die ondersoek van die bedreiging in Kolosse. Daar kan wel van argeologiese gegewens of moderne sielkundige en sosiale teorieë gebruik gemaak word, maar primêr word daar gekyk na die teks voor hande. Dit beteken dat die literêre kritiek, wat fokus op die genre en struktuur van tekste, baie sterk in die voorgrond is in die nadenke oor hierdie aspek van Kolossense. Selfs in die sosiale rekonstruksie van die gemeente in Kolosse en die dwaling wat daar teenwoordig was is afhanklik van literêre ondersteuning (Boonzaaiër (2002:27). Daar kan dus nie anders as om die prioriteit van literêre bronne in hierdie ondersoek moet erken. Dit is alleen deur die hulp van die literêre kritiek dat ons sekere genres, en veral die funksie van genres, in hierdie ondersoek kan toepas.

Wat spesifiek die literêre ondersoek van die dwaalleer in Kolossense betref, identifiseer Boonzaaiër (2002:28) drie probleemareas in die navorsing oor die opponente in Kolossense. Die eerste probleemarea lê in die vertolking van die (veronderstelde) situasie in Kolosse. Alhoewel die meerderheid navorsers aanvaar dat daar opponente van die evangelie in Kolosse was, is dit uit die inhoud van die brief nie so maklik bewysbaar nie. Paulus gee ook nêrens in die brief 'n formele uiteensetting van die dwaalleer nie (kyk O'Brien 1982:xxxi). Alleen die hoofkenmerke daarvan kan bespeur word deur die

samevoeging en interpretasie van die apostel se positiewe teenargumente. Die tweede probleemarea van hierdie ondersoek is die gebrek aan bronne wat vir die ondersoek gebruik kan word. Derdens problematiseer die taal en begrippe wat in Kolossense gebruik word die ondersoek. Daar is verskeie woorde en begrippe in die brief wat net in Kolossense in die Nuwe Testament voorkom. Hier kan veral verwys word na die woorde soos φιλοσοφίας (filosofieë; Kol 2:8); νεομηνίας (nuwemaansfees; Kol 2:16); καταβραβεύτω (diskwalifiseer/oordeel; Kol 2:18); δογματίζεσθε, (reëls gehoorsaam; Kol 2:20); ἀποχρήσει (gebruik; Kol 2:22); ἐθελοθρησκία (eiesinnige godsdienst; Kol 2:23); ἀφειδίς (selfbeheersing; Kol 2:23) en πλησμονήν (versadiging; Kol 2:23). Omdat hierdie woorde hapax legomena is kan dit nie met ander voorkomste in die Nuwe Testament vergelyk word nie. Duidelik problematiseer hierdie situasie die ondersoek na die identiteit van die opponente in Kolosse en die inhoud van die dwaalleer wat hulle aangehang het.⁴

Weens die beperkte fokus van hierdie studie word daar volstaan met Roberts (1984:148-150) se standpunt wat die dwaalleer in Kolosse betref⁵. Volgens hom kan die dwaalleer in Kolosse in verband gebring word met 'n sinkretistiese stelsel wat Joodse en heidense elemente bevat het (vgl Kol 2:4, 8, 16-18), 'n standpunt wat redelik algemeen in die navorsing oor Kolossense erken word. Daar bestaan ook redelike konsensus dat hierdie sinkretistiese dwaalleer 'n teoretiese (filosofiese) en praktiese sy vertoon het.

Oor die presiese aard van die dwaalleer en die agtergrond waarteen dit verstaan moet word, loop die gedagtes egter wyd uiteen. Hoofsaaklik drie standpunte kom voor wat betref die aard van die dwaalleer in Kolossense. In die eerste plek is daar diegene wat die dwaalleer verstaan as 'n gnostiese beweging wat binne die gemeente sy invloed begin uitoefen het. Hiernaas dink andere aan die verskynsel van die misteriegodsdienste as die sleutel tot die verstaan van die dwaalleer. 'n Derde groep is versigtig vir spekulatiewe

⁴ Navorsers soos Hooker (1973:315-331) is van oordeel dat daar geen dwaalleer in Kolosse bestaan het nie (kyk O'Brien 1982:xxi).

⁵ Volgens Roberts (1998:161-183) oordeel dat die dwaalleer 'n asketies-mistiese bedreiging vir die Kolossense ingehou het.

gevolgtrekkings wat op grond van baie min gegewens en onsekere verklarings gemaak word en meen dat ons hier te make het met gebrekkige kennis van 'n onvolwasse Christenheid wat nog in sy kinderskoene staan. Binne hierdie drie rigtings is daar groot variasies ten opsigte van detail.

Roberts (1984:150-151) konkludeer myns insiens korrek wanneer hy tot versigtigheid maan om in die tipiese uitdrukkings van die brief woorde en frases van die dwaalrigting te ontdek en Paulus se aanval daarteen in terme van hierdie woorde en frases te verstaan. In die kader van 'n spekulatiewe ontwerpde sisteem van gnostiek of misteriegodsdienste sal dit navorsers goed doen om krities te staan teenoor so 'n prosedure. Paulus se boodskap in die brief is nie noodwendig afhanklik van die aanvaarding van die een of ander sisteem of agtergrond met betrekking tot die dwaalleer nie.

Dit is genoeg as ons weet dat ons hier met 'n stroming te doen het wat die volstreekte heerskapsposisie van Christus en die volkomenheid van sy verlossingswerk aan bande gelê het en dit wou aanvul met asketiese praktyke en seremoniële rites wat die Christen sy vryheid ontnem sonder om oorwinning oor die sondige natuur te bied (Kol 2:23). Hierteenoor stel Paulus die volstreekte uniekheid van Christus (Kol 1:12-20) en verseker hy die gemeente dat hulle saam met Christus gesterf het (Kol 2:20) en saam met Hom opgewek is (Kol 3:1). Daarom kan hy hulle ook oproep om die egte nuwe, oorwinnende lewe te lei wat hieruit voortvloei (Kol 2:20-4:6)⁶.

'n Bespreking oor die moontlike bedreiging in Kolosse kan nie volledig wees as die vilifikasie hipotese ook nie vermeld word nie. Boonzaai (2003:1275), in navolging van du Toit (1989; 1992; 1994) en ander, beweer dat in die ondersoek van die agtergrondsituasie van Kolossense die moontlikheid om vilifikasie as retoriese tegniek te verreken opmerklik afwesig is. Deur die tegniek van vilifikasie as interpretasiesleutel te gebruik word die fokus op die identiteit en aard van die bedreiging in Kolosse gerelativeer en kan die boodskap van die brief op 'n nuwe manier waardeur word.

⁶ Volgens Vergeer (1995:413-442) het Paulus werklikheid van Christus teenoor die werklikheid van die dwaalleraars gestel as strategie om die dwaalleer te bestry.

Vilifikasie is 'n retoriese tegniek wat aangewend word deur sprekers om hoorders te wen vir 'n standpunt. In hierdie proses word hoorders vervreem van die opponerende standpunt sodat hulle opnuut kan identifiseer met die standpunt van die spreker (Du Toit 1992:279, in Boonzaaier 2003:1276). Die tegniek van vilifikasie kan in brede as swartsmeerdery of etikettering beskryf word (Malina & Neyrey 1988, in Boonzaaier 2003:1276). Vilifikasie kan eksplisiet of implisiet geskied. Eksplisiete vilifikasie kom voor waar die opponente van die spreker 'n bekende of vasstelbare identiteit het. Volgens Boonzaaier (2003:1280) toon Johnson (1989) aan hoe die evangelies talle anti-Joodse uitsprake bevat wat direk met eksplisiete vilifikasie in verband gebring kan word (kyk bv Joh 8:44-47). In die geval van implisiete vilifikasie is die opponente denkbeeldige figure in die spreker se kop. Daar bestaan nie werklik 'n persoon of persone met wie die vilifikasie direk in verband gebring kan word nie. In hierdie geval word vilifikasie gebruik om 'n veronderstelde gevaar of bedreiging aan te spreek. Die voorkoms van implisiete vilifikasie is egter nie so voor die handliggend soos in die geval van eksplisiete vilifikasie nie. Kolossense 2:8-23 kan, volgens Boonzaaier (2003:1281), gesien word as 'n voorbeeld waar die tegniek van implisiete vilifikasie gebruik word.

Wanneer vilifikasie as interpretasiesleutel gebruik word om die boodskap van Kolossense toe te lig kom insiggewende perspektiewe na vore. Volgens Boonzaaier (2003: 1281) maak die gebruik van hierdie sosiaalwetenskaplike teorie die vraag na die identiteit van die opponente onbelangrik. So word die navorser bevry van 'n reaksionêre denkskema waar elke teks 'n (veronderstelde) teenhanger het. Dit word gevolglik moontlik om sonder 'n dwingende agtergrondskema die teks te ondersoek.

In kort: Die skrywer van Kolossense wil, deur gebruik te maak van vilifikasie as retoriese strategie, sy lesers bring om hulle te heridentifiseer met die evangelieboodskap soos hy dit formuleer en vervreem van alle ander evangelies. Vanuit hierdie gesigshoek is Kolossense 'n boodskap wat in die een en twintigste eeu gelowiges oproep tot heridentifisering met die evangelieboodskap en gepaardgaande vervreemding (Boonzaaier 2003:1283). Die vilifikasie-hipotese word nie in hierdie studie toegepas nie.

2.1.5 DIE STRUKTUUR VAN KOLOSSENSE

Die struktuur van die Kolossensebrief kom hoofsaak ooreen met die breë opbou en struktuur van 'n tipiese Griekse brief wat gewoonlik bestaan uit 'n aanhef, 'n aanloop tot die hoofbetog en 'n afsluiting. Al hierdie rubrieke kom nie in al die briewe voor nie, wat te make het met die lengte van die brief. Die opbou of struktuur van die brief help om die gedagtegang en argumentering van die skrywer duideliker te bepaal.

Verskeie voorstelle tot die struktuur van die Kolossensebrief is al aan die hand gedoen. Hierdie studie het bevind dat, wat die opbou van die brief betref, daar geen eenstemmigheid onder eksegete gevind kan word nie. Sommige werk met breë indelings, ander met kleiner indelings. Die rede hiervoor, so wil dit voorkom, is hoofsaaklik die verskil in eksegetiese metodes en benaderings wat gebruik word om die brief te analiseer.

Die volgende drie voorbeelde illustreer bogenoemde. O'Brien (1982:liv), as eerste voorbeeld, doen die volgende opbou aan die hand sonder om redes daarvoor te gee:

| | |
|----------|---|
| 1:1, 2 | Introductory greeting |
| 1:3-8 | Thanksgiving: Faith-love-hope and the gospel |
| 1:9-14 | An intercession for knowledge and godly conduct |
| 1:15-20 | Christ the Lord in creation and redemption |
| 1:21-23 | Reconciliation accomplished and applied |
| 1:24-2:5 | Paul's mission and pastoral concern |
| 2:6-15 | The antidote to error: Christ in all his fullness |
| 2:16-23 | Freedom from legalism |
| 3:1-4 | Seek the things above |
| 3:5-11 | Put away the sins of the past |
| 3:12-17 | Put on the graces of Christ |
| 3:18-4:1 | Behavior in the Christian household |
| 4:2-6 | Final admonitions: Persistence in prayer and right behavior towards outsiders |
| 4:17-18 | Personal greetings and Instructions |

Roberts (1984:151-152) weer bied 'n struktuur aan wat die resultaat is van 'n redevoeringsanalise.

Briefaanhef (Kol 1:1, 2)

1. Skrywers en geadresseerdes (Kol 1:1)

2. Seëngroet (Kol 1:2)

Deel 1: Voorbereiding vir die vermaning teen dwaling – God se heil en die gevaar van verleiding (Kol 1:3-2:5)

1. Danksegging vir die nuwe Christene (Kol 1:3-8)
2. Voorbidding vir die nuwe Christene (Kol 1:9-12)
3. Geloofsbelydenis: God en die bevryding deur die Gesalfde (Kol 1:13-20)
4. Betekenis van die belydenis vir die jong Christene (Kol 1:21-23)
5. Sterk gemotiveerde waarskuwing, teen die agtergrond van God se heilswerk en Paulus se verkondiging, om nie verlei te word nie (Kol 1:24-2:5)

Deel 2: Die regte lewenswandel

1. Vermanings oor die regte lewenswandel, gegrond op die verhouding tot Christus, teenoor die dreigende verleiding van 'n dwaalrigting (Kol 2:6-3:17)
 - 1.1 Algemene inleiding (Kol 2:6-19)
 - 1.1.1 Leef reg in verbondenheid aan Christus en waaksaam teen dwaling (Kol 2:6-8)
 - 1.1.2 Die grondslag van die vermaning (Kol 2:9-15)
 - 1.1.3 Waarskuwing teen ander se foutiewe oordeel oor hulle wat immers besig is om uit Christus te groei (Kol 2:16-19)
 - 1.2 Die regte lewenswandel teenoor die eise van die dwaalrigting (Kol 2:20-3:17)
 - 1.2.1 Verwyd oor afdwaling (Kol 2:20-23)
 - 1.2.2 Oproep tot die nuwe lewe: Die beginsel (Kol 3:1-4)
 - 1.2.3 Hoe die nuwe lewenswandel moet lyk (Kol 3:5-17)
 - (1) Die negatiewe wat vermy moet word (Kol 3:5-9)
 - (1a) 'n Sondelys (Kol 3:5-7)
 - (1b) Die aflê van die ou mens (Kol 3:8-9)
 - (2) Die positiewe wat nagestreef moet word (Kol 3:10-17)
 - (2a) Die aantrek van die nuwe mens (Kol 3:10-11)
 - (2b) Deugdelys (Kol 3:12-17)
2. Huistafel: Vermanings oor onderlinge verhoudings in huislike verband (Kol 3:18-4:1)
 - 2.1 Die verhouding vrou-man (Kol 3:18-19)
 - 2.2 Die verhouding kinders-ouers (Kol 3:20-21)
 - 2.3 Die verhouding slawe-base (Kol 3:22-4:1)
3. Laaste vermanings oor gebed en die verhouding tot buitelanders (Kol 4:2-6)

Briefslot: Draers van die brief, groete versoeke en seën (Kol 4:7-18)

1. Die draers van die brief (Kol 4:7-9)
2. Groete van Paulus se medestanders (Kol 4:10-14)
3. Versoeke (Kol 4:15-17)
 - 3.1 Die oordra van groete (Kol 4:15)
 - 3.2 Die oor-en-weer lees van briewe (Kol 4:16)
 - 3.3 Die waarskuwing van Agrippus (Kol 4:17)
4. Paulus se groete en seën (Kol 4:18)

Schweitzer (1982:8-9) se struktuur, sonder enige opmerking oor die rede vir sy gekose opbou, lyk soos volg:

I The opening address (Col 1:1-8)

1. Assurance of Grace (Col 1:1-2)
2. Thanksgiving (Col 1:3-8)

II Laying the Foundation (Col 1:9-2:23)

1. Intercession (Col 1:9-11)
2. The hymn and its setting (Col 1:12-23)
3. World mission as revelation of the mystery (Col 1:24-29)
4. The apostle's involvement for the community (Col 2:1-5)
5. The confrontation with the Colossians philosophy (Col 2:6-23)

III The life that comes from faith (Col 3:1-4:6)

1. The new life as an understanding (Col 3:1-4)
2. The old and the new man (Col 3:5-11)
3. Life in Christ's world (Col 3:12-17)
4. Christ in the sphere of marriage, family, and work (Col 3:18-4:1)
5. The call to intercession and missionary responsibility (Col 4:2-6)

IV The conclusion of the letter: Greetings (4:7-18)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar taamlike verskil bestaan wat betref die opbou van Kolossense. Die verskille is veral te wyte aan die spesifieke benadering wat gevolg word. Eenstemmigheid sal dus nie sommer verkry word nie. Die opbou en struktuur van die Kolossensebrief is vir hierdie studie van belang in soverre dit 'n geheelbeeld gee van die verskillende temas wat in die brief aan die orde kom en hoe hulle bymekaar inskakel. Die opbou wat hierdie studie aanbied is wel gedeeltelik beïnvloed deur die keuses van ander eksegete (soos hierbo), maar die tematiese benadering wat met hierdie studie gevolg word, het uiteindelik die keuse bepaal. Inhoudelike, grammatikale en stilistiese getuienis in die teks is wel deeglik in ag geneem.

Die tematiese opbou (hooftemas en subtemas) wat in hierdie studie gebruik sal word lyk soos volg:

1:1-12: INLEIDENDE DEEL

- 1:1-2 Briefaanhef en seëngroet
- 1:3-8 Danksegging vir geloof, liefde, hoop en die evangelie
- 1:9-12 Voorbidding vir wysheid, insig, kennis van God se wil en lewe tot eer van die Here.

1:13-2:5: EERSTE HOOFDEEL – GOD, SKEPPING EN VERLOSSING

- 1:13-20 Geloofsbelydenis: Die heerskappy, voorrang van die Seun en verlossing.
1:21-23 Die versoening is volbring en word toegepas.
1:24-2:5 Paulus se bediening en lyding vir kerk en evangelie.

2:6-2:23: TWEDE HOOFDEEL VAN BRIEF – IN HOM GEWORTEL EN OP HOM GEBOU

- 2:6-7 Lewe in verbondenheid met Hom
2:8 Waarskuwing teen misleiding
2:9-10 Volle wese van God in Hom. Gelowiges deel in sy volheid
2:1-12 Die wegneem van die sondige natuur
2:13-14 Saam met Christus lewend gemaak
2:15 Bose magte is ontwapen
2:16-19 Moenie mislei word nie
2:20-23 Waarom gehoorsaam julle die dwaalleer?

3:1-4:1: DERDE HOOFDEEL – DIE NUWE LEWE IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS

- 3:1-4 Strewe na die dinge daarbo waar Christus is
3:5-11 Die ou en nuwe lewe
3:12-17 Die uitverkore volk : Leef as uitverkorenes
3:18-4:1 Wedersydse verhoudings in die huishouding
4:2-6 Bid en tree met wysheid op

4: 7-18: BRIEFAFSLUITING

- 4:7-8 Nie rede vir bekommernis
4:9-18 Groete en seën

2.1.6 GEDEELTES IN BRIEF WAAR DIE TEMA VAN DIE STUDIE AANGESPREEK WORD

Aangesien die *verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense* grootliks gebaseer is op die wisselwerking tussen die indikatief-imperatief struktuur wat die skrywer aanwend, word die tema van die studie in werklikheid dwarsdeur die brief aangespreek. Die gedeeltes wat egter spesifiek die tema Christologie-etiek aanspreek, of daaruit afgelei kan word, is die volgende: Kolossense 1:1-12; Kolossense 1:13-2:5; Kolossense 2:6-23; en Kolossense 3:1-4:6. Kolossense 2:6-23 en Kolossense 3:1-4:6 sal dien as fokus van die onderhawige studie.

Die kriteria wat gebruik is om tot bostaande beslissing te kom is die teologiese/Christologiese en etiese terme of uitsprake wat in genoemde gedeeltes aangetref word. Kortliks kom hierdie kriteria op die volgende neer ('n breedvoerige behandeling sal in die res van die studie gedoen word):

Kolossense 1:1-2

In hierdie gedeelte bid Paulus oor praktiese dinge. Die gemeente moet doen wat die Here verlang. Hulle moet vrugte dra en goeie werke doen. Met blydskap moet hulle die Vader dank. Paulus se voorbidding het dus 'n etiese inhoud.

Kolossense 1:13-2:5

Hierdie gedeelte bevat die heilsindikatief (Kol 1:13.14) wat die grondslag vorm vir die paranese (etiese vermanings) wat verder in die brief aangetref word. Kolossense 1:13-20 is die Christologiese belydenis wat die matriks vorm vir die verstaan van die hele brief. In Kolossense 1:21-23 word die gemeente opgeroep tot 'n Christelik-etiese lewe.

Kolossense 2:6-23

In Kolossense 2:6 spreek Paulus die gemeente vir die eerste keer in die imperatief aan. In Kolossense 2:20-23 kom daar tereg wysings of waarskuwings aan die gemeente voor om met hulle lewe te wys dat hulle aan Christus verbonde is.

Kolossense 3:1-4:6

In hierdie gedeelte word die meeste paranetiese materiaal aangetref, soos byvoorbeeld die etiese lyste en die huistafel.

HOOFSTUK 3

TEOLOGIE EN CHRISTOLOGIE IN KOLOSSENSE

Die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense kan nie sinvol bepaal word as daar nie eerstens aandag gegee word aan 'n beskrywing van die teologie en Christologie in Kolossense nie. Daarom word daar eerstens aandag gegee aan 'n beskrywing van die teologie en Christologie in Kolossense. Bewus daarvan dat van dit wat in die onderhawige Hoofstuk volg 'n bespreking is van die teologie in Kolossense, word daar tog afsonderlik aan aandag gee. Hierdie bespreking is nodig omdat die teologie van Kolossense as onderbou dien vir die Christologie wat daarin na vore kom. 'n Beskrywing van die teologie van Kolossense sal dus die bepaling van die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense van hulp wees.

Die onderhawige Hoofstuk bestaan uit drie Afdelings. In § 3.1 word enkele inleidende opmerkings gemaak, waarna die teologie en Christologie van Kolossense respektiewelik in § 3.2 en § 3.3 aan die orde kom.

3.1 INLEIDEND

Uit die verskillende definisies wat vir die begrip teologie aangebied word is dit duidelik dat daar nie eenvormigheid oor die definiëring van die begrip bestaan nie. Die meeste definisies van die begrip is te omvattend, of te eng en te eensydig.⁷

Hendrikus Boers (s j:13) bied die volgende as 'n werkbare definisie van teologie aan: “'n Samehangende, logiese en noodsaaklike sisteem van

⁷ Die volgende voorbeelde kan in hierdie verband genoem word: Volgens Weiss (1967:39) is teologie 'n diskoers oor God, óf vanuit die gesigspunt dat God geken kan word vanuit die geskape wêreld deur die natuurlike krag van die rede (natuurlike teologie), óf vanuit die gesigspunt dat God 'n openbaring gegee het en deur die mens in die geloof ontvang word (heilige of gewyde teologie). Die Encyclopedia of Religion and Ethics (1924:XII, 293, aangehaal in WBD, 1691) gee die volgende definisie: “Teologie kan kortliks gedefinieër word as die wetenskap wat volgens wetenskaplike metodes handel met die feite en verskynsels van godsdiens wat uitloop op 'n omvattende sintese of filosofie van godsdiens met die bedoeling om op 'n sistematiese wyse alles wat te wete gekom kan word van die objektiewe gronde van godsdiens uit een te sit.” (vertaling deur my). Volgens Barth (1963:3-12) dui die woord teologie op 'n spesiale wetenskap met die taak om te begryp, te verstaan en te praat oor God van die evangelie.

algemene idees in terme waarvan elke element van ons ervaring ten opsigte van sake rakende God geïnterpreteer kan word” (vertaling deur my).

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n enger definisie van teologie gebruik wat 'n samestelling is van die definisies wat deur die Killen (1999:1690) en Buswell (1969:13) aangebied word en soos volg geformuleer kan word: Die term teologie is afgelei van die Griekse woorde θεός (God) en λόγος (woord). Teologie (as 'n saamgestelde woord) is die wetenskaplike studie van God, sy eienskappe, bestaan, planne en optrede (in die verlede, hede en toekoms), asook Sy verhoudinge en handeling met die mens en wêreld soos dit deur God in die Skrif geopenbaar word.

Voordat daar in diepte gekyk word na die teologie van Kolossense is dit nodig om kortliks te verwys na die verhouding tussen teologie en Christologie. Die Christologie word vanuit 'n sistematiese oogpunt gewoonlik beskou as 'n onderafdeling van die teologie, maar by Paulus is die Christologie en teologie so nou ineengewef dat daar skaars tussen Christologie en teologie onderskei kan word. Van die skerp skeiding tussen God die skepper en Jesus Christus as Verlosser is daar weinig sprake in die Nuwe-Testamentiese tydvak. Die vroegste geloofsbelydenisse, soos ons dit in sy primitiefste en kortste vorm by Paulus vind, bevat hoofsaaklik Christologiese uitsprake.

Du Plessis (1988:215) gebruik 1 Korintiërs 8:6 as voorbeeld om hierdie verbondenheid te illustreer: “Nogtans is daar vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.” (NAV 1983). Hier vind ons 'n ineenstrengeling van God as skepper en Christus as Verlosser. Die verskil lê in die voorsetsels wat gebruik word: *uit* en *vir* God en *deur* Christus. Laasgenoemde kom ook in Kolossense 1:16 voor waar word Christus se rol in die skepping beklemtoon word: “God het deur Hom alles geskep ...”

In die Kolossensebrief kan verskeie voorbeelde van hierdie “ineenstrengeling” aangetoon word. Kolossense 1:15 lees “Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie” en Kolossense 1:19-20 lui “God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met

Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.”

Du Plessis (1988:215) oordeel verder dat die vroeg-Christelike teologie hoofsaaklik Christologie is – wat verstaanbaar is uit die sentrale posisie van Jesus Christus in Paulus se prediking en in die vroeë kerk. Paulus se prediking en in besonder sy Christologie rig telkens op die heerlijkheid van God (die gloria Dei). Hierdie gerigtheid is ook teenwoordig in *die verhouding tussen teologie en Christologie* by Paulus. Vir Paulus gaan dit wesenlik oor God wat in Christus en in die Heilige Gees in die geskiedenis ingryp tot redding van mense en alles stuur af op die verheerliking van God.

Dit is bekend dat die voor-Pauliniese kerk aktief was ten opsigte van Christologiese besinning. Tog sou Paulus by uitstek die persoon wees wat vir die vroeë Christelike kerk die wesenlike begrippe van die nuwe geloof of godsdiens skep of aanpas om uitdrukking te gee aan hierdie nuwe geloof. Aangesien ons soveel nuwe begrippe by Paulus kry (in teenstelling met die prediking van Jesus soos dit in die evangelies neerslag gevind het), is dit logies om te vra waar hy daaraan gekom het en watter inhoud hy daaraan gee (Du Plessis 1988:216).

Hierdie studie beseft en erken dat dit belangrik is vir die verstaan van Paulus se Christologie – wat die hart van sy teologie vorm – om te weet wat die agtergrond en verband daarvan is. Vir die oogmerk van hierdie studie word dit nie egter nodig geag om die verskillende wyses waarop dit verklaar is (d.w.s., die verskillende benaderings wat aangebied word om Paulus se denke, teologie en Christologie te verstaan) te ondersoek en te bespreek nie.⁸

⁸ In hierdie verband kan kortliks word verwys na die idealisties-universalistiese opvatting (vanuit Hegel se filosofie) van Baur en die Tübingerskool, die liberale interpretasie (op die misties-etiese vlak) van veral Holtzmann, die mitologiese verlosser-spekulasie van Wrede, en die godsdienshistoriese benadering waar die godsdienstige beskouinge van die Hellenistiese tydperk as vergelykingsmateriaal gebruik word. In laasgenoemde verband is die mistieke reïnterpretasie van Bousset, en die gnostieke interpretasie van Reitzenstein welbekend. In hierdie verband kan ook die standpunt van Dupont en andere genoem word wat Joodse veronderstellings as verwysingsmateriaal gebruik. Meer onlangs is daar ook diegene wat fokus op die kontinuïteit of diskontinuïteit tussen die historiese Jesus en die Christologie van die vroeë kerk.

Vir die doeleindes van hierdie studie, en in navolging van du Plessis (1988:215), is die oortuiging dat vir Paulus Jesus die Messias was, die inhoud van die geloof, die Een wat God en mens versoen het. Jesus Christus het, volgens die Pauliniese Christologie, Homself nie alleen geïdentifiseer met die nood van die mens nie maar die mens ook verlossing en oorwinning aangebied. In samehang met die Nuwe Testamentiese teologie word die plek van die antropologie dus slegs deur die Christologie bepaal.⁹

In die beskrywing van die teologie en Christologie van die Kolossensebrief sal die ineengeweftheid van Paulus se teologie en die Christologie in gedagte gehou word, alhoewel daar inderdaad oorvleueling sal plaasvind. Tog sal daar gepoog word om, in soverre dit moontlik is, teologie en Christologie in Kolossense van mekaar te skei. Hierdie poging tot onderskeiding sal die beskrywing van die *verhouding tussen die Christologie en die etiek* in die Kolossensebrief vergemaklik.

3.2 TEOLOGIE

Die beskrywing van die teologie van Kolossense word grootliks gelei deur die gekose definisie van die term teologie hierbo aangebied, asook deur die temas wat in die brief geïdentifiseer is (kyk § 2.1.5). Hierdie beskrywing van die teologie van Kolossense word gedoen met die oog op die eintlike tema van die studie, naamlik *die verhouding tussen die Christologie en die etiek*. Die fokus in hierdie Afdeling is die mate waarin 'n bepaalde verstaan van die teologie van Kolossense kan help in die verstaan van die Christologie van hierdie brief, en dus ook die verhouding tussen Christologie en etiek in Kolossense.

3.2.1 DIE WIL VAN GOD

Barth en Blanke (1994:146) merk tereg op dat die belang en betekenis van die briëfaanhef (Kol 1:1-2) nie beperk is tot 'n blote benoeming van die

⁹ Hier word verwys na die neiging van Bultmann, Braun, Stöle, Kung en Wiersenga om die teologie en Christologie van die Nuwe Testament te omskep in antropologie. God versinnebeeld 'n bepaalde soort medemenslikheid en in hierdie medemenslikheid impliseer die mens vir God. Jesus word gesien as niks meer as 'n modelmens nie (Du Plessis 1988:218).

sender en ontvanger nie. Dit bevat reeds diep teologiese mededelings¹⁰. Paulus begin sy groet deur te sê hy is 'n apostel van Christus Jesus διὰ θελήματος θεοῦ καὶ τιμόθεος ὁ ἀδελφὸς (deur die wil van God).

Volgens Feinburg (1999:1810) is een van die kenmerkende leerstellings van die Christelike geloof dat God beide geestelik en persoonlik is, en dat laasgenoemde eienskap wil vereis.¹¹ Die konsep wil toegepas op die verstaan van God in die teologie en die Bybel het nie altyd dieselfde betekenis nie. Dit kan byvoorbeeld dui op God se sedelike aard wat al Sy eienskappe insluit. Dit kan ook dui op die vermoë tot selfbeskikking (eie keuse; vgl Ps 115:3; Dan 9:35), 'n vooraf bestaande plan (of voorneme; vgl Ef 1:9-10; Op 4:11), die krag om sy plan en doel te realiseer (Spr 21:2; Rom 9:19; 2 Kron 20:6), of die lewensreël wat aan redelike wesens opgelê word – God se objektiewe wil wat gehoorsaam of onderhou (gedoen) kan word (Matt 7:21; Joh 4:34; 7:17; Rom 12:2)¹²

Hierdie studie wil nie 'n volledige “teologie” oor die konsep wil daarstel nie, maar volstaan deur te sê dat wil die vermoë beteken om besluite te kan neem (Kol 1:27) en aksie te kan inisieer. Dit geld vir God en mens. Dit kan ook beskryf word as 'n wens of 'n strewe om iets te doen of te bereik – 'n doel of 'n plan.

In die briefaanhef stel Paulus homself nie alleen as apostel van Christus Jesus bekend nie, maar benadruk ook sy gesag deur te sê dat dit God self is wat dit so gewil het dat hy 'n apostel moet wees (vgl ook 1 Kor 1:1; 2 Kor 1:1;

¹⁰ Volgens Wall (1993:38) bring die konvensionele briefaanhef die teologie van Paulus se heidensending tot uitdrukking.

¹¹ Hierdie uitdrukking moet nie polemies verstaan word nie (Barth & Blanke (1994:136-137). Dit beklemtoon die enormiteit wat die basis is van die kombinasie Paulus-apostel. O'Brien (1982:2) oordeel dat hierdie uitdrukking neerkom op 'n verklaring (in die konteks van die briefaanhef – JPP) van God se onverdiende genade, so wel as die verloëning van persoonlike bekwaamheid of waarde.

¹² In die konteks van die briefaanhef beteken wil, God se besliste besluit (Gal 1:4; Pokorný (1991:22-23). In objektiewe sin word die konsep “die wil van God” die spil waarom die leringe van die tweede Christelike generasie draai (Ef; Matt; Joh, 1 Tim, 2 Tim en Tit).

Ef 1:1; 2 Tim 1:1). Ook van die gelowiges word in Kolossense 1:2 gesê dat hulle is wat hulle is deur die soewereine wil van God.

Hierdie wil van God kan en moet geken word. Daar moet gebid word om deur die wysheid en insig wat die Gees gee tot die volle kennis van God se wil te kom (Kol 1:9). Die inhoud van hierdie kennis word beskryf as die wil van God, die insig in die etiese eise wat God stel (Schweizer, 1976:44; kyk ook later Hoofstuk 4). As God sy wil ten volle aan die gemeente bekend maak sal die gemeente in staat wees om tot eer van die Here te lewe¹³. Daarom ook dat Epafras altyd ernstig vir die gemeente bid dat hulle staande mag bly, geestelik volwasse sal wees en in alles volkome gehoorsaam aan God se wil sal wees (Kol 4:12).

Hoewel die uitdrukking θελήματος θεοῦ (wil van God) nie direk in Kolossense 1:19 gebruik word nie, hou die uitdrukking ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν (omdat Hy dit goed gedink, letterlik behaag het of besluit het) duidelik verband met die term wil van God. Hierdie vers is egter problematies wat sowel grammatikale as leksikale oorwegings betref. Die keuse word hier gemaak om God as subjek¹⁴ van εὐδόκησεν te beskou. So gesien, lees die vers “God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon” (NAV).¹⁵

Dieselfde kan van Kolossense 1:25 en 1:27 gesê word. Die uitdrukking θελήματος θεοῦ (wil van God) kom nie in Kolossense 1:25 en 1:27 voor nie,

¹³ God se wil is nie 'n geheim nie. Hy het dit in sy Woord geopenbaar (kyk bv 1 Tim 2:4; 2 Pet 3:9; Ef 5:17-18; 1 Pet 2:13,15; 1 Pet 4:19 en 1 Tess 5:17; MacArthur 1992:29). Wright (1991:57) is verder van mening dat dit nie hier net gaan oor hoe God wil hê sy mense moet lewe nie, maar oor God se hele verlossingsdoel in Christus.

¹⁴ Sommige eksegete interpreteer die subjek as die Seun en ander weer die volheid (πλήρονα; kyk Barth & Blake 1994:210-211).

¹⁵ Barth en Blanke (1994:210) vertaal hierdie vers soos volg: “For it was the will of God to let in Him dwell all the fullness”, terwyl die Ou Afrikaanse Vertaling soos volg lui: “Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon”.

maar tog hou die uitdrukking *διάκονος κατὰ τὴν οἰκονομίαν*¹⁶ τοῦ θεοῦ (volgens die bediening of opdrag; NAV) van God in Kolossense 1:25 en οἷς ἠθέλησεν¹⁷ ὁ θεὸς (aan wie God wou bekend maak of God het besluit om bekend te maak in Kolossense 1:27) ook verband met die wil van God. Paulus het die dienaar van die kerk (Kol 1:24) geword volgens die wil van God om sy woord ten volle bekend te maak. Hierdie is die geheimenis wat verborge was (Kol 1:26). Dit was God se wil om die seënrykheid en heerlikheid van hierdie geheimenis bekend te maak (Kol 1:27).

3.2.2 DIE KRAG OF MAG VAN GOD

Die handeling van God wat in Kolossense, na Kolossense 1:2 beskryf word, geskied op grond van sy wil soos hierbo uiteengesit. In Kolossense 1:11 bid Paulus dat God, wat oor die mag en die heerlikheid beskik, die gelowiges in Kolossense sal versterk (*ἐν πάσῃ δυνάμει δυναμούμενοι*¹⁸ κατὰ τὸ κράτος τῆς δόξης αὐτοῦ – met alle krag bekragtig word volgens die mag¹⁹ van sy heerlikheid). God is die bron waaruit die gelowiges hulle krag ontvang om in alle omstandighede te volhard. Hierdie krag is tot die gelowige se beskikking wat vrug dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God (Kol 1:10).

¹⁶ Verskeie eksegete stel 'n tweede betekenis van *οἰκονομίαν* voor, te wete (verlossings)plan, raad of besluit (Barth & Blanke 1994:258-259). Barth en Blanke verkies die vertaling “volgens die wil van God”.

¹⁷ Hierdie begrip verwys na God se ewige plan (Carson 1979:53). Kyk ook § 3.2.1 waar God se wil as doel of plan beskryf word. In Kolossense 1:25b-27 word die bediening van die apostel geteken as die proklamasie van die geheimenis van God (Kol 1:26). Die geheimenis is die Woord van God as 'n uitdrukking van God se wil (Pokorný 1991:101-104).

¹⁸ *δυναμούμενοι* (praes, part, pass, nom, ml, mv, van *δυναμόω*) dui op die standvastige/gereelde teenwoordigheid/toetrede van krag (O'Brien 1982:24).

¹⁹ Mag (*κράτος*) beteken hier die reddende krag waardeur God die transformasie van die situasie van die sondige menslikheid te weeg bring. In Kolossense word dit uitgedruk met terme soos “verlos”, “oorgebring in die koninkryk van sy Seun” (Kol 1:13), “versoen” en “voor Hom gestel” (Kol 1:22). Die krag (*δύναμις*) wat die gelowiges versterk (*δυναμόω*) is die krag wat geopenbaar is in die opstanding van Jesus (Ef 1:21) wat aan die werk is in die wêreld deur die apostels (Kol 1:29). Beide terme (krag en mag) funksioneer as alternatief op die owerhede en magte in Kolossense 1:13,16 en Kolossense 2:10, 15. Die deel hê aan die krag van God is die konkrete aspek van die kennis van God. Dit beteken die bemagtiging wat uit kennis voortspruit. In praktiese terme word hierdie bemagtiging sigbaar in die twee deugde geduld en volharding (Pokorný 1991:49).

So word ook die swakheid van die gelowige, wat net deur God krag het, op die voorgrond gestel. Die mag van God, inwonend in die gelowige gemeenskap, stel die gelowiges in staat om te wandel op 'n manier wat vir God vreugde verskaf. God se krag is 'n prominente motief in Kolossense (vgl Kol 1:29; 2:12). In die intersessie in Kolossense Kol 1:9-14 (voorbidding vir wysheid, insig, kennis van God se wil en lewe tot eer van die Here; kyk § 2.1.5) beklemtoon Paulus, deur die opeenhoping van sinonieme terme, dat niks minder as God se inwonende krag nodig is en die mag van sy heerlikheid meer as genoeg is vir die Kolossense se behoeftes nie, en dat dié krag voorsien sal word soos wisselende omstandighede getrotseer sal moet word (O'Brien 1982:24).

3.2.3 DIE VOLHEID VAN GOD

In Kolossense 1:19 stel Paulus die volgende: ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν πᾶν τὸ πλήρωμα κατοικῆσαι (Omdat Hy dit goed gedink het [besluit het of behaag het] om in Hom die ganse [al of alles] volheid te laat woon. Kolossense 1:18b eindig met die gevolg van Christus se ereposisie (Hy beklee die eerste plek in die skepping en herskepping) en nou word twee redes vir hierdie status gegee. Eerstens, omdat (ὅτι – motivering of rede; Kol 1:19) God besluit het dat die hele volheid in Christus sou woon, en tweedens (ἐν καὶ – verdere motivering of rede) om deur die Seun alles met Homself te versoen (Kol 1:20).

In Kolossense 1:19 word God gesien as die onderwerp van εὐδόκησεν (kyk § 3.2.4), en dat die volheid (πλήρωμα) die volheid van God is (vgl Kol 2:9). Die NAV vertaal dit dan ook so: “God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon”. Die uitdrukking ganse – alle – volle (πᾶν) is tautologies, aangesien volheid nie 'n volheid kan wees as dit nie totaliteit beteken nie (O'Brien 1982:51-53).²⁰

²⁰ Pokorný (1991:85) verstaan πᾶν hier as 'n verdere beklemtoning van die intensiteit van God se werk, en nie as verwysing na die volheid van God nie.

Wat beteken die *volheid van God*?²¹ Dit beteken dat al die kenmerke en aktiwiteite van God volkome in Christus vertoon word. Alles van God is in Christus teenwoordig. Sy gees (lewe), woord, wysheid, heerlikheid, heiligheid, liefde, mag, geregtigheid, genade en gawes word in Christus geopenbaar. Jesus Christus is die volledigheid van God. Wie Jesus Christus sien, sien vir God en daarom is die Seun self God (Kol 1:15).²²

Die versoeking is groot om Pokorný (1991:85) na te volg deur te oordeel dat die affiniteit met die tradisie van die doop van Jesus daarop kan dui dat die volheid (πλήρωμα) in 'n sekere sin hier verstaan kan word as die Heilige Gees. Pokorný verwys in hierdie verband na Romeine 8:11. Carson (1979:45) se siening is in hierdie verband egter miskien nader aan korrek. In Christus woon die volheid van die Godheid. Hy is nie net op 'n besondere wyse geklee met die Heilige Gees nie, maar die woonplek van die werklike wese van God. Wat hierdie verstaan meer waarskynlik maak is dat die konteks van die vers nie werklik die moontlikheid laat om die volheid as die Heilige Gees te verstaan nie (kyk ook bespreking in § 2:9 hieronder).

Die proklamasie van Kolossense 1:19 word byna woordeliks in Kolossense 2:9 opgeneem. Kolossense 2:9 is in die praesens, teenoor Kolossense 1:19 wat in die aoristus-vorm gestel word. Hier word die aksie of optrede in fokus

²¹ Die woord πλήρωμα word in die Ou Testament in meer stereotipe uitdrukkings met 'n aktiewe betekenis gebruik byvoorbeeld “die see en sy volheid” (1 Kon 16:32; Ps 96:11; 89:7), “die aarde en alles daarop” (Ps 24:1; Jer 8:16; 47:2; Eseg 12:19; 19:7; 30:12), “die wêreld en alles daarin” (Ps 89:11). Die term het egter nie 'n tegniese uitdrukking met 'n vaste en duidelike betekenis geword nie. Verwant aan πλήρωμα vind ons ook die beskouing in die Ou Testament dat God self (of sy heerlikheid) die hele heelal vul. In Jeremia 23:24 vind ons die uitdrukking “vervul (πληρώω) Ek nie die hemel en die hele aarde nie?” (OAV), en Psalm 72:19 lees: “En laat die hele aarde met sy heerlikheid vervul (πληρωθήσεται) word” (vgl ook Jes 6:3; Eseg 43:5; 44:4, waar die verwante term πλήρης voorkom; O'Brien 1982:52; kyk ook Schillebeeckx 1981:190; Dunn 1966:101). Dit is duidelik dat hierdie gedagte, volgens O'Brien, (1982:51-53), die aandag plaas op die immanensie van God en sy persoonlike betrokkenheid by die wêreld. Dit moet egter nie panteïsties of dualisties verstaan word nie.

²² Lohse (1971:57) probeer die betekenis van πλήρωμα vanuit die Hellenistiese milieu te verklaar (kyk ook Vergeer 1994:386). Overfield (s j:392) weer vind die betekenis van πλήρωμα in die vroeë Gnotisisme of Gnostiese tradisie wat die skrywer van Kolossense dan polemies sou gebruik het teen dieselfde dwaalleer. Schweizer (1982:78) kies vir 'n interpretasie vanuit die wysheidsliteratuur of Filo (kyk ook O'Brien 1982:52; Pokorný (1991:85), Volgens Barth en Blanke (1994:213) moet die betekenis eerder in die Ou Testament gesoek word.

geplaas wat in Kolossense 1:19 deur die wil van God uitgevoer word. Net in Jesus Christus word God herken.

Die onderskeidende verskil tussen Kolossense 1:19 en Kolossense 2:9 is dat die uitdrukking in Kolossense 1:19, te wete “God het besluit” of “Dit was die wil van God”, in Kolossense 2:9 ontbreek. In stede word die uitdrukking “ganse volheid” toegelig deur die genitiewe byvoeglike bepaling τῆς θεότητος²³ (van die Godheid – ‘n hapax legomenon in die Nuwe Testament). Die onpersoonlike woord θεότης²⁴ word gebruik, en nie θεός (God) nie (vgl Ef 3:19). θεότης dui op die substansie, essensie, die wese van God en moet onderskei word van θειότης (Goddelike wese – ook 'n hapax legomenon) wat verwys na die kenmerke en hoedanighede van die Goddelike (vgl Rom 1:20). Dus, alles wat God tot God maak is in Christus te vind. In Christus is die hoogste en volkome openbaring van God self (Müller 1958:91-92).

Die inwoning van God in Christus word beskryf as σωματικῶς (liggaamlik – weer eens 'n hapax legomenon). Oor die betekenis van hierdie bywoord word redelik wyd verskil. Barth en Blanke (1994:312-313) toon byvoorbeeld sewe moontlike interpretasies aan²⁵.

Hier word met Müller (1958:91-92) saamgestem dat σωματικῶς,²⁶ na die menslike maar ook verheerlikte liggaam van Christus verwys, bedoelende as woonplek van die volle wese van God. Hier is dus van ‘n deurlopende inwoning van God in die vleesgeworde as ook die verhoogde Christus sprake, ‘n inwoning wat as ‘n teenswoordige realiteit gesien moet word (κατοικεῖ, d w s woon, kom hierdie in die vorm van die praes ind akt voor).

²³ Volgens Pokorný (1991:121-123) is Kolossense 2:9 'n parafrase van Kolossense 1:19 gemik teen die dwaalleer (vgl ook Kol 2:8).

²⁴ Θεότης is ‘n abstrakte selfstandige naamwoord vir God self (Martin 1985:80).

²⁵ 'n Volledige bespreking hiervan is nie vir hierdie studie van belang nie. Vir 'n beskrywing van hierdie sewe moontlike interpretasies, kyk Barth en Blanke (1994:312-313).

²⁶ Volgens Louw en Nida (1989:94) is die betekenis van σωματικῶς “liggaamlik of fisiese vorm” of “in realiteit”, dus nie simbolies nie. Pokorný (1991:121-123) oordeel dat σωματικῶς ook “persoonlik” kan beteken.

3.2.4 GOD SE VERSOENING

Volgens Kolossense 1:20-23 bewerk God versoening (kyk Rom 5:10; 2 Kor 5:18-20). Kolossense 1:21-23 word algemeen beskou as 'n interpretasie en toepassing van die belydenis/himne in Kolossense 1:15-20 (O'Brien 1982:64; Schweizer 1982:88; Pokorný 1991:90; Roberts 1997:48; Carson 1979:47; Martin 1985:66). Die proklamasie van versoening in Kolossense 1:20 (die afsluiting en hoogtepunt van die belydenis/himne) word nou weer in Kolossense 1:21-22 herhaal of opgeneem. Die woord versoening (καταλλάσσω) beteken die herstel van interpersoonlike verhoudings. Tussen mens en God – in die Nuwe Testament is dit altyd die mens wat versoening nodig het en nie God nie (Schweizer 1982:92) – en tussen mens en mens.

Die woord ἀποκαλλάξαι (wat slegs in Kol 1:20, 22 en Ef 2:16 in die Nuwe Testament voorkom) is 'n saamgestelde woord van die lemma καταλλάσσω en die voorsetsel ἀπό. Sommige eksegete oordeel dat die byvoeging van die voorsetsel ἀπό (met emfatiese funksie) dui op 'n intensivering van die betekenis van versoening, iets soos deeglik, volledig of totaal versoen (MacArthur 1992:56; Hume 1998:30). Ander weer is van oordeel dat dit meer waarskynlik is dat daar geen verskil in betekenis tussen die twee woordvorme καταλλάσσω en ἀποκαλλάξαι is nie (Barth & Blanke 1994:214; Louw & Nida 1988: 502). Niks in die konteks van Kolossense 1:20-23 is ook dwingend om 'n meer intensiewe betekenis aan ἀποκαλλάξαι te heg nie. Die daad van versoening word in die aoristus tydvorm weergegee. Versoening is dus 'n eenmalige daad wat nie herhaal word nie.

Om alles met Homself te kan versoen, moes God self ten nouste by die versoening betrokke wees. Hy het dit bewerkstellig deur met sy volle wese in die Seun te woon, en so self in Hom teenwoordig te wees (Kol 1:19; vgl ook Kol 2:9).

Die skrywer het die kruisdood van God se Seun, as 'n gebeurtenis in die geskiedenis in die middelpunt gestel as dié versoeningshandeling van God. Aan die kruis het God in Jesus Christus sy “vredesoffer” gebring en daardeur

versoening bewerk (Pelser 1989:277). Sommige eksegete verklaar εἰς αὐτόν, (met Homself; Kol 1:20) as versoening met Jesus Christus²⁷. Hierdie studie oordeel dat εἰς αὐτόν, vertaal moet word met “Homself”, aangesien God in Kolossense 1:19 geïmpliseer word met die verwysing na πλήρωμα (volheid).²⁸ In Kolossense 1:20 wys εἰρηνοποιήσας (nadat Hy vrede gemaak het) as partisipium by die werkwoord εὐδόκησεν (Kol 1:19) in die rigting van 'n manlike subjek en God kan dan as subjek veronderstel word (kyk Van der Watt 1988:32). Dit is dus God wat die versoening met Homself bewerk deur die bloed van sy Seun aan die kruis.

Die gebruik van ἀποκατάλλαξι (versoen) veronderstel dat daar 'n toestand van vervreemding of vyandskap was (Dunn 1996:102). Deur die versoening word hierdie vervreemding op 'n volledige manier uit die weg geruim. Die gevolg is die totstandkoming van 'n nuwe orde, naamlik die herstel van vrede (εὐδόκησεν; Kol 1:20).²⁹ Hierdie herstel van vrede, oordeel Dunn, was om die harmonie van die oorspronklike skepping te herstel, om alles in 'n hernude eenwees te bring. Die parallel tussen Kolossense 1:16 en 1:20 maak dit duidelik. Die aanspraak in Kolossense 1:16 (alles is deur Hom en vir Hom) stel hierdie Goddelike doel duidelik: versoening en herstel van vrede. Die parallel tussen Kolossense 1:16 en 1:20 is 'n duidelike aanduiding dat hierdie versoening in beginsel 'n herskepping is (Boonzaai 2002:221). Die kosmiese omvang van hierdie versoening word dan ook deur die woorde τὰ

²⁷ In Kolossense is God die agent van versoening (Barth en Blanke 1994:214-215). Deur van die aoristus gebruik te maak dui dit verder op 'n afgehandelde saak. In Kolossense, teenoor die korresponderende verwysings in Romeine en 2 Korintiërs, is die verwysing na die versoening met Christus, eerder as met God. Pogings om hierdie verskil te harmoniseer deur εἰς αὐτόν, (met Hom) te interpreteer deur die aksentuasie te verander na die refleksiewe wat na God sou terugwys is nie oortuigend nie. Volgens Barth en Blanke is εἰς αὐτόν, 'n parallele konstruksie van die uitdrukking “In Hom is alle dinge geskape” (Kol 1:16a). Hierdie parallele konstruksie gee aan Kolossense 1:16a 'n spesiale betekenis en word bedoel as die vervulling van die uitdrukking in Kolossense 1:16f “Alles is deur Hom en vir Hom geskep”. Dunn (1996:83, 103) ondersteun hierdie interpretasie, terwyl Schweizer (1982:81) oordeel dat versoening hier met Christus of God kan wees.

²⁸ Beide die Ou Afrikaanse vertaling en die Nuwe Afrikaanse vertaling vertaal Kolossense 1:20 dan ook met “en om deur Hom in alles met Homself te versoen”.

²⁹ Die herstel van vrede waarvan hier sprake is, is sinoniem met versoen en bring dus nie 'n nuwe gedagte na vore nie (Pelser 1983:227).

πάντα (alles) en εἶτε τὰ ἐπὶ τῆς γῆς εἶτε τὰ ἐν τοῖς οὐρανοῖς. (alles op die aarde en in die hemel, as kwalifikasie vir τὰ πάντα) aangedui.

Hoe hierdie kosmiese omvang presies verstaan moet word is daar onder eksegete nie heeltemal eenstemmigheid nie.³⁰ In ondersteuning van Roberts, (1997:42-43), Hendriksen, (1979:81-82) en ander³¹ kan dit heel waarskynlik soos volg verstaan word: Die sonde van die mens (sondeval; vgl Rom 8:19-22) het die harmonie van die skepping versteur, asook die verhouding tussen mens en God en mens en mens. Die kosmos was in opstand teen God. God het egter ingegryp om die opstandige wêreld in harmonie met Homself te bring. Dit het Hy gedoen deur die bloed van sy Seun aan die kruis. Niks en niemand in die kosmos staan buite die skopus van God se versoeningswerk in en deur Christus nie. Veral geen vreemde mag of vyandige geestelike mag wat verwoesting teen die kerk kan aanrig nie. Hierdie versekering is 'n duidelike parallel met Romeine 8:38-39. Die rede vir hierdie versoening word in Kolossense 2:15 gegee. In sy oorwinning aan die kruis het Christus elke bose agent effektief oorkom en hulle magteloos gelaat. In hierdie sin is alle bose magte “versoen” en herstel tot 'n plek onder hulle regmatige hoof (Kol 2:10) van wie hulle weggebreek het. Christus is verhewe in alle sfere, Hy is middelaar van versoening, en sy heilswerk is volkome genoegsaam. Niks meer is nodig om die sondaar se saak met God reg te maak nie. Hierdeur is daar in beginsel weer vrede tussen God en die opstandige wêreld bewerk³².

³⁰ Volgens Müller (1958:64-65) moet versoening hier in 'n enger sin verstaan word. In “eintlike” sin kan versoening hier net van toepassing gemaak word op “die dinge op die aarde” en in “oneintlike” (figuurlike) sin op “die dinge in die hemel”. MacArthur (1992:56-62) weer sien versoening hier as 'n eskatologiese aangeleentheid.

³¹ Wright (1991:76-77) oordeel dat aangesien die mensdom 'n sleutelrol speel in die ordening van God se wêreld, die versoening van die mens sal lei tot die herstel van die skepping – soos die mens se sonde gelei het tot die val van die skepping (vgl Rom 8:19-30). O'Brien (1982:55-57) en Lohse (1971:59-61) oordeel weer dat versoening hier verwys na die heelal wat met God versoen is deurdat die hemel en die aarde terugbring is in hulle goddelik geskape en bedoelde orde. Die heelal is weer onder sy hoof en kosmiese vrede het teruggekeer.

³² Morris (1967:250), verwysende na Kolossense 1:19-22, sê dit is die sonde wat “vyande” maak en weereens die kruis wat herstel bring.

Versoening is egter nie 'n outomatiese saak nie. In teologiese terme – versoening vind plaas wanneer iemand “in Christus” is (vgl 2 Kor 5:17; Rom 3:21-31; 6:1-11; Gal 3:26-29). Die vrede wat hierdie versoening bewerkstellig is so omvattend dat wie aan Christus verbonde is niks anders vir die heil nodig het as wat deur Christus bewerk is nie.

Die gemeente in Kolosse word in Kolossense 1:21-23 verseker dat ook hulle deur God met Homself versoen is deurdat sy Seun as mens gesterf het (vgl Kol 2:13-14). Die doel hiervan is om hulle heilig en sonder smet onberispelik voor Hom te stel. Hiermee word die beeld van “duisternis” en “lig” in Kolossense 1:12-14 toegelig.

3.2.5 DIE GENADE VAN GOD

Die woord genade (χάρις) word net drie keer in Kolossense gebruik, te wete in Kolossense 1:2, 1:6 en 4:18. In Kolossense 1:2 word dit as deel van die briefaanhef en seëngroet aan die gemeente toegesê. In Kolossense 1:6 word dit met die evangelie vereenselwig en in Kolossense 4:18 word aangesluit by Kolossense 1:2 met 'n groet en seënbede waarin genade by die gemeente sal wees. Alhoewel die woord genade min gebruik word in Kolossense vorm die genade van God die breë konteks vorm van die hele brief en raak dit die hele lewe van die gemeente en individuele gelowige.

Die volgende opmerkings maak hierdie stelling duidelik. Wat is genade? Die woord genade (χάρις) het 'n rykdom van betekenis wat nie net ontleen is aan die Griekse gebruik van hierdie woord nie, maar ook aan sy Ou Testamentiese assosiasies³³. Die woord is verder ontwikkel en verryk met 'n voller Christelike inhoud deur die Nuwe Testamentiese skrywers (Carson (1979:28). Genade is dit wat die mens by God vind. Dit is die gesindheid van God. God, wat in sy wese 'n skeppende God is, skenk sy guns in oorfloed aan die mens wat dit nie verdien en nie daarvoor hoef te werk nie. Genade is dus 'n gawe wat God vrylik en gratis skenk uit blote goedheid en jammerte.

³³ Die LXX het dit gebruik om die Hebreeuse woord יָחַד (*guns*) te vertaal, wat spreek van die geseëndheid van dié een wat guns ontvang van 'n meerdere, Carson (1979:28). Dunn (1998:321) is van mening dat Paulus die woord χάρις verkies, waarskynlik omdat hy dan die betekenis van יָחַד (*guns*) en τὸν (*verbondsliefde*) kan kombineer.

Genade bly nie net 'n houding of toestand nie. Dit word substantief op alle terreine van die lewe sigbaar en gekonkretiseer. Dit is die demonstrasie van God se liefde. Geen enkele woord beskryf die essensie van die Christelike evangelie meer akkuraat as genade nie. God gee vergifnis van sonde vrylik, asook die ewige lewe wat ons nie verdien nie en nie kan verdien nie (vgl Ef 2:8-9). Die werk van Jesus, veral sy dood, was 'n manifestasie van hierdie genade van God (Kol 1:14). Hierdie reddende genade van God is die genade van God in waarheid (Kol 1:5-6).

Die evangelie sentreer (as God se waarheid) op God se genade. Vir Paulus is evangelie en genade sinonieme. Volgens Kolossense 1:3-8, het die jong gemeente in Kolosse genade reg verstaan sonder om enige vals byvoegings te maak wat so maklik genade nie meer genade maak nie. Dit was die evangelie van ware genade van God wat die Kolossense geleer het by Epafraas. Die evangelieboodskap is die medium waardeur die wêreld tot begrip kom oor die waarheid van God se genade. Die proklamasie van die evangelie verhelder die intensies en resultate van genade. Die genade van God staan egter nie in spanning met sy geregtigheid nie. Vir Paulus is die openbaring van God se geregtigheid die boodskap van God se genade (kyk Rom 1:16-17; 3:21-31)³⁴ Vir méér as die genade van God hoef die gemeente dus nie te vra nie.

God se genade, volgens Kolossense ³⁵, gaan wyer as net sondevergifnis en die ewige lewe. Dit transformeer meer as net die denke en hart van die individuele gelowige. Dit het 'n positiewe effek op die gelowige se hele lewe: sosiaal (Kol 3:5-14; 4:2-6) en familiaal (Kol 3:18-4:1) en ook wat betref lof en aanbidding (Kol 3:15-17). Hierdie positiewe effek van God se genade het dan ook 'n lewe van dankbaarheid tot gevolg (Kol 1:3, 12; 2:7; 3:15-17; vir 'n vollediger bespreking kyk hoofstuk 4).

³⁴ Bostaande is 'n samevatting en verwerking (met eie byvoegings) van die insigte van Schweizer (1982:27), Barth en Blanke (1994:161–162), Lucas (2000:33), Pokorný (1991:34), Wall (1993:49) en O'Brien (1983:4–5).

³⁵ Volgens Schillebeeckx (1981:182) bevat Kolossense nie 'n duidelike konsep van genade nie in dat die skrywer die term met 'n afgeleide of ontleende inhoud vul (bv, die inhoud van die wysheid wat by God verborge was as 'n geheimenis, en nou in Christus geopenbaar is).

3.2.6 DIE VREDE VAN GOD

Die woord εἰρήνη (vrede) word in Kolossense in Kolossense 1:2 en 3:15 aangetref, terwyl εἰρηνοποιέω (om vrede te maak) in Kolossense 1:20 gevind word. Vrede, in Kolossense, is die vrug van God se genade. Dit is 'n gawe van God. Dit dui op innerlike rus en bevrediging, vryheid van aanvegting in die gemoed en versoening met God (Müller 1958:32).

Alhoewel versoening en vrede as sinonieme verstaan kan word, word hier met Dunn (1996:103) en andere³⁶ saamgestem dat die woord vrede die rykheid van die Joodse konsep van vrede (shalom) byvoeg. In Kolossense het vrede as basiese inhoud herstelde verhoudings (Kol 1:2). In Kolossense 1:20 blyk dit dat hierdie vrede strek oor hemel en aarde (kosmos). Vrede is die woord wat 'n “nuwe wêreld” opsom, 'n wêreld wat getransformeer is van sy gevalle staat na die vorm van lewe wat deur die Skeppergod bedoel is. Dit is meer as net 'n verwysing na 'n innerlike en geestelike tevredenheid. Die Bybelse idee van vrede omhels elke dimensie van menslike bestaan – verlede, hede en toekoms³⁷

In Kolossense 3:15 is dit duidelik dat dit God is wat sy gemeente oproep om in vrede met mekaar te lewe. Die basis vir die vrede onder mekaar is die feit dat God deur Christus vrede gebring het. Daarom is vrede nie net objektief en subjektief nie, maar ook relasioneel. Vrede is die maatstaf waarmee gelowiges se optrede beslissend gemeet word.

3.2.7 DIE LIEFDE VAN GOD

In Kolossense word daar nie eksplisiet na die liefde van God verwys nie. Die woord liefde kom egter wel voor. In Kolossense 1:4, 5, 8 en Kolossense 3:14; handel dit oor die onderlinge liefde in die gemeente en huishoudings. In

³⁶ Volgens Roberts (1997:10) verwys God se vrede hier na die vrede wat Hy vir sy volk belowe het in die eindtyd wanneer Hy hulle van hulle sonde sal genees (vgl Jes 57:14-21; kyk ook Wright (1991:48); Martin (1985:46); Wall (1993:38-39).

³⁷ Pokorný (1991:34) is van mening dat hierdie eskatologiese konsep in Kolossense verstaan kan word as die bevryding van die bonatuurlike magte (vgl Kol 1:20; 3:15).

Kolossense 1:8 en 1:13 word daar egter beweeg in die rigting van die liefde as verwysing na die liefde van God.

Kolossense 1:8 het onder andere as inhoud “julle liefde in die Gees,” (ὁμῶν ἀγάπην ἐν πνεύματι) of “die liefde wat deur die Gees in julle gewek is” (NAV). Dit is duidelik dat hier nie van gewone menslike liefde gepraat word nie, maar die liefde wat deur die Gees gewek is – dus God se liefde deur die genade. Hierdie liefde stel die gelowiges in staat om mekaar lief te hê (vgl Rom 5:5-8).

Die uitdrukking in Kolossense 1:13, “die Seun van sy liefde” (τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ), dui op God die Vader se liefde vir sy Seun Jesus Christus. Jesus is nie net die ewige objek van die Vader se liefde nie (Carson 1979:40), maar ook die beliggaming en uitdrukking van God se liefde in sy genadige handeling met mense. So verstaan, is die Christelike liefde (ἀγάπη) vir al die gelowiges (Kol 1:4) in werklikheid 'n refleksie van God se liefde (ἀγάπη) vir hulle³⁸.

3.2.8 GOD ROEP

Dat God roep word in Kolossense 3:15 genoem. Aangesien dit die oortuiging is dat hierdie begrip relevant is tot die tema van hierdie studie, word kortliks hierby stilgestaan.

Kolossense 3:15 lees soos volg: καὶ ἡ εἰρήνη τοῦ χριστοῦ βραβευέτω ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν, εἰς ἣν καὶ ἐκλήθητε ἐν ἐνὶ σώματι· καὶ εὐχάριστοι γίνεσθε (en laat die vrede van Christus in julle harte heers waartoe julle ook in een liggaam geroep is en wees dankbaar). Die tema καλέω (roep) is prominent in die Pauliniese geskrifte.³⁹ Op die “roep” van God moet gereageer word.

³⁸ Kyk ook Bornkamm (1990:216-219) se bespreking van die begrip liefde in die Pauliniese literatuur.

³⁹ Vergelyk Romeine 8:30; 9:11-13,24; 1 Korintiërs 1:9; 7:15-24; Galasiërs 1:6,15; 5:8,13; Efesiërs 4:14; 1 Tessalonisense 2:12; 4:7; 5:24; 2 Tessalonisense 2;14; 1 Timoteus 6:12 en 2 Timoteus 1:9.

In Kolossense 3:15 is dit Christus wat die vrede gee, vrede wat in gelowiges se lewens die deurslag moet gee. Hierdie vermaning of oproep tot vrede onder mekaar word gemotiveer deur die feit dat God die gelowiges geroep het om in vrede met mekaar te lewe. Schweitzer (1982:208), verwysende na die vrede wat Christus gee, stel dit soos volg: “For that reason one can only be 'called' into it”. Die plek waar hierdie vrede tot uiting moet kom is in die “een liggaam”, die liggaam van Christus, sy kerk.

3.2.9. GOD SE ROL OF FUNKSIE IN KOLOSSENSE

Ten einde die teologie in Kolossense so volledig as moontlik te beskryf word vervolgens kortliks gekyk na wie God is en wat Hy doen soos Kolossense sy funksie of rolle vir ons aanbied – bewus daarvan dat die rolle grootliks oorvleuel.

3.2.9.1 GOD DIE SKEPPER

God is die skepper van alle dinge in die heelal, beide die sigbare en onsigbare werklikheidsfere (Kol 1:16). So word God se absolute krag en werklikheid gemanifesteer.⁴⁰ Só bepaal God die onderhouding en orde in die skepping en is Hy die primêre bron en ondersteuner van alle lewe (Kol 1:15-16; 3:10).

3.2.9.2 GOD DIE HEERSER

Op grond van die feit dat God skepper is, is God die allerhoogste Heerser oor die heelal. Soos enige monarg, regeer Hy oor 'n koninkryk. Hierdie koninkryk, volgens Wilson (1997:142), omvat die hele kosmos, wat die skrywer van Kolossense tot uitdrukking bring met die frase “koninkryk van God” (βασιλείαν τοῦ θεοῦ,) in Kolossense 4:11;⁴¹ kyk ook die Afdeling Woordstudie hieronder).

⁴⁰ Volgens Wilson (1997:142) is “kragtaal” 'n integrale deel van die skrywer van Kolossense se denke (kyk bv Kol 1:11, 29; 2:12,19).

⁴¹ Wilson (1997:142) met verwysing na Kolossense 1:12, verstaan die koninkryk van God as die onsigbare heerlike hemel “daarbo” wat, soos God, onsigbaar, verheerlik en “daarbo” is.

Saam met O'Brien (1982:252) en ander,⁴² met die inagneming van die konteks van Kolossense, is die oortuiging van hierdie studie dat die konsep “koninkryk van God” in Kolossense verstaan moet word as die somtotaal van die beloofde verlossing (Pokorný 1991:25-26). Gewoonlik is “koninkryk van God” vir Paulus 'n toekomsverwysing wat dui op die gelowige se erfenis in die tyd wat kom (vgl 1 Kor 6:9-10; 15:50; Gal 5:21; 1 Tess 2:12). Romeine 14:7 verwys egter ook na die “koninkryk van God” as 'n teenwoordige aangeleentheid. Dit wil lyk die bedoeling van Kolossense 4:11 te wees. Hierdie verstaan word bevestig deur die beskrywing van God se heerskappy in Kolossense 1:12-14. Die “koninkryk van God”, as teenwoordige realiteit, kom en leef dus in die harte en lewe van gelowige mense. Hierdie “koninkryk van God” is onvergelyklik en onoorwinlik, daarom die beskrywing dat God alle vyande oorwin (Kol 1:18-20; 2:13-15; kyk Wilson 1997:142).⁴³

3.2.9.3 GOD DIE REGTER

God se funksie as heerser oorvleuel uiteraard met sy rol as regter. In enige koninkryk is die wil van die heerser die finale arbiter van alle sake (Wilson (1997:142). In die konteks van Paulus se teologie word die rol van God as regter gevorm deur die oortuiging of geloof ten opsigte van die eskatologiese afloop (“dénouement”) wanneer dié wat God se opdrag gehoorsaam het beloon word, terwyl dié wat gefaal het om dit te doen, God se gramskap sal ervaar (Kol 1:22-23, 28; 3:4, 6; 4:12).

Hierdie oordeel bepaal wie ingesluit is by die uitverkorenes van God en wie nie. Gevolglik word enige ander standaard van menslike voortreflikheid of bedoeling, soos die wettiese godsdienstige reëls (δόγματα) of die kosmiese magte, beskou as onbelangrik en strydig met God se wil (Wilson 1997:142).

⁴² Volgens Hendriksen (1979:190) verwys die term “koninkryk van God” na die Goddelike ryk as 'n realiteit in die hede. Dit dui op die dispensasie van verlossing wat in sy huidige fase begin het met die koms van Christus. Barth en Blanke (1994:482) weer oordeel dat die betekenis van die frase “koninkryk van God” bepaal behoort te word deur die inhoud en betekenis van Kolossense 1:12.

⁴³ In hierdie verband verwys Wilson na die baie diensknegte van God wat sy wil uitvoer (kyk Kol 1:7; 4:7, 12).

As die volmaakte regter fasiliteer God se optrede die uiteindelijke heil vir die skepping wat in perfekte vorm sal insluit wysheid, regverdigheid en genade. Dit word gegrondves in die verlossing- en versoeningservaring van hulle wie in Christus is (Kol 1:12-14, 22, vgl ook Kol 2:13; 3:13).

3.2.9.4 GOD DIE VADER

Bogenoemde lei tot God se volgende rol, te wete God die Vader (πατήρ). In die seëngroet (Kol 1:2) word gestel dat genade en vrede van God die Vader kom. In Kolossense 1:3 word God as Vader van ons Here Jesus Christus gedank, en in Kolossense 1:12 word die gemeente opgeroep om die Vader te dank. Om God die Vader deur die Here Jesus te dank is ook die oproep van Kolossense 3:17.

In die Bybel word op vier wyses na God as Vader verwys: as Skepper, as Vader van Israel, as Vader van Christus, en as Vader van gelowiges. God is die Vader van die mensdom deur die skeppingsgebeure (Hand 17:28-29. Luk 3:38, kyk ook Gen 1:27; Jak 3:9). Die Vaderskap van God in hierdie sin is nie 'n gereelde onderwerp in die Bybel nie. Engele word “seuns van God” genoem (Job 1:6; 2:1; 38:7; kyk ook Gen 6:2) omdat hulle deur God geskape is, en/of as gevolg van hulle geestelike verbintenis met God.

In die Ou Testament word God veral as die Vader van die volk Israel beskryf (Jes 63:16; 64:8; Hos 11:1). God hou met hierdie verhouding vol en moedig dit aan omdat die volk deur Hom geskep is (Deut 32:6; Mal 2:10). Israel as God se eersgeborene besit 'n bevoorregte posisie (Eks 4:22; Jer 31:9), en as sulks is hulle die ontvangers van God se groot beloftes (Jer 3:19). As 'n seun moet Israel God eer en dien (Eks 4:23; Mal 1:6). Net soos 'n natuurlike vader sy kinders grootmaak, net so wil God Israel ondersteun en hulle 'n groot nasie maak (Jer 3:19; kyk ook Ps 103:13; Spr 3:12).

In 'n baie spesiale sin is God die Vader van Jesus Christus. Verskeie konsepte word gebruik om aan hierdie verhouding uitdrukking te gee. Veral die goedheid van Christus word van getuig (Joh 5:18). In Matteus 3:17 is die

Messiaskap van Jesus in fokus (kyk ook Matt 17:5; Mark 9:7; Luk 9:35). Die gelykheid van die Seun met die Vader word gevind in die trinitariese uitdrukking in Matteus 28:19. Jesus handhaaf 'n duidelike onderskeid tussen God as sý Vader en God as die Vader van die gelowiges (Joh 20:17). Christus as God se Seun is die openbaring van die Vader en die weg van toegang tot God (Matt 11:27; Joh 10:30; 14:6-7).

In die Ou Testament word, in embryo vorm, God voorgestel as die Vader van individuele gelowiges (2 Sam 7:14; Ps 103:13; Mal 3:17), 'n konsep wat eers volwassenheid vind in die Nuwe Testament met die koms van Christus (vgl Matt 6:4, 6, 8, 9, 32). Deur die skeppingsgebeure is God die Vader van almal. Deur sy genade is Hy die geestelike Vader van gelowiges. Kindskap word in die Nuwe Testament deur middel van drie aspekte beskrywe: wedergeboorte (Joh 1:12-13; 3:6), aanneming (Rom 8:15, 23; Gal 4:5; Ef 1:5), en oorgebring na die koninkryk van die Seun (Kol 1:13).

Die gelowige se noue verhouding met God is veral te sien in die formele “Abba Vader” (αββα ὁ πατήρ) letterlik “Vader, Vader” (Mark 14:36; Rom 8:15; Gal 4:6). Abba is 'n Aramese woord wat 'n alledaagse uitdrukking in Hebreeus geword het, en wat die meer intense assosiasie van kind en vader uitdruk. πατήρ is die gebruikelike Griekse woord vir vader (Toussaint, in WDB, 1999:596).

Vader is ten diepste 'n verhoudingsterm. Die verbond van God met sy volk, sy getrouheid aan sy verbond, en sy vaderlikheid word altyd met mekaar verbind wat 'n altyd groter kontras skep met die getrouheid van die volk. Hierdie is die rede waarom die benaming God as Vader 'n sterk posisie inneem in Israel se smeking vir genade van God (vgl Jes 63:16; 64:7-8; Jer 3:4; Ps 89:27).⁴⁴

Volgens Paulus is die Vaderverhouding van God en Israel nie opgehef nie, maar dat Hy sy Seun gestuur het om ons wat aan die wet onderworpe was (Rom 16:25-27; Gal 1:16; 3:13-14, Ef 3:1-9; kyk ook 1 Tim 2:7; Hand 9:15;

⁴⁴ Barth en Blanke (1994:169) beskou dit as die verlossing van Israel.

15:12), los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word, en dat die Gees van sy Seun aan gelowiges die versekering van kindskap gee, en hulle roep dan uit “Abba”.

God se getrouheid aan sy mense, wat Hy in Jesus bevestig het, is so wonderlik milddadig dat dit oorvloei ook na die nie-Jode. Dit is die essensie van Paulus se boodskap. Dit is ook prominent in Romeine, Galasiërs en Efesiërs. In Kolossense fokus Paulus op hierdie sentrale tema wat opgesom word in die feit dat Jode en heidene God hulle Vader mag noem (Barth en Blanke 1994:169).

In sy bespreking van Kolossense 1:2 kom Müller (1958:32) tot die gevolgtrekking dat God die Vader die bron en gewer is van seëninge en weldade (bv genade en vrede) in en terwille van Jesus Christus. In die toevoeging van die woorde “ons Vader” tot “God” word nie net die Vaderskap van God en sy liefde en sorg vir sy kinders na vore gebring nie, maar word ook in die woord “ons” die persoonlike geloofsverhouding geskets, asmede die gemeenskaplike voorreg van kindskap van God aangedui, waarin sowel Paulus as die gelowiges te Kolosse hulle kon verheug.

3.2.10. SAMEVATTING VAN DIE TEOLOGIE VAN KOLOSSENSE

In die teologie van Paulus, soos dit ook duidelik in Kolossense na vore kom, gaan dit wesenlik om God wat in Christus in die geskiedenis ingryp tot redding van mense. Alles stuur af op die verheerliking van God.

Die wil van God staan sterk vooropgestel in Kolossense. Hierdie wil van God kan en moet geken word. Daar moet gebid word om deur die wysheid en insig wat die Gees gee, die volle kennis van God se wil te bekom. God se wil is nie 'n geheim nie. Hy het dit in sy woord geopenbaar. Dit was die wil van God om sy woord ten volle bekend te maak met as inhoud God se verlossingsdoel in Christus. Hierdie wil van God moet gehoorsaam word. Die etiese eise wat God stel moet nagekom word. Só sal die gemeente in staat wees om tot eer van die Here te lewe.

God is die bron waaruit die gelowiges hulle krag ontvang om in alle omstandighede te volhard. Die krag wat die gelowiges versterk is die krag wat geopenbaar is in die opstanding van Jesus. Hierdie krag is tot die gelowiges se beskikking wat vrug dra in goeie werke en toeneem in die kennis van God.

Dit was ook die wil van God om met sy volheid in Christus te woon. Alles wat God tot God maak is in Christus te vind. Jesus Christus is die volledigheid van God. In Christus is die hoogste en volkome openbaring van God self. Wie Jesus Christus sien, sien God, en daarom is die Seun self God.

God het besluit om in 'n eenmalige daad alles met Homself te versoen deur die bloed van sy Seun aan die kruis. Hy het dit bewerkstellig deur met sy volle wese in die Seun te woon, en so self in Hom teenwoordig te wees. Aan die kruis het God in Jesus Christus sy vredesoffer gebring en daardeur versoening bewerk. Versoening beteken die herstel van die verhouding tussen mens en God en die herstel van die harmonie van die skepping. In beginsel is versoening 'n herskepping. Versoening het 'n kosmiese omvang; God het ingegryp om die opstandige wêreld in harmonie met Homself te bring. Niks in die kosmos staan buite die skopus van God se versoeningswerk nie.

Jesus Christus is die middelaar van versoening, en sy heilswerk is volkome genoegsaam. Hierdeur is daar in beginsel weer vrede tussen God en die opstandige wêreld bewerk. Versoening is egter nie 'n outomatiese saak nie. Dit is alleen waar vir hulle wat in Christus is, dit wil sê, aan Christus verbonde is.

Alles staan teen die agtergrond van God se genade. Genade is dit wat die mens by God vind. Dit is die gesindheid van God. God skenk, vanuit wie Hy is, sy guns aan die mens, vrylik en in oorfloed, wat dit nie verdien nie, nie kán verdien nie en daarvoor hoef te werk nie. Genade bly nie net 'n houding of toestand nie, dit moet sigbaar en konkreet wees. Die essensie van die evangelie is genade. God skenk die reddende genade – God se genade in waarheid – vrylik en verniet. Vir Paulus is genade en evangelie sinoniem.

Die werk van Jesus, veral sy dood, het God se genade sigbaar gemaak. Die evangelieboodskap is die medium waardeur die wêreld tot begrip kom oor die waarheid van God se genade.

Die genade van God, volgens Kolossense, gaan wyer as net sondevergifnis en die ewige lewe. Dit verander meer as net die denke en hart van die individuele gelowige. Dit het 'n positiewe effek op die gelowige se hele lewe, en het 'n lewe van dankbaarheid tot gevolg.

Vrede is die vrug van God se genade. Dit is 'n gawe van God. Vrede is die woord wat 'n nuwe wêreld opsom, 'n wêreld wat verander is van sy gevalle staat na die vorm van lewe wat deur die Skepper God bedoel is. Vrede is meer as net 'n innerlike en geestelike tevredenheid. Die Bybelse idee van vrede omhels elke dimensie van menslike bestaan – verlede, hede en toekoms. Vrede gaan basies oor herstelde verhoudings, en strek oor hemel en aarde. Vrede en versoening is die twee kante van dieselfde muntstuk.

God roep sy gemeente op om in vrede met mekaar te lewe. Die basis vir vrede is dat God deur Christus vrede gebring het. Vrede is daarom die maatstaf waarmee gelowiges se optrede gemeet word.

Die liefde wat deur die Gees gewek word in die gelowiges is God se liefde deur die genade van God. Hierdie liefde stel die gelowiges in staat om mekaar lief te hê as 'n refleksie van God se liefde vir hulle.

Saam met die liefde vir mekaar roep God die gelowiges om in vrede met mekaar te lewe. Vrede moet in hulle lewens die deurslag gee. Die plek waar hierdie vrede tot uiting moet kom is die liggaam van Christus, die kerk. Op die roep van God moet gereageer word.

In Kolossense sien ons dat God ook verskillende rolle vertolk. Daar word gesê God is die skepper van alle dinge. Só word God se absolute krag en heerlijkheid gemanifesteer. En só bepaal God ook die onderhouding en orde in die skepping. Hy is die bron van alle lewe.

Omdat God die skepper is, is Hy ook die allerhoogste heerser oor die heelal. Hy regeer oor sy koninkryk. Hierdie koninkryk omvat die hele kosmos. Binne die konteks van Kolossense is die koninkryk van God die somtotaal van die beloofde verlossing. Die koninkryk het 'n toekomstige en teenswoordige dimensie. Die koninkryk van God leef in die harte en lewe van gelowiges.

As heerser is God ook regter. God oordeel oor gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan sy wil. Gehoorsaamheid word beloon en ongehoorsaamheid ervaar God se gramskap. As volmaakte regter fasiliteer God se optrede die uiteindelijke heil vir die skepping. Dit word bewys veral in die verlossings- en versoeningservaring deur hulle wie in Christus is.

Alles word saamgevat in God se rol as Vader. God is vader op vier wyses. Hy is Skepper, die Vader van Israel, die Vader van Christus en die Vader van die gelowiges. Die term Vader is ten diepste 'n verhoudingsterm. Dit gaan oor God se verbondsgetrouheid, sy genade, liefde en sorg vir sy mense, sy kinders. God se kinders staan in 'n geloofsverhouding met God – 'n verhouding van afhanklikheid.

God die Vader het sy Seun gestuur om mense los te koop sodat hulle as kinders van God aangeneem kan word, en dat die Gees van die Seun aan gelowiges die versekering van kindskap gee.

3.3. CHRISTOLOGIE

3.3.1. WAT IS CHRISTOLOGIE?

Soos teologie die wetenskaplike besinning oor God is, is die Christologie die wetenskaplike besinning oor die persoon en werk Jesus Christus (Du Plessis 1988:213).⁴⁵ Een van die uitgangspunte van hierdie studie is dat Christus se persoon en werk ten nouste saamhang. Wie en wat Christus is kom tot uitdrukking in sy optrede. Die betekenis van sy optrede, aan die ander kant, word eers duidelik wanneer verstaan word wie die handelende persoon is.

⁴⁵ Volgens Dunn (sj:979) is die hoofdoel van die Nuwe-Testamentiese Christologie om die totstandkoming van die Christendom en dié se kenmerkende aansprake ten opsigte van Christus te ondersoek soos dit in die Nuwe-Testamentiese dokumente na vore kom.

Christologie is dus die besinning oor die betekenis van die Christus en sy optrede (Du Plessis 1988:213).

3.3.2. CHRISTOLOGIE: TEMAS, UITDRUKKINGS, TERME EN BEGRIPPE

Soos dit was met die beskrywing van die teologie van die Kolossensebrief (kyk § 3.2), word in die beskrywing van die Christologie uitgegaan van die gekose definisie van Christologie en gefokus op temas, uitdrukings, terme en begrippe wat in die brief voorkom wat verband hou met die werk en persoon van Jesus Christus.

Dit is baie duidelik dat die persoon van Christus, en God se handeling deur Hom, die kern van die brief se teologie en Christologie vorm en ook die basis is van die persoonlike vorming van die gelowige en sy/haar etiek.

Alhoewel Paulus se Christologiese verklarings en uitdrukings hoofsaaklik in Kolossense 1:9-2:3 en Kolossense 2:6-15 gevind word, met die belydenis in Kolossense 1:13-20 as die fiksasiepunt van Kolossense se Christologie, kom daar ook belangrike Christologiese uitdrukings op ander plekke in Kolossense voor. Uit watter bronne die skrywer hierdie temas, uitdrukings, terme en begrippe geneem het, en of dit sy eie is, word nie as van belang vir die doel van hierdie studie geag nie.

Reeds in die begin van die brief (Kol 1:1, 3) vind ons die naam en titels van Jesus, naamlik παῦλος ἀπόστολος Χριστοῦ Ἰησοῦ (Paulus 'n apostel van Christus Jesus; Kol 1:1) en θεῶ πατρὶ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ (God die Vader van ons Here Jesus Christus; Kol 1:3).

Alhoewel hierdie naam en titels bekend mag voorkom vervul dit 'n belangrike rol in die Christologie van Kolossense Die name wat aan Hom gegee is, is 'n aanduiding van sy persoon en van sy werk, van sy karakter en wese. Veral die titels of ampsname wat aan Christus toegesê word kom dwarsdeur die brief ongeveer twee en dertig plekke voor (kyk Kol 1:7, 24-29; 2:2-20; 3:1-4, 15-25; 4:1, 2, 12, 17).

Vir die Kolossense was die betekenis van die benaming Verlosser nie onbekend nie, daarom brei Paulus nie daarop uit nie. Elke keer wanneer hy dit gebruik het hulle presies geweet met wie hulle te doen het.

3.3.2.1 JESUS (Ἰησοῦς)

Die naam Jesus is 'n persoonsnaam. Dit is die Grieks vir die Hebreeuse Joshua, Jehoshua of Jeshua (kyk bv Jos 1:1; Sag 3:1; Rig 2:7; Rig 2:7; Esra 2:2; Neh 8:18) wat 'n algemene naam in Israel was. In Hebreeus beteken die naam “die Here is hulp” of “Jahwe is Redder”. Op Goddelike bevel (Matt 1:21; Luk 1:31) word die kind van Maria ook dié naam gegee waardeur Hy, ook wat sy naam betref, aan sy broers gelyk geword het (Heb 2:17). Die hulp of heil wat in Hom, toe die volheid van die tyd aanbreek het, persoonlik gestalte verkry het is dieselfde heil wat reeds in die Ou Testament werksaam was. Dieselfde Vader wat in die Ou Testament die verbond van genade aangegaan het, ten spyte van die sondeval, het sy Seun na die wêreld toe gestuur om die weldade van die genadeverbond nie alleen te verwerf nie, maar dit ook aan mense uit te deel (vgl Matt 1:21; Joh 1:17; Heyns (1978:237).

3.3.2.2 CHRISTUS (Χριστός)

Die naam Christus is 'n ampsnaam of amptitel. Die woord Christus is die Griekse ekwivalent vir die Ou-Testamentiese Messias (מָשִׁיחַ) wat gesalfde beteken. In die Ou Testament is konings en priesters gesalf (Eks 29:7; Lev 4:3; 1 Sam 9:16) en één maal word berig dat ook 'n profeet gesalf is (1 Kon 19:16). Die salwing is uitgevoer deur olie oor die persoon se kop en baard uit te gooi.

Oor die betekenis van hierdie salwing kan die volgende kort opmerkings gemaak word: Die olie simboliseer die Gees van God (Jes 61:1; Sag 4:1-14) Die handeling van die salwing dui op die Gees wat op die gesalfde persoon oorgaan (1 Sam 10:1, 6; 16:13). Die gesalfde persoon staan dan as die gesalfde van die Here bekend (1 Sam 24:11; Lev 4:3). Daarmee saam dien die salwing as 'n sigbare teken van aanstelling in 'n besondere amp. Verder

staan ander persone in 'n besondere verhouding tot die gesalfde wat met die salwing bepaalde kwaliteite verkry het (1 Sam 24:7; 26:9; 2 Sam 1:14).

Die Gesalfde of Messias word verder as 'n besondere heilsfiguur, 'n werktuig in Gods hand ter bevryding van sy volk Israel gesien. Hy sal méér doen as net die herstel van Israel se glorie, want Hy is die Brenger van die heilstyd waarin vrede en geregtigheid vir almal sal heers, en waarin die sonde oorwin sal word (Jes 9:5, 6; 11:2; Jer 23:5, 6).

In die Nuwe Testament word Jesus self die Christus⁴⁶ genoem. (Mark 8:29; 9:41; 14:61, 62, vgl ook Hand 4:27; 10:38). Jesus se salwing met die Heilige Gees is 'n ewige werklikheid en moet histories gesproke aan sy geboorte uit die Gees (Luk 1:35) en die gebeure by sy doop gekoppel word (Matt 3:16; Mark 1:10; Luk 3:22). Deur sy salwing word Jesus nie net amptelik vir sy taak aangewys nie, maar ook daarvoor toegerus. Vanaf daardie oomblik was dit vir almal wat glo, duidelik : hierdie Jesus is die “Beloofde” en lang “Verwagte”. Dié Jesus is die Christus, die Messias van die Ou Testament. Hy is die Messias wat aan Israel belowe is, en daarom ook die Saligmaker van die wêreld. As Messias staan Hy dus in 'n unieke verhouding tot God én teenoor sondaars (Heyns 1978:237).

3.3.2.3 HERE (ΚÚΡΙΟΣ)

Hierdie titel kom voor in Kolossense 1:10; Kolossense 3:13, 22-25 en Kolossense 4:1 en 17. Die naam Here word in die LXX gebruik as vertaling van die Godsnaam Jahwe of Adonai. In die Nuwe Testament word die naam ook vir Jesus Christus met verskillende betekenisnuanseringe gebruik: as eervolle aanspreekvorm (Matt 8:2; 20:33), as uitdrukking van eienaarskap en

⁴⁶ Volgens Wilson (1997:143) was die benaming Christus of Messias 'n Joodse benaming wat gebruik was om na die verwagte eskatologiese heerser en verlosser van Israel te verwys. In Kolossense, soos deurgaans in die Pauliniese corpus, word dit gebruik as 'n eienaam vir Jesus, 'n eienaam wat die 'n unieke verhouding met God en Jesus, as God se geliefde Seun, uitdruk (Kol 1:3,13). Pokorný (1991:35) verwys na dié naam as “The Honorable Title Christ” – dus is die benaming Christus, volgens hom, 'n eretitel. Hy wys verder op die feit dat dié titel “oorleef” het ten spyte van die feit dat die aardse Jesus nie met hierdie titel na Homself verwys het nie (Mark 8:29-33). Dit dui, volgens hom, daarop dat die messiaanse hoop met Jesus geassosieer is tydens sy aardse lewe (Mark 15:26-32). Verder het die vroeë Christene se Paaservaring die verwagting van 'n ander messias afgesluit. Paradoksaal gesproke is die gekruisigde Jesus, as die Gesalfde, as Here verklaar en bely.

gesag (Matt 21:3; 24:42) en as aanduiding van Goddelike waardigheid (Mark 12:36, 37; Luk 2:11; 3:4; Hand 2:36; Rom 10:13; 1 Kor 12:3; Fil 2:11). Daar is egter een belangrike gemeenskaplike element in al die nuanseringe – die voorstelling van die gesagvolle eienaarskap en die eienaarsreg wat Jesus Christus toekom (Heyns 1978:239).

Volgens Du Plessis (1988:225) het Paulus hierdie titel gebruik om daarmee Christus se heerskappy as verheerlikte en verhoogde Here aan te dui. Dit is 'n titel van majesteit wat Christus toekom as die opgestane Here wat heerskappy voer oor alles. Dit plaas Hom op gelyke vlak met God, soos dit uit Filippense 2:6-11 blyk. As Here beklee Christus daarom 'n ereposisie aan God se regterhand (Rom 8:34; Ef 1:20). In hierdie verband maak König (2001:120) dan ook die korrekte opmerking dat Jesus eers ná die opstanding in die eintlike sin Here genoem is (vgl Hand 2:36; Rom 1:4; Matt 28:18; Fil 2:9-11).

'n Besinning oor die titel “Here” kan nie afgesluit word sonder om na Handeling 2:36 te verwys nie (“Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak”). *Dit is hierdie titel van Jesus – Here – en die belydenis dat Hy die Christus, die Here, is, wat die besondere verhouding tussen die kerk en Christus saamvat en so die kern vorm van die verhouding tussen die Christologie en die etiek van Kolossense.*

3.3.2.4 SEUN VAN GOD (TOŨ UIOŨ)

Jesus word in Kolossense 1:3 ook die Seun van God genoem. Die benaming “die Seun” word ook deur verskeie voornaamwoorde tot uitdrukking gebring: Kolossense 1:14 (wie), Kolossense 1:15 (Hy), Kolossense 1:16 (Hom), Kolossense 1:17 (Hy, Hom), Kolossense 1:18 (Hy), Kolossense 1:19 (Hom), Kolossense 1:20 (Hom, sy) en Kolossense 1:22 (sy). Verder verwys Paulus dikwels na Jesus as die Seun van God, as sy Seun of die Seun van sy liefde (Kol 1:13; Gal 2:20; 4:4, 6; 1 Tess 1:10).

Alhoewel hierdie titel redelik algemene gebruik in die antieke tyd was (dus nie beperk tot die geskifte van die Christendom nie), en die voorstanders van die godsdienshistoriese benadering van mening is dat hierdie titel vir Jesus teruggaan na die Hellenistiese agtergrond van die vroeë kerk uit die heidendom, lê die betekenis van hierdie titel vir Jesus eerder in Paulus se Joodse agtergrond (Du Plessis 1988:221-222). In die Ou Testament word onder andere na die engele as seuns van God verwys (Gen 6:2; Job 1:6; 2:1; 38:7; Ps 29:1; 89:7; Dan 3:25). Verder word die volk Israel seuns van God genoem (Ek 4:22-23; Jos 1:2; 30:1; Jer 3:22; Hos 11:1). Ook individue soos regters of vroom Jode word met hierdie titel beskryf (Du Plessis 1984:221). Die titel is ook vir die koning gebruik as aanduiding van sy aanneming onder beskerming van Jahwe (2 Sam 7:14; Ps 2:7). In die Nuwe Testament word gelowiges seuns van God genoem (meestal vertaal met “kinders”; kyk Matt 5:9, 45; Rom 8:14,19; Gal 3:26). Jesus gebruik hierdie titel om na Homself te verwys (Joh 10:36), persone noem Hom so (Matt 16:16; Joh 1:49), en God die Vader noem Jesus ook so (Matt 3:17).

Wat die titel Seun van God betref is König (2001:132-137) van oordeel dat hierdie titel vir Jesus in die Nuwe Testament twee betekenis het. In die Sinoptiese evangelies word die titel Seun van God gebruik om na Jesus as mens te verwys, terwyl Seun van God in Paulus en Johannes gebruik word om te verwys na Jesus se Goddelike status. Hierdie studie is instemmend wat betref hierdie onderskeid. Die titel Seun van God as verwysend na 'n menslike persoon se wortels lê in die Ou Testament. In die Ou Testament vind ons die verwagting van 'n messias wat 'n nasaat van Dawid sou wees. Hy sou as koning kom om die heerlikheid van Israel te herstel soos dit in die tyd van Dawid was. God belowe ook dat Hy, net soos Hy met Dawid was, ook met Dawid se nakomeling sal wees (2 Sam 7:14). Daarom is die koning later die seun van God genoem (Ps 2:7), soos Dawid as seun van God beskou is. Wanneer die eintlike nasaat van Dawid dan kom, dié Messias-koning (Luk 1:69; Joh 7:42), is dit te verstane dat Hy, soos Dawid, die seun van God genoem word, sonder dat dit enigsins op 'n bonatuurlike oorsprong hoef te

dui. Dit is ook opvallend hoeveel keer Ps 2:7⁴⁷ met verwysing na Jesus gebruik word, die Psalm waaruit blyk dat die koning by sy troonbestyging die seun van God geword het, nie omdat Hy Goddelik was nie, maar omdat hy die volk van God verteenwoordig het.⁴⁸ Dit is dan ook in hierdie sin dat die uitsprake van die hoëpriester (Matt 26:63; Mark 14:61), Petrus (Matt 16:6; kyk ook Joh 6:69), Natanael (Joh 1:49) en Martha (Joh 11:27) verstaan word. Daar is dus 'n duidelike verband tussen Seun van God en “Messias”. (Christus of koning van Israel) as aanduiding van 'n mens. In al hierdie gevalle moet dus aanvaar word dat die titel Seun van God nie na Jesus verwys as 'n Goddelike wese wat een is met die Vader nie, maar na Jesus as die Messias-koning wat net soos die konings van Israel die Seun van God genoem is. Paulus verwys op dieselfde manier na Jesus in Romeine 1:3 wanneer hy na die menslikheid van Jesus Christus verwys as nakomeling van Dawid (Pelser 1983:193).

Hierdie titel beteken ook die Seun van God as 'n Goddelike Persoon,⁴⁹ as iemand wat in 'n unieke verhouding tot die Vader staan, “uit die hemel kom” en een is met die Vader. Dit kom veral by Johannes en Paulus voor, maar skemer ook deur in die Sinoptiese Evangelies (König 2001:135-137). In Markus 12:35-37 wil dit blyk dat die Messias meer is as bloot Dawid se nakomeling. In Matteus 11:25-27 word die “Seun” in 'n absolute sin vir Jesus gebruik – Hy staan duidelik in 'n ander verhouding met die Vader as die gewone gelowiges. Heel waarskynlik verwys die demone en die duiwel na Jesus as die Seun van God ook in terme van hierdie bonatuurlike betekenis

⁴⁷ Kyk Matteus 3:17; 17:5, Handeling 13:33 en Hebreërs 1:5. Heyns (1978:238) bring dan ook hierdie titel in verband met Jesus se doop en verheerliking.

⁴⁸ Volgens du Plessis (1988:221) is dit eers in die Nuwe Testament waar die Messias-titel met die titel Seun van God verbind word. In die Joodse wêreld is hierdie titel gebruik met verwysing na die verkiesing van iemand tot 'n Godgegewe taak. Verwysende na Romeine 1:4 beteken die werkwoord ὀρισθέντος - ὀρίσω (aangewys), om iemand aan te stel vir 'n gegewe taak (kyk ook Hand 10:42; 17:31). Heyns (1978:238) beskou hierdie titel in 'n “amptelik Messiaanse” sin, dit wil sê, as 'n beskrywing van Jesus se amp eerder as Sy natuur. As Seun van God is Hy God se Verteenwoordiger en Erfgenaam.

⁴⁹ Heyns (1978:238) verwys na hierdie verstaan van die titel Seun van God as “trinitaries-metafisies”, dit is, waar bepaalde eienskappe van Jesus bo sy menslikheid uitstyg en dus die aard van sy natuur beskryf.

(Matt 4:3; Mark 3:11; 5:7; König 2001:136).⁵⁰ In hierdie verband is die uitspraak van Lukas 1:35 ook van belang: “Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.” Duidelik word hier na Jesus se goddelikheid verwys. Dieselfde verstaan vind ons by Paulus: Jesus, as die Seun van God, is as die seun van Dawid (Rom 1:4).

Hierdie verwysing van Paulus na die Seun van God, asmede die verwysing in Handeling 13:33⁵¹ verbind Paulus Psalm 2:7 met die opstanding van Jesus. Deur dit te doen maak hy dit duidelik dat die betekenis van die Seun van God verbind moet word met die verklaring of aanwysing van Jesus Christus se Goddelike Seunskap, eerder as die menslike betekenis van Seun van God. In Romeine 1:4 lig Paulus ook die belangrike feit van Jesus Christus se Goddelikheid uit. Die Seun van God is met mag bekleed⁵², en kan dus God se eie Seun genoem word (Rom 8:32).

Dat Jesus die Seun van God in die betekenis van 'n Goddelike Persoon is, kom die duidelikste voor by Johannes (König 2001:136-137). In Johannes 10:30-36 (in sy verweer teen die beskuldiging van godslastering), verwys Jesus na Homself as die Seun van God. Hiermee aanvaar Jesus die Jode se afleiding dat met die Seun van God, God bedoel word. 'n Verdere bevestiging van hierdie verstaan van Seun van God is Johannes 14:6 (“Wie My sien, sien die Vader”) en Johannes 1:1 (“en die Woord was by God, en die Woord was self ook God”). Ook in 2 Korintiërs 4:4 en Kolossense 1:15 vind ons hierdie verstaan van Seun van God wanneer Jesus die “beeld van God” genoem

⁵⁰ Heyns (1978:238) verstaan die gebruik van hierdie titel deur die demone as “amptelik-Messiaans”, terwyl König dit as “bonatuurlik” verstaan. Hierdie studie ondersteun laasgenoemde standpunt.

⁵¹ Heyns, König en du Plessis gee, interessant genoeg, geen aandag aan Handeling 13:33 in hulle bespreking van die betekenis van hierdie titel nie.

⁵² Du Plessis (1988:221-222) sien dit as 'n aanstelling vir 'n gegewe taak. Op grond van sy opstanding uit die dood is Jesus deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag bekleed is. Die toesprake van Petrus en Paulus in onderskeidelik Handeling 10:42 en 17:31 verwys na Jesus as die Een wat deur God aangestel is as Regter om te oordeel oor lewendes en dooies. Albei sien hierdie as bewys dat God Hom uit die dood opgewek het. Jesus word deur God as sy Seun erken en bevestig deurdat Hy Hom opwek uit die dood. Met sy opstanding ontvang Jesus Christus die volmag en status as Here (vgl Hand 2:36). Hier is dus sprake van Christus se “intronisasie” as Seun van God deur die Heilige Gees.

word. Ook Hebreërs 1:3 spreek van hierdie verstaan: “Uit Hom straal die heerlijkheid van God.”

Samevattend dan, beteken die titel Seun van God 'n unieke en ewige verhouding tussen Jesus Christus en God die Vader.

3.3.2.5 DIE SEUN VAN SY LIEFDE (τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ)

Lohse (1971:38) verstaan τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ (Kol 1:13) as 'n Hebreus-Griekse⁵³ konstruksie wat ook as “sy geliefde Seun” vertaal kan word. Volgens hom korrespondeer hierdie uitdrukking met die gebruikelike uitdrukking ὁ υἱός ἀγαπητός (Mark 1:11; 9:7; 12:6; geliefde Seun) of ἠγαπημένος (Ef 1:6; “die Geliefde”).

Wright (1991:62) se verduideliking van die betekenis van hierdie uitdrukking is verhelderend. Volgens hom is daar twee verbandhoudende redes waarom Paulus Jesus beskryf as die Seun van sy liefde. Eerstens sinspeel hierdie uitdrukking op Jesus se doop⁵⁴ toe God Hom met die Heilige Gees gesalf en gesê het “Jy is my geliefde Seun, in wie Ek 'n welbehae het” (Matt 3:17; Mark 1:11; Luk 3:22). Hiermee het God verklaar dat Jesus die gesalfde koning van Israel is, die Een in wie Israel se bestemming opgesom en vervul is. Tweedens: vervul God “in Hom” as sy Seun van liefde sy “antieke” doel met Israel. Jesus, as die geliefde Seun, is Jesus as die ware Israel. Hy het aan God die “filiale” (kinderlike) gehoorsaamheid geoffer wat Israel nie gedoen het nie (Hos 11:1, aangehaal in Matt 2:15). Hierdie Eksodusverwysing pas goed in by die konteks waarin dit gebruik word. In Christus is die liefde van God uitgedruk en gedefinieer.

⁵³ Schweizer (1982:53) verstaan hierdie uitdrukking as 'n Semitiese formulering wat niks meer beteken as geliefde Seun nie, alhoewel hierdie uitdrukking in Grieks heel waarskynlik meer klem lê op “liefde” (kyk bv Luk 2:14). Carson (1979:40) oordeel dat “Seun van sy liefde” 'n ryker uitdrukking is as “Geliefde” (ἀγαπητός). Die Seun, as die eniggebore Seun van die Vader, is nie net die ewige objek van die Vader se liefde nie, maar ook die beliggaming en uitdrukking van daardie liefde in Sy genadige handeling met mense.

⁵⁴ Die verbintenis met die doop word aangedui deur Jesus te beskryf as die geliefde Seun (Mark 1:11; 9:7).

Barth en Blanke (1994:190) se verstaan van hierdie uitdrukking gee dit 'n verdere dimensie. Volgens hulle gee die byvoeging “geliefde” prominensie aan die konsep dat “hierdie Een” die Een wie deur God verkies is. In die LXX dui die term “geliefde” op die uitverkore Een van God en kom ooreen met die Hebreeuse יחיד (enigste seun; Gen 22:2) wat die betekenis as eersgeborene verduidelik. In hierdie verband oordeel Pokorný (1991:54) dan ook dat 'n belangrike aspek van liefgehe te word beteken om vir 'n taak gekies te word.

3.3.2.6 DIE KONINKRYK VAN DIE SEUN⁵⁵

Die uitdrukking τὴν βασιλείαν τοῦ υἱοῦ (“die koninkryk van die Seun”) en τὴν βασιλείαν τοῦ θεοῦ (“die koninkryk van God”) kom respektiewelik voor in Kolossense 1:12-14 en Kolossense 4:11. Die woord βασιλεία beteken, breedweg gesien, heerskappy, domein of gebied.

Die begrip koninkryk⁵⁶ speel 'n belangrike rol in die bepaling van die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense aangesien dit gevind word in Kolossense 1:12-14 wat deel vorm van die belydenis of Christus-himne (Kol 1:15-20). Kolossense 1:12-14 is 'n belangrike sub-perikoop in Kolossense aangesien dit die spesifieke punt bevat wat Paulus teenoor sy lesers wil maak (Roberts 1997:43), deel is van die matriks (Kol 1:15-20) tot die verstaan van die inhoud van die brief, en hoofbron is vir die Christologie van Kolossense. In hierdie gedeelte van Kolossense vind ons die grond vir die bepaalde identiteit van die gelowige en kerk, wat dan ook die etiek konkreet beïnvloed ('n vollediger bespreking van Kol 1:13-20 volg in § 3.3.2.7). Om hierdie rede word daar nou kortliks ingegaan op die betekenis van die term “die koninkryk van die Seun”.

3.3.2.6.1 DIE BETEKENIS VAN KONINKRYK VAN DIE SEUN VAN GOD

In die Nuwe Testament word daar op verskeie wyses na die koninkryk verwys. Dit word beskryf as koninkryk van die hemel, die koninkryk van God,

⁵⁵ Hierdie Afdeling moet saamgelees word met § 3.2.9.2.

⁵⁶ Kyk ook Jeremias (1971:96-108) se breedvoerige bespreking van die konsep koninkryk van God as 'n sentrale tema van die openbare proklamasie van Jesus (Matt 16:28).

die koninkryk van die Seun, die koninkryk van Christus en die koninkryk van die Seun van die mens. Nadere ondersoek toon dat hierdie uitdrukkings omruilbare terme is om na die koninkryk van God te verwys.

Matteus gebruik die term “koninkryk van die hemel” 34 keer en koninkryk van God slegs 5 keer⁵⁷ (Killen 1999:991-992). In laasgenoemde gevalle is die rede vir die gebruik die feit dat Matteus Markus as bron gebruik het. Waar dieselfde gebruik in Matteus en Lukas voorkom, moet Q as die bron gesien word (vgl Matt 4:17//Mark 1:15; Matt 10:7//Luk 9:2; Matt 5:3//Luk 6:20; Matt 13:11//Mark 4:11). By Matteus bestaan daar ‘n rede vir die voorkeur van die gebruik van die uitdrukking “koninkryk van die hemel”. As Jood skryf hy aan Jode en toon respek aan die gewoonte van de Jode om so min as moontlik God se naam te gebruik – daarom die uitdrukking “koninkryk van die hemel”. In die ander evangelies sou hierdie uitdrukking (koninkryk van die hemel) deur die heidene politeïsme impliseer, terwyl “koninkryk van God” monoteïsme beklemtoon. Daarom het die ander drie evangeliste nie van die uitdrukking “koninkryk van die hemel” gebruik gemaak nie. Hierdie uitdrukking is egter ‘n sinoniem van die koninkryk van God. Hierdie is heel waarskynlik ook die geval waar Jesus na die koninkryk verwys as “my koninkryk” (Luk 23:30) en “die koninkryk van die Seun van die mens” (Matt 16:28).

In sy briewe maak Paulus primêr van die uitdrukking koninkryk van God gebruik (Rom 14:7; 1 Kor 4:20; 6:9-10; 15:50; Gal 5:21; 1 Tess 2:12; 2 Tess 1:5). In 1 Korintiërs 15:24 gebruik hy egter die uitdrukking koninkryk van Christus (vgl ook 2 Tim 4:1, 18). Volgens Barth en Blanke, (1994:189, nota 81) is hier geen kontradiksie nie, aangesien Paulus hier na die koninkryk as 'n komponent van God se krag (heerskappy) verwys. In Kolossense 4:11 word hierdie heerskappy (kyk Kol 1:13) ook die koninkryk van God genoem (vgl ook Ef 5:5). Ook in 1 Korintiërs 15:24 het ons nie te make met 'n andersoortige uitdrukking as koninkryk van God nie. Paulus gebruik hier die begrip bloot as “retroversion” (terugwysend) na God van wie dit ontvang is. Daar is dus geen verskil tussen Kolossense en die ander Pauliniese briewe

⁵⁷ Matteus 6:33; 12:28; 19:24; 21:31, 43. In Matteus 19:23-24 gebruik Jesus beide terme.

se gebruik van die uitdrukking koninkryk van God nie (vgl Rom 14:7; 1 Kor 4:20; 15:24).

Daar bestaan min of meer eenstemmigheid onder navorsers dat die belofte aan Dawid oor die komende koninkryk van die Seun van God (2 Sam 7:12-29; Ps 2:6-9; 89:27-30; 110:1-2) onderliggend aan die idee van die koninkryk is (Wright 1991:62; Schweizer 1982:52; Barth en Blanke 1994:189-190; WDB 1999:991-992; Heyns 1978:273; Lohse 1971:37). In die Ou Testament is daar ook voorspellings wat betref die komende en ewige koninkryk (Dan 7:14; Jes 9:5-6). In die Nuwe Testament word genoemde Ou-Testamentiese verwysings aangehaal en toegepas op Jesus en sy koninkryk (Luk 1:32,33; Hand 13:33-35; Heb 1:5-14).

Dit wil verder blyk of die Ou- en Nuwe-Testament die koninkryk aan ons as 'n twee-fase of twee-stadium-proses voorhou. Om dit as óf 'n teenwoordige realiteit óf toekomstige realiteit te verstaan doen afbreek aan die inhoudelike betekenis van die term koninkryk (Schweizer 1982:52; O'Brien 1982:28; Pokorný 1991:54). Dit sou meer korrek wees om te praat van 'n teenwoordige en toekomstige dimensie van die koninkryk. Die koninkryk is 'n teenwoordige én toekomstige werklikheid⁵⁸. Die koninkryk is nie net nie, maar dit kom ook (Heyns 1978:353; WDB 1999: 991-992). Uit Kolossense 1:16 en 17 (kyk ook Ef 1:10) is dit dan ook duidelik dat Christus heerskappy voer oor alle magte en kragte, dat alles in die hemel en op aarde deur Hom en vir Hom geskape is, en deur Hom bly alles in stand. Christus is die bestaansgrond en bestaansvoorwaarde vir alles.

Die verhouding tussen die Christologie en die etiek in Kolossense stel belang in die wese van die koninkryk van die Seun. Wat behels die koninkryk en hoe raak dit die gelowige mens se lewe? Die onmiddellike vraag wat in hierdie verband opduik is of die saak waaroor dit in Kolossense 1:12-14 gaan, verwys na Christus se algemene wêreldheerskappy of 'n heerskappy oor die lewe van gelowiges. Die konteks dui daarop dat hier na geestelike realiteit

⁵⁸ Bright (1981:216-218) ondersteun die gedagte dat die koninkryk 'n teenwoordige én toekomstige werklikheid is.

verwys word vanweë die verskillende terme wat gebruik word (MacArthur 1992:41; Martin (1985:84).

3.3.2.6.2 DIE KONINKRYK AS GEESTELIKE REALITEIT

Deur verlossing en die vergewing van sondes word gelowiges deel van die koninkryk van die Seun. Die Vader gee sy koninkryk aan mense wat Christus as hulle Koning aanvaar het en wat in die hede in 'n verhouding met God staan deur Jesus Christus. Die heerskappy van God (Christus) binne die koninkryk is dus alleen effektief ten opsigte van hulle wat uit die duisternis gered is en oorgebring is in die koninkryk van die Seun (vgl 1 Kor 4:20; Ef 5:5; 2 Tess 1:5, 6; 2 Pet 1:11, 12). Romeine 14:17 som hierdie verstaan van die koninkryk as geestelike realiteit raak op: “Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.”

3.3.2.6.3 TOEGANG TOT DIE KONINKRYK

In Kolossense 1:12-14 word toegang tot die koninkryk soos volg beskryf: Julle moet die Vader met blydschap dank wat julle gereed (geskik, bekwaam) gemaak het ($\tau\tilde{\omega}$ ἰκανώσαντι ὑμᾶς)⁵⁹ met die oog op die erfdeel van die heiliges⁶⁰ in die lig ($\epsilon\acute{\iota}\varsigma$ τὴν μερίδα τοῦ κλήρου τῶν ἁγίων ἐν τῷ φωτί (Kol 1:12).

Deur sy genade het Gód die gelowiges geskik gemaak en nie deur hulle eie pogings nie. Deur sy genade het God diegene gereed gemaak ἰκανώσαντι geskik of bekwaam gemaak) wat nie gereed was nie. Die aoristus partisipium dui hier op 'n definitiewe eenmalige aksie van God. Hierdie gereedmaak

⁵⁹ Die vertaling “julle” vir ὑμᾶς word verkies in stede van “ons”. Ὑμᾶς is 'n verwysing na die ontvanger van die boodskap hetsy mondelings of geskrewe (Louw & Nida 1989a:814, 92.7). Volgens Barth en Blanke (1994:184, nota 56) lees betroubare tekslesings (bv Codex Alexandrinus) hier “ons”, soos in die geval van Kolossense 1:13. Hierdie lesing is egter heel waarskynlik 'n assimilasië van die persoonlike voornaamwoord in Kolossense 1:13.

⁶⁰ Heiliges (ἁγίους) verwys hier na mense (gelowiges) wat afgesonder is vir God (vgl Kol 1:2, 4, 22, 26; Ef 1:18; vgl hierteenoor die begrip onheiliges in 1 Kor 6:9,10; Gal 5:21; Ef 2:1-3; 2:12; 4:17-19; Ef 5:5). Lohse (1971:36), Martin (1985:54) en O'Brien (1982:26) verstaan heiliges hier as verwysend na engele. Die heiliges is egter die mense onder God se beskerming, die besitting van die enigste, ware en heilige God (Pokorný 1991:52; kyk ook Barth en Blanke 1994:185-186).

geskied langs die weg van verlossing of bevryding (Kol 1:13) nadat die evangelie gehoor en aanvaar is. Die innerlike transformasie van die vrygespreekte word hier in die konsep van geskik maak beklemtoon. Die krag van God wat Jesus uit die dood opgewek het (Kol 1:11; 2:12), raak gelyktydig die harte van sondaars aan en maak geestelike begrip en kennis moontlik. Hierdie gereedmaak van die mens begin met bekering en doop (Kol 2:12-15), en word gekarakteriseer as die oorplasing na die ryk van die lig (vgl Hand 26:17-18).

Hierdie gereedmaak het ten doel die verkryging van die erfdeel (κληρου). Dit is duidelik 'n sinspeling op die verdeling van die beloofde land Kanaän onder die stamme van Israel (kyk MacArthur 1992:38; O'Brien 1982:26; Schweizer 1982:50; Lohse 1971:35; Barth en Blanke 1994:186). Die partitiewe genitief (κληρου)⁶¹ beteken dat elkeen sy/haar deel van die totale erfenis ontvang. Soos die gelowiges reeds geskik gemaak is, het hulle reeds die erfenis ontvang (Kol 1:13; Rom 8:16-17; 1 Pet 1:4).

Die Bybel verwys dikwels na die erfenis. Dit verwys eerstens na die ewige lewe (Matt 19:29). Die ewige lewe is 'n bepaalde kwaliteit van lewe – Christus se lewe word in die gelowige geleef (Gal 2:20; 1 Joh 5:20). Die erfenis behels ook die nuwe aarde (Matt 5:5). Derdens sluit die erfenis ook al God se beloftes in (Heb 6:12). Die volle ontvangs van die erfenis is egter 'n toekomsgebeure (1 Pet 1:4; Heb 9:15; Kol 3:1-4, 24).

Hierdie erfenis⁶² word gedeel met die res van God se mense. Die belofte van die land is verbreed tot die belofte van 'n nuwe skepping. Mense met verskillende etnisiteite kan nou daaraan deel hê (Ef 2:11-13; Rom 4:13; 8:17-25).

⁶¹ Louw en Nida (1989a:568, 57:88) se vertaling van Kolossense 1:12 maak hier baie sin: "Giving thanks to the Father who has made you capable of having a share in what the people of God possess."

⁶² Alhoewel dit in Kolossense 1:12-14 nie genoem word nie, is dit belangrik om in gedagte te hou dat God genadiglik, as waarborg vir die erfenis, die inwonende Heilige Gees aan gelowiges gee (Ef 1:13-14).

Hierdie erfenis is in die lig (φωτί), wat sinoniem is met die koninkryk van die Seun (Kol 1:12). Die teenoorgestelde van lig is duisternis (Kol 1:13). Duisternis is simbolies die ryk van die Satan. Dit is nie net die verpersoonliking van die duiwel, die vors van die duisternis nie, maar teken die kenmerkende aard en beginsels van die onbekeerde, sondeverlore toestand, naamlik om verduister te wees in hart en verstand (Rom 1:21). Buite die ryk van Christus is daar geen lig nie. Hierdie teenstelling tussen lig en duisternis, respektiewelik die toestand van die bekeerde en die onbekeerde, kom meermale in die Skrif voor (vgl 2 Kor 6:14; 1 Tess 5:4-5; Jes 60:2-3). Geestelike en sedelike (etiese) duisternis heers in die lewe van die onbekeerde. Die duisternis is nie net 'n toestand nie, dit oefen ook mag en heerskappy uit oor die ongelowige mens. Deur die duisternis word die mens verblind ten opsigte van die realiteit van die sonde, die weg tot verlossing, en die diens aan God. Alleen God kan hierdie duistere mag verbreek en sy dodende invloed tot niet maak deur van die mens 'n kind van die lig en van die oorwinning te maak (Kol 1:13; kyk ook 1 Tess 5:5; Muller 1958:50).

In Kolossense 1:15 vind ons 'n antitetiese parallelisme (kyk Van der Watt 1988:23; O'Brien 1982:27-28; Lohse 1971:36) as verduideliking van Kolossense 1:12 deur met 'n nog meer empatiese verwysing na wat God gedoen het: ὃς ἐρρύσατο⁶³ ἡμᾶς ἐκ τῆς ἐξουσίας τοῦ σκούτου (Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis) καὶ μετέστησεν εἰς τὴν βασιλείαν τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ (en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde). Opvallend hier is die verandering van die tweede persoon meervoud ὑμᾶς (julle; Kol 1:12) na die eerste persoon meervoud ἡμᾶς (ons; Kol 1:13). Hierdie verandering dui op die insluiting van die gelowiges en die skrywer self (O'Brien 1982:27; Barth & Blanke 1994:187; Louw & Nida 1989:814, 92.4). Soos in Kolossense 1:12 dui die aoristus-vorme dat ons te make het met gebeure wat reeds plaasgevind het, naamlik die oorwinning (verlossing) oor die bose en die oorbring na die koninkryk (Barth & Blanke 1994:187; Wall 1993:59; O'Brien 1982:27; Schweizer 1982:51).

⁶³ Louw en Nida (1989:241, 21.23) vertaal ἐρρύσατο met "red van gevaar met die implikasie dat die gevaar erg en akuut is (vgl ook Luk 2:38; 24:1; Ef 1:7).

Die klem hier is op die verlossing (ἐρρύσατο) uit die mag van die duisternis, die feit dat die Vader hierdie redding bewerk het deur die oorgang (μετέστησεν) na die ryk van die lig onder die heerskappy van die Seun (Roberts 1997:44). 'n Verandering in heerskappy (heerser) het plaasgevind wat bepalend is vir die lewe van die gelowige. Die gelowiges het nie net uit vrye wil tot 'n etiese besluit of keuse gekom nie, maar is ook bevry van 'n mag wat heerskappy oor hulle gevoer het (Lohse 1971:37; Schweizer 1982:51).

3.3.2.6.4 VERLOSSING

Die begrip verlossing is 'n belangrike tema in die Ou Testament. Hier kan onder andere verwys word na die verlossing uit Egipte (Eks 14:30; Rig 10:9), slawerny (Eks 6:6) en verlossing uit die mag van vyande (Rig 8:34). Die begrip oorgebring is 'n sinspeling op die verplasing of wegvoering van 'n verslane volk na 'n ander land deur die triomferende koning (O'Brien 1982:27; Wall 1993: 59; Muller 1958:50, nota 13; MacArthur 1992:41).⁶⁴

Wat op beeldryke en ruimtelike wyse gesê is in Kolossense 1:12 en 13 word nou in Kolossense 1:14 geïnterpreteer in terme van verlossing (ἀπολύτρωσιν),⁶⁵ en vergifnis (ἄφεσιν) van sonde (ἁμαρτιῶν). Dit is duidelik dat in Kolossense 1:12-14 gebruik gemaak word van verlossingsterme soos geskik gemaak, verlos, redding en vergifnis. Wat ook duidelik gestel word is dat die gelowiges die verlossing en die vergifnis van sonde het (ἔχομεν); praes ind akt). Dus word die redding, as oorgang van die duisternis na lig hier beskryf as 'n bevryding wat bestaan uit die vergifnis van sonde⁶⁶ (Roberts 1997:44).

⁶⁴ Schweizer (1982:51, nota 18) verwys in hierdie verband na Josefus (*Ant* 9.235) se verplasing van die volk Israel na die koninkryk van die koning van Assirië. O'Brien (1982:27) gebruik ook hierdie voorbeeld en Martin (1985:54) verwys na Josefus (*Ant* 7.149) waarin beskryf word hoe Antiochus III Duisende Jode na Klein-Asië weggevoer het (kyk ook Carson 1979:40).

⁶⁵ Volgens Louw en Nida (1989a:488, 37.128) kan ἀπολύτρωσιν ook vertaal word met "bevryding" of "vrystelling" met die geïmpliseerde analogie van die proses om 'n slaaf vry te stel (vgl Matt 27:43; Rom 7:24).

⁶⁶ Lohse (1971:39) is korrek wanneer hy oordeel dat verlossing dieselfde betekenis het as vergifnis van sonde (vgl Ef 1:7; kyk ook Pokorný 1991:54).

3.3.2.6.5 IN CHRISTUS

Gelowiges het die verlossing omdat hulle dit in Christus het – in die geliefde Seun. Roberts (1997:44) en Schweizer (1982:53) merk tereg op dat dit hier nie meer spesifiek gaan oor wat God gedoen het nie, maar oor die gelowiges se ervaring op grond van wat God vir hulle gedoen het⁶⁷.

Die uitdrukking in Hom gee ten diepste uitdrukking aan die gedagte dat Christus 'n besondere eenheid vorm met diegene vir wie Hy gesterf en opgestaan het. Hulle deel ten volle in dit wat Hy vir hulle gedoen het en wat met Hom gebeur het⁶⁸ (Du Plessis 1988:225). Die gelowiges is een met Christus (NAV se vertaling van in Christus), hulle is deel van Hom, in Hom opgeneem, deel van sy liggaam. Daarom kan Paulus op imperatiewe wyse stel om die nuwe mens “aan te trek” (beklee; die NAV vertaal dit met “leef nou die lewe van die nuwe mens”; vgl ook Rom 13:14; Ef 4:24; Kol 3:10, OAV) wat eintlik beteken dat gelowiges hulle volkome met Christus moet vereenselwig nadat hulle reeds deur die doop en die geloof in Hom ingelyf is (Rom 6; Kol 2-3)⁶⁹. Hierdie verbondenheid met en gemeenskap tussen Christus en die gelowiges word byvoorbeeld met die beeld van die wynstok en die lote beskryf (Joh 15:1-8). Hierdie eenheid is 'n geestelike eenheid met Christus en word in Kolossense 3:1-4 aangrypend verduidelik (König 2001:111; Roberts 1997:44-45; Heyns 1978:322; Hendriksen 1979:65).

In die Ou Testament en die Nuwe Testament word geproklameer dat die vergifnis van sonde die enigste ware weg is om die verhouding tussen God en mens te herstel (bv Jer 31:33-34, aangehaal in Heb 10:16-18). Niks

⁶⁷ Hier word nie verwys na die ervaringsmistiek of sekere hoogaangeskrewe ervarings-oomblikke van gemeenskap met Christus nie, maar na die ingeslotenheid in die historiese dood en opstanding van Christus en die uitwerking daarvan (Du Plessis 1988:225).

⁶⁸ Die oorsprong en verklaring van die “in Christus” of “met Christus” kan verstaan word in terme van Paulus se gedagtegang ten opsigte van die parallel tussen Christus en Adam. Die verbondenheid tussen Adam en sy nageslag, en Christus en sy volgelinge, word op 'n besondere wyse deur hierdie formules tot uitdrukking gebring. Hierdie begrip kom reeds in die Ou Testament voor waar die stamvader of koning sy stam of volk met hom vereenselwig of representatief in homself saamsluit – 'n soort van korporatiewe persoon (Du Plessis 1988:226).

⁶⁹ In Kolossense kom die formules “in Christus”, “in Hom”, “in die Here”, “in wie”, met Hom”, “saam met Christus” gereeld voor (Kol 1:2, 4, 14, 16, 17, 28; 2:6, 7, 9, 10, 12, 13, 20; 3:1, 2, 11, 16; 4:17).

anders kan plaasvervangend vir die vergifnis van sonde wees nie want die soewereine heerskappy van Christus is teenwoordig daar waar vergifnis van sonde plaasvind en waarsonder geen toegang tot sy koninkryk moontlik is nie. Die Seun het aan die kruis sy bloed gestort, gesterf en toe oorwinnend opgestaan. Só het Hy die gelowiges verteenwoordig deur hulle as' t ware by Hom in te trek. So het wat met Hom gebeur het, ook met hulle gebeur. Dus was en bly die gelowiges in die Seun se sterwe en opstanding aan Hom verbonde. En aangesien hulle aan Hom verbonde is (Kol 2:19) kan hulle bely dat hulle bevry is van die mag van die sonde en dat hulle onderdane geword het van die ryk waaroor die Seun as Koning heers (Pokorný 1991:55; Lohse 1971:38; Roberts 1997:44-45). Dit is hulle identiteit en status.

Omdat dit (die koninkryk) oor mense handel gaan dit ook om menslike handeling. Die gesindheid, gedagte, woord en daad, alles, word hier betrek by die oproep tot die nuwe lewe van almal wat die stem van die koning van die koninkryk gehoor het, en dit navolg (vgl Jesus se bergrede in Matt 5-7). Naas die indikatiewe van die verkondiging van die heilswerk van Christus hoor ons ook die imperatief wat die mens tot aktiwiteit oproep. Nooit mag dié twee aspekte van mekaar losgemaak, of die orde omgekeer word nie. Die vervulling van die wil van God, as voorwaarde vir die toegang tot die koninkryk, mag nie in die sin van verdienste verstaan word nie, want ook die voorwaarde word deur Jesus as gawe verkondig. Gehoorsaamheid aan God se geboie is 'n gawe, en as gawe is dit tegelyk ook 'n opdrag. Gelowiges hoor byvoorbeeld dat hulle die sout van die aarde is, en daarom moet hulle dit ook wees (Matt 5:13). Goeie werke is beide 'n uitvloeisel én 'n openbaring van die heil van die koninkryk waarin gelowiges deel. Die feit dat niemand in die koninkryk ingaan tensy hy die wil van die Vader volbring nie, neem nie weg nie dat die gawe van die ryk enkel en alleen op die genadehandeling van God in Christus berus nie. Maar dan ook omgekeerd: die genadegawe van God vernietig nie die mens se verantwoordelikheid met betrekking tot die wil van God nie, en ontnem ook nie die gebod sy karakter van 'n voorwaarde nie. In die evangelie van die koninkryk funksioneer die etiese boodskap in die vorm van heilsverkondiging, terwyl die heil self oneindig breër en dieper is as bloot die etiese. Daarom mag die koninkryk ook nooit opgaan in die religieus-

sedelike , die sosiaal-maatskaplike of ekonomies-politieke orde binne die grense van die wêreld nie. Hoe belangrik die beslissing van mense – individueel of kollektief – met betrekking tot die goddelike handeling ook al mag wees, dit gaan ten diepste om die volvoering van God se plan in die geskiedenis, en dié kan met menslike handeling saamval, maar kan ook haaks daarop staan (Heyns 1978:278-279).

3.3.2.6.6 DIE ETIESE DIMENSIE VAN DIE KONINKRYK

Dat die koninkryk die etiek van sy burgers ten nouste raak is duidelik. In hierdie verband, asook vir die *verhouding tussen die Christologie en etiek*, is Schweizer (1982:54) se opmerking dat die oorgang van duisternis na lig plaasvind nie slegs op 'n dramatiese wyse eens en vir altyd nie, maar voortdurend opnuut, van belang.⁷⁰ Kolossense impliseer nie dat 'n transformasie van die menslike natuur plaasvind nie, maar wat wel gebeur is 'n verandering van Here (Koning). Hierdie Here maak aanspraak op alle besluite, ervarings, optredes, denke en gedagtes. Daarom gaan daar 'n verantwoordelikheid gepaard met die burgerskap van die koninkryk. Om die etiek van die koninkryk te realiseer is dit eerstens nodig dat die mens hom/haar moet onderwerp aan die wet van die koninkryk. Die etiek van Jesus is die etiek van die koninkryk (Bright 1981:222). As 'n onderdaan van die koninkryk moet die gelowige op 'n verantwoordelike wyse die Koning verteenwoordig, 'n saak wat heelwat aandag in Kolossense 1:21-4:6 ontvang (kyk ook 1 Tess 2:12; 2 Tess 1:5; MacArthur 1992:41). Breedvoerige aandag sal in Hoofstuk 4 hieraan gegee word.

Hierdie koninkryksverantwoordelikheid ontvang sy motivering in die dankbaarheidsgedagte (vgl Heb 12:28; “Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil”). Hierdie gedagte is deel van die boodskap en oproep in Kolossense (Kol 1:3, 12; 2:7; 3:15, 16, 17; 4:2; kyk ook 2 Kor 4:6; 1 Tess 5:5; 1 Pet 2:9). Die rede tot dankbaarheid kan nie duideliker en aangrypender vir ons gegee word as in Kolossense 1:12-14 nie.

⁷⁰ Die afleiding word gemaak dat Schweizer hier verwys na die proses van geestelike groei (vgl Kol 1:10, 28; 3:10; Rom 12:2).

Ons moet dankbaar wees want God het ons geskik gemaak om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig (Kol 1:12). Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van die Seun wat Hy liefhet (Kol 1:13). Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes (Kol 1:14; kyk Hughs 1989:27-28; Wright 1991:63; MacArthur 1992:41).

3.3.2.6.7 DIE EKKLESIOLOGIESE DIMENSIE VAN DIE KONINKRYK

Sonder om in detail hieraan aandag te gee is dit duidelik dat die gawe en die heil van die koninkryk wat gedeel word nie net individueel en sporadies is nie, maar aan 'n groep mense, wat as volk deel mag hê aan die koninkryk, gegee is. Hierdie volk is die kerk, 'n volk wat as die uitverkore volk (Kol 3:15; vgl ook 1 Pet 2:9) of die liggaam van Christus bekend staan (Kol 1:18, 24; 2:19; 3:15; vgl ook Ef 1:23; 2:16; 3:6; 4:4, 12, 16; 5:23, 30). Die paranetiese gedeelte van Kolossense (Kol 3:5-4:6; kyk Hoofstuk 4) handel in die besonder oor die burgers van die koninkryk (Kol 1:12-14), lidmate van die kerk (Kol 3:5-17; 4:5, 6), asook oor die indikatief en imperatief wat betrekking het op hulle lewens. Dit is God se bedoeling dat Hy deur sy burgers wil werk om die koninkryk in hierdie wêreld sigbaar te maak.

3.3.2.6.8 DIE DINAMIESE DIMENSIE VAN DIE KONINKRYK

Die koninkryk is nie staties nie. Dit is 'n gebeure waarin die Goddelike heerskappy voltrek word. Hierdie dimensie van die koninkryk is implisiet teenwoordig in Kolossense deur die gebruikmaking van uitdrukkings soos hoop (Kol 1:5, 23, 27), versoening (Kol 1:20, 22), tot geestelike volwassenheid in Christus bring (Kol 1:28). Hierdie gebeure behels verandering en vernuwing (Kol 3:5-10), asook voleinding wat in die uitdrukking wederkoms (Kol 3:4) opgesluit lê.

3.3.2.7 SAMEVATTING

Met die doel van hierdie studie in die oog, en die perspektief wat die koninkryksgedagte daaraan gee, kan die volgende samevattende opmerkings gemaak word: Die gemeente in Kolosse word opgeroep om God te dank omdat Hy dié wat in Hom glo 'n erfenis in die ryk van die lig (die lewe by

Hom) gegee het. God het hulle reeds daarvoor geskik gemaak. Die gelowiges is vir die erfenis geskik gemaak deurdat God hulle uit die mag van die duisternis weggeruk en onder die heerskappy van sy Seun geplaas het. Deur die Seun het gelowiges verlossing verkry en die vergifnis van sondes. In Jesus is daar verlossing en vergifnis, dit is aan sy Persoon verbonde. God het Christus ons verlossing gemaak.

God het 'n radikale en beslissende verandering in heerskappy laat plaasvind. Die gevolg hiervan is dat daar nou by gelowiges 'n totaal nuwe bestaanswyse en bestaansdoel ingetree het. Hulle is nie alleen bevry nie, hulle is ook van die mag in hulle, die sonde, en daarom van hulleself bevry (Kol 2:13-15). Hulle lewe word nou deur Christus beheers.

So onversoenbaar as wat lig en duisternis en die heerskappy van die Seun en die mag van die bose en Satan met mekaar is (Luk 22:53; Hand 26:18), so kwalitatief anders is die gemeente (gelowiges) se lewe en hulle eindbestemming nou teenoor dit wat dit voorheen was. Gelowiges besit nou 'n nuwe identiteit, posisie en status. Hulle is nie net ten opsigte van die verlede nuut gemaak nie, maar veral met die oog op die toekoms. Dit is nie iets wat nagestreef moet word nie, hulle besit dit alreeds. Al leef hulle nog in hierdie bedeling is hulle reeds geskik gemaak om by God in die ryk van die lig te leef.

In die vooraf inleidende deel is dit duidelik dat Paulus die situasie in die gemeente te Kolosse, ten opsigte van die dwaalleer, deeglik verstaan. Vervolgens pas Paulus 'n baie interessante en effektiewe strategie toe. In stede van om dadelik die gemeente te waarsku teen die gevaar van die dwaalleer, herinner hy die gemeente eers aan die implikasies van hulle geloof in Christus en wat lojaliteit aan hierdie geloof beteken. Hy doen dit deur die alles oortreffende posisie van Christus en die algenoegsaamheid van sy verlossingswerk te verduidelik deur die eerste hoofdeel van die brief wat nou volg.

3.3.3 KOLOSSENSE 13-2:5 – DIE EERSTE HOOFDEEL VAN DIE BRIEF: DIE OPPERGESAG (VOORRANG) VAN DIE SEUN IN SKEPPING EN VERLOSSING (HERSKEPPING)

3.3.3.1 KOLOSSENSE 1:13-20: DIE BELYDENIS

Kolossense 1:13-20 is vir hierdie studie van belang aangesien dit onteenseglik die sleutel⁷¹ is tot die verstaan van die inhoud van die brief asook wat betref die teologiese fokus van die brief. Hierdie studie neem kennis van die navorsing en uiteenlopende standpunte ten opsigte van die genre, outeur, vorm- en redaksiekritiek, agtergrond en struktuur van hierdie gedeelte, maar vind dit vir hierdie studie nie van wesenlike belang nie. Daarom word dit nie bespreek nie⁷². Wat vir hierdie studie van belang is, is die inhoudelike, die teologiese (Christologiese)-etiese beginsels daarin vervat en die terme en begrippe wat hierdie studie raak.

Kolossense 1:13-20 word as 'n perikoopeenheid gekies. Navorsers soos Van der Watt (1988:22-35), Roberts (1988:151) en Boonzaaier (2002:121-141) het oortuigend aangetoon dat daar genoegsame inhoudelike, grammatikale, tematiese en stilistiese getuienis bestaan om Kolossense 1:13-20 as 'n eenheid te beskou. Die onderhawige studie beskou daarom Kolossense 1:13-

⁷¹ Boonzaaier (2002:xv, 124, 141) verwys by verskeie geleenthede na Kolossense 1:13-20 as die matriks waarteen die inhoud van die brief verstaan moet word. Die interpretasie van die brief word bepalend beïnvloed deur die betekenis wat aan dié gedeelte gegee word. Ook Viljoen (2002:67-87) is van oordeel dat Kolossense 1:13-20 die basis lê vir dit wat in die res van die brief betoog word. Die herhaling van woorde en begrippe wat in hierdie gedeelte voorkom in die res van die brief bevestig hierdie aanname (kyk Kol 2:6, 7, 9, 10, 20; 3:1, 10, 13; 4:1). In die res van die brief word ook telkens na die teologiese perspektiewe van Kolossense 1:13-20 verwys sonder verdere argumentasie. Die standpunt van Boonzaaier en Viljoen word ondersteun deur Barth en Blanke (1994:194) en Lucas (1980:45). Wall (1993:62) het in hierdie verband 'n interessante invalshoek. Volgens hom gebruik Paulus in Kolossense 1:13-20 verskillende skeppingsbeelde om die waarheid, die evangelie, wat in die res van die brief tot uitdrukking kom te verduidelik.

⁷² Kyk byvoorbeeld O'Brien (1982:32-42), Roberts (1988:151), en Boonzaaier (2002:114-120) vir 'n bespreking van die navorsingsgeskiedenis van Kolossense 1:13-20. Helyer (1983:167-177) in sy ondersoek na die vraag of Kolossense 1:15-20 pre-Paulinies of Paulinies is, kom tot die gevolgtrekking dat dit wel Paulinies is. Verder het Helyer (1992:51-67) met sy ondersoek na die navorsingsgeskiedenis van Kolossense 1:15-20 gedurende die tydperk 1980-1990 bevind dat baie energie en tyd gespanneer is in 'n vrugtelose poging om die himne/belydenis te herwin, te herrangskik en te verklaar, asook die agtergrond daarvan na te speur. Dit, terwyl daar meer aandag gegee moes word aan die inhoud van hierdie gedeelte as die diepgaande kulminasie van Paulus se teologiese kosmiese Christologie.

20 as 'n eenheid.⁷³ Verder blyk dit dat die meerderheid van navorsers Kolossense 1:15-20 as 'n himne⁷⁴ beskou en Kolossense 1:13-14 (sommiges saam met 1:12) as die aanloop of inleiding tot Kolossense 1:15-20 (Barth & Blanke 1994:194; Pokorný 1991:57; Schweizer 1982:55; Lohse 1971:41; Hendriksen 1979:66; Viljoen 2002:68; Du Plessis 1991:201; Dunn 1996:83).

Hierdie studie beskou Kolossense 1:13-20 as 'n belydenis. Die inhoud daarvan en die begrippe wat gebruik word toon dat hierdie perikoop die kern van gelowiges se geloofsinhoud verwoord.⁷⁵ Dit is 'n erkenning en herkenning van wie Jesus Christus is, wat sy wese en status is, sy oppergesag en voorrangposisie en dit wat God deur Hom gedoen het.⁷⁶ Dalk kan na hierdie perikoop verwys word as 'n belydenis in verhewe- of himniese taal.

⁷³ Roberts (1989:18) verwys in hierdie verband na die herhaalde voorkoms van die *ὅς*-sinne in Kolossense 1:13, 15 en 18 wat Kolossense 1:13-14 aan Kolossense 1:15-20 verbind. Van der Watt (1988:22) en Boonzaaiër (2002:132), in navolging van Ridderbos (1960:129), sien ook 'n verband tussen Kolossense 1:13-14 en Kolossense 1:15-20. Die begin van Kolossense 1:13, 15 en 18b is opvallend eenders en stel voor dat al die gevalle *καὶ αὐτός* gelees behoort te word (die relatiewe *ὅς*-partikel kan as saamgetrekte vorm van *καὶ αὐτός* gelees word). Volgens Martin (1972:35) is Paulus se gedagtegang in die belydenis gelei deur sy beskrywing van wat gelowiges geword het deur die verlossingswerk van God in sy Seun (Kol 1:12-14).

⁷⁴ Wedderburn (1993:14) tipeer hierdie gedeelte as 'n belydenis of himne. Volgens Reyes (1999:139) moet dit as 'n gedig verstaan word (kyk ook Wright 1991:64; Bauch 1986:228). Hume (1998:24), daarenteen, oordeel dat die gedeelte prosa is. O'Brien (1982:32) oordeel, soos Wedderburn, dat hierdie gedeelte as 'n himne verstaan moet word, en definieer die genre himne soos volg: "In describing the passage in this way it should be noted that the term "hymn" is not employed in the modern sense of what we understand by congregational hymns with metrical verses. Nor are we to think in terms of Greek poetic form. The category is used broadly, similar to that of "creed", and includes dogmatic, confessional, liturgical, polemical or doxological material".

⁷⁵ O'Brien (1982:33), met verwysing na die werk van Schweizer, Benoit, Martin en Stauffer, oordeel dat twee kriteria 'n belydenis daarstel. Eerstens is daar stilistiese elemente wat tipies in belydenisse voorkom (parallelismes, membrorum, homeoteleuton, chiasmus, alliterasie en antitesis). In die tweede plek moet die gedeelte 'n linguistiese inhoud hê waarin ongewone woordeskat en meer teologiese taal gebruik word sodat die gedeelte uitstaan wanneer dit met die omringende teks vergelyk word. Kolossense 1:13-20 voldoen aan albei hierdie kriteria. Volgens Roberts (1997:33) funksioneer hierdie belydenis as oorgang na die hoofsaak van die brief (vgl ook die funksie van ander belydenisse in Rom 1:16-17; 1 Kor 1:8-9; Ef 1:22-23; 1 Tim 1:15). Saam met Kolossense 1:13-14 is Kolossense 1:15-20 'n lang en inhoudelike belydenis. Elke versreël wat met *καὶ αὐτός* ingelei word is telkens die begin van 'n belydenisuitspraak in die geloof (Boonzaaiër 2002:132). Verder moet in gedagte gehou word dat die term "belydenis" hier verwys na antieke belydenisse en nie met moderne belydenisse verwar word nie (Boonzaaiër (2002:23; kyk ook Lucas 2000:45).

⁷⁶ Volgens Schweitzer (1973:459) haal die skrywer die belydenis aan om die klem op Christus te plaas. Daardeur interpreteer hy die belydenis in die taal van die Kolossense en plaas dit in hulle situasie.

3.3.3.1.1 DIE FUNKSIE VAN DIE BELYDENIS

Elke gedeelte (perikoop of sub-perikoop) van 'n geskrif het die funksie om op een of ander wyse die boodskap van die geskrif oor te dra (Barth & Blanke 1994:194; Pokorný 1991:57; Schweizer 1982:55; Lohse 1971:41; Hendriksen 1979:66; Viljoen 2002:68; Du Plessis 1991:201; Dunn 1996:83). Dit is daarom belangrik om te vra na strategiese funksie van die belydenis in Kolossense. Wat is die funksie van hierdie belydenis in Kolossense?

In die besinning oor die funksie van die belydenis is dit belangrik om in gedagte te hou dat die lesers van die Kolossensebrief gelowiges was. Hulle word verseker van die realiteit van hulle geloof (Kol 1:4). Wat was dan die katalisator wat gelei het tot die skryf of invoeging van die belydenis in die brief? Uit die trant van die brief kan afgelei word dat die dwaalleer in Kolossense (kyk Kol 2:16-19) die rede was.

Hierdie belydenis het dus aan die begin van die brief die funksie om die oppergesag, die allesoortreffende posisie van Christus en die algenoegsaamheid van sy verlossingswerk bo en teenoor die dwaalleer te stel. Dit beteken dat geen ander bykomende geestelike mag of krag hoegenaamd nodig is om God se volle en finale verlossing aan die mens te bring nie. Die boodskap van die belydenis is in wese Christus alleen. Die gemeente word daaraan herinner wie Christus is. Die belydenis verrig die funksie van versekering. Gemeentelede wat begin twyfel het of Christus genoeg is om te verseker dat hulle God se heil sal beleef word deur hierdie belydenis herinner aan geloofswaarhede wat hulle met ander gelowiges deel. 'n Besef van die hoë status van die Seun bo die ganse skepping en die kerk laat alle twyfel verdwyn oor die beweerde tekort in die verlossing wat God deur sy Seun bewerk het.

So word die gelowiges ook bemagtig om die dwaalleraars te konfronteer. Hulle is immers aan die kant van die lig. Hulle staan onder aanvoering van die Seun as Koning. Hy is hulle Hoof wat verhewe is bo enige mag in die skepping. Hierdie belydenis dien dan ook as basis vir die oorgang na die res van die brief. In die liggaam van die brief word dan ook telkens verwys na die teologiese perspektiewe van die belydenis, sonder verdere argumentasie.

3.3.3.1.2 'N INDELING VAN DIE BELYDENIS

Wat die indeling van die belydenis betref is daar nie eenstemmigheid onder navorsers nie. Omdat die meeste navorsers Kolossense 1:13-20 nie as 'n eenheid aanvaar nie, is die fokus meestal op die indeling van Kolossense 1:15-20 (kyk O'Brien 1982:32-37; Schweizer 1982:57; Barth & Blanke 1994:1940; Pokorný 1991:59; Martin 1985:55). 'n Paar navorsers verwys wel na Kolossense 1:13-14 as 'n geloofsformule maar sien dit nie as 'n eenheid met Kolossense 1:15-20 nie (Lohse 1971:41; Viljoen 2002:75).

'n Indeling van 'n gedeelte kan volgens die twee aanvaarde kriteria gedoen word, te wete aan die hand van gedagtes of temas (teologiese eksegeese) en op grond van 'n sintaktiese analise (detail eksegeese; kyk Van der Watt 2003:1-27). Die klem van hierdie studie val op die teologiese eksegeese. Dit beteken egter nie dat detail eksegeese in beginsel agterweë gelaat word nie. Aan hierdie faset word wel aandag gegee, maar nie in detail bespreek nie.⁷⁷

Wanneer Kolossense 1:13-20 tematies ingedeel word, kan die volgende vyf hoofemas geïdentifiseer word:

- Kolossense 1:13-14: God, die Vader wat deur sy Seun verlossing bewerk
- Kolossense 1:15a: Die Seun se status (sy persoon)
- Kolossense 1:15b-17: Die Seun se status en funksie (sy werk) ten opsigte van die skepping
- Kolossense 1:18: Die Seun se status en funksie ten opsigte van die kerk (herskepping)
- Kolossense 1:19-20: Die redes vir die Seun se status

Bogenoemde vyf hoofemas kan in verdere temas opgedeel word. Dit word egter nie nou hier nodig geag nie aangesien dit hieronder by die inhoudelike verkenning en woordstudie ter sprake sal kom. Bogenoemde tematiese indeling is ook deeglik bewus van die verskillende sintaktiese analises en strukture of indelings wat deur navorsers aangebied word (veral wat betref

⁷⁷ Sintakties gesproke deel Roberts (1997:34-46) Kolossense 1:15-20 in drie hoofdele op, te wete Kolossense 1:13-14, 1:15-18 en 1:19-20. Volgens Harris (1991:42) kan Kolossense 1:15-20 op drie wyses sintakties gestruktureer word: 1) Kolossense 1:15-17 en 1:18-20; 2) Kolossense 1:15-18a en 1:18b-20; en 3) Kolossense 1:15-16, 1:17-18a en 1:18b-20. Die meeste navorsers sien Kolossense 1:13-14 nie deel van die belydenis nie.

Kol 1:15-20). Indien van belang vir hierdie studie sal detail eksegetiese onder die verskillende hoofde aangebied word.

3.3.3.2 DIE BELYDENIS (KOL 1:13-20): 'N INHOUDELIKE ONDERSOEK

In hierdie Afdeling word die inhoud van die belydenis tematies van naderby beskou aan die hand van die tematiese indeling wat hierbo gedoen is. Belangrike Christologiese begrippe sal later onder die Afdeling Woordstudie bespreek word.

Aangesien die begrip verhouding 'n sentrale rol beklee in hierdie studie sal die tematiese ondersoek van die belydenis tegelyk onder die opskrifte van die verskillende verhoudingselemente⁷⁸, soos dit voorkom, gedoen word. Hierdie verhoudings is:

- Die Seun se verhouding tot God (die Vader)
- Die Seun se verhouding tot die skepping
- Die Seun se verhouding tot die onsigbare wêreld
- Die Seun se verhouding tot die instandhouding van alles
- Die Seun se verhouding tot die kerk

3.3.3.2.1 KOLOSSENSE 1:13-14: GOD, DIE VADER, WAT DEUR SY SEUN VERLOSSING BEWERK HET

3.3.3.2.1.1 DIE SEUN SE VERHOUDING TOT GOD (DIE VADER)

Hierdie gedeelte is genoegsaam bespreek in die Afdeling Woordstudie, asmede die belangrike Christologiese begrippe wat daarin voorkom. Ter aanvulling net nog die volgende opmerkings. Hierdie eerste deel van die belydenis bevat die spesifieke punt wat Paulus teenoor sy lesers wil maak. Die res van die belydenis, te wete die belydenis van die Seun se status (Kol 1:15-18) en die motivering daarvan (Kol 1:19-20) bevestig wat in Kolossense

⁷⁸ Roberts (1997:35-41) onderskei drie verhoudings, te wete 1) die Seun se verhouding tot God; 2) die Seun se verhouding tot die skepping; en 3) die Seun se verhouding tot die kerk. Boonzaaiër (2002:133-134) onderskei vyf verhoudinge, sonder om daarop uit te brei, na aanleiding van die vyfvoudige voorkoms van ὅς ἐστιν / καὶ αὐτός ἐστιν: 1) die verhouding tussen Christus en die Vader; 2) die verhouding tussen Christus en die skepping; 3) die verhouding tussen Christus en die stabiliteit van alles in die skepping; 4) die verhouding tussen Christus en die kerk; en 5) die verhouding tussen Christus en die dood. MacArthur (1992:44-53), op sy beurt weer, onderskei vier verhoudings: 1) Jesus Christus in verhouding tot God; 2) Jesus Christus in verhouding tot die heelal; 3) Jesus Christus in verhouding tot die onsigbare wêreld; en 4) Jesus Christus in verhouding tot die kerk.

1:13-14 bely word en gee dit meer oortuigingskrag (Roberts 1997:43; Viljoen, 2002:75). Die beeld van twee opponerende wêrelde, die wêreld van God en die wêreld van die bose, tree hier op die voorgrond. Die mag van die duisternis staan teenoor die koninkryk van die Seun wat die wêreld van die lig verteenwoordig. Hulle wat vroeër in die greep van die bose se duistere mag was is gered toe die Vader hulle oorgebring het na die wêreld van lig en hulle gestel het onder die heerskappy van die Seun van God se liefde.

Die vermelding van die verlossing wat deur die Seun verkry word, waarmee Kolossense 1:13-14 afsluit, vorm die oorgang na die belydenis oor die Seun (Kol 1:15-20) waarmee die corpus van die brief ingelei word. Van hier af is die Seun die middelpunt van die brief. Dit is deur Hom wat God beslissend en omvattend gehandel het.

3.3.3.2 KOLOSSENSE 1:15A: DIE SEUN SE STATUS (ὅς ἔστιν εἰκὼν⁷⁹ τοῦ θεοῦ ἀοράτου; HY IS DIE BEELD VAN DIE ONSIENLIKE GOD)

Kolossense 1:15a haak by Kolossense 1:13-14 aan deur terug te verwys na die Seun (Hy is; ὅς ἔστιν) van die Vader wat die verlossing bewerkstellig het. Aan hierdie Seun word daar nou 'n status of posisie toegeken, 'n status wat saamgevat word in die uitdrukking εἰκὼν τοῦ θεοῦ (beeld van God). Hierdie uitdrukking is sowel 'n verhoudingsterm as 'n statuserm. Wanneer die vroeë Christene hierdie uitdrukking gebruik in 'n belydenis gebruik het, het hulle die Seun se verhouding met God as Vader bely. Hierdie verhouding bepaal die Seun se status (Roberts 1997:36). Dat Christus die beeld van God is, en hoekom Hy dit is, word dan verder in die belydenis uiteengesit.


EKSKURS I

Die detail eksegeese van Van der Watt (1988:28-29) rakende die status en funksie van Christus in die belydenis is baie insiggewend en lewer 'n besliste bydrae tot 'n beter verstaan van die Christologie van die belydenis. In Kolossense 1:15-20 word Christus in al om die ander reël (kolon) een maal met 'n status en die ander maal met 'n funksie term beskryf. Hierdie status- en funksie terme kulmineer in die motivering waarom Christus die beeld van God genoem word (Kol 1:19-20). Die uiteensetting van εἰκὼν (beeld) begin in

⁷⁹ Breedvoeriger aandag sal aan hierdie begrip in § 3.3.4.6 gegee word.

Kolossense 1:15b en eindig in Kolossense 1:18 met die term πρωτότοκος (eersgeborene). Die perikoop kan soos volg opgesom word: Christus is die beeld van God omdat Hy God se status en funksie ten opsigte van skepping en versoening het⁸⁰. Van der Watt (1988:28) stel hierdie struktuur diagrammaties soos volg voor:

(Sleutel : K = kolon; S = status; F = funksie; teksverwysings nie in oorspronklike)



3.3.3.2.3 KOLOSSENSE 1:15B-17: DIE SEUN SE STATUS EN FUNKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE SKEPPING

3.3.3.2.3.1 DIE SEUN SE VERHOUDING TOT DIE SKEPPING

Die stelling dat die Seun die beeld van God is, word eerste gesien in die Seun se verhouding tot die skepping. Hierdie verhouding word uitgedruk in Kolossense 1:15b: πρωτότοκος⁸¹ πάσης κτίσεως (die Eersgeborene van die hele skepping). πρωτότοκος (eersgeborene) is 'n statuserm en die

⁸⁰ Die perikoop in Kolossense 1:15-20 bestaan uit twee dele: Kolossense 1:15-17 (eerste strofe) verwys na die skepping, en Kolossense 1:18-20 (tweede strofe) verwys na die versoening of herskepping. Op albei die terreine is Christus die beeld van God (εἰκῶν). Die belydenis bied aan die leser 'n lys van indrukwekkende Christologiese titels wat Christus beide verbind aan skepping en verlossing (Yates1996:268)

⁸¹ Kyk Woordstudie vir 'n meer volledige bespreking van die begrip πρωτότοκος.

enigste status wat in die perikoop herhaal word (ook in Kol 1:18) om sodoende bepaalde klem op Christus se status te lê (van der Watt 1988:29).

Die belydenis gee drie redes waarom die Seun as Eersgeborene bely kan word: 1) omdat in Hom alle dinge geskape is (Kol 1:16); 2) Hy voor alles is (Kol 1:17a); en 3) alles in Hom in stand gehou word (Kol 1:17b; Roberts 1997:37-39)

3.3.3.2.3.2 KOLOSSENSE 1:16: ὅτι ἐν⁸² αὐτῷ ἐκτίσθη τὰ πάντα (OMDAT IN HOM ALLE DINGE GESKAPE IS)

God het alles deur middel van die Seun geskep. Die einde van die vers stel dit soos volg: τὰ πάντα δι' αὐτοῦ καὶ εἰς αὐτὸν ἔκτισται (alle dinge is deur Hom en tot [vir] Hom geskape). God het dus nie net die skepping deur bemiddeling van die Seun geskep nie, maar dit ook vir Hom geskep. Hierdie moet in die lig van Kolossense 1:13 verstaan word, waar gestel word dat die Seun heerskappy voer. God het die heelal geskape vir die Seun om oor te regeer.

Kolossense 1:16 gee dus ook uitdrukking aan die Seun se verhouding tot die onsigbare wêreld. Die onsigbare wêreld is deel van die skepping. Letterlik niks is uitgesluit waartoe Hy nie verhewe is nie, of dit dinge is wat gesien kan word of nie gesien kan word nie, dinge in die hemel of op die aarde, engele of geestelike magte, ook elke ding of mag wat deur mense (dwaalleer) vereer of aangehang sou word (Pelser 1983:276; kyk Ef 1:21, 22; Kol 2:10, 15, 18; Fil 2:10; 1 Pet 3:22).

Verwys die belydenis hier spesifiek na 'n groep (Roberts 1997:38)? En sluit hierdie lys net die magte van die engele en die aarde, of beide. Barth & Blanke (1994:201) en Roberts (1997:38) merk tereg op dat die belydenis waarskynlik bloot wil sê dat die Seun staan bo enige mag, sienlik of onsienlik omdat al sulke magte deur God geskep is en daarom deur en vir die Seun geskape is⁸³. Die hele skepping het in Hom, deur Hom en met Hom, Hom as

⁸² Volgens Boonzaaier (2002:188) kan die voorsetsel ἐν (in) sowel instrumenteel as lokaal verstaan word. Die Seun is die sfeer waarbinne die skepping plaasvind.

⁸³ Vir 'n meer breedvoerige besprekings hiervan, kyk Barth en Blanke (1994:202-203), Pokorný (1991:80-81) en O'Brien (1982:46-47).

doel (εἰς αὐτὸν; kyk Ef 1:10; 1 Kor 8:5, 6). Die Persoon van die Seun kan nie los van die skepping en die Skeppergod verstaan word nie. As beeld van die onsigbare God is die Seun die Skeppergod in aksie. Alles buig voor Hom, en in Hom is die erfdeel van die Vader te vind (Boonzaaier 2002:193). Die Seun se “skeppingsmiddelaarskap” bevestig sy verhewenheid bo alles. Jesus se verhouding tot die onsigbare wêreld, soos sy verhouding tot die sigbare heelal, bewys dat Hy God is.

EKSKURS II

Wall (1993:68) se interpretasie van Kolossense 1:16 is belangrik wat betref *die verhouding tussen die Christologie en etiek* in Kolossense Volgens hom is Kolossense 1:16 'n uitbreiding op en verheldering van die kosmiese resultaat van God se triomf oor die bose deur sy Seun. Die skepping self behels alle dinge – sigbaar en onsigbaar. Met hierdie uitspraak deel Paulus die siening van sy tydgenote dat die kosmiese orde 'n geestelike “realm” (ryk, gebied; my vertaling) van onsigbare trone en heerskappe of owerhede en magte, en 'n parallelle maar fisiese “realm” van sigbare trone of heerskappe of owerhede insluit. Volgens Paulus is hierdie twee “realms” ten volle geïntegreer, met die geestelike realiteit wat “agter” die sosiale gemeenskap lê, hetsy tot die goeie (die Gees van die opgestane Christus wat die kerk bemagtig om God te aanbid en van Hom te getuig) of tot die bose (die bose een wat die vyande van Christus bemagtig om die kerk te ondermyn in sy aanbidding en getuienis). Volgens Paulus se “teo-logie” het al hierdie geestelike magte en hulle verskeie historiese agente hulle finale bestemming in 'n negatiewe of positiewe verhouding tot die Een in Wie alles geskape is.

Paulus gebruik tipies “in Hom” of “in Christus” as 'n metafoor vir herstelde verhoudings of, nog meer spesifiek, vir die geestelike tuiste van hulle wat aan Christus behoort, waar Hy (eerder as die bose een) oor hulle heerskappy voer (Kol 1:13). In hierdie belydenis neem Paulus aan dat die bestemming van die hele geskape orde – geestelik of fisies – verbind is aan Christus se bestemming. Verder, dat God se positiewe beslissing oor Jesus se messiaanse werk, aangedui met sy opwekking as Here en Christus, wys dat God se doel met die skepping uiteindelik uitgevoer sal word (Op 21:1-22:5).

Christus beliggaam die wil van God vir die hele skepping. Christus is die inhoud en doel van God se genade, waardeur God se wil nou in die geskiedenis tot realiteit gebring word. Wanneer die regerende elite van die gemeenskap die leringe van Christus weerstaan, voorkom hulle eintlik die realisering van die “goeie lewe”. Watter vorm dit ook al finaal inneem, rebellie teen God is selfvernietigend, eenvoudig omdat dit nie een is met die leweskeppende bronne wat God in die skepping ingebou het nie. Enige sekulêre pretensies of menslike hubris sal uiteindelik ontbloot word as selfmisleiding en vals, in geheel nie in staat om 'n mens te bemagtig vir die goeie nie (bv die val van die kommunisme). Aansprake op nasionale soewereiniteit of individuele regte, wat nie onderwerp word aan Christus se heerskappy oor alle dinge en elke mag nie, is sonder fondament en afgodies.

Gelowiges mag nooit die sekulêre met die heilige verwar nie. Dit is maklik om in hierdie verwarring van die Weste te verval, veral in Amerika, waar openbare retoriek dikwels 'n heilige idioom inspan om openbare sekulêre gedrag te beheer. Die punt wat Paulus hier maak het minder te doen met Christus se verhoogde status as met die gevolge van sy messiaanse werk, wat 'n gevalle skepping terugbring het onder die Skepper se soewereine heerskappy. Om Christus te ontken as die Here van God se skepping is om die verlossende gevolge van Christus se dood te ontken, om God se begeerte te verwerp om vreugde te hê in die inherente goedheid van die skepping, om die verwagting te verwerp van die nuwe skepping van 'n verlose mensheid in Christus.

3.3.3.2.3.3 KOLOSSENSE 1:17A: EN HY IS VOOR ALLES

In Kolossense 1:17a word die voorafbestaan (vgl Joh 8:58) van die Seun bely. Die Seun is voor alles (sy status),⁸⁴ en daarom nie self deel van die skepping nie. Hy is ook ná alles, want Hy is die skeppingsdoel (εἰς αὐτὸν).

⁸⁴ Roberts (1997:38), Lohse (1971:52), Schweizer (1982:71), O'Brien (1982:47), Hendriksen (1979:74) en Pokorný (1991:81) is van die Nuwe-Testamentici wat πρὸ πάντων as pre-eksistensie verstaan. Boonzaai (2002:194) en Dunn (1996:93) is versigtig om 'n enkele term soos pre-eksistensie aan Jesus se status toe te dig. Hulle beskou πρὸ πάντων daarom eerder as 'n status verwysing. Barth en Blanke (1994:204) sien πρὸ πάντων as 'n verwysing na die verhewendheid van Christus wat sy ewige status (“rank”) beklemtoon. Hierdie studie oordeel dat die term pre-eksistensie in sigself 'n status verwysing is wat die ander insigte insluit. Hierdie pre-eksistensie van Christus word geleer of geïmpliseer in Johannes 1:1; 8:58; 17:5, Filippense 2:6 en Openbaring 22:13.

3.3.3.2.3.4 KOLOSSENSE 1:17B: EN IN HOM HOU ALLES STAND – DIE SEUN SE VERHOUDING TOT DIE INSTANDHOUDING VAN ALLES

Volgens van der Watt (1988:29) se detail eksegetiese bestaan die opbou van Kolossense 1:15-20 uit 'n ringskomposisie. Kolossense 1:17b vorm die sentrum van hierdie ringskomposisie. Die gedeelte voor Kolossense 1:17b handel oor die skepping, en die gedeelte daarna (Kol 1:18-20) handel oor die versoening.

Waar die meeste navorsers beweer dat συνέστηκεν (instandhou) slegs na die skepping verwys, toon Van der Watt (1988:28-29) aan dat Kolossense 1:17b sowel terug na Kolossense 1:15-17a as vorentoe na Kolossense 1:18-20 wys. In Kolossense 1:17b gaan dit oor die instandhouding van τὰ πάντα (alles; kyk Ps 119:91; Ps 104). Dit beklemtoon dat Jesus die Here is in alle opsigte (vgl Rom 11:36; 1 Kor 8:6; vgl 2 Pet 3:5-7).

τὰ πάντα verwys dus na die kerk en die skepping as dit wat versoen is (Kol 1:20). Om alles te onderhou beteken om nie net die skepping nie, maar ook die versoende situasie, te onderhou (Kol 2:18, 19).

Die Seun is die anker wat sorg dat alles nie in chaos verval nie. Schweizer (1982:71-72) stel dit netjies wanneer hy sê dat hier die bewaring van die wêreld gewaarborg word; wat benadruk word is Christus se “Heerskap” oor hierdie wêreld. Dit is van Christus van wie daar gepraat word met die gebruik van die emfatiese “Hy”, wat herinner aan die betekenisvolle en kragtige “Ek” gebruik deur Jahwe in die Ou Testament en Jesus in die Nuwe Testament. Daarom, wanneer daar gesê word dat die wêreld in sy verlede (van waar dit ontstaan het), in sy hede (waaruit dit nou bestaan), en sy doel (waarheen dit op pad is) sy bestaan slegs te danke het aan God se groot geskenk, moet daar ook gesê word dat God se geskenk die naam Jesus Christus dra.

Met skepping en onderhouding van die skepping voer God sy plan uit, 'n plan wat Hy in Christus sal voltooi. Daarom wys alles heen na Christus toe en kan die skepping die sin van sy bestaan en sy hoogste doel alleen in Christus en sy verheerliking vind. Almal in die ganse skepping moet die weet: Die Seun is eerste! (Pelser 1983:276).

3.3.3.2.4 KOLOSSENSE 1:18: DIE SEUN SE STATUS TEN OPSIGTE VAN DIE KERK (DIE SEUN SE VERHOUDING TOT DIE KERK)

In Kolossense 1:18 word die volgende gestel: καὶ αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ⁸⁵ τοῦ σώματος⁸⁶ τῆς ἐκκλησίας⁸⁷ (en Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk). Volgens die belydenis in Kolossense 1:13-20 is die Seun dus nie alleen die beeld van God nie, maar staan ook in 'n besondere verhouding tot die kerk.

Soos reeds aangedui word hier 'n nuwe gedeelte (strofe) ingelei. Die meeste navorsers is van mening dat τῆς ἐκκλησίας (die kerk) 'n invoeging deur die skrywer is en dat τοῦ σώματος (van die liggaam) na die kosmos verwys⁸⁸. So gesien, word Kolossense 1:18a as 'n oorgangsgedeelte beskou wat Kolossense 1:15-17 en Kolossense 1:18b-20 met mekaar verbind – dit vorm 'n skarnier wat die kosmiese verwysings na Christus met die soteriologiese effek daarvan in verband bring. Hiervolgens wys Kolossense 1:18a terug na Kolossense 1:15-17 en vorentoe na Kolossense 1:18b-20 (Dunn 1996:95-96; Pokorný 1991:81; Schweizer 1982:72-73; Lohse 1971:42; Martin 1985:59). Hierdie studie kies om met die teks voorhande te werk, en beskou daarom die hele frase (Kol 1:18a) as 'n eenheid wat in die konteks van die hele belydenis verstaan moet word.

In hierdie gedeelte (Kol 1:18-20, vir hom Kol 18b-20), oordeel Dunn (1996:97) dat die fokus in die belydenis duidelik verskuif

from a cosmology of creation to a cosmology of reconciliation, from the divine purpose that retrieves creation for its intended end, from first creation to recreation beyond death. Implicit is the apocalyptic conviction that the original creation has fallen under the authority of darkness (Col

⁸⁵ Vir 'n bespreking van die betekenis van κεφαλὴ, kyk Woordstudie.

⁸⁶ Vir 'n bespreking van die betekenis van τοῦ σώματος, kyk Woordstudie.

⁸⁷ Vir 'n bespreking van die betekenis van τῆς ἐκκλησίας, kyk Woordstudie.

⁸⁸ Kyk Van Kooten (2003:1-146) se beredenering dat liggaam verwys na die kosmos. Heyler (1994:235-246) is van mening dat Kolossense 1:15-20 'n verklaring is van die kosmiese betekenis van Jesus Christus. Dus moet die Christologie van Kolossense 1:15-20 verstaan word as volwaardige kosmiese Christologie.

1:13) and needs to be rescued from the malevolent domination of the principalities and authorities (Col 2:15)

(Dunn 1996:97)

Beide in die geval van skepping en herskepping maak die skrywer dit duidelik dat die hoof bewerker (actor) dieselfde bly. Die “in Hom,” “deur Hom” en “vir Hom” beklemtoon die essensiële verband en kontinuïteit van die Goddelike doel soos dit in Christus herken word (Dunn 1996:97).

In Kolossense 1:18-20 word die betekenis en omvang van Christus se verlossingswerk beskryf. Hier word, in parallelle terme met Kolossense 1:15, 16, die betekenis van die herskepping (verlossingswerk, versoening) beskryf. Hierdie herskepping het ‘n verrykende impak op en hou ‘n bepaalde betekenis in vir die liggaam, die kerk.

Die Kolossense, wanneer hulle aan die kerk behoort, behoort aan hierdie Jesus Christus, en niemand anders nie. Op hierdie punt in die belydenis, beweeg die fokus van skepping na herskepping. Paulus begin hier by dit wat die Kolossense is, lede van die een wêreldwye mensheid van God (Kol 1:13-14). Hulle is die nuwe mensheid (Ef 1:11-22), en die metafoor van 'n menslike liggaam (Kol 1:24; vgl ook Ef 4:12; 1 Kor 10:16; 12:27; Rom 12:4, 5) is hier nie slegs van toepassing om wedersydse afhanklikheid uit te druk nie (vgl Rom 12:5; 1 Kor 12:20), maar ook die organiese en afhanklike verhouding met Christus self. Daarom die uitdrukking “en Hy is die hoof (Kol 1:18; kyk ook Ef 1:22; 5:23) van die liggaam, van die kerk” (Wright 1991:73-74; kyk ook Carson 1979:44).

Christus is egter nie alleen die hoof van sy kerk nie, maar ook die oorsprong en eersteling daarvan. Hierop word nou kortliks ingegaan.

3.3.3.2.4.1 CHRISTUS IS DIE HOOF VAN DIE KERK

Dieselfde Een wat Here (Hoof) van die skepping is, is ook Here (Hoof) van die kerk. Byna onwaarneembaar beweeg Paulus hier van sy behandeling van die Seun in sy ewige bestaan na die mensgeworde Een in sy huidige

verheerlikte staat. In die behandeling van Christus se verhouding tot die skepping het dit gegaan oor die Seun se handeling in die verlede of sy wesenlike bestaan. Hier beklemtoon Paulus die Seun se huidige “Heerskap” oor die kerk (vgl Kol 2:19).

Volgens Lohse (1971:55) en ook Dunn(1996:95-104) oefen die verhoogde Here hier en nou sy heerskappy uit oor die hele wêreld as hoof van sy liggaam, die kerk. Die kerk is die plek waar, in die hede, Christus sy heerskappy uitoefen oor die heelal. Christus is die Here oor die heelal (Kol 2:10, 19), en sy liggaam is die kerk. Om hierdie rede word die wêreldwye heerskappy van die Κύριος tussen die nasies geproklameer in die verkondiging van Christus (Kol 1:27), in die vermanings aan en in die onderrig aan elke mens in alle wysheid, sodat elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus gebring kan word (1:28).

Op watter wyse voer Christus, deur die kerk, heerskappy oor die heelal? Käsemann (in Lohse in 1971:55, nota 169) antwoord hierdie vraag soos volg (kyk ook § 3.3.3.2.5): Die vermelding van τῆς ἐκκλησίας het dogmatiese betekenis. Dit illustreer die ingesteldheid van om “oorgebring te word na die koninkryk van die Seun”, ‘n oorbring wat kosmologie in eskatologie verander. Christus is ook die Hoof van die magte en heerskappe. Hulle is egter nie deel van sy liggaam nie. Hulle is “in Hom” in soverre as wat Hy hulle Skepper is en gesag oor hulle het. Die gemeente is sy liggaam in soverre hulle lewe vanuit die opstanding uit die dood en lewe na die opstanding uit die dood toe. Nou staan hulle in die vergifnis. Dit is 'n nuwe skepping, die kosmiese magte het niks meer daarvoor te sê nie of van dit te vra nie. Daar is geen weg na die skepping toe as die weg wat loop deur en voortgaan in vergifnis nie. Elke poging wat nie voortspruit uit die eskatologie nie verander in kosmologie, in hernude slawerny onder kosmiese tirannie wat die vorm aanneem van demoniese magte.

Uit bogenoemde kan dus die volgende afleiding gemaak word: Christus, deur middel van die versoening wat Hy gebring het, heers oor die kosmos, die kerk se lewe en verkondiging van die evangelie van versoening.

3.3.3.2.4.2 CHRISTUS IS DIE OORSPRONG VAN DIE KERK

Volgens Kolossense 1:18 b is Christus ὃς ἐστὶν ἀρχή⁸⁹ (Hy is die begin). Die term ἀρχή kan in 'n tweevoudige sin verstaan word, te wete oorsprong en voorrang. Die kerk het sy ontstaan in Jesus (vgl Ef 1:4) In Kolossense 1:18c word Christus verder beskryf as πρωτότοκος⁹⁰ ἐκ τῶν νεκρῶν (die Eersgebore uit die dode).

Hierdie twee beskrywings van Christus (as ἀρχή en πρωτότοκος) kan nie los van mekaar verstaan word nie. Die Seun is Hoof van die liggaam. 'n Liggaam wat deur Hom begin is deurdat Hy deur sy opstanding die dood oorwin het. Die Seun se opstanding gee aan Hom 'n status bo al die gelowiges omdat Hy hulle voorgegaan het in die opstanding uit die dood (Van der Watt 1988:29; Roberts 1997:40). Sy opstanding uit die dood is die begin van die nuwe skepping en die oorsprong van die kerk. Die geloof, bestaan en die heilsverwachting van die kerk berus op hierdie begin (opstanding). Hierdie opstanding is daarom die waarborg van die opstanding van almal wat in Hom glo (Rom 6:5; 1 Kor 15:13, 14, 21; 1 Pet 1:3; 3:21).

3.3.3.2.4.3 CHRISTUS IS DIE EERSTELING VAN DIE KERK

Kolossense 1:18d lui ἵνα γένηται ἐν πᾶσιν⁹¹ αὐτὸς πρωτεύων⁹² (sodat Hy in alles eerste kan wees). Omdat Christus die begin en die Eersgeborene in

⁸⁹ Vir 'n bespreking van die betekenis van ἀρχή, kyk Woordstudie.

⁹⁰ Vir 'n bespreking van die betekenis van πρωτότοκος, kyk Woordstudie.

⁹¹ Die NAV vertaal πᾶσιν met "in die heelal".

⁹² Vir 'n bespreking van die betekenis van πρωτεύων, kyk Woordstudie.

die opstanding en in die skepping is (Kol 1:15, 16), het Hy eerste (voorrang) “geword” (γένηται ; aor) in alles⁹³.

Hierdie was God se bedoeling, uitgedruk deur doelfrase ἵνα (sodat). Die woord πρωτεύων (eerste kan wees - 'n hapax legomenon) hervat die dubbele verwysing na πρωτότοκος (Eersgeborene; Kol 1:15, 18), asook die frase καὶ αὐτός ἐστιν πρὸ πάντων (en Hy is voor alles; Kol 1:17), terwyl die uitdrukking ἐν πᾶσιν (in alles) verbind is aan die gereeld vermelde τὰ πάντα (alle dinge; Kol 1:16a, 16c, 17). Die belydenis het in die eerste gedeelte die voorrang van Christus in die skepping bevestig en hier, in die tweede gedeelte, word sy voorrang in die herskepping genoem (O'Brien 1982:51); Lohse 1971:56).

Dit wat Christus regtens was het Hy nou geword. In en deur Christus word die nuwe skepping ingewy. Die paradoks van Christus wat voor alles is (πρὸ πάντων; Kol 1:17) en nogtans eerste word met sy opstanding kan verklaar word aan die hand van Filippense 2:5-11. Die verhoging van Christus na sy werk aan die kruis gee aan Hom openlik die status wat Hy inderwaarheid altyd regtens gehad het. Hierdie “raaisel” is veroorsaak deur die sonde. Alhoewel regtens nog altyd Here, moet Hy inderdaad Here word deur die sonde en dood te oorwin. Op grond hiervan is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God (Rom 1:3, 4) omdat Hy aan die kruis gesterf het (Rom 8:3). In sy opstanding is hierdie Seunskap openlik en kragtig gedemonstreer. Agter sy opstanding staan die Goddelike doel wat nou sigbaar word as versoenende liefde. Die voorrang van Christus moet alle terreine insluit. Hy is verhewe in alle opsigte, Hy is die Here van die skepping en Here van sy kerk. Hy moet Here wees in die lewe van die wat aan Hom behoort met 'n soewereiniteit wat geen mededinging duld nie. In beide ou skepping en nuwe skepping behoort die eerste posisie, in alles, aan Christus alleen (kyk Wright 1991:75; Carson 1979:44; O'Brien 1982:51).

⁹³ Hendriksen (1979:78) brei hierop wanneer hy van oordeel is dat alleen die Een wat die Eersgeborene, Integrasiepunt, Agent, Doel, Voorloper en Onderhouer (Kol 1:15-17) van die skepping, en Hoof van die liggaam, die Begin en Eersgeborene uit die dood (Kol 1:18) is, die reg tot hierdie titel het.

Bogenoemde verstaan van Kolossense 1:18 is duidelik vir hierdie studie van belang: Christus is die Hoof van die kerk omdat Hy die oorsprong daarvan is. Hy is die oorsprong daarvan omdat Hy die Eerste is, die Een wat uit die dood opgestaan het. Soos Hy, die beeld van die onsigbare God, die Eerste genoem word met betrekking tot die skepping, so ook met betrekking tot die herskepping, die opstanding uit die dood. Christus se opstanding uit die dood is die begin van die nuwe skepping, dus die oorsprong van die kerk, want daarop berus die geloof, die bestaan, en heilsverwagting van die kerk.

Voortvloeiend uit Christus se status as Hoof, Begin en Eersteling uit die dood, is die gelowige se inlywing tot die nuwe lewe. Hier kan dus van eskatologiese herskepping gepraat word. Kolossense 3:10 se oproep tot gelykvormigheid aan die beeld van die Skepper is 'n beklemtoning van hierdie nuwe identiteit van die gelowige, 'n identiteit wat deur die inisiatief van die Vader gegee is (Kol 1:13, 14).

3.3.3.2.5 KOLOSSENSE 1:19-20: DIE REDES VIR DIE SEUN SE STATUS

Die redes vir die Seun se status is reeds in § 3.2 redelik breedvoerig bespreek. Ter wille van volledigheid in die bespreking van die belydenis word die ter sake aangeleenthede daar bespreek weer genoem. 'n Aantal bykomende opmerkings word ook gemaak.

Kolossense 1:19-20 lees soos volg:

ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν⁹⁴ πᾶν τὸ πλήρωμα⁹⁵ κατοικῆσαι καὶ δι' αὐτοῦ ἀποκαταλλάξαι⁹⁶ τὰ πάντα εἰς αὐτόν, εἰρηνοποιήσας⁹⁷ διὰ τοῦ αἵματος τοῦ σταυροῦ αὐτοῦ, [δι' αὐτοῦ] εἴτε τὰ ἐπὶ τῆς γῆς εἴτε τὰ ἐν τοῖς οὐρανοῖς (omdat [want] Hy dit goed gedink het om in hom die ganse volheid

⁹⁴ Vir die bespreking van εὐδόκησεν (Hy het goed gedink), kyk § 3.2.1.

⁹⁵ Vir die bespreking van πλήρωμα (volheid), kyk § 3.3.3.

⁹⁶ Vir die bespreking van ἀποκαταλλάξαι (versoen), kyk § 3.2.4.

⁹⁷ Vir die bespreking van εἰρηνοποιήσας (vrede), kyk § 3.2.6.

te laat woon⁹⁸ en om deur Hom alles met Hom te versoen nadat hy vrede gemaak het deur die bloed aan sy kruis⁹⁹ deur Hom, beide die aarde en die hemelse dinge)

Die rede (ὅτι; want of omdat) waarom die bepaalde status van die Seun bo die skepping en kerk bely kan word, word nou in Kolossense 1:19-20 gegee. Roberts (1997:4) is korrek wanneer hy oordeel dat God dit so wou hê (εὐδόκησεν; Hy het dit goed gedink). In wese gee die belydenis twee redes vir die Seun se status: 1) God het gekies dat die hele volheid in die Seun sou woon (Kol 1:19), en 2) deur die Seun het God alles met Homself versoen (Kol 1:20)

In Dunn (1996:104) se samevatting van sy ondersoek van Kolossense 1:20 verwys hy na 'n paar teologies en Christologies-etiese sake wat vir hierdie studie van belang is. Hy trek 'n parallel tussen Kolossense 1:16 en Kolossense 1:20 en sê dat dit nie toevallig is dat Kolossense 1:20 die “alles is deur Hom en vir Hom” van Kolossense 1:16, eggo nie:

τὰ πάντα δι’ αὐτοῦ καὶ εἰς αὐτὸν ἔκτισται (Kol 1:16)

δι’ αὐτοῦ ἀποκαταλλάξαι τὰ πάντα εἰς αὐτόν (Kol 1:20)

Verder is dit nie toevallig dat die laaste reël van Kolossense 1:20, die eerste frase van Kolossense 1:16 eggo nie :

τὰ πάντα ἐν τοῖς οὐρανοῖς καὶ ἐπὶ τῆς (Kol 1:16)

εἴτε τὰ ἐπὶ τῆς γῆς εἴτε τὰ ἐν τοῖς οὐρανοῖς (Kol 1:20)

Op grond van hierdie parallele, oordeel Dunn dat die aanspraak “alles is deur Hom en vir Hom” (Kol 1:16) grondig is, naamlik dat die Goddelike doel met die versoening en herstel van vrede was om die harmonie van die oorspronklike skepping te herstel, om alles in 'n nuwe eenwees te bring.

⁹⁸ Kyk Woordstudie.

⁹⁹ Kyk Woordstudie.

Dat die kerk 'n rol hierin te spele het, word geïmpliseer in die korrelasie tussen Kolossense 1:18a en Kolossense 1:20. Wanneer die vroeëre opmerkings oor die evangelie “soos dit in die hele wêreld (kosmos; my vertaling) vrug voortbring en verder versprei” (Kol 1:6; NAV) en die vroeëre opmerkings oor die “geheimenis” wat aan die nasies bekend gemaak word (Kol 1:27) in berekening gebring word, word die volgende duidelik : dit is deur die leef (Kol 1:10) en verkondiging (Kol 1:27) van die evangelie dat die kosmiese doel van die volmaakte versoening bereik word.

Hierdie visie is ontsaglik en eindeloos. Die aanspraak is oorweldigend. Dit sê baie van die geloof van hierdie eerste gelowiges dat hulle in Christus se dood en opstanding letterlik die sleutel tot die oplossing van die disharmonie in die natuur en die onmenslikheid van die mensdom moes sien. Ook dat die karakter van God se skepping en God se besorgdheid oor die heelal in sy volle uitdrukking vir hulle opgevang en omvat word deur die kruis van Christus. In 'n sekere sin nog meer treffend is die geïmpliseerde visie van die kerk as die fokus en middel tot hierdie kosmiese versoening. Dit is die kerk, as gemeenskap in wie hierdie versoening reeds plaasgevind het (of begin het om plaas te vind), wie se verantwoordelikheid dit is om dit uit te leef (kyk veral Kol 3:8-15) en die geheim van die versoening te proklameer (Kol 4:2-6)¹⁰⁰.

3.3.3.2.6 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 1:13-20

Daar kan moeilik verbeter word op Wright (1991:80) se samevatting van die betekenis van die belydenis in Kolossense 1:13-20. Volgens Wright gee die belydenis nie alleen aan die kerk 'n verhewe kyk op Christus en gevolglik op die mensdom nie, maar op God en sy wêreld. God, mens en wêreld kan nie verstaan word anders as in verhouding met Jesus Christus nie. Christus maak die onsigbare God sigbaar, Hy vervul die Vader se versoeningsdoel aan die kruis, Hy is die Vader se agent in skepping en verlossing. Hy is die ware mens en die ware beeld van God. Hy is die Here van die ou en nuwe

¹⁰⁰ Volgens Martin (1972:49-50) is dit moontlik om na Kolossense 1:15-20 op verskillende vlakke te kyk, te wete 1) as 'n Christologiese verklaring, 2) as 'n geloofsbelydenis binne 'n liturgiese of sakramentele konteks, en 3) as 'n pastorale konteks as 'n oproep tot etiese handeling. Volgens Fossum (1989:183-201) moet Kolossense 1:15-20 in die lig van Joodse mistisisme en gnostisisme verstaan word. Pollard (s.j:572-575), op sy beurt weer, oordeel dat Kolossense 1:15-20 geplaas kan word binne die raamwerk van verlossing en wysheid.

skepping, wat in Homself die begin van laasgenoemde is. Hy is die volmaakte Eersgeborene wie se volmaaktheid eendag gedeel sal word deur alles op die aarde en in die hemel. Dit is hierdie Here wat die Kolossense moet aanbid, na wie se beeld hulle vernuwe moet word (Kol 3:10) en eendag ten volle sal deel. Laasgenoemde is dan ook dit waarop Paulus fokus in sy toepassing van die belydenis in die res van die brief wanneer hy die kerk toespreek.

BELANGRIKE TERME: 'N WOORDSTUDIE

Die Seun is die beeld (εἰκὼν) van God (Kol 1:15; 3:10)

Die konsep beeld van God kom, volgens Clines(1993:426-428), in die Pauliniese literatuur in drie kontekste voor: met verwysing na Christus (Kol 1:15; 2 Kor 4:4; Fil 2:6;), met verwysing na mans (1 Kor 11:7), en met verwysing na Christene (Kol 3:10).

In die res van die Nuwe Testament kom die term slegs twee keer voor. In Hebreërs 1:3 word dit as verwysing na Christus gebruik, en in Jakobus 3:9 word dit gebruik met verwysing na die mensdom in die algemeen ('n gebruik van die konsep wat nader aan die Ou-Testamentiese verstaan daarvan is as wat Paulus dit aanwend).

Dis is interessant dat Paulus nooit die konsep beeld van God gebruik soos dit in Genesis aangewend word nie. Slegs in Jakobus word die Ou-Testamentiese verstaan van die begrip voortgesit. Vir Paulus het die frase belangrike Christologiese botone, veral binne die raamwerk van die nuwe Adam-tipologie¹⁰¹, en is dit nie verrassend dat hy dit reserveer vir die uitleg van die rol van Christus in die skepping en as uitdrukking van die Goddelike nie. Dit is verder begryplik dat die term in Kolossense verder uitgebrei word om te verwys na die nuwe mensheid wat in die proses van herskepping verkeer¹⁰².

In die Pauliniese corpus word die volgende terme gebruik wat verband hou met die begrip beeld van God: μορφή (Fil 2:6) wat met gestalte vertaal kan

¹⁰¹ Kyk Martin (1972:48) se bespreking van die vergelyking van Adam met Christus.

¹⁰² Kyk ook Konkel (1992:1-8), Johnson (1992:9-15) en Taylor (1992:16-32) se bespreking van die term "beeld".

word, εἰκὼν (Kol 1:15; 3:10; 1 Kor 11:7; 2 Kor 4:4;) wat met beeld vertaal kan word, χαρακτήρ (Heb 1:3) wat met afskynsel, afdruksel in die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal word en met ewebeeld in die Nuwe Afrikaanse Vertaling, en ὁμοίωσιν (Jak 3:9) wat met gelykenis in die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal word en met beeld in die Nuwe Afrikaanse Vertaling. Daar is nie werklik 'n duidelike verskil in betekenis tussen hierdie terme nie. Hierby kan gevoeg word die gebruik in die Nuwe Testament om die gelowiges as die beeld van God te beskryf deur ook van εἰκὼν gebruik te maak (kyk Rom 8:29; 1 Kor 15:49; 2 Kor 3:18; kyk Clines 1993:427).

Louw en Nida (1989a:65, 6.96) gee verskillende betekenismoontlikhede vir die term εἰκὼν: lyk na, 'n ooreenkoms hê met 'n persoon, god, dier, ewebeeld, beeld, van dieselfde vorm, patroon, verteenwoordiger van iets, of basiese eienskappe hê.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat Paulus die term op tweërlei wyse gebruik: eerstens om na die Seun (Christus) as beeld van God (Kol 1:15) te verwys, en tweedens om te verwys na die getransformeerde lewe van die gelowige (Kol 3:10).¹⁰³ Volgens Clines (1993:427) word daar, wanneer van Christus gepraat word as die beeld van God, verwys na die gedagte dat Hy die sigbare verteenwoordiger van God is. Dit wys egter nog meer na sy funksie as 'n uitdrukking van die Goddelike. Volgens Schweizer (1982:66) kan die konsep beeld in moderne terminologie as verteenwoordiger of manifestasie van God verstaan word. Christus is die openbaring van God. Hoe kan God geken word? Hoe kan kennis verkry of toegang verkry tot “this higher world”, wat toeganklik is vir die sintuie (Dunn 1996:87)? Volgens Dunn (1996:87) is die antwoord op hierdie vrae die term beeld (εἰκὼν) wat verskeie betekenisse omvat soos verteenwoordiger, spieëlbeeld en ewebeeld. O'Brien (1982:43-44), op sy beurt, noem dat Paulus, saam met ander Nuwe-Testamentiese skrywers (Joh 1:4; Heb 1:3), Christus identifiseer met die wysheid van God en ken aan Hom sekere aktiwiteite toe wat eienskappe is

¹⁰³ Hierdie faset van Paulus se teologiese nadenke in Kolossense sal volledig in Hoofstuk 4 beskryf word.

van gepersonifieerde Wysheid in die Ou-Testamentiese en Joodse literatuur. Die term beeld beklemtoon Christus se verhouding met God. Die term wys na sy openbaring van die Vader en sy vooraf bestaan, en word dus beide funksioneel en ontologies aangewend. In hierdie verband oordeel Flender (1971:287) dan ook dat daar geen verskil is tussen die beeld en die essensie (wese) van die onsigbare God nie. Die onsienlike God het Hom op 'n wonderlike manier in sy geliefde Seun bekend gemaak (Viljoen 2002:80). In die Persoon en optrede van die Seun word God die Vader sigbaar. Hierdie verhouding tussen die Vader en die Seun bepaal die hoë status van die Seun (Viljoen 2002:80). Bratcher en Nida (1977:22) vertaal εἰκὼν met sigbare ewebeeld. Die idee is dat, in Christus, die mens God kan sien, dit wat sy ware natuur en wese. As die mens wil weet hoe God is, kan maar net na Christus gekyk word (Gaukroger & Wood 2002:33). Hy is die refleksie van God, sy spieëlbeeld. Uit bogenoemde is dit duidelik dat verskeie woorde en beskrywings gebruik kan word om hierdie verhouding tussen God en Christus uit te druk. Nie een van hierdie terme kan egter die volledige prentjie van hierdie verhouding skets nie. Saamgevat sou ons egter kon sê: Jesus wys vir ons God.

Dat die Seun die εἰκὼν van God genoem word (2 Kor 4:4; Heb 1:3) bring twee sake na vore: Eerstens wil dit dat daar 'n intieme verband is tussen die wese van Christus en die wese van God. Christus word wel nie met God geïdentifiseer of uitdruklik God genoem nie, maar as beeld van God is Hy draer van die wese van God en is God in Hom teenwoordig. Hy het deel aan die wese van God. In die tweede plek is dit deur Hom, as beeld van God, dat God wat self nie gesien kan word nie, Homself openbaar en aan mense kenbaar maak. God as die Gans Andere is nie deur menslike waarneming of ondersoek kenbaar nie. Hy is alleen kenbaar deur sy selfopenbaring in sy Seun, sy beeld (Joh 1:18).

God lewer Homself egter nie hiermee aan die wêreld uit nie. Hy bly God en beskik self steeds oor hoe Hy Homself openbaar en wat Hy van Homself openbaar (Pelser 1983:276).

Volgens Martin (1972:45) is die heerlikheid van die evangelie opgesluit in die verklaring dat die Seun die beeld van God is. Hierdie uitdrukking bring iets na vore van die geestelike en onsigbare karakter van God (1 Tim 1:17; 6:16) en die dwaasheid van alle menslike pogings om 'n ewebeeld van God te maak in materiële vorm (Hand 17:29). Dit wil egter ook iets tot uitdrukking bring van die feit dat God se heerlikheid van Jesus Christus uitstraal (2 Kor 4:6) en dat God se natuur openbaar word in een volmaakte menslike lewe (Joh 14:9). In die hart van hierdie aanspraak lê die oortuigde handhawing dat Jesus Christus die Ware God is en ware mens, en so op 'n genoegsame wyse en finaal God se verborge Naam en sy geheime wese openbaar aan hulle wat bely dat Hy die Seun en Christus van God is (Matt 11:25-27).

Hy is die beeld of sigbare manifestasie van God, nie net omdat Hy soos God is of 'n boodskap van God bring nie, maar omdat Hy die objektivering is van God in menslike lewe, 'n sigbare uitdrukking van die onsigbare God. Dit is om hierdie rede dat die kerk Hom moet vereer.

Hy is die Eersgeborene (πρωτότοκος ; Kol 1:15)

Uit die staanspoor moet duidelik gestel word dat die term nie beteken dat Christus eerste van die skepsels is nie. So 'n interpretasie sou heeltemal vreemd wees aan die onmiddellike konteks van Kolossense 1:15, asook wat betref die konteks van die brief. Die woorde wat onmiddellik op hierdie term volg, en wat kommentaar lewe op die titel (ὅτι), beklemtoon dat die Seun die Een is deur wie alle dinge geskape is (Kol 1:16, 17). As beeld Christus se verhouding tot God beklemtoon, dui die term Eersgeborene op die Seun se verhouding tot die skepping.

Hierdie term word in die Nuwe Testament met verwysing na Christus in Kolossense 1:15 en 18, Romeine 8:29, 1 Korintiërs 15:20, Handeling 26:23 en Openbaring 1:5 gebruik. Die LXX se gebruik van hierdie term is die eerste en omvattende gebruik daarvan. Die term is verder die vertaling van die Hebreeuse בְּכֹרֶת (eersgeborene), en kom meestal voor in geslagsregisters en historiese narratiewe.

Die term word meestal aangewend om die fisiese aspek van 'n persoon of fisiese verwantskappe tot uitdrukking te bring (O'Brien, 1982:44; Boonzaaiër 2002:181). Behalwe die letterlike of fisiese aspek van die term het dit ook 'n verhoudingsaspek, ook genoem die oordraaglike of metaforiese gebruik van die term (Boonzaaiër 2002:181). Israel word byvoorbeeld genoem "My eersgebore seun" (Eks 4:22; Jer 31:9), 'n frase wat die intieme verhouding tussen God en Israel uitdruk. In die Judaïsme word die messiaanse koning, Israel, die patriarge en die Tora hierdie titel as 'n beklemtoning van vernaamheid gegee (O'Brien, 1982:44). Wanneer dié titel vir Christus gebruik word, eggo dit die woorde van Psalm 89:28: "Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde." Verskeie navorsers wys egter daarop dat hierdie titel nie net wys op Jesus Christus as die Messias uit die geslag van Dawid nie, maar ook op Christus as die Wysheid van God. Laasgenoemde hou verband met Christus as die beeld van die onsigbare God.¹⁰⁴

Met die metaforiese en verhoudingsaspek van die term, die konteks (Kol 1:13-20) en tekste soos Romeine 8:29 en Hebreërs 1:6; in gedagte, kan die term verstaan word as 'n uitdrukking van status en rangorde (vgl die vertaling van die NAV, te wete Hy is die Eerste, verhewe bo die hele skepping). Christus se magsposisie word uitgedruk, veral in die lig van die dwaling in Kolosse. In kort : dit druk Christus se uniekheid uit ten opsigte van sy funksie (Van der Watt 1988:29). Christus, as Seun en beeld van God, staan as Eersgeborene in 'n posisie van heerskappy en gesag, van prioriteit en superioriteit oor die hele skepping, want alles is deur Hom en vir Hom geskep (Kol 1:16; Du Plessis 1988:226-227; Müller 1958:56; Boonzaaiër 2002:184-187).

πρωτότοκος (Kol 1:18)

Soos die Seun die πρωτότοκος genoem word met betrekking tot die skepping, so ook met betrekking tot die herskepping, die opstanding uit die dood. Hy was die eerste wat uit die dood opgestaan het. Hy het die dood

¹⁰⁴ Die meeste navorsers verstaan hierdie term teen die agtergrond van die Judese wysheidspekulasies, ook genoem die Hellenistiese Judaïsme, en verwys na byvoorbeeld Spreuke 8:22 - 36 (kyk O'Brien 1982:44; Dunn 1996:87-90; Schweizer 1982:67-69). Kyk ook Helyer (1989:59-63) se verstaan van "eersgeborene van die skepping".

oorwin. Die opstanding is 'n soort hergeboorte en die Seun het dit eerste beleef (Roberts 1997:41) – dus kon Hy die eerste plek inneem. So is Christus die begin van die nuwe skepping, nie alleen in tydelike sin nie, maar in die betekenisvolle sin van bron en oorsprong en norm van die nuwe lewe. Kragtens sy opstanding beklee Hy die voorrang in gesag en mag, en staan sy soewereiniteit en heerskappy voorop (Müller 1958:60-61).

Die oorsprong (ἀρχή; Kol 1:18)

Die woord het verskeie betekenismoontlikhede soos begin, oorsprong, eerste en oorsaak. Volgens O'Brien (1982:50) het die term basies te make met voorrang in temporele sin (kyk Matt 19:4, 8; Joh 15:27; Hand 26:4; Heb 1:10; 2 Pet 3:4; 1 Joh 2:24) of met 'n verwysing na outoriteit en oppergesag (Rom 8:38; 1 Kor 15:24; Ef 1:21; 6:12).¹⁰⁵

Wanneer in Kolossense 1:18 van Christus gesê word dat Hy die begin of oorsprong is, beteken dit nie dat Hy die begin van God se skepping (vgl Op 3:14) of sy eerste oorsaak nie, maar die Een wie die Eersgeborene uit die dood is. Hy is die stigter van die nuwe wysheid. In Genesis 49:3 word die twee terme eersgeborene en begin saam gebruik om die eersgeborene te beskryf as die “stigter” van mense (vgl LXX, Deut 21:17; Rom 8:29; O'Brien 1982:1982:50, 51).

Christus is die eersteling (“first fruit”) wat die toekomstige opstanding van dié wat aan Hom behoort, waarborg (1 Kor 15:20,23). Daarom moet πρωτότοκος en ἀρχή saamgelees word as 'n eretitel vir Christus.

τῆς ἐκκλησίας (die kerk; Kol 1:18)

Die woord kan die betekenis hê van 'n gemeente van gelowiges wat wisselwerkende lidmaatskap impliseer (1 Kor 1:2); dit kan na kerk verwys (die totaliteit van die gemeentes van gelowiges; Matt 16:18), of verwys na 'n vergadering of byeenkoms (mense wat vir sosio-politieke aktiwiteite byeenkom).

¹⁰⁵ In Judaïsme word beide Wysheid en Logos die begin genoem (O'Brien 1982:50, verwysende na Filo, *Leg All*, 1:43).

Inherent verwys die term na 'n korporatiewe eenheid van hulle wat in Jesus Christus glo (Louw & Nida 1989a:126-127 en 133, kyk 11.32, 11.33, 11.78).

Die term was in algemene gebruik reeds lank voor die Christelike era en is gebruik met verwysing na 'n byeenkoms van persone saamgestel deur 'n gedefinieerde lidmaatskap. In algemene Griekse gebruik was dit normaalweg 'n sosio-politieke entiteit gebaseer op burgerskap van 'n stadstaat. In hierdie sin is dit 'n parallel van δῆμος (vergadering of byeenkoms). Dit is egter belangrik om die Nuwe Testamentiese gebruik van die term te verstaan as 'n byeenkoms of vergadering van God se mense (Louw en Nida 1989a: 126, 11.32)¹⁰⁶.

Liggaam (σώματος ; Kol 1:18, 24; 2:19; 3:15)

Hierdie studie is van oortuiging dat die Ou- en Nuwe Testament genoegsame inligting bevat om hierdie term te kan verstaan¹⁰⁷.

Saam met O'Brien (1982:49) is ek van mening dat dit nie seker is dat liggaam (σῶμα) oorspronklik na die kosmos verwys het nie. Daar is geen parallel hiervan in die Pauliniese corpus nie. Die poging om die kosmos as parallel te gebruik om die konsep liggaam ten opsigte van die kerk te probeer verklaar is ook nie oortuigend nie, aangesien ons hier met twee totaal verskillende entiteite te make het. Paulus het heel waarskynlik, in sy waarneming van die menslike liggaam besluit om dit as beeld te gebruik vir die gemeente en kerk. Die wyse waarop hy die beeld van die menslike liggaam in byvoorbeeld Kolossense 2:19 en 1 Korintiërs 12:12 - 31 gebruik om die werking van gemeente en kerk te beskryf is sprekend hiervan.

¹⁰⁶ Sien in hierdie verband O'Brien (1982:57-61) se uitgebreide bespreking van ἐκκλησία, veral sy gebruik van die LXX se vertaling. Vir interessantheid kan genoem word dat die Ou Afrikaanse vertaling ἐκκλησία net met gemeente vertaal, terwyl die Nuwe Afrikaanse Vertaling dit met beide gemeente en kerk vertaal.

¹⁰⁷ Hierdie studie neem kennis van die pogings deur navorsers om deur middel van agtergrondstudie die herkoms en betekenis van die term σώματος te bepaal (kyk Pokorný 1991:81-82; Barth & Blanke 1994:205-206; Schweizer 1982:69-70; O'Brien 1982:46-49; Dunn 1996:94-95; Boonzaaier 2002:199-207). Hierdie pogings is op hulle beste spekulasies gebaseer op hipoteses, en daar word in elke geval nie tot ooreenstemming gekom nie. Kyk ook Dunn (1994:163-181) se bespreking van die begrip "liggaam" in Kolossense.

In die Skrif word verskeie metafore gebruik om die kerk te beskryf, te wete kudde (1 Pet 5:2), gebou (1 Kor 3:9), bruid (Joh 3:29), en huisgesin van God (Ef 2:19). Die mees diepsinnige metafoor, wat nie 'n Ou Testamentiese ekwivalent het nie, is dié van die liggaam. Op verskeie plekke in die Nuwe Testament word oor die kerk as liggaam (σώμα) gepraat. Die kerk word onder andere beskryf as die liggaam van Christus (Kol 1:18, 24; 1 Kor 12:12, 27; Ef 1:23; 4:12; 5:23, 30) en as gelowiges wat tot een liggaam verenig is (Kol 3:15; 1 Kor 13:12-31; Rom 12:5; Ef 2:16; 3:16). Ook word daar met hierdie begrip verwys na die eenheid van die liggaam ((Ef 4:4) en dat die liggaam uit Christus groei (Kol 2:19; Ef 4:16).

Uit elke stam, taal volk en nasie het Christus met sy bloed mense vir God losgekoopt. Hy het hulle 'n koninkryk van priesters vir God gemaak. Hierdie mense is aan Christus verbind deur die geloof in Hom, in sy kruis en opstanding. Hierdie verbondenheid aan Christus word nou uitgedruk wanneer hierdie losgekoopte mense (die kerk) beskryf word as die liggaam van Christus.

Die kerk (gelowiges) is by Christus ingelyf. Wat met Christus gebeur het, het ook met hulle gebeur. Hulle het saam met Hom gesterf en uit die dood opgestaan. Daarom word hulle die liggaam van Christus genoem.

Hierdie beeld dui ook op die eenheid tussen die gelowiges en Christus, asook die gelowiges se verbondenheid aan mekaar as eenheid. 'n eenheid wat gestalte in verskeidenheid vind (vgl Gal 3:28; Ef 2:14; 3:6). Die term liggaam dra ook die beeld van 'n lewende organisme oor waarin die lede elk sy of haar eie plek en funksie het, onderling afhanklik van mekaar is en aan mekaar verbind is vir die welsyn van die geheel. Hierdie één liggaam én die afsonderlike lede ontvang hulle lewe en leiding van die Hoof van die liggaam.

Die liggaam het 'n heilige status voor God (vgl Kol 1:2; 3:12; Rom 15:16; Heb 10:10), beoefen die gemeenskap van die heiliges, en is besig met heilige dinge soos die Woord en sakramente en word deur 'n verskeidenheid van

ampte vir hulle dienswerk toegerus (Ef 4:12). Die liggaam groei uit Christus, groei ook na Christus toe (Ef 4:15, 16) en moet aan Hom vashou (Kol 2:19).

Die liggaam word ook deur Christus gebruik om die wêreld te bereik. Dit gaan nie net oor die handeling van die liggaam in die wêreld nie, maar ook in sy blote bestaan in die wêreld, in sy besondere aard, as 'n boodskap aan die wêreld¹⁰⁸.

Die hoof (κεφαλή ; Kol 1:18; 2:19)

Hierdie studie stel net belang in die gevalle waar Christus as Hoof van die liggaam (kerk) aangedui word. Ons vind in hierdie verband die volgende verwysings:

- God het Christus aangestel as Hoof van die kerk (Ef 1:22);
- gelowiges groei na Christus toe, want Hy is die Hoof (Ef 4:15);
- die man is hoof van die vrou, soos Christus Hoof van die kerk is (Ef 5:23);
- Christus is Hoof van die liggaam (Kol 1:18); en

iemand wat nie aan die Hoof, aan Christus, vashou nie (Kol 2:19).

Hoof, in die konteks van Christus as Hoof van die kerk, is volgens Louw en Nida (1989a:739, 87:51) 'n figuurlike uitbreiding wat beteken iemand wat die hoogste of voortreflikste status beklee in die lig van outoriteit om opdragte te gee. Bratcher en Nida (1977:25) sien die betekenis as mag, heers en outoriteit.

Du Plessis (1988:230) is van mening dat die hoofskap van Christus in Paulus se Christologie 'n besondere pregnansie het. Die eerste opvallende aspek van hierdie beeldspraak is die verskillende wyses waarop Paulus dit gebruik in Romeine en 1 Korintiërs, aan die een kant, en in Efesiërs en Kolossense aan die anderkant. In Romeine 12 en 1 Kor 12 is daar sprake van die verskillende ledemate van die liggaam waarvan die hoof een is. In Efesiërs

¹⁰⁸ Sien Roberts (1997:40), Heyns (1978:360-361), Müller (1958:60).

en Kolossense word die hoof egter teenoor die ledemate van die liggaam gestel.

Hierdie studie is van die oortuiging dat daar in Romeine 12 geen gronde is om te beweer dat die hoof een van die ledemate is nie. Die eenheid van die liggaam, die verskeidenheid binne die eenheid, die verskeidenheid van funksie van die baie lede en hul verantwoordelikheid word beklemtoon. Die eenheid word beskryf as een liggaam in Christus. Die term hoof word nie gebruik nie, en daar word nie enigsins daarna verwys nie.

In 1 Korintiërs 12 kan daar dalk rede wees om so 'n afleiding te maak na aanleiding van die uitdrukking “so ook Christus” (1 Kor 12:12). Groenewald (1958:478-479) is van mening dat, volgens die teksverband, Christus saam met sy gemeente een liggaam vorm waarvan Hy die Hoof is en die gelowiges die lede. Die verband is so innig dat die apostel korthedshalwe praat van Christus, bedoelende Christus saam met sy kerk as eenheid. Deurdat Paulus Christus in die plek van die kerk stel beteken dit geensins dat Hy hiermee te kenne gee dat die kerk gelyk is aan Christus nie. Dit gaan nie om 'n uitdrukking van identiteit nie, maar wel om die formulering van 'n intieme verbondenheid. Barret (1987:287-288) huldig dieselfde mening en is van mening dat dit nie verkeerd sou wees om die vers af te sluit met “so ook die kerk” nie. Dit is dan ook hoe die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1 Korintiërs 12:12 vertaal, te wete “so is dit ook met die liggaam van Christus”. Du Plessis moes hierdie verklaring in sy standpunt verreken het.

Dit is nodig om in gedagte te hou dat die verskil in die gebruik van hierdie beeld die gevolg is van die verskillende temas wat in die onderskeie tekste behandel word (bv die gebruik daarvan in Rom 12 en 1 Kor 12 teenoor Kol 1:18 en 2:19). Die bespreking in Kolossense hanteer nie die onderlinge verhouding tussen lidmate nie maar eerder die verhouding tussen die kerk en Christus. Dit is daarom ongegrond om hier te verwys na teenstrydighede.

Tereg merk Du Plessis verder op dat van nader beskou dit blyk dat Christus se hoofskap oor sy kerk twee gedagtes wil beklemtoon. Dit dui eerstens op sy heerskappy oor die gemeente, maar dit druk ook sy posisie uit as die Een wat

sy kerk in Homself saamsluit. Hy is die hart en die bron van sy gemeente. Hulle groei uit Hom, en na Hom toe (laasgenoemde my byvoeging), en is tegelyk op Hom gerig as doel van hulle lewe. Hy is die fokuspunt en integrasiepunt van sy kerk. Die “in Christus”-formule is ten nouste verbind met hierdie gedagte. In Hom word sy hele liggaam verteenwoordig. Die verhouding tussen Christus as hoof en sy gemeente as liggaam is veel meer as 'n blote organisatoriese verband.

In die lig van Efesiërs 5:23, waar Christus se hoofskap in verband gebring word met die verhouding tussen man en vrou, word dit duidelik dat sy Hoofskap op sy verlosserskap en sy offerbereidheid dui. Alle mag oor sy kerk berus by Christus en word deur Hom uitgeoefen. Hy beskik oor die wel en wee van die kerk. Hoof dui nie daarop dat Hy aan die kerk verbonde is soos 'n kop aan 'n liggaam nie, kontra Hume (1998:28).¹⁰⁹ Christus is die Hoof omdat Hy die oorsprong daarvan is. Hy is die oorsprong want Hy is die πρωτότοκος, die Een wat uit die dood opgestaan het (Pelser 1983:276). Sappington (1991:176) formuleer dit soos volg: Christus is die Hoof want Hy het voor die kerk bestaan; die kerk is in Hom, deur Hom en vir Hom geskep. Hy ondersteun en hou die bestaan van die kerk nou in stand sodat die kerk kom moet onderwerp aan die verlossingsdoel vir gelowiges.

Hier kan afgesluit word met Du Plessis se opmerking dat hierdie beeldspraak uitdrukking gee aan die gedagte van die kerk se afhanklikheid van Hom wat die Hoof is, sy solidariteit met Hom en sy (Christus) heerskappy oor die kerk én die hele wêreld¹¹⁰.

Eerste (πρωτεύων ; Kol 1:18)

¹⁰⁹ Hume (1998:28) beskou ook die hoof as deel van die liggaam. Volgens hom het die liggaam die hoof nodig om 'n geheel te vorm.

¹¹⁰ Du Plessis (1988:231) is korrek wanneer hy stel dat pogings om hierdie hoofskap terug te voer na gnostiese mitologie en vanuit die vroeë kerk se sakramentsbeskouing te verklaar nie gehandhaaf kan word nie. Die beeldspraak van 'n hoof as leidende en heersende orgaan was reeds in die Stoïsynse beeldspraak en by Filo bekend (kyk Lohse 1971:54; Pokorný 1991:82; O'Brien 1983:48,49; Boonzaaier 2002:199-204; Dunn 1996:94-95).

πρωτεύων (die praes part akt nom ml ekv van πρωτεύω) beteken om die eerste plek in te neem, met die implikasie van hoë rang en verhewendheid – 'n verhewe status of rang (Louw & Nida 1989a:738, 87.46). Hierdie woord kom net hier in die Nuwe Testament voor.

3.3.3.2.7 KOLOSSENSE 1:21-23: DIE VERSOENING IS VOLBRING EN WORD TOEGEPAS

Die vertaling van Kolossense 1:21-23 wat in hierdie studie gebruik sal word is soos volg: καὶ ὑμᾶς ποτε ὄντας ἀπηλλοτριωμένους καὶ ἐχθροὺς τῇ διανοίᾳ ἐν τοῖς ἔργοις τοῖς πονηροῖς νυνὶ δὲ ἀποκατήλλαξεν ἐν τῷ σώματι τῆς σαρκὸς αὐτοῦ διὰ τοῦ θανάτου, παραστήσαι ὑμᾶς ἁγίους καὶ ἀμώμους καὶ ἀνεγκλήτους κατενώπιον αὐτοῦ εἴ γε ἐπιμένετε τῇ πίστει θεμελιωμένοι καὶ ἑδραῖοι καὶ μὴ μετακινούμενοι ἀπὸ τῆς ἐλπίδος τοῦ εὐαγγελίου οὗ ἠκούσατε, τοῦ κηρυχθέντος ἐν πάσῃ κτίσει τῇ ὑπὸ τὸν οὐρανόν, οὗ ἐγενόμην ἐγὼ παῦλος διάκονος (Ook julle wat vroeër [voorheen] vervreem en vyandig was in gesindheid (denke) deur die bese werke het Hy nou versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en vlekkeloos en onberispelik voor Hom te stel as julle gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat wegbeweeg van die hoop van die evangelie nie wat julle gehoor het en wat verkondig is aan elke skepsel onder die hemel waarvan ek Paulus 'n dienaar geword het).

Die belydenis (Kol 1:13-20) word nou opgevolg deur 'n verklaring en toepassing van die belydenis. Die gemeente moet begryp wat dit beteken as hulle die belydenis as hulle eie aanvaar het (Viljoen 2002:85). Kolossense 1:21-23 en Kolossense 1:24-25 dien ook as oorgange na die liggaam van die brief. Dunn (1996:105) wys op die skarnierposisie wat 1:21-23 inneem, asook die wyse waarop dit vroeëre beklemtonings opneem: Kolossense 1:22a verwys terug na Kolossense 1:20, Kolossense 1:22b verwys terug na Kolossense 1:12b, Kolossense 1:21-22 verwys terug na Kolossense 1:13 en Kolossense 1:23 verwys terug na Kolossense 1:4-6. Die temas wat in Kolossense 1:21-23 na vore kom is die volgende: later in die brief ontwikkel

word: die tema van Kolossense 1:21-22 word weer in Kolossense 1:24-25 opgeneem, die tema van Kolossense 1:23a kom weer na vore in Kolossense 2:6-23, en die tema van Kolossense 1:23b word breedvoerig in Kolossense 3:1-4:1 uitgewerk. Hierdie temas hou direk verband met die lesers se posisie voor God en die gepaardgaande etiese implikasies daarvan.

Kolossense 1:21 begin met direkte spreke in die derde persoon met die emfatiese καὶ ὑμεῖς (ook julle). Met behulp van 'n kort tradisionele retoriese vorm (ποτε; vroeër, Kol 1:21 en νῦν; nou, Kol 1:22) word 'n skerp kontras getrek tussen die gemeente (gelowiges) se lewe in die verlede en hede. Vroeër was hulle ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, nou is hulle met Hom versoen. Hulle het voorheen 'n sondige lewenswyse gehandhaaf, nou is hulle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom gestel.

Soos alle ander mense het hulle hulleself ver van God af verwyder deur hulle vyandige gesindheid. Hierdie gesindheid het hulle totale menswees geraak. Hulle gedagtes was vol van bose dade wat tot uitdrukking gekom het in 'n totaal sondige lewenswyse en nie slegs enkele dade nie. Hulle het hulleself van God verwyder, maar God het hulle na Hom toe gebring. Die wyse waarop Hy dit gedoen het was om hulle met Homself te versoen deur sy Seun vir hulle te laat sterf. (“het Hy nou versoen en in die liggaam van sy vlees deur die dood”). Deur hierdie uitdrukking word beklemtoon dat die versoening nie deur geestelike wesens bewerk is nie, maar deur 'n liggaam van vlees en bloed wat Jesus gehad het¹¹¹. Die versoening van die kerk is bewerk slegs deur die prys van ware inkarnasie en 'n realistiese dood. Dit spreek op 'n treffende wyse van Jesus se identiteit in verhouding tot mense en sy onderwerping aan die dood in 'n menslike liggaam (Martin 1985:67).

Volgens Kolossense 1:22 geld hierdie versoening nou ook vir hulle (die Kolossense). Hulle lewe van toe en nou verskil soos dag en nag. So totaal sondig as wat dit was, so totaal nuut is dit nou. Die doel van die versoening is om hulle “heilig”, “sonder smet” en “onberispelik” voor Hom te stel. Hierdie

¹¹¹ Kyk Ou Afrikaanse Vertaling met verklarende aantekeninge.

terme dui op volkomeheid (vgl Kol 1:28; kyk Ekskurs IV). In werklikheid is hulle dit alreeds voor God, dit is wat Hy van hulle in Christus gemaak het en dit is hoe Hy hulle beskou. Hierdie terme herinner aan offerterminologie (vgl Heb 12:2; 1 Pet 1:19; 1 Pet 2:5). Waarskynlik is die implikasie dat dit nie net is wat God van hulle gemaak het nie, maar dat hulle self ook hulle lewe as so 'n offer aan God moet wy.

Dit kan gebeur as hulle aan 'n belangrike vereiste en voorwaarde voldoen (Kol 1:23). In die woorde van Roberts (1997:50) en Viljoen (2002:86): as dit van die gelowiges waar is, is die konsekwensie dat hulle in hulle geloof sal bly (Kol 1:23a) en nie sal toelaat dat hulle losgeruk word van die hoop wat in hulle gewek is deur die evangelie wat hulle gehoor het nie. Die implikasie is dat hulle 'n lewe van geloof en hoop sal leef, 'n lewe waardeur hulle dit wat God van hulle gemaak het elke dag in hulle lewe 'n werklikheid sal laat wees. Hulle is reeds in die versoening verander, hulle moet nou daarin leef (Kol 1:5, 6; kyk ook Pelsers 1983:227).

Hierdie evangelie het reeds wêreldwye gehoor en ontvangs geniet (Kol 1:5-6). Dit kan hulle aanvaar op gesag van die apostel wat alles prysgegee het om 'n dienaar van hierdie evangelie te word.

3.3.3.2.7.1 SAMEVATTING – DIE BELYDENIS (KOL 1:13-20) EN VERSOENING EN TOEPASSING (KOL 1:21-23): TEOLOGIESE, CHRISTOLOGIESE EN ETIESE IMPLIKASIES

Soos vroeër aangetoon dien die belydenis in Kolossense 1:13-20 as matriks vir die hele Kolossense brief. Die interpretasie van die brief se boodskap moet vanuit hierdie belydenis gedoen word aangesien die essensiële temas wat in die res van die brief behandel word 'n voortbouing is op temas wat in die belydenis aan die orde gestel is.

Dit is vir hierdie studie belangrik om die teologiese, Christologiese en etiese implikasies van die belydenis te presiseer aangesien die studie op *die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense fokus*.

Die teologie in die belydenis is in wese Christologie. God se heilshandeling word geopenbaar in en deur sy Seun Jesus Christus. Die Seun is die volkome openbaring van God self. Hy is die sigbare beeld van die onsigbare God.

Die Seun beklee 'n unieke status. Hy is die Eerste, verhewe bo alles. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Hy was voor alles daar. Deur Hom hou God alles in stand. Die Seun is die skeppingsmiddelaar by uitnemendheid.

Soos die Seun die “Eerste” genoem word met betrekking tot die skepping, so ook wat betref die herskepping, die opstanding uit die dood. Sy opstanding uit die dood is die begin van die nuwe skepping, die oorsprong van die kerk. Hy is die hoof van die liggaam, die kerk.

Dit was God se besluit om deur die Seun alles met Homself te versoen. God het dit bewerkstellig deur met sy volheid in Christus te woon. Hierdie versoening is bewerk deur die kruisdood van die Seun.

Hierdie versoening geld ook vir die gemeente. Hulle is uit die mag van die duisternis geruk en onder die heerskappy van die Seun geplaas. God het hulle na Hom toe gebring. Deur die Seun het hulle verlossing ontvang deur die vergifnis van hulle sonde. In Christus het hulle 'n nuwe posisie of status van God ontvang. Hulle is nuut gemaak (herskep), hulle het 'n nuwe lewe ontvang.

Hierdie nuwe status en lewe moet geleef word. Die gemeente is opgeroep tot 'n Christelik-etiese lewe, 'n lewe as offer aan God gewy. Dit kán gebeur as hulle aan 'n belangrike voorwaarde voldoen, naamlik om vas en seker te bly staan in die geloof en hulle nie laat losruk van die hoop wat in hulle gewek is deur die evangelie nie.

Die implikasie is dus 'n lewe waardeur hulle dit wat God in en deur Christus van hulle gemaak het, elke dag in hulle lewe 'n werklikheid moet laat word. Hulle is reeds deur die versoening verander, hulle moet nou daarin leef.

3.3.3.2.8 KOLOSSENSE 1:24-2:5: PAULUS SE BEDIENING EN LYDING VIR KERK EN EVANGELIE

Alhoewel hierdie gedeelte die laaste oorgang na die liggaam van die brief, en Pokorný (1991:59) dit as 'n afwyking in 'n sekere sin beskou, is dit 'n belangrike deel om die lesers ontvanklik te maak vir die boodskap wat volg en hulle gemoed oop te stel vir die waarskuwing teen die gevaar van misleiding (Viljoen, 2002:86; en Roberts 1997:61; kyk ook § 2:4). Die gedeelte dien verder, deur te verwys na Paulus se eie lyding, as aansporing en versterking van die Kolossense en ook alle gelowiges se geloof (vgl Kol 2:1).

Van der Watt (1988:46) merk in hierdie verband op dat Paulus heel waarskynlik nie die gemeente persoonlik geken het nie, en daarom vrae oor sy persoon en boodskap by die gemeente kon bestaan het. Paulus verduidelik daarom hierdie sake aan die gemeente. Hy is apostel vir almal (Kol 1:28) en dus ook vir die Kolossense. Hierdie gedeelte se inhoud het dus as funksie om die res van die brief geloofwaardig te maak aangesien die skrywer die boodskapper van God is wat net Christus verkondig. Hierdie gedeelte bevat dan ook Christologies-etiese uitsprake wat vir hierdie studie van belang is.

Kolossense 1:24 sluit nou aan by Kolossense 1:23 waar Paulus sê dat hy δίακονος (dienaar) van die εὐαγγελίου (evangelie) geword het. In Kolossense 1:24-25 word verduidelik wat dit presies impliseer, daarom die voortsetting van die persoonlike noot waarmee 1:23 afsluit.

Die meeste navorsers is dit eens dat Kolossense 1:24-2:5 'n eenheid vorm (kyk Pokorný 1991:95; Barth & Blanke 1994:251; O'Brien 1982:73; Martin 1985:69; Wright 1991:86; Roberts 1997:54). Van der Watt (1988:36-47) deel Kolossense 1:24-2:5 in twee perikope op, te wete Kolossense 1:24-2:3 en Kolossense 2:4-7 as 'n volgende perikoop. Wall (1993:83) sien Kolossense 1:23-2:3 as 'n eenheid op grond van die literêre verband tussen die belydenis (Kol 1:13-20) en Paulus se "selfverdediging" (Kol 1:23-2:3) wat deur Kolossense 1:23 aangedui word. Müller (1958:68) beskou Kolossense 1:24-2:3 ook as 'n selfstandige eenheid.

In sy semantiese redevoeringsanalise van Kolossense, maak Van der Watt 'n sterk saak uit vir sy indeling. As motivering vir die begin van die perikoop wys hy daarop dat Kolossense 1:21-23 se onderwerp heeltemal verskil van die

van Kolossense 1:24a. Dit alleen, volgens hom, is al genoeg rede om 'n breuk tussen Kolossense 1:23 en Kolossense 1:24 aan te toon. Wat die einde van die perikoop betref is die saak egter nie so eenvoudig nie. Die strukturele verbinding van Kolossense 2:1-3 met die voorafgaande is genoeg rede om Kolossense 2:4-7 as 'n afsonderlike perikoop te sien. Daarby word die eerste verwysing na die misleiding deur die dwaalleraars (παραλογίζηται, πιθανολογία) in Kolossense 2:4 gevind. Ewe-eens verskil Kolossense 2:7 en Kolossense 2:8 in die sin van mekaar dat Kolossense 2:8 struktureel heg verweef is met Kolossense 2:9-20. Daarbenewens begin Kolossense 2:8 met 'n waarskuwing, terwyl Kolossense 2:6-7 'n bemoedigende vermaning bevat.

Van der Watt se analise toon aan dat Kolossense 2:4-7 as die wentelpunt van die brief beskou kan word. Verskillende aspekte van die inhoud van die hele brief kom hier ter sprake. In hierdie gedeelte is daar, deur die gebruikmaking van spesifieke woorde en temas, verwysings na feitlik die res van die brief. Deur hierdie gedeelte te lees kry 'n mens derhalwe 'n tipe samevatting van die hele brief (Van der Watt 1988:48).

Wat die indeling van Kolossense 1:24-2:5 betref verskil navorsers ook van mekaar. Sommiges deel dit in twee hoofdele in, te wete Kolossense 1:24-29 en Kolossense 2:1-5,¹¹² en ander in drie hoofdele¹¹³. Carson (1979:49-60) deel die perikoop in vier hoofdele in¹¹⁴. Al hierdie indelings het hulle meriete.

Omdat hierdie studie 'n tematiese benadering volg is die hoofindelings van die brief nie dwingend noodsaaklik nie. Daar word egter wel gekies om met Kolossense 1:24-2:5 as 'n eenheid te werk.

¹¹² Kyk byvoorbeeld Wright (1991:87-96), Martin (1985:67-77), Schweizer (1982:98-121), O'Brien (1982:73-100) en Pokorný (1991:95-108). Van der Watt (1988:36-56) se indeling bestaan uit Kolossense 1:24-29 en Kolossense 2:1-3 (kyk ook Müller 1958:68-80). Hendriksen (1979:86-94) se benadering van die perikoop is heelwat anders deurdat hy dit in Kolossense 1:24-29 en Kolossense 2:1-10 opdeel. MacArthur (1992:69-93) weer werk met Kolossense 2:24-29 en Kolossense 2:1-7 as indeling.

¹¹³ Roberts (1997:54-62), as voorbeeld, deel die perikoop in Kolossense 1:24-29, Kolossense 2:1-3 en Kolossense 2:4-5 in.

¹¹⁴ Kolossense 1:24-25; Kolossense 1:26-28, Kolossense 1:29-2:5 en Kolossense 2:6-7 (kyk Carson 1979:49-60).

3.3.3.2.8.1 DIE BOODSKAP VAN KOLOSSENSE 1:24-2:5

In die lig van die situasie in die gemeente van Kolossense was dit vir Paulus noodsaaklik om homself te verweer en sy bediening te regverdig. Paulus lewer 'n pleidooi vir die vashou aan die waarheid van die apostoliese evangelie. Dit is 'n oproep tot lojaliteit. Maar die lojaliteit tot die evangelie wat Paulus verkondig kan nie van hom as persoon of sy amp as apostel geskei word nie. Op hierdie manier word die Kolossense genooi om die apostel se roeping, die inhoud van sy bediening en die doelwitte wat hy genoodsaak voel om na te streef te ondersoek en die ware tekens van God wat aan die werk is in die persoon van die apostel te herken.

3.3.3.2.8.1.1 KOLOSSENSE 1:24A: NOU VERBLY EK MY¹¹⁵ IN DIE LYDING VIR (TER WILLE VAN) JULLE

Paulus se bedieningsgesindheid word duidelik sigbaar in Kolossense 1:24a. Hy verbly hom in (op grond van) die lyding wat hy moet verduur. Om ter wille van Christus te ly is deur die vroeë kerk as 'n voorreg beskou (Hand 5:41; Fil 1:29).

Waarom was lyding ter wille van Christus en die evangelie 'n rede tot blydschap? Die Nuwe Testament gee die volgende redes: Lyding bring 'n gelowige nader aan Christus (Fil 3:10); lyding verseker die gelowige dat hy/sy aan Christus behoort (Matt 10:24; Joh 15:18; 2 Tim 3:12; 1 Pet 4:4); lyding bring 'n toekomstige beloning (Rom 8:17-18; 2 Kor 4:17); en gelowiges se volharding in die geloof te midde van lyding kan ander tot geloof bring (Fil 1:18; 2:17; Hand 16:25; MacArthur 1992:75).

Paulus verbly hom in sy lyding omdat dit sy apostelskap bevestig. Hy aanvaar egter nie net bloot sy lyding as 'n onafwendbare deel van sy roeping nie, maar verbly hom daarin omdat dit ter wille van die kerk en deel van die Goddelike doel is waarin hy (en ook elke gelowige) sy deel kan vervul. Paulus sien homself as 'n lydende en gehoorsame dienaar van Christus (Kol 1:23, 25, Hand 9:16; Rom 9:3; vgl ook Mark 8:34-38; 1 Pet 2:21-25).

¹¹⁵ Feitlik alle Nuwe-Testamentici, behalwe Van der Watt, vertaal τοῖς παθήμασιν met “my lyding” in stede van “die lyding”. Tekstgetuie wat hierdie variante lesing ondersteun is die volgende: (παθήμασιν) ^T μου² 81.323.326, κ² 629.1241⁸, 2464 en pc vg ^{mun} Chr. Die besittlike voornaamwoord “my lyding”, oordeel Barth en Blanke (1944:253) kom slegs voor in enkele minder belangrike manuskripte. Die “my” is waarskynlik 'n latere byvoeging tot die oorspronklike teks, en pas goed in by die skrywer se bedoeling.

Volgens Schweizer (1982:100) stel 2 Korintiërs 1:3-11 dit duidelik in watter sin lyding ter wille van die gemeente kan wees. In die eerste plek het Paulus self bemoediging in sy lyding nodig, en so het hy geleer hoe om te bemoedig. Tweedens leer lyding die gelowige om op God, wat dooies opwek tot die lewe, te vertrou. Laastens laat dit Paulus groei in die gemeenskap van intersessie en dankbetuiging saam met die gemeente. Bykomend herinner 2 Korintiërs 11:23 en 27-29 (ook Kol 1:29) aan al die ontberings wat betrokkeheid by die gemeente tot gevolg het. Hierby kan gevoeg word dat, volgens 2 Korintiërs 4:7-15, slegs in die swakheid van die boodskapper die krag van Christus en die heerlikheid van God sigbaar kan wees sonder dat dit deur die menslike prestasie oorskadu word.

O'Brien (1982:77) is korrek wanneer hy stel dat Kolossense 1:24a nie eksplisiet noem op watter wyse Paulus se lyding ter wille van die Kolossense (ὕπὲρ ὑμῶν) is nie. Om te bepaal hoe Paulus se lyding “ter wille van” die Kolossense was, moet daar na Kolossense 1:24b gekyk word.

3.3.3.2.8.1.2 KOLOSSENSE 1:24B: EN EK VUL¹¹⁶ AAN DIE OORBLYFSELS¹¹⁷ VAN DIE VERDRUKKINGE¹¹⁸ VAN CHRISTUS IN MY VLEES¹¹⁹ TER WILLE VAN SY LIGGAAM WAT DIE KERK IS WAARVAN EK 'N DIENSKNEG GEWORD HET

Kolossense 1:24 is sedert die vroegste tye 'n “exegetical crux” (O' Brien (1982:75). Dit wil voorkom asof Kolossense 1:24 bepaalde gedagtes uitdruk wat nie alleen verder gaan as Paulus se ander stellings oor dieselfde saak nie, maar ook geen parallel in die res van die Nuwe Testament het nie. Kolossense 1:24 roep verskeie vrae na vore. Wat is Paulus se lyding en hoe kan dit 'n rede wees vir blydskap? In watter sin is sy lyding ter wille van die

¹¹⁶ Louw en Nida (1989a:598, 59.34) vertaal ἀναπληρῶ as “om iets te voltooi deur by te voeg wat nog kort kom”, “om vol te maak” of “om volledig te maak”.

¹¹⁷ Die meeste navorsers vertaal ὑστερήματα met “wat ontbreek”. Dit wat ontbreek is dit wat essensieel en nodig is (kyk Louw & Nida 1989:562, 57.38).

¹¹⁸ Die woord θλίψεων word nooit in die Nuwe Testament gebruik om na die lyding van Christus aan die kruis of na sy lyding in die algemeen te verwys nie. Woorde soos πάσχω, πάθημα en παθητός word hiervoor gebruik. Hierdie uitdrukking bevat verskeie eksegetiese probleme wat verder bemoelijk word met die gebruik van die dubbele genitief. Die gevolg hiervan is 'n verskeidenheid van interpretasies (kyk Barth & Blanke 1994:254-256).

¹¹⁹ σαρκί μου verwys na Paulus se liggaamlike lyding (vgl 2 Kor 4:10; 11:23-27; Gal 6:17).

liggaam van Christus en spesifiek die Kolossense, 'n gemeente wat hy nie gestig of besoek het nie? Wat word bedoel met die uitdrukking “die verdrukking van Christus?” Hoe kan sinvol verduidelik word wat “die oorblyfsel/wat ontbreek van/in die verdrukkinge” beteken? Hoe kan Paulus of ander gelowiges, indien dit op hulle van toepassing is, dit wat ontbreek aanvul?¹²⁰

Navorsers is eens dat “dit wat ontbreek in die verdrukking van Christus” nie beteken dat die verlossende lyding van Christus nie volkome was nie. Sy lyding en sterwe was genoegsaam, soos dit reeds duidelik in die belydenis (Kol 1:13-20) blyk (vgl Kol 2:13, 14; Ef 2:1-7). Roberts (1997:58) meld verder dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) hierdie moeilike uitdrukking waarskynlik korrek vertaal: “Ek is nou bly oor al die lyding wat ek ter wille van julle moes verduur, want die vervolging van Christus het nog nie geëindig nie. Ek verduur my deel daarvan”. Wat Paulus in die uitvoering van sy roeping aan sy liggaam verduur sien hy as voltooiing van wat Christus gely het. Christus het vir die kerk gely, so ly Paulus ook vir die kerk wat die liggaam van Christus is. Omdat Christus opgewek is uit die dood en nou heers in die ryk van die lig, ly Hy nie meer nie. Sy werk word egter deur die apostel voortgesit en dit impliseer lyding vir die kerk, net soos Christus vir die kerk gely het. Die lydingsdimensie van Paulus se bediening word hier duidelik aangedui.

As samevatting van Kolossense 1:24 (en in aansluiting by Roberts), is Du Plessis (1993:1853) se verduideliking van hierdie vers 'n interpretasie wat sin maak: As Paulus sê dat hy deel het aan Christus se lyding wil hy nie daardeur te kenne gee dat Christus se lyding onvoldoende was om ons te red nie. Hy bedoel ook nie dat elke gelowige 'n vasgestelde “hoeveelheid” lyding moet verduur nie. Al wat hy wil sê is dat 'n mens onvermydelik gaan ly as jy die evangelie van Christus in die wêreld wil uitleef en verkondig. Hierdie lyding word dan aan Christus se lyding gekoppel omdat gelowiges in 'n besondere verhouding met Hom staan. Christus beleef ons lyding saam met

¹²⁰ Kyk O'Brien (1982:77-78) vir 'n bespreking van sommige van die vrae hier gestel.

ons. Ons kan dit met blydschap verduur omdat ons lewens daardeur verander word en mense na God se koninkryk gebring word (vgl 1 Pet 4:1-2; 12-19).

3.3.3.2.8.1.3 KOLOSSENSE 1:25

Waar Paulus in Kolossense 1:23 na homself verwys as 'n dienaar (διάκονος) van die evangelie, sê hy hier hy is 'n dienaar διάκονος van die kerk. Hy is dit met die opdrag van God (vgl Gal 1:1).

Oor die uitdrukking κατὰ τὴν οἰκονομίαν τοῦ θεοῦ (volgens die bediening van God) is daar onder navorsers nie volkome eenstemmigheid nie, spesifiek ten opsigte van die woord οἰκονομία¹²¹.

Die Kolossense (εἰς ὑμᾶς) is ingetrek by hierdie bedieningsopdrag van Paulus, dit is tot hulle voordeel, en met die bedieningsdoel om die woord van God (πληρῶσαι),¹²² wat dan beteken die volle omvang (inhoud) van die evangelie, wat dit alles behels, sy konsekwensies en implikasies, aan hulle te verkondig. Hierdie interpretasie sluit duidelik aan by Kolossense 1:26-29.

3.3.3.2.8.1.4 KOLOSSENSE 1:26-27

Die boodskap (λόγος τοῦ θεοῦ,) wat Paulus ten volle moes verkondig word nou as 'n geheimenis (μυστήριον) gedefinieer. Hierdie geheimenis word by wyse van 'n “openbaringspatroon”, wat heel moontlik in die primitiewe Christelike prediking gebruik is en die bedoeling het om 'n kontras te stel deur die gebruik van antitetiese parallelismes in Kolossense 1:26 soos volg gestel: die geheimenis wat eers verborge was, is nou geopenbaar (O'Brien, 1982:83; vgl Rom 16:25-27; 1 Kor 2:6-10; Ef 3:3-11). Die woord μυστήριον (geheime-

¹²¹ Volgens Louw en Nida (1989a:358, 30.68) kan οἰκονομία “plan” beteken (kyk ook O'Brien 1982:81-82; Barth & Blanke 1994:258-259; Wright 1991:90; Schweitzer 1982:106; Martin 1985:71; Hume 1998:34-35). In die Nuwe Testament verwys dit na God se verlossingsplan (vgl 1 Tim 1:4; Ef 3:9). Die woord kan ook “taak”, “opdrag” of “verantwoordelikheid” beteken met verwysing na bestuur en organisasie (vgl 1 Kor 9:17; Ef 1:10, 3:2).

¹²² O'Brien (1982:83) verstaan πληρῶσαι as die dinamiese, effektiewe proklamasie van die evangelie in die krag van die Gees. Schweitzer (1982:106) oordeel dat die term verwys na 'n definitiewe voltooiing in die sin dat 'n doelwit bereik is. Hume (1998:35) weer oordeel dat die evangelisering van die heidene gesien kan word as die vervulling van die evangelie.

nis) was gebruik in 'n verskeidenheid kontekste in die Griekse en Hellenistiese wêreld. Die Pauliniese gebruik daarvan moet egter eerder teen die Joodse en Ou Testamentiese agtergrond daarvan verstaan word (Roberts 1997:57; O'Brien 1982:84).¹²³.

Hierdie geheimenis, sê Paulus, is Christus (Kol 1:27; 2:2; 4:3)¹²⁴. Wright (1991:91) is daarom korrek wanneer hy oordeel dat hierdie geheime plan van God vir Paulus nie 'n tydskedule van gebeurtenisse is nie, maar 'n Persoon. Hier word die implikasies van die Christologie van Kolossense 1:13-20 duidelik. Alles wat God van die begin af beplan het om te doen het Hy gedoen, en is Hy besig om in Christus te doen ter wille van sy mense.

Die geheimenis is God se geheime plan wat deur die “heiliges” van ouds verwag is in die vorm van visioene en simbole (vgl 1 Kor 2:7), en nou aan al die gelowiges (heiliges, kyk Kol 1:2, 4, 12) geopenbaar is. Die geheimenis het dus nie hier te make met gebeure in die toekoms nie, maar verwys na God se beslissende optrede in Christus in die hier en nou. Die term nou ($\nu\tilde{\upsilon}\nu \delta\grave{\epsilon}$) dui op 'n dramatiese wending in gebeure, van God se openbaring van sy plan en dan bepaald in die Nuwe Testamentiese tyd (vgl Gal 4:4). Die term *nou* ($\nu\tilde{\upsilon}\nu \delta\grave{\epsilon}$) dui ook daarop dat die terme eeue ($\alpha\iota\acute{\omega}\nu\omega\nu$) en geslagte ($\gamma\epsilon\nu\epsilon\tilde{\omega}\nu$) temporeel verstaan moet word, verwysende na die tyd van die Ou Testament en sy mense. Die geheimenis was dus vir eeue en baie mensegeslagte lank verborge.¹²⁵ Die konteks van Kolossense 1:26 bevestig hierdie interpretasie. In kort: die geheimenis is Paulus se bedieningsonderwerp.

¹²³ Volgens Barth en Blanke (1994:261-262) is daar verskeie voorbeelde van die profane gebruik van $\mu\sigma\sigma\acute{\tau}\eta\rho\iota\upsilon\nu$ in buite Bybelse Griekse teks en die LXX, en Kolossense se gebruik van hierdie term hieraan ontleen is.

¹²⁴ In Kolossense 4:3 word die sleutelwoord $\mu\sigma\sigma\acute{\tau}\eta\rho\iota\upsilon\nu$ weereens gebruik om God se verlossingsplan aan te dui wat in Christus gesentreer is, met 'n spesiale verwysing na die heidene (vgl Rom 16:25).

¹²⁵ Hierdie terme moet nie soos O'Brien (1982:84) en Carson (1979:53) verstaan word as die “heersers van hierdie wêreld” nie (vgl 1 Kor 2:8). Kyk Barth en Blanke (1994:262-264) vir 'n breedvoerige bespreking.

Dit was die wil van God om die geheimenis aan die gelowiges bekend te maak. Die werkwoord bekendmaak (γνωρίσαι) in Kolossense 1:27 (vgl Kol 1:16) hervat die ἐφανερώθη (openbaar is) van Kolossense 1:26. Meer bepaald wil God bekendmaak wat die rykdom (πλοῦτος) van die heerlijkheid (δόξης) van hierdie geheimenis is.

Verskeie kenmerke van hierdie geheimenis word voorgehou. Eerstens is dit luisterryk, verhewe, oorvloedig in elke opsig soos dit beskryf word met die woord heerlijkheid (δόξα). Die rykdom (πλοῦτος) van hierdie heerlijkheid is vir Paulus 'n term om die wese van Christus, God se werk in Christus, en die eskatologiese situasie van die kerk, aan te dui (O'Brien 1982:86; vgl Rom 2:4; 9:23; 10:12; 11:33; Fil 4:19; kyk ook Ef 1:7, 18; 2:7; 3:8, 16). In Kolossense en Efesiërs is die "rykdom van God" 'n prominente idee wat dui op sy oorvloedige verlening van sy seën in Christus (vgl Kol 2:2; kyk ook die sinonieme term "skatte" [θησαυροὶ] in Kol 2:3). In Kolossense 1:27 word "rykdom" en "heerlikheid" saam gebruik om te wys op die geweldige grootheid van die geheimenis (O'Brien 1982:86).¹²⁶ Waarskynlik is die term δόξα (heerlikheid) deur die vertalers van die LXX gebruik om die Hebreeuse woord דָּבָר te vertaal, wat gewoonlik verwys na God se grootsheid of heerlijkheid. Só wou Paulus beklemtoon dat hierdie geheimenis deel is van God se karakter (O'Brien 1982:86).

Die tweede kenmerk van hierdie geheimenis is dat God uit genade gewil het om dit "onder die heidene" (ἐν τοῖς ἔθνεσιν)¹²⁷ bekend te maak. Die profete van die Ou Testament het uitgesien na die verlossingsdoel van God waarin die heidene, saam met Israel, ingesluit sou word (vgl Jes 11:10; 49:6; Rom 15:9-12). Die wyse waarop hierdie doel ten uitvoer gebring sal word (die inlywing van beide Jood en heiden in die liggaam van Christus), was nie bekendgemaak nie. Dit het 'n geheimenis gebly tot die tyd van vervulling en

¹²⁶ Hierdie twee terme word dikwels saam in die Ou Testament genoem (vgl LXX Gen 3:16; 1 Kon 3:13; 1 Kron 29:28).

¹²⁷ Feitlik al die geraadpleegde bronne is dit eens dat die voorsetsel ἐν hier met onder vertaal behoort te word (vgl Kol 1:6).

Paulus, as apostel vir die heidene en bedienaar van hierdie geheimenis, het die voorreg om die wonder daarvan aan sy lesers of hoorders bekend te maak (O'Brien 1982:86). Daar is nou geen onderskeid meer tussen gelowige Jood en gelowige nie-Jood nie (vgl Gal 3:14, 26-29; 5:6; Ef 2:11-3:20).

Die derde kenmerk van die geheimenis is die inhoud daarvan, te wete “dit is Christus in julle” (ὁ ἔστιν Χριστὸς ἐν ὑμῖν). Alhoewel die voorsetsel ἐν (in) hier “onder/tussen” (ἐν τοῖς ἔθνεσιν) of “in” kan beteken, ondersteun hierdie studie die interpretasie van O'Brien (1982:87; kyk ook MacArthur 1992:78; Wright 1991:92; Hughs 1989:48; Lucas 2000:74-75; Wall 1993:93-94) wat ἐν hier met “in” vertaal.¹²⁸ Die geheimenis is “onder” die heidene verkondig en in Kolosse is dit geglo (vgl 1 Tim 3:16). Christus is aan hulle verkondig deur Epafras en hulle het Hom as Here aangeneem (Kol 2:6). Daarom is Christus “in” hulle¹²⁹ en nie maar net “onder” hulle nie. Dit dui op die inwoning van Christus in die gelowige.

EKSKURS III: “IN CHRISTUS”

Die formulering van die Christologiese kern van die evangelie “Christus in julle” is 'n omgekeerde formulering van “in Christus” (Kol 1:2, 28; vgl Rom 8:1; 16:7; 1 Kor 1:30). Hierdie studie beskou dit as belangrik om aan hierdie interessante en betekenisvolle voorkoms van “in Christus” aandag te gee aangesien dit die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense direk raak.

Die uitdrukking “in Christus”, het ons reeds gesien (kyk § 3.3.2.6.5), beskryf die besondere eenheid tussen Christus en die gelowiges vir wie Hy gesterf en opgestaan het. Hulle deel ten volle in dit wat Hy vir hulle gedoen het en wat met Hom gebeur het. Die voorsetsel ἐν (in), in hierdie geval, is eerstens 'n

¹²⁸ Barth en Blanke (1994:265), Hume (1998:36), en Pokorný (1991:103) verkies om in albei gevalle ἐν met “onder” te vertaal. Schweizer (1982:109) bespreek nie die vertalingsmoontlikhede nie, maar gebruik die “Christus in julle” uitdrukking en stel dat hierdie uitdrukking hier nie 'n willekeurige (“arbitrary”) gebruik is nie. Dit trek Christus in as die subjek van beide die openbaring wat die hele wêreld onder sy heerskappy plaas en die respons van geloof wat te voorskyn kom as 'n gevolg daarvan.

¹²⁹ Kyk ook § 3.3.2.6.5 vir die bespreking van “in Christus”.

merker van status of posisie (Louw & Nida 1989a:150, 13.8), die nuwe posisie waarin gelowiges voor God verkeer (vgl Kol 1:12-14, 21-22).

Die voorsetsel is hier egter ook 'n merker van nabye, persoonlike assosiasie (kyk Louw & Nida (1989a:783, 89.119), die noue verbondenheid (verhouding) tussen Christus en 'n gelowige (vgl Joh 10:38; 15:4). Hierdie studie is van mening dat veral die $\sigma\upsilon\upsilon$ (saam met; kyk Kol 2:12, 13, 20; 3:1, 2, 4) uitsprake in die hoofdeel van die brief (lerende gedeelte; Kol 1:13-2:23) en ook in die paranetiese (oproepende) gedeelte (Kol 3:1-4:6) van die brief hierdie verbondenheid baie duidelik illustreer.

Wat ($\acute{\epsilon}\nu$ τοῖς ἔθνεσιν) (onder die heidene) betref, is die voorsetsel $\acute{\epsilon}\nu$ (onder/in julle midde/tussen) 'n merker van plek of plekaanwysing (Louw & Nida 1989a:713, 83.9; vgl Kol 1:6, 27; Luk 17:21; 24:5; Hand 1:21). Dit wil voorkom asof die konteks van die voorsetsel 'n bepalende faktor is aangesien verskeie ander woorde ook gebruik word om die gedagte van “onder/in die midde/tussen” weer te gee.

In die geval van $\acute{\omicron}$ ἔστιν Χριστὸς ἐν ὑμῖν (dit is Christus in julle; Kol 1:27) is die voorsetsel $\acute{\epsilon}\nu$ hier ook 'n merker van nabye, persoonlike assosiasie. Daar is voldoende redes om 'n keuse vir hierdie interpretasie te maak. Om soos Barth en Blanke (1994:265) $\chi\rho\rho\iota\sigma\tau\omicron\varsigma$ ἐν ὑμῖν se vertaling te laat bepaal deur $\acute{\epsilon}\nu$ τοῖς ἔθνεσιν bloot vanweë die meervoud ($\acute{\epsilon}\theta\nu\epsilon\sigma\iota\nu$ en $\acute{\upsilon}\mu\iota\nu$) oortuig nie. In sy interpretasie oordeel O'Brien (1982:87) $\acute{\epsilon}\nu$ ὑμῖν (in julle) is meer spesifiek as $\acute{\epsilon}\nu$ τοῖς ἔθνεσιν (onder die heidene), verwysende spesifiek na die lesers van Kolossense en die werkwoord $\acute{\epsilon}\sigma\tau\iota\nu$ wat dui op Christus se inwoning in die (heidene) gelowiges (vgl 2 Kor 6:16). Miskien kan dit so verduidelik word: Christus is “onder” die heidene deur die prediking van die evangelie van Christus aan hulle. Deur hulle aanname van Christus deur die geloof word

hulle deel van Christus,¹³⁰ “Christus in julle” (Kol 3:11; Gal 4:19, 20; Rom 8:10).

Wat die twee uitdrukkings ἐν Χριστῷ (met sy variante; kyk o a Kol 1:2, 28; 2:6, 7, 10, 11; 3:11; Rom 8:1; 16:7) en Χριστός ἐν ὑμῖν betref, is Wright (1991:92) korrek met sy opmerking dat, alhoewel “Christus in julle” wel moontlik 'n bevestiging kan wees van almal wat “in Christus” is, of omgekeerd, die twee gedagtes nie dieselfde is nie. Christus woon, deur die Gees, in almal wat aan sy familie behoort en van wie gesê word “in Hom is”.¹³¹

Wall (1993:94) is van mening dat 'n bykomende leidraad vir die interpretasie van hierdie uitdrukking, moontlik gevind kan word in Galasiërs 1:15 en 16 waar Paulus sê dat God sy Seun “in hom” (Paulus; ἐν ἐμοί) geopenbaar het. Dit blyk egter nie 'n sterk argument te wees nie.

Romeine 8:1-11 bevat goeie voorbeelde van albei uitdrukkings. Romeine 8:1 verwys na dié wat “in Christus Jesus” is, en die daaropvolgende verse verduidelik die nuwe posisie wat die gelowige “in Christus” het. Romeine 8:10 verwys na “Christus in die gelowige”, wat beteken dat die Gees aan hulle die (nuwe) “lewe” op grond van God se vryspraak gee (hulle nuwe posisie). Die daaropvolgende verse beskryf dan hoe die nuwe lewe geleef moet word onder die beheer van die Gees. Dus, omdat die gelowiges “in Christus” 'n nuwe posisie, status of identiteit beklee, is “Christus in hulle” – en omdat dit so is het hulle 'n nuwe lewe. Om “in Christus te wees” en “Christus in hulle” is nie net 'n waarborg vir die ewige lewe nie, dit is ook eties, die bron van en die krag vir die lewe (Smalley 1980:97).

¹³⁰ Kyk Müller (1958:74). Hy vertaal met Χριστός ἐν ὑμῖν “Christus onder julle”, maar kombineer die twee gedagtes in sy uitleg hiervan. Die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal Χριστός ἐν ὑμῖν met “Christus onder julle”. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal dit met Christus in julle, so ook Nestle-Aland²⁶ se Grieks-Engelse Nuwe Testament.

¹³¹ Wright is verder van mening dat Christus se inwoning die waarborg van hulle eie opstanding is. Wall (1993:93-94) is van mening dat Paulus, met hierdie omgekeerde uitdrukking, op die heel minste sy lesers se aandag vestig op die “deelnemende Christologie”, dit is, deelname aan die werking van God se redding in die geskiedenis wat lyding en verheerliking insluit.

Die betekenis van Χριστός ἐν ὑμῖν word ook duidelik wanneer daar gekyk word hoe ander tekste, soos Johannes 15:4a (“Julle moet in My bly en Ek in julle”) dit gebruik. Met die ware wingerdstok as beeld is die gedagte dat vrugbaarheid berus op wedersydse inwoning (vgl Joh 14:11, 23). By die opstanding van Christus sal die onderlinge inwoning tussen Vader, Seun en dissipels sekerheid vir die dissipels bring. Dieselfde gedagte kom in Galasiërs 2:20a voor: “en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe”. Die nuwe lewe word nou deur Christus bepaal. Christus is die middelpunt van hierdie lewe (vgl Gal 4:19). Dit stel Kolossense 3:10 ook: “en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot volle kennis van God”. Die gelowige word meer beeld van God (Christus) deur sy/haar lewe en optrede al meer in ooreenstemming te bring met wat dit “in Christus” (verbondenheid) moet wees, want in die nuwe mensheid (kerk) is Christus alles en “in almal” (Kol 3:11), ongeag van afkoms (vgl 1 Kor 1:30; Ef 3:17).

GEVOLGTREKKING

Paulus wil sy lesers hierdie twee kante van God se genadewerk laat sien, twee kante wat nie geskei kan word nie maar onderskei moet word om die omvang van die nuwe lewe te verstaan. Die gelowige verkeer in 'n nuwe posisie voor God, te wete “in Christus.” Hierdie nuwe posisie moet sigbaar word, en dit is alleen moontlik met “Christus in julle”. Hierdie verband tussen die gelowige “in Christus” en “Christus in die gelowige” is dan ook een van die kernfaktore in “die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense.”¹³²

Lucas (2000:75) maak in hierdie verband ‘n interessante opmerking wanneer hy stel dat Paulus hier besig is om die behoefte (eis) van die hoogste ervaring van God – wat toelaatbaar is vir die mens (teenoor die dwaalleer) – te beantwoord. Wanneer ons begin om die grootheid van Christus te begryp, en die nabye verbintenis (eenheid) wat ons met Hom kan hê, “Hy in ons” en “ons in Hom”, hoef ons niks meer van God te vra nie.

¹³² Kyk Hoofstuk 5 waar die verhouding tussen Christologie en etiek in Kolossense so volledig moontlik beskryf sal word.

Tog is dit God se doel om ons nog meer te gee. Die uitdrukking ἡ ἐλπίς τῆς δόξης (die hoop van die heerlijkheid; vgl Kol 1:5) hou met hierdie “meer” verband. Christus is die bron en waarborg van die gelowige se eskatologiese heerlijkheid¹³³. Christus se inwoning in die gelowige wek die hoop op die toekomstige heerlijkheid. Hy is die voorwerp en inhoud van die gelowige se hoop.

EKSKURS IV: HOOP

Wat die teologiese gebruik van die term ἐλπίς (hoop) betref, wil dit blyk of die Nuwe Testamentiese gebruik daarvan feitlik sinoniem is met vertroue op God, 'n sekerheid wat verder strek as aardse twyfel en teleurstelling (vgl Rom 5:5; 9:33). Dit is nie bloot 'n menslike verwagting op beter dae nie. Die gelowige se hoop is Christus (1 Tim 1:1). God is die bron van hoop (Rom 15:13; 1 Pet 1:2) en die hoop word sterker deur die krag van die Heilige Gees (Rom 15:13). God het aan gelowiges 'n roeping gegee en vir hulle hoop gegee deur die evangelie (Kol 1:23). Die hoop is gerig op die finale verlossing in die opstanding (Hand 23:6; Rom 8:18-25) en op die wederkoms van Jesus Christus (1 Pet 1:13). Christus se inwoning deur die Gees word die gelowige se hoop op die heerlijkheid (Kol 1:27; vgl 1 Joh 3:1-3). Hierdie hoop word op verskeie wyses beskryf: dit word in die hemel bewaar (Kol 1:5), dit is hoop op die ewige lewe (Tit 1:2), dit is 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel in bewaring gehou word (1 Pet 1:3,4), en dit is 'n beter hoop as vroeër waardeur God genader kan word (Heb 7:19). In die Nuwe Testament word hoop geassosieer met swaarkry, swaarkry wat volharding kweek, volharding wat egtheid van geloof kweek, en egtheid van geloof wat hoop kweek, hoop wat nie beskaam nie (Rom 5:3-5). Sodanige hoop is 'n lewensanker (Heb 6:18, 19). In die lig van hulle hoop moet gelowiges hulleself rein hou soos Jesus rein is (1 Joh 1:3) en altyd gereed wees om 'n antwoord te gee oor die hoop wat in hulle lewe (1 Pet 3:15). Terwyl gelowiges met selfbeheersing, opregtheid en met godsvrug lewe sien hulle uit na die vervulling van hulle hoop, die verskyning van die

¹³³ In die volgende tekste word daar ook na hierdie heerlijkheid verwys: Kolossense 1:12, 22, 28; Romeine 5:2; 8:18-23; 1 Korintiërs 15; Filippense 3:20, 21; en 1 Tessalonisense 3:13.

heerlikheid van hulle God en Verlosser Jesus Christus (Tit 2:12, 13; kyk WBD 1999:808-809)¹³⁴.

Alhoewel die term ἐλπίς (hoop) slegs drie keer in Kolossense voorkom (Kol 1:5, 23, 27; 3:1, 4), ontvang dit sterk direkte of indirekte beklemtoning. In Kolossense 1:3-5 sê Paulus wanneer hy tot God bid dank hy Hom omdat hy gehoor het van hulle geloof in Christus Jesus en van hulle liefde vir al die gelowiges. En dan sê hy in Kolossense 1:5 dat hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop (διὰ τὴν ἐλπίδα; vanweë/weens die hoop) wat vir die gelowiges in die hemel bewaar word en waarvan hulle gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan hulle verkondig is.

Die sogenaamde “Christelike drietal” of drieheid, geloof, hoop en liefde, kom in verskillende volgorde voor,¹³⁵ alhoewel nie altyd in onmiddellike opeenvolging nie (kyk Hendriksen 1979:49):

- geloof, hoop en liefde (Rom 5:1-5; 1 Kor 13:13 [die bekendste gedeeltes waarin die drietal verskyn]; Heb 10:22, 24; 1 Pet 1:21, 22);
- geloof, liefde en hoop (Kol 1:4, 5; 1 Tess 1:3; 5:8);
- hoop, geloof en liefde (1 Pet 1:3-8); en
- liefde, hoop en geloof (Ef 4:2-5; Heb 6:10-12)

Dit is slegs in Kolossense 1:4 en 5 dat Paulus sê dat geloof en liefde op die hoop gegrond is¹³⁶. Paulus sien gewoonlik geloof, liefde en hoop saam as in die evangelie gegrond (bv Kol 1:23; Ef 4:2-5;). In 1 Korintiërs 13:13 noem Paulus byvoorbeeld dat die liefde die grootste is.

¹³⁴ Kyk ook Bornkamm (1990:219-227) se bespreking van die begrip hoop in die Pauliniese literatuur.

¹³⁵ Dit wil voorkom asof Paulus die volgorde van die drietal as belangrik beskou aangesien hy dit verander na gelang van die konteks of die bepaalde situasie van die gemeente aan wie hy skryf.

¹³⁶ Die uitdrukking διὰ τὴν ἐλπίδα (gegrond op die hoop) word grammaties verbind met geloof en liefde, en nie met εὐχαριστοῦμεν (ons dank, Kol 1:3) nie (Pokorný 1991:40; Van der Watt 1988:7). Dit is egter wel moontlik om die uitdrukking te verstaan as sou dit verbind wees aan εὐχαριστοῦμεν.

Die implikasie van hierdie stelling (dat geloof en liefde op die hoop gegrond is) is dat die Christelike hoop 'n kragtige motivering is vir konstante geloof en kosbare liefde in die hede (Wright 1991:52; Carson 1979:31). Hoop is 'n lewende en 'n inspirerende krag tot heiligmaking (1 Pet 1:3; 1 Joh 3:3).

Carson (1979:31) verwys in hierdie verband na 'n belangrike uitspraak van Paulus in 1 Korintiërs 15:12 - 33, naamlik dat as die Christelike lewe net in terme van hierdie wêreld gesien word geloof 'n spotterny, net moraliteit, 'n verspilling van tyd is. Die enigste logiese gevolg van 'n lewe wat nie deur die Christelike hoop gedomineer word nie is 'n lewe van “laat ons eet en drink want môre sterf ons!” Die gelowige het egter 'n vaste hoop, en daarom leef hy/sy nie net vir hom/haarself nie, maar is iemand met 'n ewige bestemming wat streef om sy/haar geloof en liefde te laat groei.

Die term hoop (ἐλπίς) kan as 'n objektiewe werklikheid verstaan word (as 'n heilsgawe, wat reeds deur God vir die gelowige gereed gemaak is en in die hemel in bewaring hou en dit waarborg), of as 'n subjektiewe werklikheid (die innerlike respons op die belofte van God; Carson 1979:31; Pelsers 1983:275). In Kolossense 1:5 word verwys na die hoop waarop gehoop word en nie die hoop waarmee gehoop word nie. In Kolossense 1:23 is 'n goeie voorbeeld van subjektiewe hoop en in Kolossense 1:27 'n voorbeeld van objektiewe hoop (vgl Kol 3:1, 4).

Vir hierdie studie is 'n opmerking van Pokorný (1991:41) in hierdie verband belangrik, te wete dat die temporele toekoms (wederkoms; Kol 3:4) en die ruimtelike dimensie (Kol 3:1) van die Christelike hoop 'n verbandhoudende teologiese funksie het soos die paranetiese gedeelte in Kolossense dit bevestig (kyk Hoofstuk 4).

3.3.3.2.8.1.5 KOLOSSENSE 1:28

Verbandhoudend met “Christus in julle”, en “Hy is julle hoop op die heerlijkheid” gaan Paulus voort om te verklaar dat “Hom verkondig ons terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig sodat ons elke

mens volmaak in Christus mag voorstel”. Dit is baie duidelik dat dit die “geheimenis”, die “hoop” Jesus Christus (ὅν; Hom) self is wie verkondig word. Die ons (ἡμεῖς) waarna Paulus verwys is waarskynlik sy medewerkers, veral Epafraas met wie hy die bediening van die evangelie deel (vgl Kol 1:9).

Paulus gebruik drie funksionele en verbandhoudende terme om die aktiwiteit van die bediening van die evangelie mee te beskryf. Die eerste is “Hom verkondig/proklameer (καταγγέλλομεν) ons”. Hierdie werkwoord het byna 'n tegniese term vir die “sendingprediking” geword (O'Brien 1982:87; vgl 1 Kor 2:1; 9:14; 11:26; Fil 1:17, 18; kyk ook Barth en Blanke 1994:265- 268; Hendriksen 1979:91-94; Wall 1993:94-95; Wright 1991:92-93; Carson 1979:52-53; Pokorný 1991:104).

Die volgende twee werkwoorde is eintlik 'n verduideliking van waaruit die verkondiging bestaan. Die term *νουθετοῦντες*¹³⁷ beskryf 'n pastorale aktiwiteit en het daarom vir Paulus die betekenis om te vermaan, te waarsku of te onderrig met die doel om gedrag en geloof te korrigeer (Louw & Nida 1989a:425, 436, 437, 33.321, 33.418, 33.424). Die derde werkwoord *διδάσκοντες* (wat beteken om iemand op 'n formele wyse te onderrig of te leer met die doel om te weet en kennis op te doen) behels 'n voortgaande proses (Louw & Nida 1989a:413,33.224). In hierdie proses word Christus verkondig. Elkeen van hierdie werkwoorde word uitgedruk deur die teenwoordige tyd en dui dus op die normale praktyk van Paulus en sy medewerkers. In hierdie verband oordeel Schweizer (1982:110-111) dat die onderrig gekwalifiseer word as vermaning, dit wil sê, as 'n etiese oproep (my beklemtoning) en nie as 'n reddende proklamasie nie.

Dit is opvallend hoe dikwels Paulus sy vermanings en onderrig met Christus verbind. Kolossense 3:13 is hiervan 'n voorbeeld: “Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe” (vgl ook Rom 15:2, 3, 7; 2 Kor 8:7-9; Ef 5:2; Fil 2:3-8).

¹³⁷ *νουθετέω* en die verwante *νουθεσία* kom meestal in Paulus se lerende gedeeltes voor (kyk bv Kol 3:16; 1 Kor 10:11; Ef 6:4; 1 Tess 5:12).

Die uitdrukking “elke mens” (πάντα ἄνθρωπον) kom drie keer in Kolossense 1:28 voor. Hiermee word, aan die een kant, die universaliteit van die verkondigde evangelie beklemtoon, en aan die ander kant die individualiteit (persoonlike) van die verkondiging (daarom die enkelvoud ἄνθρωπος)¹³⁸. Dit is in ooreenstemming met Paulus se gereelde praktyk om oor individuele gelowiges besorgd te wees (vgl bv 1 Tess 2:11,12; Hand 20:20).

Wat Paulus in sy gebed (Kol 1:9) vir die gemeente gevra het (ἐν πάσῃ σοφίᾳ; in alle wysheid) stel hom nou in staat om sy roeping uit te voer. In die verkondiging van Christus word alle wysheid binne bereik van almal gebring (O'Brien 1982:88). Wat egter baie duidelik in Kolossense 1:28 gestel word is dat Paulus onderrig en leer met die gawe van wysheid wat hy ontvang het. Die doel van die Christusgesentreerde vermaning en onderrig is ἵνα παραστήσωμεν πάντα ἄνθρωπον τέλειον ἐν Χριστῷ (om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; Kol 1:28).

Wat in Kolossense 1:22 genoem word as die doel van God se versoeningsdaad in Christus (en ook Christus se “werk”)¹³⁹ wat ook die fokus van Paulus en sy medewerkers behoort te wees. Om hierdie uitspraak van Paulus behoorlik te begryp is dit nodig om vas te stel wat met τέλειον¹⁴⁰ bedoel word en wanneer ἵνα παραστήσωμεν (sodat ons mag voorstel) plaasvind. Dit blyk dat daar nie eenstemmigheid onder eksegete is wat betref die betekenis van die woord τέλειος nie.

Louw en Nida (1989a:124, 11.18) plaas τέλειος onder die sosio-religieuse semantiese subdomein (socio-religious) en oordeel dat dit vertaal moet word

¹³⁸ O'Brien (1982:88) mag korrek wees dat die uitdrukking πάντα ἄνθρωπος gekontrasteer word met die intellektuele eksklusiwiteit van die valse leraars. Is Paulus nie maar net besig om die Kol. te herinner aan die suiwer evangelie nie?

¹³⁹ Baie interessant is Hendriksen (1979:930) se opmerking dat in Kolossense 1:22 en Efesiërs 5:27 dit Christus is wat die taak verrig om die gelowiges voor te stel. Wat Kolossense 1:22 betref verskil hierdie studie van Hendriksen. Dit is duidelik God wat dit doen. In 2 Korintiërs 4:14 is dit God wat handel en in Kolossense 1:28 is dit Paulus en sy medewerkers wat die handeling uitvoer (vgl Fil 2:16; 1 Tess 2:19).

¹⁴⁰ Sien die bespreking van Kolossense 1:22 in § 3.3.3.2.7.

met iemand wat ingewy (geïnisieer) is (initiated) in 'n godsdienstige gemeenskap van geloof (met verwysing na persone wat in die mistieke godsdienste ingewy is. Hulle gebruik Filippense 3:15 en Kolossense 1:28 as voorbeelde. Die volgende vertalings van Filippense 3:15 en Kolossense 1:28 kan hier dien om duidelikheid oor hierdie begrip te verkry:

Filippense 3:15

- Ὅσοι οὖν τέλειοι, τοῦτο φρονῶμεν (“all of us who are initiated into this faith should have the same attitude”; Louw en Nida 1989a:124, 11.18);
- “Let those of us who are mature be thus minded” (Nestle-Aland²⁶);
- “Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê” (NAV);
- “Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees” (OAV).

Kolossense 1:28

- ἵνα παραστήσωμεν πάντα ἄνθρωπον τέλειον ἐν Χριστῷ (“in order that we might bring everyone into a state of being initiated in Christ” ”; Louw en Nida 1989a:124, 11.18);
- “that we may present every man mature in Christ” (Nestle-Aland²⁶);
- “sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring” (NAV);
- “om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel” (OAV).

In sommige tale, volgens Louw en Nida(1989a:124,11.18) word “initiated” dalk beter uitgedruk met “om 'n lid te word van” of “om 'n gelowige te word”. Dit is egter volgens hulle moontlik om τέλειος in Filippense 3:15 en Kolossense 1:28 te interpreteer as volwasse spiritualiteit (geestelike lewe) of 'n staat van geestelike volwassenheid.

Onder die semantiese subdomein volmaak, volmaaktheid (perfect, perfection) interpreteer Louw en Nida (1989a:746,88.36) τέλειος as “pertaining to being perfect in the sense of not lacking any moral quality”, en verwys na Jakobus 3:2 as voorbeeld. 'n Belangrike verwysing in hierdie verband is Matteus 5:48:

ἔσεσθε σὺν ὑμεῖς τέλειοι ὡς ὁ πατήρ ὑμῶν ὁ οὐράνιος τέλειός ἐστιν (“therefore be perfect even as your heavenly Father is perfect”). Nestle-Aland²⁶ vertaal dit op dieselfde wyse. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling in hierdie verband lui “Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is”, wat ook die vertaling van die Ou Afrikaanse vertaling is.

Onder die semantiese subdomein volwasse gedrag (mature behaviour) interpreteer Louw en Nida (1989a:753, 88.100) τέλειος as “pertaining to being mature in one's behaviour, mature, grownup.” ‘n Belangrike verwysing is Efesiërs 4:13: εἰς ἄνδρα τέλειον εἰς μέτρον ἡλικίας τοῦ πληρώματος τοῦ Χριστοῦ (“to the mature person, to the measure of the stature of the fullness of Christ”). Nestle-Aland²⁶ vertaal dit as “the mature manhood, to the measure of the stature of the fullness of Christ”, die Nuwe Afrikaanse vertaling lui “soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus”, terwyl die Ou Afrikaanse vertaling dit vertaal as “tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus”.

Volgens Louw en Nida is dit ook moontlik om τέλειος in Efesiërs 4:13 as volmaak (“perfect”) te interpreteer. In Matteus 5:48 is dit moontlik dat τέλειος ook volwassenheid van gedrag kan beteken, maar gewoonlik word dit as “om volmaak te wees,” geïnterpreteer.¹⁴¹

Aangesien die begrip τέλειος 'n kernrol vervul in *die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense*, is dit nodig om na verskeie eksegetiese standpunte oor die betekenis van hierdie begrip te kyk en dan 'n eie gevolgtrekking te maak.

Volgens O'Brien (1982:89-90) kom die term τέλειος in verskeie kontekste in die Hellenistiese wêreld voor, soos die aanduiding van vlekkelose offerdiere (verwysende na Homerus, Ilias 1,66), 'n persoon wat die grense van sy professionele vermoëns bereik het of die kosmos wat allerlei lewende wesens

¹⁴¹ Louw en Nida (1989:658, 68.23) kategorieer τέλειος ook onder die semantiese subdomein “Complete, Finish, Succeed”.

bevat. Die woord is ook gebruik om die “volmaakte” mens in die Griekse filosofie aan te dui (verwysende na Delling, TDNT 8, 69-72). Dit is wel moontlik dat die brief aan die Kolossense diegene opponeer wat daarop aanspraak maak dat hulle die ervaring besit om vervul te wees met bonatuurlike wysheid en goddelike krag en as sulks beskou is as volmaak (O’Brien, met verwysing na Lightfoot 1957:168-169 en Lohse 1964:78).

τέλειος word twintig keer in die Ou Testament (LXX) gebruik (dikwels as vertaling van שלם [shalem] of תמים[tamîm]) as aanduiding van wat volkome, volmaak, of ongeskonde is. Voorbeelde hiervan is die hart wat volkome aan God oorgegee is (1 Kon 8:61), toewyding (1 Kon 11:4), ten volle aan God verbind (Gen 6:9), opreg wees voor God (Deut 18:13), en heilig wees voor God (Lev 19:2). Barth en Blanke (1994:267-268) beskou die Ou-Testamentiese agtergrond van die woord as die sleutel vir die verstaan daarvan, te wete die onverdeelde gehoorsaamheid aan één God, die God van Israel, die God wat in opposisie staan teenoor die heidense afgode en kultiese gebruike.

Volgens O’Brien word die volmaakte verhouding tot die wil van God word in Romeine 12:2 gestel: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is,” en ook by implikasie in ander Nuwe-Testamentiese gedeeltes soos Matteus 5:48, Jakobus 1:4, 25; 3:2 en Kolossense 4:12.

Paulus is bewus van die moontlikheid van vooruitgang of groei in geloof en liefde (Kol 1:4) wat die lesers dan ook reeds getoon het. Paulus is egter met niks minder tevrede as die volle Christelike volwassenheid van elke gelowige nie, sonder uitsonderings. Elkeen (πάντα ἄνθρωπον) moet volmaaktheid bereik.

Barth en Blanke (1994:267-268), op hulle beurt, reken “volmaak” (τέλειος) beteken om met 'n onwrikbare vertroue in Christus vas te klou aan die belofte van die evangelie, omdat die belofte in die Messias ingesluit is en identies is

met Hom. Daar is geen volmaaktheid behalwe in 'n sterk, onwrikbare vertroue in die Messias en 'n getrouheid aan Hom nie.

Verder oordeel Barth en Blanke dat die parallelisme tussen Kolossense 1:21-23 en Kolossense 1:28-29 dit duidelik maak dat “volmaaktheid” (τέλειος) nie verkry word deur die strewe na 'n ideaal in die proses van onderrig nie, dit wil sê, in die sin van die verkry van “volmaaktheid” deur te vorder soos op 'n leer, stap vir stap nie. Aangesien Kolossense 1:23 verwys na vas en sterk staan in die geloof, beteken Kolossense 1:28 dat “om volmaak te wees” “a remaining of perfection” is. Presies wat hy hiermee bedoel word is nie duidelik nie. Tog wil dit lyk of hy hiermee bedoel dat hulle wat “in Christus” is deur Christus reeds volmaak is en in hierdie volmaaktheid moet bly deur te lewe soos God vra.

Wat Barth en Blanke met bogenoemde wil sê is blykbaar wat in die bespreking van Kolossense 1:22 reeds genoem is. In kort, met die versoening is die gelowige alreeds voor God volmaak, dit is wat Hy van hom/haar in Christus gemaak het en dit is hoe Hy hulle beskou. Die implikasie is dat gelowiges dan as “volmaaktes” hulle aan God moet toewy. Hulle is reeds in die versoening verander, hulle moet nou daarin lewe.

Voorts sê Barth en Blanke hierdie konsep van “volmaaktheid” ken nie geleidelike stappe van verbintenis en gehoorsaamheid nie, slegs gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid, heiligheid of onheiligheid. Hierdie verstaan van “volmaaktheid” pas goed in by Kolossense omdat hier ook die vermaning om die een Here Jesus Christus te vertrou voorkom.

Daar is egter ook verskeie tekste in die Nuwe Testament wat die ondubbelsinnige Ou-Testamentiese konsep van “volmaaktheid” op tipiese Griekse wyse uitdruk wat op progressie dui ¹⁴² (kyk bv 1 Kor 3:7). Paulus gebruik hier egter nie die woord τέλειος nie maar αύξάνω (groeï). In Kolossense 2:19 gebruik hy ook αύξησιν (groeï; vgl Luk 2:40, 52; Heb 5:11-6:12; Gal 3:23-47).

¹⁴² Barth en Blanke (1994:268, voetnoot 62) verwys in hierdie verband na Aristoteles en Plato se gebruik van τέλειος, te wete wanneer iemand oor 'n hoër tegniese vermoë beskik (bv 'n geneesheer of musikant). Verder as τέλειος is vergelykings nie meer moontlik nie. Bykomend hiertoe dui τέλειος ook op die hoogste etiese status.

Pokorný (1991:104) interpreteer τέλειος vanuit 'n ander perspektief wat meer verklarend is. Hy verkies om τέλειος met “volwasse” te vertaal. Die “volwasse” mens is die “nuwe” mens (Kol 3:10) wat al hoe meer vernuwe word, wie saam met Christus lewe (Kol 1:27) en wie in die finale oordeel kan staan (Kol 1:22). Daarom is hierdie byvoeglike naamwoord gebruik in vroeë Christelike paranese (Rom 12:2; Jak 1:4, 25; 3:2; Matt 5:48). Liefde is die band van volmaaktheid (Kol 3:14). Anders gestel : die “volwasse persoon” is die gelowige (Kol 4:12 saam met Kol 1:23) vir wie die integriteit van lewenstyl, insluitend die belydenis van sonde (Kol 2:13), beslissend is. Dit gaan dus nie oor etiese perfeksionisme nie (my beklemtoning).

Müller (1985:76) vertaal τέλειος met “volmaak” sowel as met “volwasse”¹⁴³. Met hierdie term, oordeel Müller, word reeds die verhouding waarin die gelowige op aarde tot God in Christus staan geteken. Elke mens wat volmaak is en wat onderrig is in die kennis van God en die heilswaarheid moet ook as 'n “volmaakte” in Christus aan God voorgestel word. Met geen laer doelstelling kan die evangelieverkondiging genoeg neem nie. Alle gelowiges moet kom tot rypheid, volheid, volwassenheid in die geloof en geestelike lewe en insig, en niemand mag by die eerste beginsels bly staan nie. Elkeen moet daartoe gebring word om in die regte verbintenis met Christus te staan, 'n opregte geloof in Hom te beoefen, die regte kennis van Hom te hê, en die waarheid van Christus suiwer te bely en te belewe. Elkeen moet gebring word tot “'n volwasse (volmaakte; invoeging deur hom) man, tot die mate van die volle grootte van Christus” (Ef 4:13; vgl 1 Kor 14:20). Op die kweking van so 'n “volmaaktheid”, so 'n “geestelike volwassenheid” – wat toeganklik is vir elkeen – lê die verkondiging van die evangelie hom toe.

Vir Hendriksen (1979:93) lê die sleutel vir die verstaan van τέλειος in die konsep “in Christus”. Dit gaan om die mees volkome eenheid moontlik met Hom. Hierdie eenheid wat deur die Heilige Gees tot stand gebring en in stand gehou, dit word lewend gehou deur die beoefening van die geloof en is nie net Godgegewe nie. Dit word egter wel deur God onderhou. Wanneer alle

¹⁴³ Müller (1985:76) verduidelik ongelukkig nie waarom hy albei hierdie terme gebruik nie.

skuld aan Christus oorgegee is, en alle onreinheid deur die Heilige Gees gereinig is, sal die kerk “volmaak” wees.

Volgens Wright (1991:94) mag positiewe onderrig nie genoeg wees nie omdat die gelowige se denke kan van tyd tot tyd vanweë verskeie oorsake vertroebel en verward raak. Daarom is dit deel van die verkondiger se taak om verwarring uit te skakel en swak begrip reg te stel sodat positiewe onderrig reg verstaan en uitgeleef kan word. Dan kan die doel van “volwassenheid” (nie “volmaaktheid” in die sin van sondeloosheid, soos Fil 3:13,14 dit duidelik maak nie) wees. Die doel is wel “in Christus” moontlik omdat die beeld van God nou self in sy mense deur die Gees (Kol 1:8) leef. Die Gees werk so in die lewe van die gelowiges dat die lewe van Christus, en dié van die gelowiges nie meer onderskei kan word nie.

MacArthur (1992:80-89) verkies om τέλειος met “volkome” of “volwasse” te vertaal wat beteken om soos Christus te wees (vgl Ef 4:11-13; Fil 3:12; 2 Tim 3:16, 17; 1 Joh 3:2). Die dwaalleraars in Kolosse het geglo dat volmaaktheid net vir die elite is, 'n siening wat deur die geskiedenis heen gehandhaaf is. In kontras hiermee bied Christus “geestelike volwassenheid” aan elke man en vrou.

Pelser (1983:278) is van mening dat τέλειος op “geestelike volwassenheid” dui. So volledig as wat Christus in die gelowige is, só volledig moet die gelowige in Christus wees, één met Hom, “geestelik volwasse”¹⁴⁴.

Schweizer (1982:110-11), in 'n moeilik verstaanbare verduideliking, beskou τέλειος as elke mens wat “volmaak” (nie bloot net volwasse) “in Christus” voorgestel moet word. Volgens hom kan Kolossense 4:12 ook op hierdie wyse verstaan word. Onderliggend hieraan is die oproep om volmaak te wees voor jou God (Deut 18:13; die NAV vertaal dit met “opreg” wees voor die Here jou God). Volmaaktheid beteken dus nie onfeilbaarheid nie (selfs as dit verstaan word in 'n morele sin), maar die volkome en onverdeelde wyse

¹⁴⁴ Ander eksegete wat τέλειος as volwasse of geestelike volwassenheid verstaan is Carson (1979: 54) en Martin (1985:73). Sappington (1991:187-191) verstaan dit as blaamloos.

waarop 'n persoon, met al sy/haar positiewe en negatiewe kenmerke, op God gerig is.

Die verdere aanduiding “in Christus” bevestig dat hierdie volmaaktheid nie bloot gemeet word met die standaard van 'n algemene etiese leerstelling van waardes nie. Dit word deur Christus gedefinieer.

GEVOLGTREKKING

Hierdie studie oordeel dat daar 'n sterk verband tussen die begrippe heilig (ἁγίους), vlekkeloos (ἄμώμους) en onberispelik (ἀνεγκλήτους) in Kolossense 1:22 en τέλειος (volwasse/volmaak) is. In wese verwys al hierdie begrippe na dieselfde saak, te wete volkomenheid.

Hierdie studie maak daarom die gevolgtrekking dat τέλειος verwys na die kwaliteit van die verhouding tussen die gelowige en Christus. Hier het ons met geestelike volwassenheid te make wat beteken dat so volledig as wat Christus “in” die gelowige is, so volledig moet die gelowige “in” Christus wees. Dit is die nuwe mens (Kol 3:10) in wie Jesus is (Kol 1:27). Elke gelowige moet die opregte geloof beoefen, die regte kennis van Christus besit en die waarheid aangaande Christus bely en leef.

In werklikheid is die gelowige alreeds volkome/volwasse voor God. Dit is wat Hy van hulle in Christus gemaak het en dit is hoe Hy hulle beskou. Met die implikasie dat hulle nou so sal leef – één met Hom (vgl Kol 4:12). Dit beteken om soos Christus te wees, in God se oë.

Wanneer gebeur ἵνα παραστήσωμεν “sodat ons mag voorstel”? Kolossense gee nie 'n direkte antwoord hierop nie. Daarom die afleiding dat die finale oordeel hier in gedagte is. Die gedagtes van “reeds” en “nog nie” (gerealiseerde eskatologie) kan in hierdie geval nie uit die oog verloor word nie. Daar moet dus nie noodwendig net aan die eindoordeel gedink word nie,

maar ook aan die verhouding van die gelowiges met Christus nou en terwyl hulle ook hierin groei ¹⁴⁵

3.3.3.2.8.1.6 KOLOSSENSE 1:29

Paulus sluit hierdie gedeelte af met 'n mededeling oor sy persoonlike bydrae tot bogenoemde saak. Hy gebruik sterk woorde. “Waarvoor ek ook hard werk (κοπιῶ; net bloot arbei nie, maar swoeg, vermoei word, inspanning) en beywer (ἀγωνιζόμενος; letterlik strydende, wedywering, strydend; Hume 1998:36)¹⁴⁶ volgens sy werking (ἐνέργειαν; met die krag wat Hy gee; NAV) wat werk (ἐνεργουμένην) in my krag (δυνάμει; kragtig)”. In kort: “Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.” In hierdie vers lê 'n baie belangrike waarheid vir alle gelowiges opgesluit. God doen die werk deur sy krag in en deur die menslike inspanning.

3.3.3.2.8.1.7 KOLOSSENSE 2:1-3: PAULUS SE PASTORALE BESORGDHEID OOR DIE GEMEENTE

Hierdie gedeelte sluit aan by en herhaal in 'n sekere sin die onmiddellik voorafgaande, maar vorm tegelyk ook die aanloop tot die hieropvolgende bestryding van die dwaalleer in Kolossense 2:4-23. Op grond van die fokus van hierdie studie word daar ook in hierdie gedeelte gefokus op die Christologiese terme en inhoud daarvan.

Paulus begin Kolossense 2:1 met θέλω γὰρ ὑμᾶς εἰδέναι (“want ek wil hê dat julle moet weet”). Hierdie is 'n formule wat Paulus dikwels gebruik. Dit lui dikwels 'n nuwe tema in (vgl 1 Kor 10:1; 11:3; 12:1; 1 Tess 4:13), maar kan ook dui op 'n uitbreiding of uiteensetting van 'n vorige stelling of stellings deur konkrete besonderhede by te voeg (vgl Rom 11:25; Rom 1:13; 2 Kor 1:8). In Kolossense 2:1 word dit gebruik om die vorige opmerkings (die in Kol 1:24-29) uit een te sit (Schweizer 1982:215-221).

¹⁴⁵ Hierdie is ook min of meer die standpunt van O'Brien (1982:90).

¹⁴⁶ Hierdie werkwoord word dikwels gevind in die konteks van openbare kompetisie of 'n sportgebeurtenis (O'Brien 1982:90).

Paulus se bediening in diens van die kerk in die algemeen word nou betrek op die gemeente in Kolosse, Loadisea en al die ander wat hom nog nie persoonlik ontmoet het nie. Hy wil hê hulle moet weet (ἡλικὸν ἀγῶνα ἔχω) watter groot stryd hy het (“hoe sterk hy hom vir hulle beywer”; NAV 1983). In Kolossense 2:2 noem hy die doel van hulle kennisname van sy ywer. Eerstens “dat hulle harte vertroos mag word” (παρακληθῶσιν¹⁴⁷ αἱ καρδίαι¹⁴⁸ αὐτῶν). Die gelowige moet bemoedig word in die lig van die bedreiging van die dwaalleer.

In die tweede plek “deurdat/terwyl hulle saamgevoeg/verenig word in die liefde” (συμβιβασθέντες ἐν ἀγάπῃ); συμβιβασθέντες is in die aor part akt nom ml mv van συμβιβάζω). Hierdie sinsnede bied verskeie tekstuele- en vertalingsprobleme. 'n Goeie saak kan uitgemaak word om συμβιβασθέντες met “onderrig” of “beveel” te vertaal¹⁴⁹. Dan lui die vertaling: “onderrig in liefde” of “moet liefhê”. O'Brien (1982:93; kyk ook Barth en Blanke 1994:277) oordeel dat dit dan sou verwys na die liefdevolle vermaning aan die gemeente. Volgens hom het die werkwoord συμβιβάζω soms in buite-Bybelse bronne hierdie didaktiese betekenis (bv Aristoteles en Filo). Dit is ook die eksklusiewe betekenis in die LXX (kyk Hand 9:22, 23; 1 Kor 2:16).

Barth en Blanke (1994:277) oordeel dat in Kolossense 2:2 die tema in Kolossense 1:28 weer opgeneem word waarin Paulus sy diens beskryf as vermaning (νουθετοῦντες) en onderrig (διδάσκοντες). Dit word in Kolossense 2:2 versterk deur die feit dat νουθετέω kontekstueel verband hou met die werkwoord παρακαλέω wat in Kolossense 2:2 voorkom. 'n Bykomende rede vir so 'n vertaling is dat die substantief in die tweede helfte van die vers, te wete συνέσις (insig) en ἐπίγνωσις (kennis) goed bymekaar

¹⁴⁷ παρακαλέω kan beteken om “bymekaar te roep”, “versoek”, “om te vra” (somtyds in gebed), “vermaan”, en “te bemoedig” (O'Brien 1982:92). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling en Nestle-Aland²⁶ vertaal dit met “bemoedig”.

¹⁴⁸ καρδία word hier in sy Ou-Testamentiese betekenis gebruik wat die innerlike lewe van 'n persoon, die sentrum van sy persoonlikheid, as die bron van die wil, denke, emosies en toegeneentheid aan te dui (O'Brien 1982:93; Barth en Blanke 1994:277).

¹⁴⁹Louw en Nida (1989a:614, 63.5) vertaal dit met leer/onderrig, adviseer of bevel.

pas. Hierdie verstaan van Kolossense 2:2 en Kolossense 1:28 onderstreep die feit dat ons in hierdie konteks nie te make het met eenheid in die gemeente nie, maar eerder hulle ingeligtheid ten opsigte van die vals lering en praktyk. Volgens O'Brien (1982:93) pas hierdie interpretasie in die onmiddellike konteks met sy sterk klem op “kennis”, “insig” en “wysheid”.

Die meerderheidsiening verkies egter om συμβιβασθέντες met “saamgevoeg/verenig” of “aanmekaar verbind” te vertaal (Louw & Nida 1989a:614, 63.5). Hierdie is ‘n betekenis wat eweneens vanaf die antieke tyd goed bekend is en heel waarskynlik met hierdie betekenis deur Paulus in Kolossense 2:19 gebruik word (vgl Ef 4:16). So verstaan (en wanneer ἐν instrumenteel geneem word), bind ἀγάπη (liefde) die gelowiges aan mekaar (vgl Kol 3:14). Hierdie studie se keuse val op laasgenoemde vertaling: “Terwyl hulle verbind is in liefde”¹⁵⁰. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal dit dan ook as “Hulle moet met liefde aan mekaar verbind wees”.

Die derde doel van die Kolossense se kennisname van Paulus se ywer is καὶ εἰς πᾶν πλοῦτος τῆς πληροφορίας τῆς συνέσεως (“en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig”), εἰς ἐπίγνωσιν τοῦ μυστηρίου τοῦ θεοῦ, χριστοῦ (“met die oog op die kennis van die verborgenheid van God, van Christus”).

In die lig van die teologiese waarheid in die tweede helfte van Kolossense 2:2 kan dus die gevolgtrekking gemaak word dat Paulus se sterk ywer vir die gemeente in Kolosse en ander hulle bemoediging, saambindende liefde en volledige insig ten doel het. Hierdie drie sake is belangrik om vas te staan teen die dwaalleer. Bemoediging sal hulle versterk in hulle geloof en stryd vir die waarheid. Saamgebind deur die liefde (vgl 3:14) sal verseker dat hulle nie deur die dwaalleer verdeel word nie en dat hulle saam sal strewe na volledige insig, sodat hulle God se geheimenis kan ken. Die geheimenis is Christus.¹⁵¹

¹⁵⁰ Nestle-Aland²⁶ vertaal dit as “as they are knit together in love”.

¹⁵¹ Kyk die bespreking van “geheimenis” in § 3.3.3.2.8.1.

Kolossense 2:3 lui ἐν ᾧ εἰσιν πάντες οἱ θησαυροὶ τῆς σοφίας καὶ γνώσεως ἀπόκρυφοι (“in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is”). Dit is duidelik dat daar geen sprake kan wees van wysheid of kennis buite die geheimenis, naamlik Christus, nie. Al die skatte van wysheid en kennis is in Hom te vind. Teenoor die dwaalleer beteken dit dat Christus genoegsaam is. Geen mens, of engel of enige ander skepsel kan meer aanbied as Hy nie. Die gelowiges in Kolosse hoef nie en moet nie buite Christus soek vir wysheid, insig en kennis nie.

EKSKURS V: LIEFDE, INSIG, VERBORGE SKATTE, WYSHEID EN KENNIS

In Kolossense 2:2-3 kom Christologiese terme voor wat vir die doel van hierdie studie meer helderheid verg. Die terme is liefde, insig, verborge skatte, wysheid en kennis.

Hierdie studie poog nie om volledige teologiese nadenke oor hierdie terme aan te bied nie, maar wil kortliks aantoon dat dit 'n belangrike rol vervul in Paulus se gesprek met die gemeente en dus ook wat betref die *verhouding tussen die Christologie en die etiek in Kolossense*.

Liefde (ἀγάπη)¹⁵²

Die woord liefde word in Kolossense 1:4, 5, 8 en 13, Kolossense 2:2 en Kolossense 3:12, 14 en 19 gebruik. In Kolossense 1:4 en 5 word verwys na die gemeente se liefde vir al die gelowiges, in Kolossense 1:8 word gepraat van die liefde wat deur die Gees in hulle gewek is, Kolossense 1:13 verwys na die Seun wat God liefhet, in Kolossense 2:2 word gesê dat God sy uitverkore volk (gelowiges) baie liefhet, en in Kolossense 3:14¹⁵³ word die gelowiges opgeroep om mekaar lief te hê, want liefde bind tot 'n volmaakte eenheid saam. Ten slotte roep Kolossense 3:19 mans op om hulle vrouens lief te hê.

¹⁵² Sien ook die bespreking by § 3.2.7 en 3.3.2.5.

¹⁵³ Vir 'n volledige bespreking kyk Hoofstuk 4.

Gesien die wyse waarop en die konteks waarin Paulus die woord liefde in sy brief gebruik is dit duidelik dat liefde as 'n verhoudings- en etiese term funksioneer (vgl Kol 3:12-14; 1 Kor 13). Die woord ἀγάπη (liefde) word ook in die res van die Nuwe Testament gebruik vir God en Christus se liefde vir die mens (Kol 3:14; Joh 3:16; Joh 13:1), vir die mens se liefde vir God en Christus (Matt 22:37; Joh 14:21, 23), vir die liefde tussen gelowiges (Kol 1:4, 5; 2:2; 3:14; Matt 22:39), die liefde van die Vader teenoor die Seun (Kol 1:13; Joh 17:26) en die Seun teenoor die Vader (Joh 14:31).

Hierdie ἀγάπη (liefde) is 'n gawe van God (Kol 1:8) en 'n opdrag (Kol 3:14; Matt 22:37-45). Dit is 'n gesindheid wat met dade bevestig word (vgl Kol 1:4, 5; 2:2; 3:12-14; vgl Joh 14:21). Hierdie liefde moet uit dankbaarheid beoefen word as antwoord en respons (Kol 1:3; 3:15, 16) op God se liefde vir die uitverkore volk (Kol 3:12).

Kennis (ἐπίγνωσις), wysheid (σοφία) en insig (σύνεσις)

Aangesien hierdie drie terme meestal in Kolossense saam gebruik word, word dit hier saam behandel. Hierdie terme kom in die volgende verse in Kolossense voor: ἐπίγνωσις (Kol 1:9; 2:2; 3:10); σοφία (Kol 1:9, 28; 2:3, 23; 3:16; 4:5) en σύνεσις (Kol 1:9; 2:2).

In Kolossense 1:9 bid Paulus dat God die gemeente sal vervul met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig¹⁵⁴ (“Ons vra God dat julle, deur die wysheid en insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom van wat sy wil is”; NAV). Kennis is direk verbandhoudend met die wil van God,¹⁵⁵ dit is die inhoud van die kennis. Hierdie kennis, verstaan teen sy Ou-Testamentiese Joodse agtergrond is altyd verbind aan praktiese gehoorsaamheid. Kennis is 'n begrip vir die etiese eise van God. Die gelowige word geplaas in 'n posisie van verantwoordelikheid voor God. Hierdie kennis gee dan ook

¹⁵⁴ Dit is moontlik dat Paulus hier terme gebruik wat deur die valse leraars in Kolosse gebruik is om hulle “drogredes” te weerlê (Martin 1985:51; Wall, 1993:51; O'Brien, 1982:21).

¹⁵⁵ Sien bespreking in § 3.2.1.

direkte motivering vir 'n mens se optrede (Martin 1985:51; Schweizer 1982:41-45).

Die woord wysheid word op drievoudige wyse in Kolossense gebruik.

- Die wysheid wat aan Paulus, sy medewerkers en die gelowiges gegee is (Kol 1:9, 28; 3:16; 4:5);
- die skyn wysheid van die vals leraars (Kol 2:33); en
- die goddelike wysheid wat in Christus te vinde is.

Goddelike en menslike wysheid kan nie gelyk aan mekaar gestel word nie. Die rede hiervoor is dat God, God is en ons hier te make het met Christus wat God is (Kol 2:9). Goddelike wysheid is ver verheve bo menslike wysheid. Dit bedink, beplan, rig en lei. Dit is oorspronklik en kreatief. Dit doen wat geen ander wysheid kan vermag nie. Dit versoen oënskynlik onversoenbares (Hendriksen 1979:105).

Wysheid en insig¹⁵⁶ word gekwalifiseer deur die adjektief “geestelik” (deur die Gees gegee). Wysheid, vir Paulus en die Ou-Testamentiese skrywers, is 'n praktiese saak wat verband hou met die lewe. Die besit van wysheid toon aan die gelowige die rigting en die standaard van sy/haar optrede. Insig het eweneens sy toepassing in konkrete lewensituasies waar daar 'n duidelike visie nodig is om te weet wat om te doen in elke situasie. Kennis van die wil van God is alleen moontlik deur die wysheid en die insig wat die Gees gee en wat in Christus beliggaam is (vgl Kol 2:2-5). God se wysheid moet aan die mens geopenbaar word of gegee word (Rom 11:33-34; 2 Pet 3:15; Luk 21:15). Dit word meegedeel deur die Woord van God en menslike onderrig (Kol 1:28; 3:16). Dit staan dan in direkte kontras met die skyn wysheid van die dwaalleer (Kol 2:23; Martin 1985:51; O'Brien 1982:22).

Die praktiese gevolg van 'n vervulling met die kennis van God se wil, geestelike wysheid en insig word in Kolossense 1:10 aangedui. Drie etiese riglyne word voor gebid. Eerstens dat die gemeente tot eer van die Here sal

¹⁵⁶ Martin (1985:51) verwys na kennis, wysheid en insig as morele terme.

lewe. Tweedens deur net te doen wat Hy verlang. Derdens, dat hulle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God.

Die gebruik en betekenis van hierdie terme in die res van die brief is dieselfde soos hierbo bespreek, behalwe wat Kolossense 2:23 betref. Die kennis in Kolossense 2:2 is om die geheimenis van God, Christus, te ken en in Kolossense 3:10 word gesê dat die lewe van die nuwe mens geleef moet word, 'n lewe wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper (Christus). Laasgenoemde gebeur deur die vernuwing tot volle kennis van God.

In Kolossense 1:28 toon die konteks dat wysheid verstaan word as 'n praktiese en etiese riglyn vir die lewe. Wat die voorkoms van hierdie term in Kolossense 2:3 betref, sien bespreking by verborge skatte hieronder.

In Kolossense 2:23 word verwys na die skyn wysheid van die leerstellings van die dwaalleer. Die gemeente word in Kolossense 3:16 aangesê om mekaar in alle wysheid te onderrig. In Kolossense 4:5 word opdrag gegee om met wysheid op te tree teenoor mense buite die gemeente. Wysheid stel gelowiges in staat om te weet hoe om op te tree teenoor ander mense. Kolossense 2:2 sê daar moet saam gestrewe word na diep en volledige insig sodat hulle God se geheimenis kan ken.

Verborge skatte

Wysheid en kennis in Kolossense 2:3, verbind deur die bepaalde lidwoord τῆς, word gesien as 'n enkele entiteit, soos elders in die Joodse literatuur¹⁵⁷. Betekenisvol word die twee terme in Romeine 11:33 aanmekaar gekoppel en verbind met die idee van rykdom (πλοῦτος ; vgl Kol 1:27; 2:2). Hier loof Paulus God vir dit wat sy wonderbaarlike soewereine doel vir die mensdom, sy onverdiende genade oor Jood en heiden, tot gevolg gehad het. “O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God.”

¹⁵⁷ Kyk LXX Prediker 1:16-18; 2:26; 7:13; 9:10, IQS 4:3,22, IQH 1:18,19, CD 2:3 (O' Brien 1982: 95).

Die term “skat” (θησαυρός) word nie net in die LXX vir materiële welvaart gebruik nie (kyk Jos 6:19, 24; Spr 10:2), maar ook vir geestelike goedere (in Jes 33:6 word wysheid en vrees vir die Here “skatte” genoem). Paulus sê hier in Kolossense 2:3 dat alle skatte van wysheid en kennis¹⁵⁸ (πάντες skakel alle uitsonderings uit) wat bestaan (εἶσιν) “verborge” lê. Met die eerste oogopslag lyk hierdie stelling teenstrydig met Kolossense 1:26 waar aangedui word dat die geheimenis wat voorheen verborge (ἀποκεκρυμμένον) was, nou (νῦν δὲ) dramaties deur God in Christus geopenbaar is.

Die “skatte” in Kolossense 2:3 is verborge (ἀπόκρυφοί), nie in die sin dat dit verberg gehou word nie (wat die betekenis is van die perf pas part ἀποκεκρυμμένον; Kol 1:26), maar dat dit bestaan (εἶσιν) en in Christus as' t ware “gedeponer” en “gestoor” is. Om na ander bronne van wysheid en kennis te soek is 'n vrugtelose onderneming. Hier moedig Paulus sy lesers aan om na Christus¹⁵⁹ te kyk as die enigste bron waar die skatte van wysheid en kennis gevind kan word. O'Brien (1982:95) is korrek om die verborge skatte te sien as wysheid en kennis. In Kolossense 2:3 word dit immers duidelik gesê.

Samevattend kan daar instemmend met Schweizer (1982:118) se gedagtegang konkludeer word dat hierdie skatte van wysheid en kennis verborge bly vir alle menslike pogings om dit te begryp. Dit is God alleen wat dit vrylik kan skenk en dit kan slegs deur geloofsgehoorsaamheid ontvang word. Christus bly dus die subjek van alle wysheid, insig en kennis. Buite Christus is dit nie te vind nie. Ook hieruit blyk die algenoegsaamheid, verhewendheid en onoortreflike heerlikheid van Christus.

¹⁵⁸ Pokorný (1991:107-108) oordeel dat die “skatte” dieselfde as die ware rykdom is waarna in Kolossense 2:2 verwys word, naamlik dit wat die lewe verseker, die hemelse skatte deur God gewaarborg (vgl Matt 6:19-21). Vir Jesus was dit die koninkryk van God (vgl Matt 13:44), vir Paulus die evangelie (2 Kor 4:4-7), terwyl dit in Kolossense na die evangelie as hoop wat in die hemel bewaar word (Kol 1:5).

¹⁵⁹ Sappington (1991:177) noem dit “wysheids-Christologie”.

3.3.3.2.8.1.8 KOLOSSENSE 2:4-5: WAARSKUWING TEEN MISLEIDING

Kolossense 2:4-5 lui soos volg:

τοῦτο λέγω ἵνα μηδεὶς ὑμᾶς παραλογίζηται ἐν πιθανολογίᾳ (Dit sê ek sodat niemand julle mag verlei met drogredes [vals redenasies, NAV 1983] nie). εἰ γὰρ καὶ τῆ σαρκὶ ἄπειμι, ἀλλὰ τῷ πνεύματι σὺν ὑμῖν εἶμι, (want al is ek in die vlees afwesig, tog is ek in die gees by julle). Χαίρων καὶ βλέπων ὑμῶν τὴν τάξιν καὶ τὸ στερέωμα τῆς εἰς χριστὸν πίστεως ὑμῶν (ek verbly my sienende [ek is bly om te sien; NAV] julle orde en die vastigheid [standvastigheid] van julle geloof in Christus).

In Kolossense 2:4 verwys Paulus vir die eerste keer uitdruklik na die gevaar van die dwaalleer wat die gemeente in die gesig staar. Volgens O'Brien (1982:97) kan τοῦτο λέγω vooruitskouend geneem word as die inleiding tot 'n nuwe gedeelte¹⁶⁰ waarin Paulus begin om die opposisie meer direk te konfronteer. So verstaan moet ἵνα in 'n imperatiewe sin verstaan word. O'Brien (1982:97) verkies egter om hierdie woorde terugskouend te verstaan, verwysende na dit wat onmiddellik voorafgaan.¹⁶¹ Van der Watt (1988:51-52) oordeel egter dat hierdie frase terugwys na al die voorafgaande perikope en vooruitgryp na die daaropvolgende gedeeltes van die brief¹⁶². Die waarskuwing teen misleiding word gekontrasteer met die rykdom van wysheid en kennis wat in Christus te vind is. Dit onderstreep hoe dwaas en fataal dit kan wees om toe te laat dat jy oorreed word (Pokorný 1991:108).

¹⁶⁰ O'Brien (1982:97) verwys hier onder andere na Moule, Bruce, Bjerkelund en Parakalô wat die frase beskou as iets soortgelyks aan παρακαλέω wat 'n nuwe deel inlei.

¹⁶¹ O'Brien (1982:97) noem in hierdie verband die volgende drie redes: 1) Die sogenaamde parallelle tot die prospektiewe gebruik, naamlik Galasiërs 3:17 en 1 Korintiërs 1:12, bevat nie die ἵνα frase nie; 2) daar is nie 'n voorbeeld in die Nuwe Testament van 'n imperatiewe ἵνα wat 'n τοῦτο λέγω -konstruksie opvolg nie, terwyl Johannes 5:34 die retrospektiewe interpretasie aanmoedig ("Ek noem dit sodat [τοῦτο λέγω ἵνα_] julle gered mag word"); en 3) die woord γὰρ (want) in Kolossense 2:5 (kyk ook Barth & Blanke 1994:283-289).

¹⁶² Schweizer (1982:118-119) en Martin (1985:76-77) oordeel dat dit verwys na die onmiddellike voorafgaande (Kol 2:3), terwyl Barth en Blanke (1994:283-289) dit sien as terugskouend na die vooraf gedeelte en nie net Kolossense 2:3 nie.

γὰρ in Kolossense 2:5 verbind met die voorafgaande en verleen die basis om die waarskuwing te rig. Al was hy afwesig in die vlees, is Paulus tog in die gees teenwoordig (vgl 1 Kor 5:3-5).

By eksegete is daar nie eenstemmigheid oor die interpretasie van πνεύματι¹⁶³ nie, alhoewel dit lyk asof die meerderheid dit interpreteer as “in die gees” (die innerlike self of menslike gees). Hierdie studie ondersteun hierdie verstaan, hoofsaaklik na aanleiding van Kolossense 2:1 en 1 Korintiërs 5:3-5.

Kolossense 2:4-5 word afgesluit met Paulus se blydschap (χαίρων) omdat hy sien (βλέπων) dat die gemeente orde (τάξις) handhaaf en dat hulle 'n standvastigheid (στερέωμα) van geloof in Christus volhou.

χαίρων καὶ βλέπων¹⁶⁴ (wat saamgelees moet word) is 'n positiewe beskrywing van 'n situasie in of toestand van die gemeente. τάξις dui op die goed geordende Christelike gedrag (vgl 1 Kor 14:40) wat nie voorheen versteur is deur sektariese verdelings nie, terwyl στερέωμα die standvastigheid of solidariteit van hulle geloof in Christus beskryf (vgl Hand 16:5; 1 Pet 5:9). Hierdie geloof, wat dinamies in karakter is (vgl 2 Kor 10:15; Fil 1:25), is stewig gegrond omdat dit op Christus alleen gerig is (εἰς Χριστὸν). Solank die gemeente aan Hom vashou sal geen versoeking hulle oorweldig nie (O'Brien 1982:97-99).

Pokorný (1991:108) merk op dat die blydschap van die apostel dien as 'n chiasies gekonstrueerde raam vir die gedeelte Kolossense 1:24-25. In Kolossense 1:24 begin hy om te sê “Ek is nou bly” en in Kolossense 2:5 sê hy “en is ek bly”.

¹⁶³ Barth en Blanke (1994:283-289) is van mening dat daar nie genoeg gronde in die konteks bestaan om πνεῦμα as uitsluitlik die Heilige Gees te verstaan nie. Nestle-Aland²⁶ vertaal dit met “gees”, so ook van der Watt (1988:48-56), Schweizer (1982:118-119) en Martin (1985:76-77). O'Brien (1982:97-99) en Pokorný (1991:108) verstaan πνεῦμα hier as die Heilige Gees.

¹⁶⁴ Sommige eksegete soos Pokorný (1991:108), Wright (1986:95-96) en Martin (1985:76-77) sien τάξις en στερέωμα as militêre terme wat die gemeente vergelyk met soldate in stryd. O'Brien (1982:97-99) en Schweizer (1982:118-119) is egter van oordeel dat die konteks nie dui op 'n militêre agtergrond nie dat beide terme in 'n meer algemene sin gebruik word.

SAMEVATTING: KOLOSSENSE 1:24-25

Paulus verklaar dat hy 'n dienaar van die evangelie geword het (Kol 1:23) en dat hy bly is oor die lyding wat hy ter wille van die kerk en evangelie moet verduur. Soos Christus ly hy ook vir die kerk en evangelie omdat hy in 'n besondere verhouding met Hom staan. Deur lyding word 'n mens se lewe verander en word mense na God se koninkryk gebring.

Paulus se bediening, die verkondiging van die evangelie, is in opdrag van God. Die evangelieboodskap is niks anders as die geheimenis van God wat eers verborge was maar nou in Christus geopenbaar is nie. Hierdie geheimenis word gekenmerk deur 'n rykdom van heerlikheid, verhewendheid, die seën van God en die eskatologiese hoop van die kerk, en dat God uit genade gewil het om hierdie geheimenis, Christus, ook onder die heidene bekend te maak. Die ander belangrike betekenis en inhoud van die geheimenis is dat Christus in die gelowige is. Hy is die gelowige se hoop op die heerlikheid.

Hierdie lyding van Paulus, ter wille van die evangelie in die algemeen, is ook op die gemeente in Kolosse en ander in die Lykusvallei van toepassing. Paulus se begeerte was dat hulle hierdeur bemoedig sal word, in liefde aan mekaar verbind sal wees en saam sal strewe na diep en volledige insig, sodat hulle God se geheimenis kan ken. In Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind. Die uitnemendheid van Christus is die primêre tema van die brief.

Paulus waarsku die gemeente om nie mislei te word deur vals redenasies nie. Alhoewel hy nie persoonlik by hulle is nie, is hy in die gees by hulle. Hy is bly om te hoor van hulle ordelike Christelike lewe en hulle standvastigheid van geloof in Christus.

Hierdie deel vorm dan ook 'n belangrike oorgang na die hoofsaak van die brief, te wete Kolossense 2:6-23).

3.3.4 KOLOSSENSE 2:6-23 – DIE TWEDE HOOFDEEL VAN DIE BRIEF: IN HOM GEWORTEL EN OP HOM GEBOU

Hierdie studie se bespreking van die teologie en Christologie in Kolossense word afgesluit met 'n bespreking van hierdie gedeelte van Kolossense. Alleen die sake wat van belang is vir die verstaan van die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense waaraan hierbo nog nie aandag gegee is nie, sal aandag ontvang. Nadat Paulus die evangeliese boodskap (Christus) verduidelik het waarmee hy homself vereenselwig (Kol 1:1-25), gaan hy nou daarna oor om aandag te gee aan die rede wat aanleiding gegee het tot die skryf van hierdie brief, te wete die dwaalleer wat die gemeente bedreig het. Paulus gebruik die inligting van die eerste deel van die brief (Kol 1:1-2:5) om die dwaalleer in die tweede gedeelte van die brief teen te gaan (Van der Watt 1988:51, Schweizer 1982:122, Beasley-Murray 1973:469)¹⁶⁵.

Die tweede hoofdeel van die brief (Kol 2:6-23) vorm die kern of sentrale gedeelte van die brief (Schweizer 1982:122, O'Brien 1982:104; Van der Watt 1988:51; Wright 1991:96). Met die tema van hierdie studie in gedagte is dit nodig om kennis te neem van die opmerkings van Schweizer en Pokorný in hierdie verband. In sy inleiding tot hierdie gedeelte spreek Paulus die gemeente vir die eerste keer in die imperatief aan (Schweizer 1982:21). 'n Imperatiewe vorm het wel in Kolossense 2:4 voorgekom, maar was gemik op die dwaalleraars. Deur van hierdie imperatief gebruik te maak lui Paulus dus die tema in waaroor die res van die hoofstuk eksplisiet handel. Pokorný (1991:25) merk op dat hierdie gedeelte paranetiese elemente bevat en as paraenesis getipeer kan word. Die gedeelte hou egter ook verband met die sogenaamde belangrike dogmatiese segmente van die Pauliniese briewe.

Bogenoemde opmerkings word ondersteun deur die verskeie indikatiewe en imperatiewe¹⁶⁶ in hierdie gedeelte (Kol 2:6, 8, 9-20). Kolossense 2:6-23 bestaan uit 'n aantal aanduibare perikope wat aan mekaar verbind word deur

¹⁶⁵ Van der Watt beskou Kolossense 2:4-7 as die wentelpunt van die brief, terwyl Beasley-Murray (1973:469) Kolossense 2:1-7 as die draaipunt beskou.

¹⁶⁶ Breedvoerige aandag sal in Hoofstuk 4 gegee word aan die konsepte paranese, indikatief en imperatief.

verskeie belangrike temas wat geïntegreerd met die inleidende deel (Kol 1:1-2:5) aangebied word. 'n Groei kan opgemerk word in die gedagtegang van hierdie gedeelte¹⁶⁷.

Hierdie sentrale gedeelte van die brief bestaan uit twee duidelik onderskeibare dele. In die eerste deel (Kol 2:6-15) word die dwaalleer bestry deur die gemeente daarop te wys dat wie in verbondenheid met Christus lewe nie die dwaalleer kan en mag aanhang nie en die bose magte nie hoef te vrees nie aangesien hulle reeds deur Hom oorwin is. Op hierdie wyse identifiseer Paulus die teologiese dwalings aanwesig in die gemeente en lig die negatiewe implikasies vir geloof en lewe uit. Vir Paulus is die probleem dat hierdie dwaalleer die ware en regte begrip van Christus en wat dit beteken om Hom te volg, verdraai. Die eerste deel van Kolossense 2:6-23, te wete Kolossense 2:6-15 bestaan uit 'n uitgangspunt (Kol 2:6-7), 'n waarskuwing (Kol 2:8) en 'n skets van die nuwe situasie van lewe en vryheid in verbondenheid met Christus (Kol 2:9-15; Pelsner 1989:278-279; Wall, 1993:98).

In die tweede gedeelte (Kol 2:16-23) word in besonderhede oor die dwaalleer gehandel en daarteen gewaarsku. Die tweede gedeelte van Kolossense 2:6-23, te wete Kolossense 6:16-23, bestaan uit twee dele, naamlik waarskuwing teen die dwaalleer (Kol 2:16-19) en 'n vraag aan die gemeente oor hulle deelname aan sekere praktyke van die dwaalleer (Kol 2:20-23).

Kolossense 2:6-23 kan soos volg tematies verdeel¹⁶⁸ word en sal in kleiner indelings bespreek word indien dit vir hierdie studie van belang is. (Hierdie tematiese indeling kan wel op sekere plekke met ander se indeling ooreenstem).

¹⁶⁷ Van der Watt (1988:60) noem dit 'n logiese vooruitgang. Die een perikoop berei die terrein voor vir die volgende. Wright (1991:96) praat van 'n proses van groei en ontwikkeling.

¹⁶⁸ In die beskikbare bronne wat gebruik is bestaan daar nie eenstemmigheid wat die indeling van Kolossense 2:6-23 betref nie.

| | |
|--------------------|---|
| Kolossense 2:6-15 | In Hom gewortel en op Hom gebou |
| Kolossense 2:6-7 | Lewe in verbondenheid met Hom (van indikatief na imperatief; Schweizer 1982:122) |
| Kolossense 2:8 | 'n Waarskuwing teen misleiding |
| Kolossense 2:9-10 | Volle wese van God in Hom. Gelowiges deel in sy volheid. |
| Kolossense 2:11-12 | Die wegneem van die sondige natuur |
| Kolossense 2:13-14 | Saam met Christus lewend gemaak |
| Kolossense 2:15 | Bose magte is ontwapen |
| Kolossense 2:16-23 | Die dwaalleer |
| Kolossense 2:16-19 | Moenie mislei word nie |
| Kolossense 2:20-23 | Waarom gehoorsaam julle die dwaalleer? |

Die eerste deel van hierdie sentrale deel van die brief handel oor die Christologie wat teenoor die dwaalleer geplaas word.

3.3.4.1 KOLOSSENSE 2:6-7: LEWE IN VERBONDENHEID MET HOM

Hierdie verse bevat die kern van hierdie gedeelte, asook van die hele brief. Volgens Beasley-Murray (1973:470) word die fundamentele appél van Kolossense in hierdie twee verse gestel. Dit som die voorafgaande op en lê die basis vir die weerlegging van die dwaalleer. Kolossense 2:6-7 lui soos volg:

ὡς οὖν παρελάβετε τὸν χριστὸν ἰησοῦν τὸν κύριον, ἐν αὐτῷ περιπατεῖτε, ἐρριζωμένοι καὶ ἐποικοδομούμενοι ἐν αὐτῷ καὶ βεβαιούμενοι τῇ πίστει καθὼς ἐδιδάχθητε, περισσεύοντες ἐν εὐχαριστίᾳ (Soos julle dus Christus Jesus, die Here aangeneem het, wandel in Hom gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof soos julle geleer is terwyl julle oorvloedig is in danksegging).

In Kolossense 2:6 word gestel dat die gemeente Christus Jesus aangeneem (παρελάβετε) het. Dit word as 'n feit (indikatief)¹⁶⁹ gestel, daarom die redegewende “soos/aangesien” (ὡς) Die verbindingswoord “dus/dan” (οὖν) toon 'n oorgang na 'n nuwe gedeelte.

Uit die voorafgaande (Kol 1:2, 4; 2:5) is dit duidelik dat Paulus met gelowiges praat en dat hulle deur God in Christus versoen is (Kol 1:22, 23). Dit is dus duidelik dat die gemeente hulleself aan Christus verbind het. Daarom die aanname hier in Kolossense 2:6 (soos/aangesien). In Kolossense 2:12, 13 en 20, en Kolossense 3:1, 9 en 10 verwys Paulus telkens na hierdie waarheid¹⁷⁰.

παρελάβετε¹⁷¹ verwys na die aanneem van die oorgelewerde tradisie rakende Christus. Dit is meer as 'n persoonlike verbintenis met Christus, alhoewel dit natuurlik ook dit insluit. Die gemeente het Christus self as hulle tradisie aangeneem¹⁷² (O'Brien 1982:107; Carson 1979:59-60; Pokorný 1991:110-111). Hy is die sentrum van God se geheimenis (Kol 1:27; 2:12) en die Here van beide skepping en versoening (Kol 1:15-20).

Die titel “Christus, Jesus as Here” is hier ongewoon. Hierdie volgorde, anders as “die Here Jesus Christus”, (ongeveer 48 keer in die Nuwe Testament), kom net 9 keer voor (Kol 2:6; Rom 6:23; 8:39; 1 Kor 15:31; Ef 3:11; Fil 3:8; 1 Tim 1:2, 12; 2 Tim 1:2). Die rede vir hierdie ongewone voorkoms word nie deur die meeste navorsers bespreek nie. Volgens Wright (1991:98) korrespondeer dit met die vroeë belydenisformule “Jesus Christus is Here” (Fil 2:11; vgl Rom 10:9; 1 Kor 12:3). Carson (1979:59) is van mening dat hierdie volgorde die konstante fokus van die brief op die goddelike natuur van

¹⁶⁹ Volgens Schweizer (1982:122-124) is hierdie sin 'n uitstekende voorbeeld van die intieme verbinding tussen indikatief en imperatief (vgl ook Kol 2:20; 3:1-4; Gal 25:25; Rom 15:7; Fil 2:5).

¹⁷⁰ Paulus bou sy hele paranese op die feit dat die gemeente παρελάβετε τόν Χριστόν is (Van der Watt 1988:53).

¹⁷¹ O' Brien (1982:105), Wright (1991:98), Barth en Blanke (1994:301-302) en Hendriksen (1979:107-108) beskou παρελάβετε as 'n tegniese term ontleen uit die Rabbyns-Judaïsme. Martin (1985:77) beskou dit as 'n semi-tegniese term.

¹⁷² Martin (1985:77) en Wright (1991:98) oordeel dat die gebruik van παρελάβετε as 'n sinspeling op die doop gesien moet word.

die Seun ondersteun. Hy is eerstens Christus, maar geloof sien in Hom Jesus die Verlosser, die Een wat mens geword het en die skuld van die mens se sonde gedra het. Gehoorsame geloof erken dat hierdie Verlosser die Here is. Vir die betekenis van die titels kyk weer § 3.3.2.1, 3.3.2.2 en 3.3.2.3).

Kolossense 2:6 stel verder dat die gelowiges in Hom moet wandel (ἐν αὐτῷ περιπατεῖτε).¹⁷³ Die uitdrukking ἐν αὐτῷ beteken om in status en verlossing deel te hê aan alles wat Christus jou bied (Van der Watt 1988:53). περιπατεῖτε is die praesens imperatief aktief van περιπατέω en kan letterlik met “wandel” vertaal word.¹⁷⁴ Wandel is 'n praktiese en etiese term. Hulle wat Christus Jesus as Here bely word opgeroep (imperatief) om in verbondenheid afhanklik en gehoorsaam aan Hom tot sy eer te lewe. Die woord suggereer 'n gereelde groei in die gelowige se lewe soos sy/haar kennis van God toeneem (vgl Kol 1:10; Van der Watt 1988:53; Carson 1979:59-60). Die woord kom ook in Kolossense 1:10, Kolossense 3:7 en Kolossense 4:5 voor. In die parane-tiese gedeelte, vanaf Kolossense 3:5, word dit beklemtoon en word die “wandel” (eties) toegespits, behandel en uitgewerk.

ἐν αὐτῷ περιπατεῖτε word in Kolossense 2:6 deur vier partisipijs nader gedefinieer om die betekenis van die gedagte om te “wandel” te verduidelik. Die eerste is ἐρριζωμένοι (gewortel; perf part pass ml mv van ρίζω). Die perfektum-tydsvorm dui op 'n eenmalige gebeurtenis wat blywend is. Die gelowiges moet gewortel bly. Die passiewe vorm dui op God wat die gelowige in Christus “gewortel” het en deur die geloof ἐν αὐτῷ is. Hierdie metafoor dui op die verbondenheid van die gelowige aan Christus. Christus is die bron van hulle geestelike voedsel en groei, hulle lewenskrag en vrugdra (vgl Kol 1:10)¹⁷⁵.

¹⁷³ Vir die betekenis van ἐν αὐτῷ (in Hom), kyk § 3.3.2.6.5 en Ekskurs II.

¹⁷⁴ Louw en Nida (1989a:55,41.11) vertaal dit met “lewe”, “om op te tree” of “te gedra”.

¹⁷⁵ Van der Watt (1988:53-54) verwys na Kolossense 2:19 se groei uit die hoof as 'n goeie voorbeeld van die gedagte van afhanklikheid as gevolg van verbondenheid.

Die tweede partisipium wat gebruik word om die wandel in Christus meer presies te definieer is ἐποικοδομούμενοι (opgebou; praes part pass nom ml mv van ἐποικοδομέω). Hierdie metafoor sluit nou aan by “gewortel”. Die praesens-tydvorm dui op 'n teenwoordige en voortgaande gebeurtenis, terwyl die passiewe vorm weereens dui dat God besig is om hulle wat ἐν αὐτῷ is, op te bou¹⁷⁶. Christus is die vaste fondament, en hulle moet al hoe meer soos Hy word (vgl Hand 20:32; Ef 4:13; 2 Pet 3:18; 1 Kor 3:6-11).

Die derde partisipium wat gebruik word is βεβαιούμενοι τῇ πίστει (bevestig/vas in die geloof; praes part pass nom ml mv van βεβαιόω). Die vorm sê nogmaals dat die gelowiges deur God sterk gemaak word in die geloof. Geloof hier in die praesens-tydvorm dui ook op 'n voortgaande proses. So word die verbondenheid aan Christus, deur die geloof, beklemtoon.

Van der Watt (1988:53-54) is korrek in sy oordeel dat meer aandag in die brief aan die belangrikheid van geloof gegee moet word. Die belangrikheid van geloof word gereeld genoem: Kolossense 1:4 maak melding van geloof as deel van Christenskap; in Kolossense 1:23 word geloof as vereiste en voorwaarde vir versoening gestel; en in Kolossense 2:5 sê Paulus hy is bly om te hoor van die gemeente se standvastigheid in die geloof. Dat hier in Kolossense 2:7 wandel aan geloof verbind word is 'n bewys dat dit afhanklik is van 'n geloofsverhouding met Christus. Daarom sê Paulus in Kolossense 2:12 dat die gelowiges saam met Christus opgewek is omdat hulle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Dit is duidelik dat geloof 'n sentrale gedagte in die brief is. Geloof is daarom ook 'n belangrike gedagte, 'n vereiste, in die verstaan van die verhouding tussen die Christologie en etiek in Kolossense.

Die gemeente moet deur die geloof leef: καθὼς ἐδιδάχθητε (soos julle geleer is; aor ind pass van διδάσκω). Die aoristus-tydvorm en die passiewe


¹⁷⁶ Kyk Combrink en Venter (1995: 583-602) se hantering van Kolossense 2:6 - 3:1-4 as gemeente-opbou imperatiewe.

vorm wil sê die gemeente is die waarheid in die verlede geleer.¹⁷⁷. Dat die wandel in geloof moet gebeur is die gemeente geleer. In Kolossense 1:7 word gesê dat hulle deur Epafras hierin onderrig is. Die gemeente het dan ook hierdie kennis (Kol 1:6). Die hoor en onderrig van die evangelie is die wyse waarop tot geloof gekom word. Daarom bid Paulus in Kolossense 1:9 vir die groei van die kennis en in Kolossense 1:23 lê hy klem op die hoor van die evangelie. In Kolossense 1:28 verwys Paulus na homself as 'n leermeester. Hierdie onderrig staan teenoor die agtergrond van die dwaalleraars met hulle leerstellings.

Die laaste partisipium wat in Kolossense 2:7 gebruik word is περισσεύοντες ἐν εὐχαριστίᾳ. (oorvloedig in dankbaarheid; praes part akt¹⁷⁸ nom ml mv van περισσεύω). “Oorvloedig”, is die enigste partisipium wat Paulus hier in die aktiewe vorm gebruik. Dit is 'n duidelike indikatie dat dankbaarheid 'n aktiewe kenmerk van die gemeente se lewe moet wees.

Dankbaarheid word regdeur die brief op verskeie plekke genoem (Kol 1:3, 12; 2:7; 3:15, 16, 17; 4:2). Hierdie dankbaarheid moet die gevolg wees van die indikatief ἐν αὐτῷ.

Skematies kan hierdie kerngedagtes van die brief soos volg voorgestel word:.



¹⁷⁷ καθὼς ἐδιδάχθητε pas binne die spektrum van onderrig (Van der Watt, 1988:54).

¹⁷⁸ Volgens Barth en Blanke (1994:303) moet hierdie partisipia, wat in wese imperatiewe is, meer as bemoediging as 'n oproep verstaan word.

3.3.4.1.1 KOLOSSENSE 2:6-7: SAMEVATTING

2:6-7 vorm die middelpunt van die brief. Dit dien as basis van Paulus se interaksie met die dwaalleer (Kol 2:8 - 23), nadat dit, wat vooraf gesê is, grootliks opgesom is (O'Brien, 1982:108). Die fokus is op Christus Jesus die Here, wie die gemeente aangeneem het as hulle "tradisie", toe hulle die evangelie by Epafras gehoor het en deur hom geleer is. Hierdie Christus Jesus is niemand anders as die Here oor alles, in beide skepping en verlossing (Kol 1:13 - 20) en Hy is die inhoud van God se geheimenis (Kol 1:27; 2:2). By wyse van 'n indikatief-imperatief metode, word die gemeente opgeroep om 'n lewe te lei ἐν αὐτῷ (in Hom). Hulle is in Hom gewortel, hulle word opgebou en versterk in die geloof en daarom moet hulle oorloop van dankbaarheid teenoor God vir alles wat Hy vir hulle gegee en gedoen het. Christus Jesus die Here is meer as genoegsaam. Die gemeente se lewe moet voortdurend in ooreenstemming wees met wat hulle geleer is.

3.3.4.2 KOLOSSENSE 2:8 'N WAARSKUWING TEEN MISLEIDING

In Kolossense 2:8 stel Paulus die volgende: βλέπετε μή τις ὑμᾶς ἔσται ὁ συλαγωγῶν διὰ τῆς φιλοσοφίας καὶ κενῆς ἀπάτης κατὰ τὴν παράδοσιν τῶν ἀνθρώπων, κατὰ τὰ στοιχεῖα τοῦ κόσμου καὶ οὐ κατὰ Χριστόν (Sien toe dat niemand julle as buit wegvoer nie deur die filosofie en leë misleiding, volgens die oorlewering van mense, volgens die eerste beginsels van die kosmos en nie volgens Christus nie).

Nadat Paulus die gemeente opgeroep het om in verbondenheid met Christus te lewe en nie moet toelaat dat iemand hulle met valse redenasies moet mislei nie, rig hy nou weer 'n waarskuwing¹⁷⁹ (βλέπετε) dat die gemeente hulle nie moet laat mislei nie (συλαγωγῶν), letterlik as buit moet laat wegvoer nie. Hierdie is 'n figuurlike uitdrukking wat gebruik word om te verwys na iemand wat weggevoer word van die waarheid na slawerny van

¹⁷⁹ Drie waarskuwings kom voor in Kolossense 2:8-19: Moenie as buit weggevoer word nie (Kol 2:8), moenie laat niemand julle oordeel nie (Kol 2:26) en moenie laat iemand julle van julle prys beroof nie (Kol 2:28).

misleiding (O'Brien 1982:109; Carson 1979:61). In die res van Kolossense 2:8 volg 'n uiteensetting van die waarskuwing.

Die gemeente word deur 'n bepaalde “filosofie”¹⁸⁰ mislei wat leë misleiding (κενής ἀπάτης) is omdat dit berus op oorlewering van mense (παράδοσιν τῶν ἀνθρώπων). Die dwaalleer bestaan uit niks meer as misleidende teorieë en argumente nie.

Oor die betekenis van κατὰ τὰ στοιχεῖα τοῦ κόσμου (volgens die eerste beginsels van die kosmos)¹⁸¹ is daar nie eenstemmigheid nie. Hierdie studie kies om dit te verstaan soos dit in die Nuwe Afrikaanse vertaling vertaal word, te wete “wettiese godsdienstige reëls” (vgl Kol 2:20).

Hierdie dinge is nie volgens Christus nie (καὶ οὐ κατὰ Χριστόν) en berus nie op Christus nie. Van der Watt (1988:64) vestig die aandag daarop dat κατὰ Χριστόν teen die agtergrond van Kolossense 2:3 geïnterpreteer moet word. Daar word Christus direk met kennis en insig geïdentifiseer. Die belangrikheid van kennis is immers in Kolossense 1:9-10 onderstreep. Hierdie besondere klem op kennis kan alleen uit die agtergrond verstaan word. Die aanslag teen die gemeente in Kolosse was primêr 'n filosofiese en ideologiese aanslag deur die dwaalleraars. Hierop moet 'n filosofiese en ideologiese antwoord gegee word.

Wanneer net Χριστόν in Kolossense 2:8 gebruik word teenoor terme soos φιλοσοφίας is dit duidelik dat Χριστόν die omvattende term is vir die kennis en geheimenis wat deur Christus se persoon op aarde geopenbaar is. In Kolossense 2:2-3 is genoem dat Christus die Een is in wie (ἐν ᾧ) die kennis te vinde is (O'Brien 1982:109). Die kennis word daar direk aan Christus se persoon verbind. Wanneer hier in Kolossense 2:8 van Christus teenoor die filosofieë gepraat word, sien Paulus die kennis aan die persoon van Christus

¹⁸⁰ Vir meer volledige bespreking wat die “filosofie” behels het, kyk § 2.1.4.

¹⁸¹ Kyk bespreking in § 2.1.4.

verbind. Dit word nie pertinent genoem nie, maar die feit dat die titel daar staan beklemtoon die persoon van Christus. Hierdie valse filosofieë is nie in ooreenstemming met die ware kennis wat in Christus geopenbaar is nie.

3.3.4.3 KOLOSSENSE 2:9-10 DIE VOLLE WESE VAN GOD IS IN HOM WAARIN DIE GELOWIGES DEEL HET

Kolossense 2:9-10 lui soos volg: ὅτι ἐν αὐτῷ κατοικεῖ πᾶν τὸ πλήρωμα τῆς θεότητος σωματικῶς, (omdat in Hom al die volheid van die Godheid woon liggaamlik) καὶ ἐστὲ ἐν αὐτῷ πεπληρωμένοι, ὅς ἐστιν ἡ κεφαλὴ πάσης ἀρχῆς καὶ ἐξουσίας (en julle het in Hom die volheid wat die hoof van alle owerheid en mag is).

Paulus gaan in Kolossense 2:9-10 voort met sy “polemiese druk” (O'Brien 1982:111) wanneer hy duidelik maak waarom (ὅτι) die filosofie van die dwaalleraars nie volgens Christus is nie. Die fokus bly op die sentraliteit van Christus. Die gemeente moet Hom onwrikbaar volg. Daarom word ἐν αὐτῷ weereens genoem.

Hier in Kolossense 2:9 word herhaal wat in Kolossense 1:19 gesê is¹⁸². In Kolossense 2:10 word gesê die gelowiges het in Hom (ἐν αὐτῷ) die volheid (πεπληρωμένοι; perf part pass nom ml mv van πληρώω). Die perfektum-tydsvorm dui op 'n voortgaande staat as gevolg van 'n vroeëre gebeurtenis (die verlossing in Christus), en die passiewe vorm wil sê die gelowiges is deur God vol gemaak.

Paulus verduidelik nie die inhoud van hierdie volheid nie, maar die feit dat die gelowiges ἐν αὐτῷ of συνταφέντες αὐτῷ (Kol 2:12) en ἐν ὑμῖν (Kol 1:27) is beteken dat hulle deel in wat Christus gee. Christus word hoër as die filosofieë geag omdat God se volheid in Hom woon (vgl Kol 1:15-16; 2:15). In Christus het die gelowige ook deel aan die volheid omdat die gelowige deel het aan die verlossing deur Christus en so die lewe het (Kol 2:13).

¹⁸² Vir die bespreking van πλήρωμα kyk § 3.2.3.

3.3.4.4 KOLOSSENSE 2:11-12: DIE WEGNEEM VAN DIE SONDIGE NATUUR

In Kolossense 2:11-12 sit Paulus sy betoog teen die dwaalleraars voort deur die volgende te stel: ἐν ᾧ καὶ περιετμήθητε περιτομῇ ἀχειροποιήτῳ ἐν τῇ ἀπεκδύσει τοῦ σώματος τῆς σαρκός, ἐν τῇ περιτομῇ τοῦ Χριστοῦ, συνταφέντες αὐτῷ ἐν τῷ βαπτισμῷ, ἐν ᾧ καὶ συνηγέρθητε διὰ τῆς πίστεως τῆς ἐνεργείας τοῦ θεοῦ τοῦ ἐγείραντος αὐτὸν ἐκ νεκρῶν (In wie julle ook besny is met die besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, in die aflegging van die liggaam van die vlees in die besnydenis van Christus omdat julle met Hom in die doop begrawe is, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God, wat Hom uit die dode opgewek het).

In hierdie twee verse is daar verskeie onduidelikhede, naamlik die saak van besnydenis, die uitdrukking “die aflegging van die liggaam van die vlees” en die stelling “met Hom in die doop begrawe”. Hierdie onduidelikhede bemoeilik die interpretasie van die twee verse soos dit dan ook blyk uit die legio interpretasies van hierdie begrippe en die verskillende vertalings wat daarvoor aangebied word (kyk bv Roberts 1997:67; Beasley-Murray 1973:473-477; Martin 1985:81-83; Pokorný 1991:123-133; Schweizer 1982:140-146; O'Brien 1982:114-121; Barth & Blanke 1994:317-324, 363-369; Wright (1986:104-109; Carson 1979:65-67; Müller 1958:94-96; Lucas 2000:100-104). Die verskillende interpretasies word nie hier bespreek nie aangesien dit nie veel tot hierdie studie se doel sal bydra nie.

Paulus sit in Kolossense 2:11-12 (en in 'n sekere sin in Kol 2:13-14) die gedagte ἐν αὐτῷ voort. In die sleutelverse Kolossense 2:6-7 is genoem dat die gelowiges in Christus die volheid het. Paulus brei nou hierop uit deur te verduidelik hoe hierdie volheid in hulle lewe gerealiseer het. Paulus doen dit deur 'n reeks van passiewe aoristus tydforme wat daarop dui dat bepaalde gebeurtenisse in die verlede met die gelowiges gebeur het: “In wie julle besny is” (περιετμήθητε; Kol 2:11), “julle met Hom in die doop begrawe is” (συνταφέντες; Kol 2:12), “waarin julle ook saam opgewek is” (συνηγέρθητε;

Kol 2:12) en “julle het Hy lewend gemaak met Hom” (συνεζωοποίησεν; Kol 2:13).

Dit is nie duidelik waarom Paulus die gedagte van die besnydenis hier gebruik nie. Dit is wel moontlik dat die dwaalleer die liggaamlike besnydenis (Gen 17:10) as 'n vereiste vir redding en die deel wees van God se volk, gestel het, en dat Paulus daarteenoor die geestelike aard van die verlossing wil beklemtoon. Die geestelike aard van die besnydenis word dan ook duidelik genoem : περιτομῆ ἀχειροποιήτῳ (met die besnydenis wat nie met hande gedoen word nie) en ἐν τῇ περιτομῇ τοῦ Χριστοῦ (in die besnydenis van Christus). Hierdie uitsprake word soos volg verstaan: Deur hulle verbondenheid met Christus is hulle besny, maar nie met 'n besnydenis wat deur mense verrig is nie maar deur Christus. Die gedagte van 'n geestelike besnydenis is nie nuut nie. Dit kom reeds in die Ou Testament voor waar daar verwys word na die “besnydenis van die hart” wat 'n radikale vernuwing van die innerlike beteken, die verwydering van alle ontrou aan God en volkome toewyding, gehoorsaamheid aan en liefde vir God (Deut 10:16; 30:6; Jer 4:4; Eseg 44;7,9). Die gedagte van geestelike besnydenis kom ook in die Nuwe Testament voor (Rom 2:28, 29; Fil 3:2, 3 vgl Hand 15:1; Gal 5:2,3).

Die gedagte ἐν τῇ ἀπεκδύσει τοῦ σώματος τῆς σαρκός (in die aflegging van die liggaam van die vlees) dien as sleutelgedagte omdat dit is waarin die besnydenis bestaan.

Hierdie uitdrukking moet verstaan word in terme van dit wat in Kolossense 2:13 gestel word:¹⁸³ die verwydering van die sondige natuur deur die innerlike en geestelike besnydenis wat God deur Christus gedoen het vanweë hulle verbondenheid aan Christus. Die term “besnydenis” wil die radikaliteit van die aflê van die sondige natuur en bestaanswyse beklemtoon. Christus het finaal 'n einde aan die ou lewe gemaak. Dit is iets wat heeltemal vir goed van die gelowige afgesny is (Pelser 1983:276).

¹⁸³ Kyk bespreking hieronder van die parallelle uitdrukkings τὸ σῶμα (Rom 6:6), sondige liggaam (Rom 7:24; liggaam van die dood) en σὰρξ (Kol 3:9; afgelê het die ou mens met sy werke).

Hoe die doop in Kolossense 2:12 'n “sterwe” (vgl Kol 2:20) en 'n “begrawe” is saam met Christus (συνταφέντες αὐτῷ ἐν τῷ βαπτισμῷ; omdat julle met Hom in die doop begrawe is) is eweneens onduidelik. Die enigste parallel hiervan kom in Romeine 6:3-4 voor (“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe”). Hiermee word gesê dat die gelowiges dood vir die sonde is. Hierdie sterwe vir die sonde word aan die gelowiges se doop verbind. Om in Christus Jesus gedoop te word beteken om oor te gaan in die besit van Christus en om oorgeplaas te wees in 'n totaal nuwe lewenseenheid met Hom (vgl Kol 1:13; Du Toit, 1983:201). Net soos Jesus gesterwe het en begrawe is, so seker is dit dat die gelowige gesterf het (Gal 2:19) en saam met Hom begrawe is. In hierdie verbondenheid met Christus geld dit wat met Christus gebeur het ook vir die gelowige. Dit is egter nie die doop wat die “besnydenis” of verandering te weeg bring nie, maar 'n “teken en seël” van wat met die gelowige gebeur het. Die doop word dus in figuurlike sin gebruik.¹⁸⁴

In Kolossense 2:12 word dan ook gestel dat die gelowiges, weens hulle verbondenheid aan Christus in die doop, saam met Christus opgewek is (ἐν ᾧ καὶ συνηγέρθητε; waarin julle ook saam opgewek is). Die ἐν ᾧ verwys hier na die doop en συνηγέρθητε na “saam met Hom” (Christus;vgl Kol 3:1).¹⁸⁵ Die opwekking het gebeur omdat die gelowiges geglo het in die krag van God wat Christus uit die dood opgewek het (vgl Rom 6:5-8).

¹⁸⁴ Wall (1993:116) merk tereg op dat Paulus, in die sinspeling op die doop, nie na 'n rite of liturgie wat goddelike genade bewerk verwys nie. Paulus gebruik die doop in hierdie konteks as 'n metafoor vir sy deelnemende Christologie.

¹⁸⁵ Sommige eksegete verklaar ἐν ᾧ as “in Hom”. Argumente vir elk van die moontlikhede het goeie gronde. Voorstanders vir die verstaan van ἐν ᾧ as verwysende na die doop is byvoorbeeld Beasley-Murray (1973:476) en Schweizer (1982:145-146). Voorstanders vir die moontlikheid om ἐν ᾧ te verstaan as verwysende na Christus is byvoorbeeld O'Brien (1982:110) en Barth en Blanke (1994:321). Van der Watt (1988:61), op grond van sy sintaktiese en semantiese ontleding van Kolossense oordeel dat beide hierdie interpretasies moontlik is.

3.3.4.5 KOLOSSENSE 2:13-14 SAAM MET CHRISTUS LEWEND GEMAAK

Kolossense 2:13 lees soos volg: καὶ ὑμᾶς νεκροὺς ὄντας [έν] τοῖς παραπτώμασιν καὶ τῇ ἀκροβυστίᾳ τῆς σαρκὸς ὑμῶν, συνεζωοποίησεν ὑμᾶς σὺν αὐτῷ, χαρισάμενος ἡμῖν πάντα τὰ παραπτώματα (En julle wat dood was deur die oortredinge en die onbesnedenheid van julle vlees, julle het Hy lewend gemaak met Hom, vergewende vir ons al die oortredinge).

Hier word nou verduidelik wat die opstandingslewe beteken wat die gelowiges reeds ontvang het¹⁸⁶. In 'n sekere sin word op die gedagte in Kolossense 2:11-12 uitgebrei. 'n Kontras word nou gestel tussen die ou lewe, die lewe buite Christus, en die nuwe lewe in Christus.

Die gelowiges was dood (νεκροὺς), het 'n doodsbestaan gevoer as gevolg van die sonde (παραπτώμασιν; oortredinge) en die onbesnedenheid (ἀκροβυστίᾳ) van hulle vlees (σαρκὸς). Hierdie uitdrukking verwys na hulle sondige natuur wat nog nie weggeneem was nie. Hulle onbesnedenheid is 'n simbool van die feit van hulle sondige lewe buite Christus totdat God hulle in genade opgewek het uit hulle geestelike dood deur hulle verbondenheid (έν αὐτῷ) aan Christus.¹⁸⁷

Die gelowiges is egter deur God lewend gemaak (συνεζωοποίησεν) saam met Christus (σὺν αὐτῷ). Hierdie lewendmaking, die gee van die nuwe lewe, is 'n genadige handeling van God deurdát Hy al hulle sondes vergewe het (χαρισάμενος).¹⁸⁸

¹⁸⁶ Gebaseer op Kolossense 2:12-13, argumenteer Wessels (1987:183-202) dat die “opwekking” (Kol 2:12) en “lewendmaking” (Kol 2:13) op 'n gerealiseerde eskatologie dui, anders as die onbetwiste Pauliniese briewe, byvoorbeeld Romeine 6:4,8, wat dieselfde begrippe gebruik maar dit as 'n toekomseskatologie aanwend.

¹⁸⁷ Volgens O'Brien (1982:122-123) kan ἀκροβυστίᾳ (onbesnedenheid) op twee wyses verstaan word : Eerstens is dit 'n verwysing na liggaamlike onbesnedenheid. Van die gelowiges was heidene, wat natuurlik nie beteken dat hulle daarom geestelik dood was nie. 'n Tweede moontlikheid is om hierdie begrip te verstaan as 'n simbool van geestelike vervreemding van God en sy genadeverbond (kyk ook Schweizer 1982:147).

¹⁸⁸ χαρισάμενος beteken om genadiglik te gee (kyk Louw & Nida, 1989a:569, 57.102).

Vervolgens stel Paulus dan in Kolossense 2:14 die volgende: ἔξαλείψας τὸ καθ’ ἡμῶν χειρόγραφον τοῖς δόγμασιν ὃ ἦν ὑπεναντίον ἡμῖν, καὶ αὐτὸ ἦρκεν ἐκ τοῦ μέσου προσηλώσας αὐτὸ τῷ σταυρῷ (Uitwissende die skuldbrief teen ons met die insetting wat teen ons was en dit uit die weg geruim, vasnaelende dit aan die kruis).

Die betekenis van vergifnis (Kol 2:13) – die subjektiewe heilswerk van God – word nou hier in Kolossense 2:14 – die objektiewe heilswerk van God – deur middel van beeldryke stellings geïllustreer. Hier word verduidelik op watter wyse sonde vergewe is. Alhoewel laasgenoemde duidelik blyk te wees, is daar tog meningsverskil onder navorsers oor die betekenis van die metafore, uitdrukkinge en terme wat hier gebruik word. Die verskillende interpretasiemoontlikhede van hierdie metafore sal, soos hierbo, nie volledig bespreek word nie. Nadat die verskillende interpretasies gelys is, sal ‘n eie voorkeur aangebied word.

Die term ἔξαλείψας (aor part akt nom m. ekv van ἔξαλείφω) beteken om die bestaan van iets te beëindig deur enige bewyse uit te wis of tot niet te maak (Louw & Nida (1989a:160, 13.102). Dit dui op 'n afgehandelde (aor) gebeurtenis. Dit is moontlik dat hierdie beeld ontleen word uit die Ou-Testamentiese uitdrukking om sonde weg te neem of uit te wis (vgl Ps 51:3,11; Jes 43:25, Jer 18:23). In Handeling 3:19 word dieselfde woord vir sonde-uitwissing gebruik.

Hierdie beeld word weer later verder in die vers gebruik met die uitdrukking ἦρκεν ἐκ τοῦ μέσου (ἦρκεν is die perf ind akt 3 pers ekv van αἶρω wat beteken om te verwyder, daarmee weg te doen of te vernietig). Die perfektum dui op die voortgaande geldigheid van 'n gebeurtenis wat eenmaal gebeur het aan die kruis, 'n gebeurtenis wat nou 'n ten volle uitgevoer is.

ἐκ τοῦ μέσου beteken letterlik “uit die middel”, maar kan ook as “tussen” verstaan word (Louw & Nida 1989a:714, 83.9, 10; kyk ook Liddell & Scott 1987:435-436; Hume 1998:45). Hierdie twee terme (ἔξαλείψας en ἦρκεν ἐκ τοῦ μέσου) moet saam gelees word en die verandering van aoristus na

perfektum dui op die permanensie van die “uitwissing” en die “uit die wegruim” (O'Brien, 1982:126).

Die term χειρόγραφον beteken 'n handgeskrewe rekening, 'n staat, 'n rekord van skuld (Louw & Nida 1989a:394, 33. 40). Dit kan dus as skuldbewys verstaan word (vgl Filem:18, 19).¹⁸⁹

Hierdie skuldbewys bevat χειρόγραφον (insettinge). Die term δόγμα beteken 'n formele reël (of stel reëls) wat voorskryf wat mense moet doen, 'n wet, wetlike eise voorskrif. Dit kan ook 'n bevel of dekreet beteken (Louw & Nida 1989a: 426, 33.332 en 33.333). Binne die konteks waarin dit hier gebruik word is die betekenis onduidelik. Die korresponderende woord in Efesiërs 2:15 werp moontlik lig hierop wanneer dit duidelik na die Mosaïese wet verwys. In hierdie studie word δόγμασιν as die eise van die wet verstaan (vgl Hume 1998:44; O'Brien 1982:125; Schweizer 1982:149-150).

Die eise van die wet verwys hier na die eis om te straf vir die sonde. Die wet van God konstateer nie net die skuld van die sondaar teenoor God nie, maar vra ook straf as gevolg van die sondeskuld. Daarom word gesê dat die skuldbewys met sy eise teen die gelowige is as 't ware iets soos 'n vyand¹⁹⁰.

Dat die skuldbewys met sy eise teen ons is, word twee keer genoem. Eerstens word gesê dat die skuldbrief teen ons (τὸ καθ' ἡμῶν χειρόγραφον), en tweedens dat die insettinge/eise teen ons is (τοῖς δόγμασιν ὃ ἦν ὑπεναντίον ἡμῶν). Die verskil tussen hierdie twee uitdrukkings is gering, maar nie onbelangrik nie. Die eerste uitdrukking verwys na die aktiewe teenstand, die brute feit van die eise van die skuldbewys, en die tweede uitdrukking verwys na 'n versperring, na die aktiewe vyandigheid, van hierdie

¹⁸⁹ O'Brien (1982:125), Beasley-Murray (1973:477) en Schweizer (1982:150) verkies om χειρόγραφον as die wet van Moses te verstaan. Ander weer beskou hierdie term as verwysend na 'n boek gehou deur 'n aanklaende engel waarin die sonde opgeteken word (Martin 1985:84-86; Sappington 1991:219), terwyl Barth en Blanke (1994:369-372) en Carr (1973:492) dit sien as 'n dokument uitgereik deur die skuldenaar self.

¹⁹⁰ Eksegete soos Roberts (1997:67), Martin (1981:85 en Pokorný (1991:139) verstaan skuldbewys as gebooie, wette, leringe van mense (Jode) of die leringe van die dwaalleer (vgl Kol 2:20, 22). Kyk ook Weiss (1972:294-314) se uitgebreide bespreking oor die wet in Kolossense.

eise. Die tweede uitdrukking beklemtoon die effek van die eise van die skuldbewys¹⁹¹.

God het die skuldbewys verwyder deur dit aan die kruis te nael/spyker (προσηλώσας αὐτὸ τῷ σταυρῷ). Die betekenis van hierdie metafoor is nie duidelik nie.¹⁹² Indien προσηλώσας en ἔξαλείψας saam met ἦρκεν ἐκ τοῦ μέσου gelees word, dui gespyker op die manier waarop die skuld verwyder is en dat die kruis hierin 'n beslissende rol speel. Die aoristus-tydvorm van προσηλώσας (gespyker) dui op 'n afgehandelde gebeurtenis. Christus se plaasvervangende kruisdood het die eis vir die straf op die sondeskuld tot niet gemaak. Skuld is volledig vergewe (vgl Gal 3:13).

Daar is dus met die wet, wat gesien is as instrument van veroordeling, afgehandel. Dit het nie meer hierdie funksie nie want in Christus het God die gelowige vrygemaak van die straf wat die wet vereis. Omdat daar aan die kruis deur Christus aan die eise van die wet volledig voldoen is, het dit nie meer die krag tot veroordeling nie en in hierdie sin is dit verwyder, tot niet gemaak (Carson 1979:70).

Die skuldbewys gaan dus oor veel meer as menslike reëls en regulasies (kontra Roberts 1997:67; Martin 1985:84; Pokorný 1991:139). Dit gaan oor die sonde in sy totaliteit wat die mens van God vervreem. Wanneer Kolossense 2:15 hiermee saamgelees word, is dit duidelik dat dit hier ook gaan oor die oorwinning oor die bose magte.

3.3.4.6 KOLOSSENSE 2:15: DIE BOSE MAGTE IS ONTWAPEEN

Kolossense 2:15 (ἀπεκδυσάμενος τὰς ἀρχὰς καὶ τὰς ἐξουσίας ἐδειγμάτισεν ἐν παρρησίᾳ, θριαμβεύσας αὐτούς ἐν αὐτῷ; (nadat Hy die owerhede en magte ontklee het, het Hy hulle in die openbaar ten toon gestel triomferende oor hulle in Hom/in dit) is 'n merkwaardige vers wat moeilik is

¹⁹¹ O'Brien (1982:125-126) en Wright (1986:112) se verduideliking word hier gekombineer.

¹⁹² Sommige eksegete oordeel dat die metafoor kan verwys na die gebruik om die kansellering van 'n wet of bepaling in 'n openbare plek aan 'n spyker op te hang, of kan verwys na die "titulus" (die aanbring van die aanklag of oortreding aan die kruis saam met die gekruisigde oortreder). Dit kan ook verwys na die vroeë Christelike belydenis oor Christus se dood (vgl Kol 1:20,22; Müller, 1958:100; Wright 1986:113; Pokorný 1991:139).

om te interpreteer vanweë die verskeie betekenismoontlikhede wat in die vers vervat word.

In die interpretasie van Kolossense 2:15 is die volgende vrae ter sake: 1) Wie is die subjek van die sin?; 2) Wie is ontklee (ἀπεκδυσάμενος)?; 3) Moet “ontklee” letterlik of figuurlik verstaan word?; 4) Wie is die owerhede en magte (τὰς ἀρχὰς καὶ τὰς ἐξουσίας)?; 5) Wanneer, waar en hoe het die triomftog (θριαμβεύσας αὐτούς) plaasgevind?; en 6) Hoe moet ἐν αὐτῷ (in dit/Hom) verstaan en vertaal word?

Wat vraag 1 betref, is die meeste eksegete korrek om, na aanleiding van 2:12-14, God as subjek van die sin te sien (kyk bv Beasley-Murray 1973:478; Pokorný 1991:140; Schweizer 1982:151-152; O'Brien 1982:126).¹⁹³ Die antwoord op vraag 2 word bepaal deur die vertaling van die mediumvorm van ἀπεκδυσάμενος. Word die mediumvorm behou beteken dit “om Homself te ontklee” met Christus duidelik as die subjek. Die sin sal dan so vertaal kan word :”Hy het Homself ontklee van die owerhede en magte” (soos iemand wat klere sou uittrek, vgl Kol 3:9).¹⁹⁴ Die mediumvorm van ἀπεκδυσάμενος kan ook as die aktiewe vorm vertaal word met God as subjek en die owerhede en magte die objek. Die vertaling sal dan lui soos hierbo aangegee is met die owerhede en magte wat van hulle mag ontklee word. Die konteks van Kolossense 2:15 (veral die tweede gedeelte van die vers) is goeie gronde om vir die aktiewe vorm te kies.

As antwoord op vraag 3 kan gesê word dat ἀπεκδυσάμενος beide letterlik of figuurlik verstaan kan word. Die letterlike verstaan van ἀπεκδυσάμενος impliseer dat Christus as die subjek van die werkwoord gesien moet word, ‘n moontlikheid wat hierbo reeds afgewys is. Die woord “ontklee” moet dus

¹⁹³ Barth en Blanke (1994:332-336) en Martin (1985:82) beskou Christus as die subjek van die sin.

¹⁹⁴ Die meeste eksegete soos O'Brien (1982:127) en Barth en Blanke (1994:332) verwys na vroeëre eksegete soos Lightfoot wat die volgende vertaling verkies: “The powers of evil, which had clung like a Nessus robe about his humanity, were torn off and cast aside for ever”. Martin (1985:87) stem op versigtige wyse met hierdie vertaling saam.

eerder in 'n meer figuurlike sin verstaan word as om fisies die klere uit te trek (vgl Kol 2:11). Heel waarskynlik verwys dit na iets soos om te ontwapen, dus die verwydering van mag en outoriteit¹⁹⁵.

Oor wie die owerhede en magte is (vraag 4), is daar onder eksegete nie eenstemmigheid nie. Die vraag wat beantwoord moet word is of die owerhede en magte bese magte is of nie. Is die verwysing na engelewesens of aardse gesagsinstellings? Sommiges reken dit is nie bese magte nie en verwys na goeie engele (die geestelike magte in die goeie sin van die woord; kyk Müller 1985:102-103; Wall 1993:118). Ander weer sien die owerhede en magte as aardse magte. Onder hierdie eksegete is daar ook 'n verskil van mening deurdat die owerhede en magte getipeer word as óf Romeinse, óf Joodse óf Christelike politieke of godsdienstige magsinstellings.¹⁹⁶ Die meerderheid eksegete verstaan egter owerhede en magte as verwysende na bese magte¹⁹⁷. Hierdie studie ondersteun hierdie interpretasie (vgl Kol 2:10). Die owerhede en magte verwys na die bese magte na aanleiding van die bedoeling, implikasie en gevolge van die kruisgebeure (kyk bespreking in § 3.3.4.5). Die konteks van Kol 2:15 (Kol 2:13-15 moet saamgelees word) maak ook hierdie interpretasie waarskynlik die beste keuse.

Van der Watt (1988:66) som bogenoemde antwoord op vraag 4 goed soos volg op: Die gelowige het sy lewe te danke aan Christus. Die gedagte van Christus se algenoegsaamheid, soos in Kolossense 2:11-15 in besonderhede bespreek is, verklaar en beklemtoon drie dinge wat Christus (of God in Christus) vir gelowiges gedoen het :die geestelike besnydenis (Kol 2:11, 12), vergifnis van sondes (Kol 2:13, 14) en oorwinning oor die bese magte (Kol 2:15). Christus se kruisdood (straf op die sonde) en opstanding (die verbreking van die mag van die bese), is duidelik nie 'n oorwinning oor “goeie engele” of aardse magsinstellings nie.

¹⁹⁵ Kyk Louw en Nida (1989a:527, 49.20). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal dit ook met “ontwapen” (vgl ook Pokorný 1991:140-141).

¹⁹⁶ Vir 'n volledige besprekings kyk Wright (1991:115-116), Wall (1993:118) en Barth en Blanke (1994:333).

¹⁹⁷ Kyk ook O'Brien (1982:126-127), Pokorný (1991:140) en Martin (1985:86 - 87). Die Nuwe Afrikaanse vertaling vertaal owerhede en magte met bese magte.

Die antwoord op vraag 5 is eweneens nie maklik nie. Het dit aan die kruis (Martin 1985:88; Wright 1990:1140; Lucas 1980:110; Carson 1979:72) gebeur, by Christus se opstanding (Beasley-Murray 1973:478), of by sy hemelvaart (Pelser 1989:279)? Die uitdrukkings “het Hy hulle in die openbaar ten toon gestel” (ἐδειγμάτισεν ἐν παρρησίᾳ) en “triomferende oor hulle in Hom/in dit” (θριαμβεύσας αὐτοὺς ἐν αὐτῷ) word oor die algemeen verstaan dat dit sinspeel op die triomftog van 'n Romeinse generaal deur die strate van Rome om sy militêre oorwinning te vier. In die proses word van die verslane vyand saamgebring en in die openbaar vertoon. As Efesiërs 4:8 in ag geneem word moet dalk aanvaar word dat Christus se triomftog verwys na sy hemelvaart. Dit is egter duidelik dat die werklike oorwinning oor die bese magte reeds aan die kruis plaasgevind het en Christus se opstanding die bevestiging is van die kruisgebeure. Hierdie studie is daarom van mening dat Christus se triomftog sy oorwinning aan die kruis, sy opstanding en hemelvaart insluit.

Die interpretasie van ἐν αὐτῷ (in Hom/in dit), is ook nie voor die hand liggend nie. Is die triomftog in Christus (Hom; O'Brien 1982:128; Pokorný 1991:1400; Barth & Blanke 1994:336; Nestle-Aland²⁶ 1971:526) of in die kruis (dit; Martin 1985:88; Hume 1998:45)? Die keuse vir in Hom of in dit hang af van wie as subjek gesien word, God of Christus. Siende dat hierdie studie reeds die keuse vir God as subjek gemaak het, val die keuse op in Hom. Dit sluit ook aan by die verwysings na die uitdrukkings in Hom en met Hom in Kolossense 2:6-13¹⁹⁸.

3.3.5. SAMEVATTING: KOLOSSENSE 2:6-15

Die uitgangspunt in hierdie gedeelte is die feit dat die gemeente Christus Jesus as Here aangeneem het. Daarom moet hulle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, standvastig in die geloof en vol dankbaarheid. Hulle word gewaarsku om hulle nie deur menslike misleiding, wat nie op Christus berus nie, weggevoer te laat word nie. Hulle is

¹⁹⁸ O'Neill (s.j: 87-100) argumenteer dat die skrywer van die Kolossensebrief sy belangrike Christologiese uitsprake in Kolossense 1:9-23 en Kolossense 2:6-15 direk van tradisioneel Christelik-Joodse bronne geneem het.

van hierdie dinge bevry. Hulle verbondenheid met Christus het hulle in 'n nuwe posisie geplaas.

In Christus is die volle wese van God teenwoordig en in verbondenheid met Hom deel hulle in sy volheid. Christus is hoof oor al die bese magte. Die gelowiges is bevry van die bese magte en van hulle sondige natuur deur Christus se werk. Christus het finaal 'n einde aan die ou lewe gemaak. Wat met Christus gebeur het, het met die gelowiges gebeur. Hulle is saam met Christus begrawe en ook saam met Hom opgewek omdat hulle geglo het in die krag van God wat Christus uit die dood opgewek het.

Die gelowiges is lewend gemaak uit die sondedood deur die vergifnis van sonde. Dit het gebeur deurdat God die skuldbewys met sy eise aan die kruis gespyker het en dit so tot niet gemaak. Christus het met sy kruisdood die straf vir die sonde op Hom geneem en dit namens die sondaars gedra. So is die bese magte ontwapen, die oorwinning is aan die kruis behaal en is hulle in Christus se triomftog weggevoer.

Die gelowiges is dus bevry van alles wat enige mag oor hulle wil uitoefen en hoef daarom niks te vrees nie. Hulle het nie nodig om hulle te onderwerp aan enigiets of iemand naas Christus nie. Hulle moet hulle onderwerp aan Christus want alle volheid is in Hom te vind. Hy is genoegsaam.

3.3.6 KOLOSSENSE 2:16-23: DIE DWAALLEER¹⁹⁹

Slegs die gedeeltes in Kolossense 2:16-23 wat Christologiese terme en uitdrukkings bevat en wat vir *die verhouding tussen die Christologie en etiek* van belang is, sal in hierdie Afdeling aandag ontvang.

Hierdie gedeelte word deur navorsers op verskillende wyses beskryf. Martin (1985:88), Carson (1979:72) noem dit "*Verdediging van die Christelike vryheid*", terwyl O'Brien (1982:134), Schweizer (1982:154) en Pokorný

¹⁹⁹ Vir 'n bespreking van die dwaalleer in Kolossense, kyk § 2:1.4.

(1991:142) die titel “*Vryheid van wettisisme*” verkies. Wall (1993:120) beskryf hierdie gedeelte as “*Paulus se polemieë teen ‘n Christuslose etiek*”.²⁰⁰

Kolossense 2:16-23 kan in twee dele ingedeel word, naamlik ‘n waarskuwing teen die dwaalleer (Kol 2:16-19) en 'n vraag aan die gemeente oor hulle deelname aan sekere praktyke van die dwaalleer (Kol 2:20-23).

3.3.6.1 KOLOSSENSE 2:16-19: MOENIE MISLEI WORD NIE

Die uitdrukking daarom (οὖν) in Kolossense 2:16 verbind hierdie gedeelte aan die voorafgaande wat handel oor die versekering van Christus se oorwinning oor die magte (Kol 2:8-15).

Omdat Christus die oorwinning behaal het moet die gemeente hulle nie laat voorskrywe nie (laat niemand julle oordeel nie; (μὴ οὖν τις ὑμᾶς κρινέτω)²⁰¹. Hierdie is die eerste waarskuwing teen die dwaalleer met as inhoud dit wat rein of onrein is ten opsigte van voedsel en drank. Sekere sake word verbied (wat geëet en gedrink mag word), en sekere word vereis (bv die onderhouding van verskeie feeste).

Om hulle besig te hou met bogenoemde dinge was egter nutteloos (uitgedien) omdat dit alles maar net 'n voorafskaduwing (σκιὰ)²⁰² van die toekomstige dinge is (Kol 2:17; vgl Heb 8:5; 10:1). Die liggaam behoort aan Christus (τὸ δὲ σῶμα τοῦ χριστοῦ). σῶμα moet hier verstaan word as “werklikheid” en nie as die kerk nie. So lees Kolossense 2:18 “die werklikheid is Christus”.

²⁰⁰ Christopher (1990:205-220) se diskoersanalise van Kolossense 2:16-3:17 bring hom tot die gevolgtrekking dat hierdie gedeelte 'n diskoerseenhed vorm (vermanend en verklarend). Die strukturele raamwerk is 'n chiasme en die argument van hierdie gedeelte bou op na 'n klimaks in Kolossense 3:12.

²⁰¹ Die werkwoord κρίνω beteken om iemand te oordeel met die doel skuldigbevinding en straf (Louw & Nida 1989a:527, 56.30).

²⁰² Louw en Nida (1989a:593, 56.66 en 58.65) vertaal σκιὰ as “a faint archetype which foreshadows a later reality” en σῶμα as “an entity which corresponds to an archetype or foreshadowing, reality, corresponding reality”. Kyk ook die besprekings hiervan deur Schweizer (1982:156-158), O'Brien (1982:139-141) en Martin (1985:91-92).

σκιὰ en σῶμα word gekontrasteer om die boodskap oor te dra dat nie die dwaalleer nie, maar Christus, hulle ware hoop is (vgl Kol 1:5, 23, 27). Die werklikheid, Christus, is nou 'n teenswoordige realiteit terwyl die skadudinge nie meer bindings- of oordeelskrag het nie.

In Kolossense 2:18 volg die tweede waarskuwing teen die dwaalleer: “Laat niemand julle van julle prys beroof/diskwalifiseer nie” (μηδεὶς ὑμᾶς καταβραβεύτω; vgl Kol 3:15; kyk Martin 1985:92).

Waarskynlik vorm die beeld van 'n spele of 'n sportwedstryd die agtergrond waar 'n skeidsregter as beoordelaar optree en wat hier in 'n geestelike sin toegepas word. So gesien is die prys, alhoewel nie pertinent genoem nie, die verbondenheid aan Christus en die ewige lewe wat die gelowige reeds ontvang het (vgl 1 Kor 9:24; Fil 3:14).²⁰³

Die gelowiges in Kolosse moet dus nie toelaat dat hulle gediskwalifiseer word deur dié wat teenoor hulle optree as skeidsregters met hulle selfgodsdien van valse nederigheid, die aanbidding van engele en die sien van visioene nie. Dit is niks anders as eiewaan en selfverheffing bo ander mense nie²⁰⁴.

Iemand wat bogenoemde selfgodsdien beoefen, is iemand wat nie aan die hoof vashou nie (καὶ οὐ κρατῶν τὴν κεφαλὴν; Kol 2:19). Die hoof (τὴν κεφαλὴν) word nie gekwalifiseer nie, maar uit die konteks is dit duidelik dat hier na Christus verwys word. Hier vind ons dieselfde gedagte as in Kolossense 1:18. Die liggaam (σῶμα) word ook nie gekwalifiseer nie, maar weereens is dit uit die konteks duidelik dat na die kerk verwys word. Ons vind dieselfde gedagte in Kolossense 1:18, Kolossense 1:24 en Kolossense 3:15.

²⁰³ Louw en Nida (1989a:365, 30:121) vertaal καταβραβεύτω as “to judge as a referee that someone is not worthy to receive a prize – to disqualify, to condemn, to judge as not worthy of a reward, to deprive of a reward” (kyk ook Liddell en Scott 1987:851).

²⁰⁴ Volgens Carr (1973:500) was dit nie geheime taal of praktyk wat die kerk in Kolosse binnegedring het nie, maar dieselfde probleem as elders in die vroeë kerk, te wete aanspraak op geestelike superioriteit geldig gemaak deur aansprake op 'n hoër geestelike ervaring deur mistiek-asketiese vroomheid. Die taal van hierdie godsdien, met sy streng selfverloëning en oordrewe toeëiening van 'n verbinding met die hemel, word in Kolossense 2:18 gekontrasteer met die Christelike lewe van “vashou aan die hoof” (Kol 2:19).

Die kerk is aan Christus verbonde en dus van Hom afhanklik (vgl Ef 1:22-23; Ef 4:1-16). Uit Christus groei (αὔξει) die kerk. Anders as in Kolossense 1:6 en Kolossense 1:24-29, waar numeriese groei ter sprake is, is die bedoeling hier die groei in geestelike volwassenheid²⁰⁵. Daarom, letterlik, is dit Goddelike groei of die groei van God (αὔξει τὴν αὔξησιν τοῦ θεοῦ). Christus, as hoof van die kerk (gemeente), is die bron van lewe en groei daarvan.

In verbondenheid met Christus maak Hy ook die liggaam een. Hierdie eenheid word verduidelik aan die hand van die beeld van die menslike liggaam. Soos gewrigte (ἀφῶν)²⁰⁶ en verbindings (συνδέσμων) ondersteuning gee (ἐπιχορηγούμενον) aan en die liggaam saambind (συμβιβάζομενον), so ondersteun en dien die gelowiges as lidmate van die kerk mekaar, en hulle liefde vir mekaar (Kol 3:14, vgl ook Ef 4:12-16) bind hulle tot 'n volmaakte eenheid (O'Brien 1982:148).

Hieruit is dit duidelik dat die gelowiges slegs kan leef en groei vanuit hulle verbondenheid met Christus. Gelowiges kan egter nie op hulle eie groei nie. Hiervoor is die gemeenskap met ander gelowiges in die kerk nodig. Die verhewendheid en algenoegsaamheid van Christus word ook weereens beklemtoon.

3.3.6.2 KOLOSSENSE 2:20-23: WAAROM GEHOORSAAM JULLE DIE DWAAL-LEER?

Kolossense 2:20 verwys terug na Kolossense 2:6-19 (vgl Kol 2:3; Rom 6:4-14) en herinner ook aan Kolossense 1:12-13. Kolossense 2:8-9 beskryf die inhoudelike van die gelowiges se verbondenheid met Christus (Van der Watt 1988:72).

²⁰⁵ Louw en Nida (1989a:101-102, 8:60) vertaal dit met "ligamente", terwyl Liddell en Scott (1987:119) en Hume (1998:51) dit met "gewrig" (joint) vertaal.

²⁰⁶ Louw en Nida (1989a:22, 18.17) vertaal ἀφῶν met "that which ties something together – bindings, bonds, that which ties together", Liddell en Scott (1987:671) vertaal dit as "that which binds together, a bond, bond: a cramp in surgery, a ligament", terwyl die Nuwe Afrikaanse vertaling dit met "spiere" vertaal.

Kolossense 2:20-23 (ook in Kol 3:1-4) het as inhoud die konkretisering van dié waarheid. Paulus sê dat die gemeente is nie net in Christus nie, maar hulle moet ook so optree. Paulus begin sy argument hier soos volg: As julle saam met Christus afgesterf het die eerste beginsels van die kosmos (wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld²⁰⁷; vgl Kol 2:8 (εἰ ἀπεθάνετε σὺν Χριστῷ ἀπὸ τῶν στοιχείων τοῦ κόσμου) εἰ (redegewend) druk nie twyfel uit nie, maar beteken “as”, “soos dit die geval is”, of “aangesien”. Saam met Christus het die gelowiges die gebondenheid aan die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld afgesterf en in Christus is hulle daarvan bevry.

Volgens O'Brien (1982:149) en Martin (1985:96) word hierdie vraag dan deur Paulus beantwoord in die vorm van 'n retoriese vraag en teregwysing²⁰⁸ Waarom is julle onderworpe aan insettinge asof julle in die wêreld lewe (τί ὡς ζῶντες ἐν κόσμῳ δογματίζεσθε)?

Die Nuwe Afrikaanse Vertaling gee die betekenis van hierdie vraag baie duidelik weer :”Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte?”

In Kolossense 2:21 gaan Paulus dan oor om drie voorbeelde van die voorskrifte wat opgelê is (wat na die gebruik van die kos en drank verwys) te gee: moenie aanraak nie (μὴ ἄψη), moenie proe nie (μηδὲ γεύση), moenie hanteer/raak nie (μηδὲ θίγης). Hierdie dinge wat deur die dwaalleer verbied word is verganklike dinge (Kol 2:22) wat elke dag gebruik word en wat deur gebruik vergaan (ἃ ἔστιν πάντα εἰς φθορὰν τῇ ἀποχρήσει) omdat dit niks anders as gebooie en leerstellings van mense is nie (κατὰ τὰ ἐντάλματα καὶ διδασκαλίας τῶν ἀνθρώπων).

²⁰⁷ Die “wêreld” word hier fisiese verstaan nie, maar in etiese en ongunstige sin. Hiervolgens word die stoflike en verbygaande wêreld teenoor die geestelike en ewige werklikhede gestel, Müller (1958:117).

²⁰⁸ Wright (1991:125) sien dit as 'n waarskuwing teen die gevaar van die dwaalleer. Volgens Barth en Blanke (1994:354) is die teregwysing nie op die gemeente gemik is nie, maar eerder op die dwaalleraars.

In Kolossense 2:23 bereik Paulus die hoogtepunt van sy argument teen die dwaalleer. Kolossense 2:23 is ook die samevatting en afsluiting van sy argument teen die dwaalleer. Verskeie eksegete is dit eens dat hierdie verskeie interpretasieprobleme oplewer (kyk Schweizer 1982:168; Barth & Blanke 1994:358; Pokorný 1991:154-156; O'Brien 1982:151-152; Wright (1991:127-128; Martin 1985:99-100). In hooftrekke is die boodskap van die vers tog duidelik. Die leerstellings van die dwaalleraars het wel 'n skyn van wysheid (ἄτινά ἐστιν λόγον μὲν ἔχοντα σοφίας). Hierdie skyn van wysheid is gebaseer op eiesinnige godsdiens (ἐν ἐθελοθρησκίᾳ), danige nederigheid (καὶ ταπεινοφροσύνη) en die streng beheersing van die liggaam (καὶ ταπεινοφροσύνη [καὶ] ἀφειδίᾳ σώματος), maar dit het geen waarde vir die betuening van die sondige drifte nie. (letterlik: van geen waarde nie, maar tot versadiging van die vlees; οὐκ ἐν τιμῇ τινὶ πρὸς πλησμονὴν τῆς σαρκός). “Vlees” moet hier verstaan word as sondige natuur.

Paulus se betoog, in kort, is dus dat die gemeente nie dit mag leef wat hulle reeds afgesterf het nie. Hulle moet dit verloor wat hulle deur die sterwe en opstanding saam met Christus verwerf het. Kolossense 2:20-23 handel dus oor die ingesteldheid van die gelowiges teenoor die lewe (Van der Watt, 1988:73). Alleen 'n standvastige vashou aan Christus kan die verlore help om onvoorwaardelik die oue te verwerp en met vreugde die vryheid van die nuwe te ervaar (Beasley-Murray 1973:479).

3.3.7 SAMEVATTING: DIE CHRISTOLOGIE VAN KOLOSSENSE

Jesus Christus is die Here, die Seun van God, die Seun wat Hy liefhet. Die Seun is die beeld van God, Hy is voor alles en verhewe bo die hele skepping. God het alles deur Hom en vir Hom geskep en deur Hom bly alles in stand. Die hele skepping het in Hom, deur Hom, en met Hom, Hom as doel. As beeld van die onsigbare God is die Seun die Skeppergod in aksie. Alles buig voor Hom en in Hom is die erfdeel van die Vader te vind. Die Seun voer heerskappy oor dinge wat gesien kan word, of nie gesien kan word nie, dinge in die hemel of op die aarde, engele en geestelike magte, ook elke ding of

mag wat deur mense vereer of aangehang sou word. Hierdie verhouding van die Seun tot die sigbare en onsigbare, bewys dat Hy God is.

Met die skepping en onderhouding van die skepping voer God sy plan uit, die plan wat Hy in Christus sal voltooi. Daarom wys alles heen na Christus toe en kan die skepping die sin van sy bestaan en sy hoogste doel alleen in Christus en sy verheerliking vind. Almal in die ganse skepping moet weet: Die Seun is eerste!

Soos Christus die Eerste genoem word met betrekking tot die skepping, so ook met betrekking tot die herskepping, die opstanding uit die dood. Hy was eerste wat uit die dood opgestaan het. Hy het die dood oorwin. So is Christus die begin van die nuwe skepping, nie alleen in tydelike sin nie, maar in die sin van bron en oorsprong en norm van die nuwe lewe.

Christus se opstanding is die oorsprong van sy kerk, sy liggaam, waarvan Hy die Hoof is. Hy voer heerskappy oor die kerk. In Hom word die kerk tot eenheid verbind. Hy is die hart en bron van die kerk. Die kerk (gelowiges) groei uit Hom en na Hom toe en is tegelyk op Hom gerig as doel van hulle lewe. Die kerk is by Christus ingelyf. Wat met Hom gebeur het, het ook met hulle gebeur. Hulle het saam met Christus gesterf, is saam met Hom begrawe en is saam met Hom opgewek. Daarom word hulle die liggaam van Christus genoem.

Dit alles is die resultaat van God se besluit om deur sy Seun alles op die aarde en in die hemel met Homself te versoen. God het dit bewerkstellig deur met sy volle wese in Christus te woon. Die versoening en die herstel van die vrede is tot stand gebring deur die bloed van sy Seun aan die kruis.

Die gelowiges is ook met God versoen deurdat sy Seun as mens gesterf het. God het hulle uit die mag van die duisternis weggeruk en hulle onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het gelowiges, deur hulle geloof in en aanname van en verbondenheid aan Christus as hulle Here, verlossing verkry deur die vergifnis van hulle sondes. Hy het die

skuldbewys met sy eise teen hulle tot niet gemaak deur dit aan die kruis te spyker en het dit vir goed weggeneem. Christus het met sy kruisdood die straf vir die sonde op Hom geneem en dit namens die sondaars gedra.

Die geheimenis van God wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan mense wat aan Hom behoort, is Christus, en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind. Die waarheid van alles is, en dit is eintlik die inhoud van die geheimenis, dat Christus in die gelowiges is. Hy is hulle hoop op die heerlijkheid.

Christus is ook hoof oor die bose magte, deurdat Hy hulle ontwapen het met sy oorwinning aan die kruis en is hulle in sy triomftog weggevoer. Dus, die gelowiges is bevry van alles wat enige mag oor hulle wil uitoefen, hulle hoef niks te vrees nie.

Christus sit nou aan die regterhand van God. Wanneer Hy, wat die gelowiges se lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal hulle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlijkheid deel. Daarom het hulle nie nodig om hulle te onderwerp aan enigiets of iemand naas Christus nie. Hulle moet hulle onderwerp aan Christus want alle volheid is in Hom te vind. Hy is genoegsaam.

HOOFSTUK 4

DIE ETIEK IN KOLOSSENSE

In hierdie Hoofstuk word die etiek in die Kolossensebrief ondersoek. Inleidend word gekyk na die betekenis van die terme *etiesk*, *indikatief*, *imperatief* en *paranese* soos dit in hierdie studie verstaan en toepas word. Dit word gevolg deur 'n algemene oorsig van die etiek in Kolossense. Aandag sal dan gegee word aan die gedeeltes Kolossense 1-2 waarin etiese voorskrifte voorkom, waarna die eintlike etiese of paranetiese gedeelte van die brief, te wete Kolossense 3:1-4:6 ondersoek sal word. Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevatting.

4.1 INLEIDEND

4.1.1 ETIEK

Hierdie studie ag dit nie van belang om die etimologie van die term na te vors of 'n bespreking aan te bied van die verskillende perspektiewe wat ten opsigte van die term verstaan word nie. Onder die term etiek verstaan hierdie studie die etiese handeling van mense, dit wil sê, hoe mense se alledaagse lewe lyk ten opsigte van hulle verhoudinge en gesindhede. Anders gestel: wat die aard van hulle gedrag en optrede is. Meer spesifiek stel hierdie studie belang in die voorskrifte en vermanings wat in Kolossense aan die gemeente voorgedra word hoe hulle as gelowiges moet lewe, of dan, hoe hulle lewenswyse daaruit moet sien²⁰⁹.

4.1.2 INDIKATIEF EN IMPERATIEF

Indikatief beteken aantoonend. 'n Gebeure word as 'n feit voorgestel, hetsy in die verlede, hede of toekoms (die modus van die werkwoord). Vanuit 'n

²⁰⁹ Kyk ook Perkins (s.j:652-655) se breedvoerige bespreking van die etiek in die Nuwe Testament. In sy bespreking van evangeliese (Skrifgetroue; my invoeging) etiek oordeel Davis (2004:16) dat Christelike etiek nie net menslike gedrag moet beskryf nie, maar voorskrywend wees sodat in konkrete situasies God se wil en die verpligtinge wat daaruit voortvloei, duidelik word. Evangeliese etiek is nie besorg oor persoonlike voorkeure en gevoelens nie, maar die verpligtinge wat die gewete aanspreek. Die liefde van God, uitgestort in die hart van die gelowige is inderdaad die dinamiese motivering vir Christelike gedrag maar hierdie liefde word gedemonstreer in harmonie met die spesifieke opdragte van die heilige Skrif.

Bybels- teologiese of Christologiese perspektief is 'n indikatief, breedweg gestel, God se verlossingsdaad in Jesus Christus, “die nuwe heilsbedeling wat in Christus werklikheid geword het. Die heilsgegewe word kategoriees gestel” (Lategan 1988:323). Kolossense 2:6 en 3:1 is twee gepaste voorbeelde om Lategan se definisie van die indikatief te verduidelik: “Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het” (Kol 2:6) en “Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is” (Kol 3:1).

Imperatief beteken bevel, opdrag, versoek, gebiedend of dringend (die modus van die werkwoord). Die verhouding tussen die feitlikheid van die nuwe heilsbedeling (indikatief) en die implikasies daarvan vir die lewe (optrede en gedrag) van die gelowige word in die imperatief gestel. Eers word die heilsgegewe kategoriees gestel (indikatief, dan volg die etiese oproep (imperatief) as konklusie daaruit (Lategan 1988:323).

Die indikatief in die voorbeelde hierbo genoem word telkens gevolg deur 'n imperatief: “Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het *moet* julle in verbondenheid met Hom lewe” (Kol 2:6) en “Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is *moet* julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit” (Kol 3:1).

4.1.3 DIE VERHOUDING TUSSEN INDIKATIEF EN IMPERATIEF

Sonder om 'n volledige bespreking oor die verhouding tussen indikatief en imperatief te voer is 'n enkele opmerking tog nodig aangesien dit direk te make het met die verhouding tussen Christologie en etiek. In sy bespreking van die verhouding tussen die indikatief en imperatief noem Schrage (1996:167-172) dat die imperatief nie verstaan moet word as 'n soort aanhangsel of byvoegsel tot die indikatief nie. Die imperatief spreek die geheel aan, dit sinspeel op en regverdig die imperatief. Die imperatief gryp terug na die indikatief waarop dit gebaseer is. Juis daarom begin elke identifiseerbare paranetiese dele gewoonlik met die verbindingswoord “daarom” (oŭv). Kolossense 2:16; Kolossense 3:5 en 12 en Romeine 8:11 is hier goeie voorbeelde. Duidelik is die imperatief dus 'n integrale deel van die indikatief.

Lategan (1988:324) stem hiermee saam. Die indikatief stel nie maar net 'n moontlikheid wat deur die mens gerealiseer moet word nie. Sowel indikatief as imperatief is 'n saak van die geloof – die aanvaarding dat die nuwe bedeling 'n werklikheid is en dat die mens daardeur in staat gestel word om 'n nuwe lewe te lei. Trouens, die realisering van die heil is in 'n sekere sin 'n toetssteen vir die realiteit van die nuwe bedeling (vgl Kol 2:20) aangesien indikatief en imperatief 'n onlosmaaklike eenheid vorm.

4.1.4 DIE AANWENDING VAN DIE INDIKATIEF EN IMPERATIEF

Die verhouding tussen die indikatief en imperatief word nog duideliker in die manier waarop die skrywer dit in Kolossense aanwend. In sy ondersoek hiervan toon Wessels (1992: 204-208) aan dat die skrywer die wisselwerking tussen indikatief en imperatief gebruik as 'n strategie om sy lesers te oordeel om sy etiese riglyne te volg. Hierdie wisselwerking funksioneer regdeur die brief as 'n onmisbare deel van die skrywer se strategie. Die strategie wat die skrywer gebruik is om sy lesers gedurig te herinner aan die heilsindikatief. Hierdie herinnering vind soms subtiel en op verskillende wyses plaas. Daar is ook gevalle waar die heilsindikatief gebruik word as 'n imperatief (kyk Kol 1:10; 2:19). Soms word die indikatief as motivering aangewend (kyk Kol 3:1-4, 12). In Kolossense dien die wisselwerking tussen die indikatief en imperatief deurgaans as 'n strategie van die skrywer om aan sy etiese vermaninge gesag te verleen.

4.1.5 PARANESE

Hierdie studie bied ook nie 'n volledige bespreking van die begrip paranese nie. Dit fokus slegs op die algemene betekenis van die term met die oog om te bepaal hoe dit in die Kolossensebrief funksioneer. Volgens Liddell en Scott (1987:522) beteken die term παραίνεσις of παραινώ advies, raad gee of aanbeveel. Hierdie betekenis van paranese is ook hoe dit deur Louw en Nida (1989a:295, 33:295) verstaan word: παραινώ beteken om aan iemand 'n sterk aanduiding te gee wat hy/sy behoort te doen, om kragtig te adviseer, om aan te dring, aanspoor of dringend te versoek. Hulle wys in hierdie verband op Handeling 27:22.

Volgens Wilson (1997:151-153) is paranese 'n vorm van kommunikasie wat poog om krisis situasies wat betrekking het op gedrags- of kennisleer tussen nuwe bekeerlinge te bestuur. Perdue (1990:5-6, 19) is van oordeel dat die oorhoofse doel wat alle vorme van paranese kenmerk, is dat dit leiding gee tot die morele lewe soos dit dan ook blyk uit die paranetiese literatuur van Judaïsme en vroeë Christendom (hetsy mondelings of geskrewe). Paranese voorsien die inhoud om die morele lewe te vorm en te integreer. In sy leksikografiese ondersoek van die begrip paranese kom Quinn (1990:191-205) tot die gevolgtrekking dat die kommunikasie met die lesers in die Pastorale briewe die literêre vorm van paranese aanneem. Hy verwys onder andere na pseudo-Libanius (300-600 nC) se geskifte oor briefstyle waarin hy ongeveer veertig style identifiseer. Bo aan die lys is die paranetiese styl wat hy identifiseer, te wete om iemand aan te moedig of te oorreed om iets na te strewen of te vermy. Hy verdeel paranese in aanmoediging of afraaiing, en oordeel verder dat paranese nie met die adviserende styl verwar moet word nie aangesien paranese van advies verskil. Paranese is paranetiese spraak wat nie teenspraak toelaat nie.

Paranese is gerig op 'n versterking van die sin van identifisering met 'n groep en die besef en begrip van die skeiding tussen hulle wie nie glo of optree soos die groep nie. Binne 'n Christelike konteks is paranese gerig op die *parousia* wat sal openbaar wie “in” of “buite” die nuwe wêreld is.

4.1.6 GEVOLGTREKKING

Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat paranese as 'n literêre “sub-genre” (Quinn 1990:201) funksioneer, 'n vorm van kommunikasie met die doel om iemand te beveel, vermaan, aan te moedig, te oorreed om iets na te streef of te vermy.²¹⁰ Dit moedig aan om die goeie te doen en die slegte te laat. Binne die Christelike konteks is paranese Christologies gefundeer.

²¹⁰ Navorsers gebruik in hierdie verband uitdrukkings soos “exhortation” (aanmaning, vermaning, aansporing), “hortatory” (aanmanend), “ethical appeal”, “imperatief” (bevel, opdrag, versoek) en “paranese” (beveel, vermaan, aanmoediging, oorreed) as wissel terme (kyk Schweizer 1982:171; Barth & Blanke 1994:392; O'Brien 1982:159; Pokorný 1991:157; Van der Watt 1988:90. Crouch (1972:10) verkies die uitdrukking “paraenetic exhortations”.

4.2 'N ALGEMENE OORSIG VAN DIE ETIEK IN KOLOSSENSE

Yates (1991:241) stel tereg dat die kenmerkende van die Pauliniese briewe is dat hulle uit twee hoofdele, te wete leerstellig en vermanend, bestaan. Du Plessis (1991:199) noem hierdie twee hoofdele prinsipiëel en paraneties, terwyl Hartman (1987:239) die begrippe teologie en paranese of Christologie en etiek verkies. Dit sou egter verkeerd wees om die verdeling te ver te neem aangesien teologie/Christologie en etiek onskeibaar is (Yates 1991:241; Du Plessis 1991:199; Wessels 1992:206; Pokorný 1991:157). Hierdie noue verbondenheid tussen teologie/Christologie en etiek is duidelik waarneembaar in Kolossense.²¹¹ Die Christologiese uitsprake in die eerste twee hoofstukke funksioneer in die paranetiese gedeelte (Kol 3:1-4:6) en die etiese vermaninge (paranese) is reeds van die begin van die brief op te merk (kyk bespreking in § 4.2). Christologie en paranese is dus in Kolossense ten nouste met mekaar verbind, en wel in so 'n mate dat kan gesê kan word dat Kolossense 'n paranetiese karakter toon (Hartman 1987:239).²¹²

'n Verdere belangrike saak wat betref die etiek van Kolossense is dat die etiese boodskap in Kolossense soms oorgedra word deur dit wat nie direk gesê word nie omdat dit deur die skrywer en lesers veronderstel word (Wessels 1992:208-209). Vir die “buitestander” (moderne eksegeet) is dit soms onduidelik wat die inhoud van die etos en etiese vermaninge is wat binne 'n bepaalde gemeenskap funksioneer, inhoude wat vir die “Binnestaanders” sonder meer duidelik is. Daar is dus vermaninge wat na norme verwys wat binne die gemeenskap as vanselfsprekend geld en dus nie

²¹¹ In sy oorsigtelike tog insiggewende bespreking van die Pauliniese etiek vestig Lategan (1988:326-329) die aandag op die verskillende dimensies binne die etiek/paranese van Paulus wat ook in Kolossense aangetoon kan word waarvan hierdie studie kennis neem. Hy identifiseer die volgende dimensies: die Christologiese (vgl Kol 2:20; 3:1), teosentriese (vgl Kol 3:17), antropologiese (Kol 1:15; 3:10), sakramentele (vgl Kol 2:11), vryheidsdimensie (in Kol dalk nie so duidelik uitgespreek soos bv in 2 Kor 3:11 en Gal 5:1 nie, maar die gedagte van verbondenheid aan Christus in Kol 2:6 dra die gedagte van vryheid in Hom), eskatologiese dimensie (vgl Kol 3:4), en laastens die pneumatologiese dimensie (vgl Kol 1:8). Swart (1999:169-177) bevraag die voorkoms van die eskatologiese dimensie in Kolossense 3:4.

²¹² Alhoewel nie direk van belang vir die doel van hierdie studie nie word ook kennis geneem van die verskillende invloede wat in die agtergrond lê van Paulus se etiese vermaninge wat ook in Kolossense neerslag gevind het, te wete die Joodse, Hellenistiese invloede en die vroeg-Christelike tradisie. Vir 'n bespreking van hierdie moontlike invloede kyk Lategan (1988:321-322), Wessels (1992:209-211), Pokorný (1991:157-184) en Barth en Blanke (1994:456-474).

nodig is om in detail beskryf te word nie. Dit is voldoende as hulle slegs daaraan herinner word²¹³. Wanneer Paulus die Filippense vermaan om “in ooreenstemming met die evangelie van Christus ...te wandel” (Fil 1:27) en die Tessalonisense om “tot eer van God te lewe” (1 Tess 2:12), neem hy aan dat sy lesers sy vermaning sal verstaan sonder dat hy dit nader hoef te omskryf.

By sommige vermaninge in Kolossense is dit ook die geval. Daar word byvoorbeeld in Kolossense 1:10 deur Paulus gestel dat die Kolossense vrugte sal dra deur goeie werke sonder dat dit wat hierdie vrugte is, omskryf word. Dieselfde geld vir die vermaning “strew na die dinge daarbo waar Christus is” in Kolossense 1:3 in dat daar nie gesê word wat “die dinge daarbo” is nie. Dit is egter wel moontlik om ten minste ten dele te bepaal wat die goeie werke en “hoë dinge” was waartoe die skrywer sy lesers aanspoor deur dit te verstaan in terme van die inhoudelike van die brief as geheel. In die bespreking van die etiese vermanings in Kolossense 1-2 (§ 4.3) sal weer hierna verwys word.

'n Laaste saak waarvan hierdie studie kennis neem is dat Paulus se etiese uitsprake nooit plaasvind in die vorm van abstrakte of teoretiese besinning nie. Paulus se etiese oproepe in Kolossense word telkens in verband gebring met konkrete situasies in die gemeentes aan wie hy skryf. Verder maak Paulus dikwels van *ad hoc* beslissings gebruik om bepaalde probleme in die gemeente die hoof te bied (Lategan 1988:320). Hierdie is ook die geval met Kolossense. Die agtergrond van die etiek in Kolossense is die dwaalleer (Du Plessis 1991:206; Wessels 1992:216; Roberts 1997:74) wat groot invloed op sommige gelowiges uitgeoefen het. Alhoewel Paulus nie direk na die dwaalleer in sy etiese vermaninge verwys nie, is dit egter onderliggend waarneembaar (kyk bv Kol 3:1-17).

Bykomend tot bogenoemde oordeel hierdie studie dat du Plessis (1991:194-211) se bevinding van belang is, naamlik dat die besondere posisie van

²¹³ Volgens Wilson (1998:58) is die doel van paranese nie eenvoudig net om te herinner nie, maar 'n doelgerigte hertoëëning, genoegsaam om persoonlike en sosiale vorming te begelei. Dus moet die outeur van die paranese aandag gee aan die emosionele impak, die ooredingsoproep en die terapeutiese effek van die paranetiese diskoers.

Christus as Middelaar van beide skepping en herskepping ook 'n effek op die paranese in die Kolossensebrief het. Die Christologiese besinning in die eerste twee hoofstukke van die brief kan nog steeds in die paranetiese gedeelte (Kol 3:1- 4:6) bespeur word. Die besondere posisie van Christus en sy verhouding met die gemeente bly die grond vir die paranese.

4.3 DIE ETIESE VERMANINGE IN KOLOSSENSE 1-2

Soos reeds aangetoon vorm Hoofstukke 1 en 2 die indikatiewe basis (wie Jesus Christus is en die gelowiges se posisie in Hom) van die paranetiese of etiese deel (Kol 3:1-4:6) van Kolossense. In hierdie indikatiewe deel is daar egter ook imperatiewe of etiese vermaninge. Die volgende etiese vermanings kan in Kolossense 1-2 aangetoon word:

- In die inleidende deel (Kol 1: 1-12), dank die skrywer God omdat hy gehoor het hoe die gemeente gereageer het op die waarheid (die evangelie) wat aan hulle verkondig is en dat hulle God se genade leer ken het. Die skrywer bid dat hulle deur die wysheid en insig wat die Gees gee tot volle kennis sal kom wat God se wil is en dit tot 'n lewenswandel sal lei wat tot eer van die Here is. Paulus bid duidelik hier vir praktiese sake en vra dat God, wat oor al die mag beskik, hulle lewe sal verander. Hulle moet net doen wat die Here verlang, vrugte dra deur goeie werke te doen, toeneem in die kennis van God, in alle omstandighede volhard, en die Vader met blydschap dank wat hulle geskik gemaak het om deel te hê aan die verlossing en die erfenis wat vir hulle wag in die ryk van die lig. Hierdie voorbidding van Paulus vertoon wel 'n etiese inhoud maar is nie in die imperatief gestel nie – dit is eerder 'n wens. Die skrywer gaan nie hier in besonderhede in op die etiese uitsprake nie, maar hanteer dit wel later in besonderhede in die paranetiese deel. Die gemeente word as 't ware hier voorberei op wat gaan volg (Wedderburn 1993:53; Roberts 1997:27; Wessels 1992:205). 'n Baie belangrike rede of motivering vir die etiese inhoud van Paulus se gebed en sy versoek dat die gemeente die Vader moet dank vir hulle deelhê aan die erfenis is die feit (indikatief) dat Hy hulle weggeruk het uit die mag van die duisternis en onder die heerskappy van sy Seun, wat Hy liefhet, geplaas het (vgl § 3.3.2.6, 3.3.2.6.1 en 3.3.2.6.2) Deur

die Seun het die gelowiges verlossing verkry (die vergewing van hulle sondes; Kol 1:13, 14). Hierdie heilsindikatief vorm die grondslag vir die paranese (etiese vermanings) wat die skrywer later in sy brief in meer besonderhede uitwerk en met meer as een invalshoek aanbied.

- Alhoewel Kolossense 1:21-23 nie in die imperatief gestel word nie, word die gemeente tog opgeroep tot 'n Christelik-etiese lewe²¹⁴ (kyk bespreking in § 3.3.3.2.7). In Kolossense 2:6 spreek Paulus die gemeente vir die eerste keer in die imperatief aan (kyk bespreking in §. 3.3.3.4.1). Die volgende imperatiewe kom voor in Kolossense 2:16 en 18 (kyk § 3.3.3.6). Eweneens word Kolossense 2:20-23 nie in die imperatief gestel nie, maar is tog tereg wysend of waarskuwings aan die Kolossense om met hulle lewens te wys dat hulle aan Christus verbonde is (kyk bespreking in § 3.3.3.6).
- Die etiese terme (of terme met etiese implikasies) vrede, liefde, kennis en wysheid kom ook in Kolossense 1-2 voor wat in die paranetiese deel van die brief in meer besonderhede aangeraak word.

4.4 KOLOSSENSE 3:1- 4:6 – DIE DERDE HOOFDEEL VAN DIE BRIEF: DIE NUWE LEWE IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS

Nadat Paulus in Kolossense 1-2 die indikatiewe of teologiese/Christologiese basis gelê het volg nou die deel wat hoofsaaklik die paranetiese of etiese uitsprake bevat. Dit is ten nouste verbind aan die voorafgaande indikatiewe deurdat dit die praktiese implikasies van die verbondenheid met Christus verduidelik. Wat nou aangebied word in die brief kan beskryf word as 'n gebalanseerde beskrywing van 'n aanvaarbare Christelike lewe.

Die paranetiese deel van die brief is soos volg saamgestel:

| | |
|---------------------|---|
| Kolossense 3:1-4 | Strewe na die dinge daarbo waar Christus is |
| Kolossense 3: 5-11 | Die ou en nuwe lewe |
| Kolossense 3:12-17 | Die uitverkore volk van God : leef as uitverkorenes |
| Kolossense 3:18-4:1 | Wedersydse verhoudings in die huishouding |
| Kolossense 4:2-6 | Bid en tree met wysheid op |

²¹⁴ Die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal Kolossense 1:23 met 'n imperatief: “Maar dan moet julle vas en sterk bly staan ...”

Aangesien etiek in wese te make het met verhoudings, kan Lucas (2000:133) se indeling (tematies insiggewend alhoewel sintakties dalk nie heeltemal korrek nie) ook genoem word. Hy deel Kolossense 3:1-4:6 soos volg in:

Die Christen en Christus (Kol 3:1-8)

Die Christen en die plaaslike kerk (Kol 3:9-17)

Die Christen en sy familie (Kol 3:18-21)

Die Christen en sy daaglikse werk (Kol 3:22-4:1)

Die Christen en die buitestander (Kol 4:2-6)

Hierdie indeling demonstreer baie duidelik hoe die verbondenheid aan Christus verskillende verhoudings vorm.

Yates (1991:241-251) se interessante invalshoek met sy bespreking van die paranetiese materiaal in Kolossense 3:1-4:6 help ook om die paranese beter te verstaan. Yates groepeer die paranetiese materiaal in Kolossense in drie groepe:

- Lyste van deugde en ondeugde (of etiese lyse; Kol 3:5-9);
- Die huistafel (of huishoudelike kode; Kol 3:18-4:1); en
- Die etiese uitdrukkings bekend as “topoi” (kyk ook Thurston 1995:61)

Laasgenoemde is kort en kernagtige/kragtige vermanings wat 'n verskeidenheid onderwerpe behandel. In Kolossense bestaan dit uit vermanings/opdragte oor vrede (Kol 3:15), die leer en onderrig aan mekaar (Kol 3:16), dankbaarheid (Kol 3:17), gebed (Kol 4:2-4) en optrede teenoor 'n buitestander (Kol 4:5-6).

Hierdie studie maak die keuse om eersgenoemde indeling te gebruik om die etiese vermaninge in Kolossense 3:1-4:6 te ondersoek.

4.4.1 KOLOSSENSE 3:1- 4: STREWE NA DIE DINGE DAARBO WAAR CHRISTUS IS

Kolossense 3:1-4 lees soos volg: εἰ οὖν συνηγέρθητε τῷ Χριστῷ, τὰ ἄνω ζητεῖτε, οὗ ὁ Χριστός ἐστὶν ἐν δεξιᾷ τοῦ θεοῦ καθημένος τὰ ἄνω φρονεῖτε, μὴ τὰ ἐπὶ τῆς γῆς ἀπεθάνετε γάρ, καὶ ἡ ζωὴ ὑμῶν κέκρυπται

σὺν τῷ Χριστῷ ἐν τῷ θεῷ ὅταν ὁ Χριστὸς φανερωθῆ, ἡ ζωὴ ὑμῶν, τότε καὶ ὑμεῖς σὺν αὐτῷ φανερωθήσεσθε ἐν δόξῃ (As [aangesien] julle dan saam met Christus opgewek is soek die dinge daarbo waar Christus is aan die regterhand van God sittende, bedink die dinge wat daarbo is, nie die dinge op die aarde nie want julle het gesterf en julle lewe is verborge saam met Christus in God. Wanneer Christus geopenbaar [verskyn] word, julle lewe [wat julle lewe is], dan sal julle ook saam met Hom geopenbaar [verskyn] word in heerlijkheid).

Kolossense 3:1-4 dien funksioneel as 'n oorgang tussen die indikatiewe (didaktiese) deel (Kol 1:12-2:23) en die paranetiese deel (Kol 3:5-4:6) van die brief (soortgelyk aan Kol 2:6, 7)²¹⁵. Kolossense 3:1-4 rond enersyds die polemiese gedeelte teen die dwaalleer af (Kol 2:8-23) en lei andersyds 'n nuwe gedeelte in wat die implikasies uitspel van die voorafgaande wat betref die “wandel” van die gelowiges. Temas wat vroeër genoem is (kyk Kol 2:11, 12, 13, 20) word in Kolossense 3:1-4 saamgetrek en tegelykertyd dien dit as die teologiese basis (die indikatief) vir die etiese vermanings (die imperatief) wat volg (O'Brien 1982:157-159; kyk ook Schweizer 1982:171; Barth & Blanke 1994:392; Pokorný 1991:159).

Kolossense 3.1. begin met 'n indikatief.²¹⁶ “Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is” (εἰ οὖν συνηγέρθητε τῷ Χριστῷ; vgl Kol 2:12). Die werkwoord “opgewek” is in die aoristus vorm. Dit hét, met ander woorde, met gelowiges gebeur in hulle verbondenheid met Christus. Omdat die gelowiges saam met Christus opgewek is, moet hulle die dinge daarbo soek (τὰ ἄνω ζητεῖτε). Ζητεῖτε is in die praesens imperatief, dus 'n voortgaande aksie/aktiwiteit. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal “soek” met “strewes”.

²¹⁵ Van der Watt (1988:72) beskou Kolossense 3:1-4 as deel van Kolossense 2:20-23. Barth en Blanke (1994:391) oordeel dat 'n sodanige indeling wel moontlik is, maar verkies om Kolossense 3:1-4 as 'n aparte gedeelte van die struktuur van Kolossense te hanteer.

²¹⁶ In die uitleg van Kolossense 3:1-4 wat volg is gebruik gemaak van die insigte van O'Brien (1982:157-172), Schweizer (1982:171-180), Pokorný (1991:157-162), Barth en Blanke (1994:390-398), Lucas (2000:132-140), Wright (1991:128-133) Carson (1979:79-81), Martin (1985:100-102), Wall (1993:128-137), Van der Watt (1988:72-82), Wessels (1992:207) en Filson (1946:149).

Hierdie woord het 'n verskeidenheid van betekenis. Volgens O'Brien (1982:160) impliseer die betekenis van hierdie woord 'n verwysing na die oriëntering van die mens se wil. 'n Volgehoue poging en inspanning word vereis, want dit is nie iets wat natuurlik plaasvind nie. ζητεῖτε word hier as 'n direkte etiese bevel gebruik. Die werkwoord druk die gesindheid uit waarmee gelewe word uit (vgl Matt 6:33; ook Kol 1:9-11, kyk kontras met Kol 2:16-23). Die dinge wat gesoek moet word is die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit (οὗ ὁ Χριστός ἐστὶν ἐν δεξιᾷ τοῦ θεοῦ καθήμενος).

“Daarbo” korrespondeer met “hemel” wat in Kolossense 1:5 gebruik word. In die “daarbo” is die Messias wat as Koning oor die hele skepping regeer en die lewe van gelowiges bepaal. Die “dinge” daarbo moet gesoek word omdat Christus daar is. Hy is die sentrum. Alles gaan om Christus en daarom moet die Christelike lewe voortdurend op Hom gefokus wees. Gelowiges is saam met Christus opgewek en deel sy hemelse lewe.

Die “dinge” daarbo word deur die konteks aangedui as 'n lewenswyse wat gekenmerk word deur deugde, en nie ondeugde soos in Kolossense 3:5-8 en Kolossense 3:12-17 nie. Die werklikheid van die verbondenheid met Christus moet geleef word (vgl 2 Pet 1:3). In Christus het gelowiges alles wat nodig is om die Christelike lewe te leef. Dit gaan dus oor 'n verhouding/gemeenskap met die verhoogde Here (vgl Kol 2:2, 3; Fil 3:19 - 4:1; Fil 4:8; Kol 3:12-17). “Sit aan die regterhand van God” sinspeel op Psalm 110:1 en is 'n verdere beskrywing van “daarbo”. Die uitdrukking “regterhand” is die aanduiding van 'n ereplek vir hulle wat God se wil uitvoer. Hierdie voorstelling beklemtoon Christus se heerskappy oor alle geestelike magte, en hulle ondergeskiktheid aan die mag van die opgestane Christus. (vgl Kol 2:10, 15, 19). Dit skep ook die idee dat Christus die Here is oor hulle wat Hom gehoorsaam en die dinge daarbo soek. Binne die konteks van Kolossense kan dit ook die gedagte van 'n plek van heiligheid, intersessie en krag voorstel.

In Kolossense 3.2 brei Paulus uit op die imperatief .wat reeds in Kolossense 3:1 gestel is: die dinge wat bedink moet word is die dinge wat daarbo is, en nie die dinge wat op die aarde is nie (NAV lees “Rig julle gedagtes”; τὰ ἄνω φρονεῖτε, μὴ τὰ ἐπὶ τῆς γῆς).

In die lig van Christus se opperheerskappy, herhaal Paulus sy opdrag van Kolossense 3:1 om 'n antitese met “aarde” te vorm. ζητεῖτε (soek) word met φρονεῖτε (bedink/rig; imperatief) vervang. “Bedink/rig” is aanvullend tot “soek”/strew. Sommige eksegete is van mening dat hierdie twee terme dieselfde betekenis het, terwyl ander oordeel dat daar tog 'n verskil aange-ton kan word. Soos reeds aangetoon, verwys ζητέω (soek) na die oriëntering van die wil, terwyl φρονέω verwys na 'n bepaalde gesindheid of ingesteldheid, 'n sekere wyse van dink.

Denke staan nie los van die wyse van lewe nie en dit sluit die wil in. Om jou gedagtes te rig beteken die oriëntering van jou hele wyse van lewe op iets spesifiek. Gelowiges het 'n radikale geestelike verandering ondergaan (opgewek saam met Christus) en bevind hulle in 'n nuwe geestelike omgewing en het 'n nuwe doel in die lewe. Hulle sien nou dinge vanuit 'n hemelse (Christus) perspektief, 'n ewigheidsperspektief.

Daarom moet hulle nie hulle denke rig op die aardse dinge nie. Die belangrikheid van die aardse lewe word nie negeer nie, die geestelike moet nie van die aardse geskei word nie maar moet die aardse lewe bepaal. Hierdie kontras tussen hemelse en aardse het 'n sterk etiese inhoud (vgl Kol 3:5-8) “Daar bo” en “op die aarde” is nie topografiese beskrywings nie maar sferes waarin 'n mens lewe (vgl Fil 3:19, 20), iets soortgelyks as Paulus se onderskeid in Romeine 8:5, 6 tussen “vleeslik” en “geestelik”. “Dinge op aarde” beteken alles wat 'n verhouding met Christus verhinder wat insluit die vroom praktyke van Kolossense 2:20-23 (vgl Fil 3:17-21).

Die rede waarom die gedagtes gerig moet word op die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit, word nou in Kolossense 3:3-4

gegee: want julle het gesterf en julle lewe is verborge saam met Christus in God (ἀπεθάνετε γάρ, καὶ ἡ ζωὴ ὑμῶν κέκρυπται σὺν τῷ Χριστῷ ἐν τῷ θεῷ; kyk O'Brien 1992:164-172; Schweizer 1982:175-180; Pokorný 1991:160-162; Barth & Blanke 1994:395-398; Wright 1996:132; Martin 1985:102; Lucas 2000:136-140; Carson 1979:80-81; Müller 1958:126-129; Van der Watt 1988:81-82).

“Het gesterf” (ἀπεθάνετε; aor ind akt) wys terug na die eenwording (verbintenis) met Christus in sy dood. “Het gesterf” neem die stelling in Kolossense 2:11, 12, 20 weer op. Die gelowiges het gesterf vir die wettiese godsdienstige reëls (vgl Kol 2:16-23) en by implikasie vir “die dinge op aarde”. So word die basis gelê vir Kolossense 3:12 en die imperatief in Kolossense 3:5. Die gelowiges behoort derhalwe nie meer tot die aarde nie, maar tot die wêreld “daar bo”.

Hierdie nuwe lewe is 'n verborge realiteit, “verborge (κέκρυπται) saam met Christus” (σὺν Χριστῷ²¹⁷; vgl Kol 2:3) en alleen geldig wanneer in die geloof geleef word. Hierdie nuwe opstandingslewe is verbonde aan Christus in God, wat beteken dat die waarborg van hulle nuwe lewe God self is omdat God getrou is, omdat Christus self in God is, en omdat hulle wat aan Christus verbonde is hulle lewe in God het (vgl Kol 1:5, 16, 26, kyk ook Kol 2:7). Die term “verborge” (perf ind pass) is 'n voortgaande gebeurtenis tot en met Christus se wederkoms (Kol 3:4). Hierdie verbondenheid aan Christus is 'n hemelse verbintenis en is daarom verborge vir die mens se waarneming, behalwe wanneer dit in sigbare dade geleef word (Kol 2:30).

Vervolgens stel Paulus in Kolossense 3:4 die volgende: Wanneer Christus geopenbaar word (verskyn; NAV) in julle lewe, dan sal julle ook saam met Hom geopenbaar (verskyn; NAV) word in heerlikheid (ὅταν ὁ Χριστὸς φανερωθῆ, ἡ ζωὴ ὑμῶν, τότε καὶ ὑμεῖς σὺν αὐτῷ φανερωθήσεσθε ἐν δόξῃ). Hierdie nuwe, hemelse lewe, sal nie altyd verborge wees nie maar sal

²¹⁷ Kyk bespreking by § 4.4.1.

ten volle gemanifesteer word in al sy heerlijkheid²¹⁸ wanneer Christus – wat die beliggaming daarvan is – met die wederkoms sal verskyn (geopenbaar word; φανερωθῆναι). By die wederkoms sal dit duidelik word dat sy eie mense saam met Hom is en sal hulle lewens geopenbaar word.

Hierdie openbaring word beskryf met die konsep “heerlikheid” (δόξη). Die feit dat gelowiges op 'n sekere tydstop in heerlijkheid sal leef onderskei hulle toekomstige vervolmaking van hulle huidige lewe. Volgens Kolossense 1:11 en 27 is heerlijkheid die wêreld van Christus of God wat, volgens Kolossense 1:27, nog deur gelowiges verwag word al is dit reeds aan hulle gegee deur Christus as 'n geskenk vooruit (vgl Kol 1:2-14, 22; 2:6-15; 3:1-4).

Hier vind ons 'n duidelike verwysing na die toekomstige werklikheid (die eskatologiese nog nie, die verborge wat geopenbaar sal word en waarop gehoop word) in relasie met die huidige werklikheid (die gerealiseerde eskatologie, dit alreeds wat in Christus ontvang is).

Die saak en doel van Christus word so nou met die van die gelowiges geïdentifiseer dat gesê word dat Hy hulle lewe is (ἡ ζωὴ ὑμῶν). Christus is die wese en essensie van die Christelike bestaan. Die Christelike lewe word nie net met Christus gedeel nie, die lewe is Christus. Daarom is die lewe in sy diepste sin nie wat in die gelowige gevind word nie, maar wat Christus op die gelowige afdruk (stempel). Dieselfde gedagte kom in Galasiërs 2:20 voor: “en nou is dit nie meer ek lewe nie, maar Christus wat in my lewe.”

Opmerklik in Kolossense 3:1-4 is die deurgaande beklemtoning van Christus se sentraliteit : met Christus (Kol 3:1), waar Christus (Kol 3:1), met Christus (Kol 3:3) en wanneer Christus (Kol 3:4; Wall 1993:132). Die twee verwysings na Christus in Kolossense 3:3 en 4 vorm verder die middelpunt van 'n omgekeerde parallellisme²¹⁹ wat Christus se sentrale belangrikheid bevestig.

²¹⁸ Kyk bespreking by § 4.4.1

²¹⁹ Kyk die schema dianoiias in Van der Watt (1988:81).

Kolossense 3:3

(A) Julle lewe

ἡ ζωὴ ὑμῶν

(B) met Christus

σὺν τῷ Χριστῷ

Kolossense 3:4

(B¹) Wanneer Christus

ὅταν ὁ Χριστὸς

(A¹) wat julle lewe is

ἡ ζωὴ ὑμῶν

4.4.1.1 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:1-4

In Kolossense 3:1-4 vind ons die grond van die etiek in Kolossense (Schweizer 1982:178-180; Wall 1993:129-133; Van der Watt 1988:82). Die interaksie tussen indikatief en imperatief (dit wat die gelowige is en glo en sy/haar lewenswyse) is duidelik afleibaar uit hierdie gedeelte. Die grondslag van hierdie verhouding tussen indikatief en imperatief, Christus, word begronde met die vier eksplisiete verwysings na Christus.

Hoofstuk 3 begin met 'n indikatiewe stelling. “Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is.” Die eskatologiese implikasies van hierdie indikatief word uitgespel met deur twee verdere indikatiewe stellings: “julle lewe is verborge saam met Christus in God” (Kol 3:2) en “dan sal julle ook saam met Hom geopenbaar word in heerlijkheid” (Kol 3:4). Hierdie indikatiewe stellings oor die feit van God se redding vir hulle wat saam met Christus is omsluit en belig die imperatiewe stelling: “strew na die dinge daarbo” (Kol 3:1) wat ter wille van vir beklemtoning in Kolossense 3:2 herhaal word: “Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie”.

Met bogenoemde word beklemtoon dat die logiese respons vir 'n gelowige se deelname aan Christus se oorwinning (aangedui deur “waar Hy aan die regterhand van God sit”; Kol 3:1) is om die “aardse” te verruil vir die “hemelse” norme en waardes. Hierdie verruiling vorm die sentrale morele realiteit van die nuwe lewe. Dit word dan vervolgens in Kolossense 3:5-4:1 in

die verskillende kodes vir die Christelike gedrag uitgewerk (Wall 1993:129-131).

Dit is duidelik dat die fokuspunt van hierdie gedeelte vervat word in die uitdrukkings “soek die dinge daarbo” (τὰ ἄνω ζητεῖτε; Kol 3:1) en “bedink die dinge daarbo” (τὰ ἄνω φρονεῖτε; Kol 3:2). Die boodskap van hierdie gedeeltes kan soos volg saamgevat word: Julle moet as mense wat saam met Christus gesterf het die verkeerde los en eerder as mense wat saam met Christus opgewek is, dinge by Christus soek en bedink. Dus, leef (tree op) soos iemand wat in Christus (ἐν Χριστῷ) is (Van der Watt 1988:82).

4.4.2 KOLOSSENSE 3:5-11: DIE OU EN NUWE LEWE

4.4.2.1 INLEIDEND

Die werklike paranetiese deel van die brief begin hier. Dit bevat vermaninge oor die alledaagse lewe van gelowiges. Van der Watt (1988:88) is korrek in sy mening dat die struktuur van Kolossense 3:5-17 uit twee parallelle dele bestaan: Kolossense 3:5-11 verwys na die slegte eienskappe wat “gedood” moet word, en Kolossense 3:12-17 verwys na die goeie eienskappe wat “aangetrek” moet word. Kolossense 3:5-11 kan verder ingedeel word in Kolossense 3:5-7 en Kolossense 3:8-1.

4.4.2.2 KOLOSSENSE 3:5-7: MAAK DOOD DIE AARDSE DINGE

Kolossense 3:5-7 lees soos volg: νεκρώσατε οὖν τὰ μέλη τὰ ἐπὶ τῆς γῆς, πορνείαν, ἀκαθαρσίαν, πάθος, ἐπιθυμίαν κακὴν, καὶ τὴν πλεονεξίαν ἣτις ἐστὶν εἰδωλολατρία, δι’ ἧς ἔρχεται ἡ ὀργὴ τοῦ θεοῦ [ἐπὶ τοὺς υἱοὺς τῆς ἀπειθείας ἐν οἷς καὶ ὑμεῖς περιεπατήσατέ ποτε ὅτε ἐζῆτε ἐν τούτοις (maak dood dan die lede wat op die aarde is, hoerery, onreinheid, hartstog (wellus), slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is. Waardeur die toorn van God oor die kinders van ongehoorsaamheid kom. Waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daaruit geleef het.

In verbintenis met die voorafgaande, naamlik die algemene konteks van Kolossense 2:20-3:4 en in besonder Kolossense 3:3-4, word vanaf Kolossen-

se 3:5 die implikasie of gevolge van die voorafgaande indikatief gestel as die ware alternatief teen die dwaalleer.²²⁰ Kolossense 3:5 begin met 'n imperatiewe stelling: “Maak dood dan die lede wat op aarde is”. Met die beeld “maak dood” (νεκρώσατε) word die gedagte om saam met Christus te sterf (Kol 2:20, 3:3) voortgesit in die sin dat dit in die lewe van die gelowiges gemanifesteer moet word. Doodmaak beteken hier om weg te doen, afstand te doen of volledig te verwyder. In praktiese terme beteken dit om die ondeugde te oorkom wat in Kolossense 3:5 en Kolossense 3:8-9 genoem word. “Doodmaak” moet hier verstaan word as identies aan “die aflegging van die liggaam van die vlees (die wegneem van die sondige natuur; vgl Kol 2:11; kyk weer die bespreking hiervan in § 3.3.4.1).²²¹

Wat doorgemaak moet word is die “lede” (μέλη) “wat op aarde is” (τά επί τῆς γῆς).²²² Onder eksegete is daar nie eenstemmigheid wat betref die betekenis van die begrip “lede” (μέλη) nie. Verskeie moontlikhede word aangetoon:

- Begeertes wat gedurig binne in 'n mens woed, ook genoem aardse of sondige natuur;
- die ondeugde of sonde waarvan die gelowiges instrumente was (“lede” word geïdentifiseer met sonde wat gepleeg word, met ander woorde, sondige praktyke of handeling); of
- “lede” verwys na die mens se liggaamsdele wat instrumente is van of die ou natuur of van die nuwe mens.

²²⁰ Soos in die geval van Kolossense 3:1-4 is hier gebruik gemaak van die insigte Schweizer (1982:181-212), O'Brien (1982:174-213), Roberts (1997:74-87), Van der Watt (1988:88-93), Wessels (1992:210-221), Harris (1991:144-149), Lohse (1971:137-153), Moule (1973:483-493), Yates (1991:241-251, 1993 :109-171), Pelsner (1983:280-281), Barth en Blanke (1994:398-432), Pokorný (1991:165-175), Martin (1985:102-117), Lucas (2000:140-156), Carson (1979:81-91), Müller (1958:129-150), Furnish (1973:120-122), Lane (1978:213-220), Hendriksen (1979:143-165) en Du Toit (1983;194). Waar nodig sal na die bydraes van individuele navorsers verwys word.

²²¹ Kyk Heidelbergse Kategismus Sondag 44, vraag en antwoord 114 en Hendriksen (1979:144) se bespreking van die gelowiges se toestand of gesteldheid en hulle staat of posisie.

²²² Of die konsep “lede” uit 'n Joodse of Hellenistiese agtergrond kom is vir hierdie studie nie van belang nie.

Hierdie studie oordeel dat die tweede moontlike betekenis hierbo genoem heel waarskynlik die betekenis van “lede” die beste weergee. Dit word ook taalkundig ondersteun: “lede” (μέλη) word deur vyf woorde meer spesifiek uiteengesit (Van der Watt 1988:87). Die vyf ondeugde word in apposisie by “lede” (μέλη) gestel (O'Brien 1982:176; vgl Rom 8:13). Dit verwys dus na eties onverantwoordelike gedrag.

“Wat op aarde is” (τὰ ἐπὶ τῆς γῆς) beteken dat die gelowiges, deur hulle verbondenheid met Christus, nie meer aan die wêreld behoort nie. Hulle is dood vir die aardse dinge, het saam met Christus gesterf, en leef nou reeds 'n nuwe, hemelse lewe. Die aardse dinge wat hulle van God af wegkeer moet nou mee weggedoen word.

Die aardse dinge word vervolgens in 'n lys van vyf ondeugde (lasterkatalogus) genoem:

- πορνείαν (hoerery, onsedelikheid): hier word verwys na immoraliteit of onwettige seksuele praktyke;
- ἀκαθαρσίαν (onreinheid): elke seksuele oordaad/buitensporigheid kan ook dui op onreine woord, gesindheid en begeerte (vgl Rom 6:19; Gal 5:19; 1 Tess 4:17);
- πάθος (hartstog of wellus): hier word verwys na 'n sterk fisiese begeerte, veral van 'n seksuele aard;
- ἐπιθυμίαν κακὴν (slegte begeertes): dit sluit die seksuele nie uit nie, maar verwys ook na die sondige gesindheid wat lei tot sondige dade; en
- πλεονεξίαν (gierigheid): 'n sterk begeerte om meer en meer materiële dinge te versamel en te besit.

Die eerste twee ondeugde word belig deur die laaste drie in die katalogus. Dit word onder andere aangedui deur die feit dat die vyfde ondeug “gierigheid” apart van die ander vier genoem word deur die gebruikmaking van die “en” (καὶ) en 'n bepalende lidwoord. In 'n sekere sin word al die ander ondeugde opgesom deur die vyfde ondeug (“gierigheid”; πλεονεξίαν; vgl Rom 1:29): 'n sterk begeerte om meer en meer materiële dinge te versamel en te besit. Dit mag ook seksuele botone hê. Om gierigheid “afgodediens” (εἰδωλολατρία) te

noem word by implikasie gewaarsku dat die materiële 'n god in 'n mens se lewe kan word en so God se plek in 'n mens se lewe oorneem (vgl Matt 6:24).

Nadat die eerste vyf ondeugde gelys is vervolg die skrywer in Kolossense 3:6 deur te sê dat deur sulke dinge die toorn of straf van God oor die kinders van ongehoorsaamheid kom. Oor die interpretasie van die konsep “toorn van God” (ὁ ὀργή) is daar onder eksegete ook 'n verskil van mening²²³. In kort oordeel sommiges dat “toorn” (ὀργή) verstaan moet word as die uitvoering van die finale oordeel van God, dus met die klem nie op die oordeel as 'n emosie van God nie. Ander verstaan dit verwysend na 'n huidige realiteit en nie 'n toekomstige gebeurtenis nie (vgl die praes vorm van ἔρχεται, te wete kom). Nog 'n interpretasie is dat “toorn” nie soseer 'n aktiwiteit van God self is nie, maar dui op 'n onpersoonlike morele beginsel. 'n Volgende siening is dat “toorn” nie verband hou met God se houding teenoor die mens nie (God as subjek), maar 'n onvermydelike proses van oorsaak en gevolg in 'n morele wêreld. Laastens bestaan daar ook die siening dat “toorn” 'n outonome entiteit naas God is as 'n onafhanklike werkende dog gepersonifieerde mag.

Hierdie studie oordeel dat “toorn” verstaan moet word as die oordeel en straf van God om sy skeppingsreg en God-wees te handhaaf. Dis is dan ook hoe hierdie saak in die res van die Nuwe Testament verstaan word (kyk Matt 3:5, 7; Mark 3:5; Luk 3:7; 21:23; Joh 3:36; Rom 1:18; 2:5, 8; 3:5; 4:15; 5:9; 9:22; Ef 2:3; 5:6; Kol 3:6; 1 Tess 1:10; 2:16; 5:9; Heb 3:11; 4:3; Op 6:16, 17; 11:18; 14:10; 16:19). Omdat God heilig is en as Skepper die reg het op die verering en gehoorsaamheid van sy skepsels wil en kan God hulle sonde maar nie bloot ignoreer nie. Sy toorn wat God uit die hemel openbaar, is geen blote gevoelsreaksie nie (anders as die toorn van die mens), maar die noodsaaklike handhawing van sy skeppingsreg en sy God-wees, en sluit daarmee oordeel en straf in (Du Toit 1983:194).

Die toorn “kom” in die hede en toekomstige sin. In terme van die hede begin die toorn effek toon in die degraderende uitwerking van die sonde self.

²²³ Kyk bespreking van eksegete genoem in voetnoot 199.

“Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor” (Rom 1:24; vgl Rom 1:18-32). Die proses is dus reeds aan die werk in die geskiedenis en persoonlike lewe van ongehoorsame mense. Hierdie proses wat reeds aan die gang is, is egter nie die volle toorn nie, maar lei na die finale oordeel (vgl Rom 2:1-16; Open 6:16, 17). Die praesens tydvorm (ἔρχεται) in Kolossense 3:16 verwys, moontlik doelbewus, na beide tye (hede en toekomstige) van God se toorn met die klem op die toekomstige (Wright 1986:135).²²⁴

Die toorn van God moet nie in skerp kontras met die liefde en genade van God gesien word nie. In die Ou- en Nuwe Testament word die profete, Jesus en die apostels die proklamasie van God se genade vergesel deur die prediking oor die toorn met die bedoeling dat die ongehoorsames hulle sal bekeer.

Die waarskuwing oor die toorn wat kom moet nie gesien word as 'n motivering vir die paranese nie. Laasgenoemde word in Kolossense 3:1-4 gevind. Die stelling oor die toorn is nie 'n tweede motivering wat vrees gebruik as 'n metode nie, dit onderstreep wat in Kolossense 3:1-4 gestel word. Dit beskryf die ou lewe waaruit die lesers alreeds bevry is (vgl Kol 1:13) en nou word beklemtoon hoe verkeerd dit is om uit vrye wil daarheen terug te keer. God spreek ook die skuldige vry en net die persoon wat iets van die grootheid van God se toorn verstaan sal iets van die grootheid van sy genade bemeester. Die omgekeerde is ook waar : slegs dié wat die grootheid van God se genade reeds ervaar het kan iets verstaan hoe groot die toorn moet wees.

Die begrip “kinders van die ongehoorsaamheid” [ἐπὶ τοὺς υἰοὺς τῆς ἀπειθείας] in Kolossense 3:6 is heel waarskynlik 'n Semitiese idiom (Pokorný, 1991:167) vir die ongehoorsames wat dui op hulle wie se handelswyse teen die wil van God is, wie ongehoorsaam is aan die evangelie van Jesus Christus en wat leef volgens hulle sondige begeertes, dit is, die lewe van die ou mens (vgl Ef 5:6).

²²⁴ Hendriksen (1979:147) noem dit 'n “profetiese praesens” (vgl Joh 4:21; 14:3) waarmee aangedui word dat die koms van God se toorn so seker is asof dit alreeds gebeur het.

Die argument van Paulus in Kolossense 3:6 word versterk deur die gemeente daarop te wys dat hierdie dinge sondes is waarin hulle ook vroeër gewandel het (περιεπατήσατέ) toe hulle daaruit geleef het (ἐζήτηε). Wandel dui op lewenswyse, gedrag of ingesteldheid. Hier word daarop gewys dat ook gelowiges (ἐν οἷς καὶ ὑμεῖς) soos die heidene gelewe het maar dat dit nou behoort tot die verlede (vgl Kol 1:21-22, 26; 2:13). Die gelowiges behoort nou aan “n nuwe wêreld”, “n nuwe lewe” omdat hulle aan Christus verbonde is (vgl Kol 1:13, 14, 22; 2:6, 7, 11-15, 20; 3:1-4).

4.4.2.3 KOLOSSENSE 3:8-11: LAAT STAAN HIERDIE DINGE

Kolossense 3:8-11 kan soos volg vertaal word: νυνὶ δὲ ἀπόθεσθε καὶ ὑμεῖς τὰ πάντα, ὀργήν, θυμόν, κακίαν, βλασφημίαν, αἰσχρολογίαν ἐκ τοῦ στόματος ὑμῶν μὴ ψεύδεσθε εἰς ἀλλήλους, ἀπεκδυσάμενοι τὸν παλαιὸν ἄνθρωπον σὺν ταῖς πράξεσιν αὐτοῦ καὶ ἐνδυσάμενοι τὸν νέον τὸν ἀνακαινούμενον εἰς ἐπίγνωσιν κατ’ εἰκόνα τοῦ κτίσαντος αὐτόν ὅπου οὐκ ἔνι ἕλλην καὶ ἰουδαῖος, περιτομὴ καὶ ἀκροβυστία, βάρβαρος, σκύθης, δοῦλος, ἐλεύθερος, ἀλλὰ [τὰ] πάντα καὶ ἐν πᾶσιν Χριστός (Maar nou moet julle ook alles aflê, toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle afgelê het die ou mens met sy werke, en julle jul beklee het met die nuwe wat vernuwe word tot die kennis volgens die beeld van sy Skepper, waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, skith, slaaf, vryman is nie, maar alles en in alles Christus).

Maar nou (νυνὶ δὲ) in Kolossense 3:8 dui daarop dat 'n verandering plaasgevind ten opsigte van die “vroeër” in Kolossense 3:7. Alles moet afgelê word (ἀπόθεσθε; aor imper van ἀποτιθημι) wat tot die vroeëre sondige lewe, die lewe van die ou mens of ou lewenswyse behoort het. ἀποτιθημι kan ook vertaal word met wegdoen of laat staan en was veral gebruik om te dui op die uittrek van klere (vgl Hand 7:58). Dit word ook in ‘n metaforiese en etiese sin gebruik (vgl Rom 13:12, 14; Ef 4:22,25; Heb 12:1; Jak 1:21; 1 Pet 2:1; O'Brien 1982:186).²²⁵

²²⁵ Om na gedrag of karakter as 'n kledingstuk te verwys, kyk Job 29:14, Psalm 35:26, 109:29, en 132:9, Jesaja 11:5, 59:17 en 6:10, Romeine 13:12 en 14 en 1 Tessalonisense 5:8. Die gedagte kom ook voor in uitdrukkings soos die verganklike liggaam wat beklee word

Die uitdrukking “julle ook” (καὶ ὑμεῖς) beteken dat die lesers nie net die ondeugde in die eerste lys (Kol 3:5) moet “doodmaak” nie, maar ook die ondeugde in die tweede lys (Kol 3:8, 9). “Alles” (τὰ πάντα) verwys na die tweede lys, maar kan ook heel moontlik verstaan word as 'n verwysing na die totale sondige natuur (vgl Gal 5:24). Verder is dit duidelik dat die eerste lys sondes van 'n meer persoonlike aard bevat terwyl die tweede lys bestaan uit sondes van 'n sosiale aard.

Die ondeugde wat “laat staan” moet word, word vervolgens in 'n vyfvoudige lasterkatalogus opgenoem. Die sonde wat “laat staan” moet word is :

- toorn (ὀργήν): die menslike emosie wat uitloop op die uitbarsting van die humeur;
- woede (θυμόν): Daar is nie 'n wesenlike verskil in betekenis tussen ὀργή en θυμός nie. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling se vertaling van θυμός met “haat” blyk nie korrek te wees nie (kyk Louw & Nida 1989a:291, 25:19; 1989a:762, 88.178; Liddell & Scott 1987:823). Albei het 'n destruktiewe uitwerking op die harmonie in menslike verhoudings en albei moet “laat staan” word, want dit behoort tot die sondige natuur (vgl Gal 5:19, 20) en behoort nie deel van die gelowiges se nuwe lewe of menswees te wees nie (vgl 2 Kor 12:20);
- boosheid (κακίαν): die doelbewuste voorneme om iemand leed aan te doen, ook deur middel van spraak (Louw & Nida 1989a:, 754, 88.105; 1989a: 764, 88.199; vgl Ef 4:31; 1 Kor 5:8). Die gedagte van 'n haatlike (“hatige”) gesindheid kan ook van hierdie term afgelei word. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling κακία met “nyd” (bittere afguns);
- laster (βλασφημίαν): die onware kwaadpraterij met die doel om die karakter en persoon van die ander oneer aan te doen deur leuens of deur skinder. Omdat die term hier in 'n etiese lys genoem word kan aanvaar word dat laster teen 'n ander persoon bedoel word eerder as

met die onverganklike en die sterflike liggaam wat beklee word met die onsterflike liggaam (vgl 1 Kor 15:53, 54; 2 Kor 5:2-4).

teen God²²⁶. Gelowiges word beveel om niemand te belaster of van iemand kwaad te praat nie (vgl Tit 3:2). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling se vertaling van βλασφημίαν met “gevloek” doen nie reg aan die betekenis van die woord nie; en

- skandelige taal (αἰσχρολογία; slegs hier in die Nuwe Testament): onweloweglike taal, vuil taal of aanstootlike woorde (vgl Ef 4:9). Vuil taal toon wat 'n mens is (vgl Matt 7:17, 18). Die bykomende frase “uit julle mond” (ἐκ τοῦ στόματος ὑμῶν) wil sê dat die sonde van spraak gestaak moet word voordat dit uit die mond kom.

Kolossense 3:9 en 10 word verbind deur καὶ (en). Lieg nie vir mekaar nie (μὴ ψεύδεσθε εἰς ἀλλήλους) sit die reeks imperatiewe voort en is verbind aan die voorafgaande “laster” en skandelige taal en het direk te doen met die lesers se onderlinge verhoudings. Die leuen word gebruik om ander te mislei en is gebore uit 'n liefdelose gesindheid teenoor die medemens en is 'n verwerping van die eis van waarheid en opregtheid²²⁷.

Die frase “vir mekaar” (εἰς ἀλλήλους) wys daarop dat die vermaning 'n besondere verwysing is na die gelowiges in hulle verhoudings binne die geloofsgemeenskap. Dit is egter ewe belangrik teenoor nie-gelowiges.

'n Tweevoudige rede vir die aflê van die sondige lewenswyse word nou gegee: “omdat julle die ou mens met sy werke afgelê het” (ἀπεκδυσάμενοι τὸν παλαιὸν ἄνθρωπον αὐτοῦ) en “en julle julle bekleed het met die nuwe” (καὶ ἐνδυσάμενοι τὸν νέον). Onder eksegete word die interpretasie en aanwending van twee terme ἀπεκδύμενος (aor part; afgelê het) en ἐνδυσάμενος (beklee) in onderskeidelik Kolossense 3:9 en 10 as grammatikale probleme beskou. Die vraag is of die twee werkwoorde as partisipijs

²²⁶ Volgens O'Brien (1982:188) oordeel sommige eksegete dat die oorheersende godsdienstige konnotasie van laster teen God altyd in ondeuglyste teenwoordig is, al word dit nie eksplisiet genoem nie (kyk bv Wright 1986:137).

²²⁷ Om soos (Roberts 1997:76) die vermaning om nie vir mekaar te lieg nie net te verstaan teen die agtergrond van die misleiding van die dwaalleer beperk die teologiese inhoud en algemeen geldigheid van die vermaning.

verstaan moet word wat 'n gebeurtenis in die verlede aandui – toe die gelowiges alreeds die “ou mens” afgelê het en hulle met die “nuwe mens” bekleë het – of is dit moontlik om dit in die imperatiewe sin te verstaan, dit wil sê, dat dit in effek die reeks imperatiewe (en meer bepaald die vermaning om nie te lieg nie) voortsit? In laasgenoemde geval sou dit beteken dat die lesers aangemoedig word om die “ou mens” (παλαιὸν ἄνθρωπον) “uit te trek” en die “nuwe mens” (τὸν νέον) “aan te trek”. Hierdie keuse is grammatikaal wel moontlik en word deur die meeste eksegete verkies.

Saam met O'Brien (1982:189) en Müller (1958:135) kies hierdie studie vir die siening om die twee werkwoorde as partisipia te verstaan wat op 'n gebeurtenis in die verlede dui. Die feit dat die gelowiges alreeds die “ou mens” uitgetrek het en die “nuwe mens” aangetrek het (as die basis vir die wegdoen met die sondige lewenswyse) stem ooreen met Paulus se onderrig en vermanings in die res van die brief. Soos reeds vroeër aangetoon begrond Paulus sy vermanings in die paranetiese gedeelte in wat alreeds gebeur het met die lesers toe hulle Christus aangeneem het en so aan Hom verbonde geword het (vgl Kol 2:6, 7; 2:16-3:4). Paulus verwys dikwels terug na hierdie lewensveranderende gebeurtenis deur van die aoristus partisipium of aoristus indikatief gebruik te maak wat dui op 'n handeling in die verlede wat afgehandel is (vgl Kol 1:6, 7,13, 22; 2:6, 7, 11-15, 20; 3:1,3 (kyk ook bespreking van Kol 2:11-12 in § 3.3.4.1). Dit is daarom miskien die beste keuse om hierdie partisipia in soortgelyke lig te beskou. Die gelowiges het die “ou mens uitgetrek” toe hulle in Christus se dood gedoop is en die “nuwe mens aangetrek” (vgl Kol 2:11-12)²²⁸. Volgens hierdie interpretasie maan Paulus dus die gelowiges om te leef volgens dit wat hulle alreeds is, “nuwe mense” in Christus en nie soos “ou mens” met sy sondige natuur nie.

Die uitdrukking “afgelê” (uitgetrek) en “beklee” (aangetrek) word gebruik na aanleiding van die metafoor om ou klere uit te trek en nuwe klere aan te trek.

²²⁸ Die meeste eksegete verbind die “uittrek van die ou mens” en “aantrek van die nuwe mens” met die doopgebeure. Barth en Blanke (1994: 409) is na my mening korrek in hulle argument dat die Kolossensebrief geen aanduiding gee van so 'n belangrike kenmerk van die doop nie, en dit regverdig ook nie die aanname dat in Kolossense 3:9,10 na die doop verwys word nie.

Hierdie metafoer was wyd bekend en dikwels gebruik in verskillende kontekste in die antieke wêreld (vgl Job 29:14; Ps 93:1; 104:1; 109:18, 29; 132:9; 2 Kor 6:41). Dieselfde gedagte word ook gevind in Hebreërs 12:1, Jakobus 1:21, 1 Petrus 2:1, Romeine 13:12a en 14. Galasiërs 3:27 en Efesiërs 4:22, 25. Hierdie uitdrukkings beskryf nie alleen die individu se toestand nie (bv iemand se ou, slegte karakter en die nuwe Christelike karakter) maar dui ook op korporatiewe assosiasies wat dui op 'n ou en nuwe orde van bestaan (O'Brien 1982:189). Die “nuwe mens” (τὸν νέον) is “aangetrek” in die plek van die “ou mens”. O'Brien (1982:190-191; kyk ook Yates 1993:111; Barth & Blanke 1994:412; Martin 1985:107; Pokorný 1991:169) se korporatiewe verstaan van die ou en nuwe mens is belangrik vir die verstaan van verhouding tussen Christologie en etiek in Kolossense. Aan die eenkant verwys dit na die individuele gelowige wat die lewe van die nuwe mens leef en wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy/haar Skepper (2 Kor 4:16; Ef 3:16). Aan die anderkant besit die uitdrukking “die nuwe mens” 'n korporatiewe verwysing wat dui op die nuwe mensheid in Christus. Soos die “ou mens” in Adam was (die beliggaming van die nie-weergebore mens), so dui die “nuwe mens” (wat nou “in Christus” is) op die beliggaming van die nuwe mensheid.²²⁹ Kolossense 3:11 se verwysing na die wegdoen met grense wat betref ras, godsdiens, kultuur (en alle ander sosiale grense) ondersteun die korporatiewe verstaan van hierdie uitdrukking. Die vernuwung verwys nie net na die individuele verandering van karakter nie maar ook 'n korporatiewe herskepping van die mensdom na die beeld van die Skepper. Christus is die “nuwe mens” wat die Kolossense “aantrek”. Hy is die tweede Adam, die hoof van die nuwe skepping (vgl 2 Kor 5:17; Gal 6:15; O'Brien, 1982:191; kyk ook Schweizer 1982:196; Hendriksen 1979:148; Martin 1985:107).

Hierdie studie is versigtig om bogenoemde standpunt te ondersteun. Kolossense 3:10 verwys immers nie na die “aantrek van Christus” soos byvoorbeeld Romeine 13:14 en Galasiërs 3:27 nie. Hier in Kolossense word

²²⁹ In hierdie verband verwys Barth en Blanke (1994:412) na die sogenaamde Adam-Christus tipologie, Martin (1985:107), Carson (1979:84) en Hendriksen (1979:151) na die “Adam-Christus verhouding” en Wall (1993:142) na die “Adam Christologie” as begrippe om die verhouding tussen die “ou mens” en “nuwe mens” te verstaan.

die gelowiges eerder aangemoedig om die eties-morele “nuwe mens” “aan te trek”, die nuwe mens wat vernuwe word in kennis volgens die beeld van sy/haar Skepper. Die “nuwe mens” moet dus hier in 'n etiese sin verstaan word, die mens nou in Christus. Die implisiete betekenis hiervan, toegegee, is dat “Christus aangetrek word”.

Die “sy werke” (σὺν ταῖς πράξεσιν αὐτοῦ) in Kolossense 3:10 verwys na die ondeugde soos gelys in Kolossense 3:5 en 8 wat vernuwe word “tot die kennis volgens die beeld van sy Skepper” (ἀνακαινούμενον εἰς ἐπίγνωσιν κατ’ εἰκόνα τοῦ κτίσαντος αὐτόν; vgl die vertalings van die Ou Afrikaanse vertaling en Nestle-Aland²⁶). Die Nuwe Afrikaanse Vertaling, daarenteen, vertaal hierdie frase met “wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God”.

Die vraag is hoe moet hierdie frase vertaal en verklaar moet word. Dui hierdie frase op die vernuwing van kennis na (volgens) die beeld van die Skepper (Ou Afrikaanse Vertaling en Nestle-Aland²⁶), of die vernuwing van die beeld van die Skepper na en tot volle kennis van God? In kort, gaan dit hier oor die vernuwing oor die kennis of oor die beeld (soos feitlik alle eksegete dit verstaan)?

O'Brien (1982:191) oordeel dat, grammatikaal gesproke, dit wil lyk of dit die beste is om die voorsetselfrase κατ’ εἰκόνα τοῦ κτίσαντος αὐτόν (na die beeld van sy Skepper) as die bepaling (“modifying”) van τὸν ἀνακαινούμενον (wat vernuwe word) te beskou. Hierdie keuse word gelei deur die verbin-
tenis aan ἐπίγνωσιν (kennis). So verstaan dien die “beeld van sy Skepper” as die model of argetipe vir die vernuwing van die “nuwe mens”, 'n vernuwing wat die lesers se progressiewe toename in die ware kennis in die oog het. Harris (1991:152) huldig dieselfde siening: “Paradoxically, the “new person/humanity” is continuously (pres. tense) being made new “again” (ἀνα) in progressive conformity to the divine image” (vgl 2 Kor 3:18; 4:16). Met

betrekking tot ἐπίγνωσις (kennis) oordeel hy dat die doel konstante vernuwing is.

Van der Watt (1988:90) verskil van bogenoemde eksegete in sy grammatikale ontleding van hierdie frase maar kom tog in sy interpretasie by dieselfde resultaat uit. Hy oordeel dat ἐνδυσάμενοι (julle beklee het) verstaan moet word teen die agtergrond van die elemente wat na die verlossing verwys (vgl Kol 1:13, 18, 21, 24). Die vernuwing εἰς ἐπίγνωσις (tot die kennis) is ook in hierdie brief van belang. In Kolossense 2:8 word daar melding gemaak dat die dwaalleraars 'n filosofiese aanslag teen die Kolossense maak. In Kolossense 1:9 vra Paulus dat die Kolossense vol sal word van die kennis van God se wil. Belangrik ook is die verwysing in Kolossense 2:3. Christus word daar as die persoon in wie die kennis is, geskets. Om tot kennis vernuwe te word, beteken om meer van Christus te ken.

Hierdie studie oordeel dat 'n beter vertaling hier dalk “wat vernuwe word tot die kennis volgens die beeld van sy Skepper” sal wees (kyk Nestle-Aland²⁶; Van der Watt 1988:129). Hierdie vertaling sinspeel daarop dat die gelowige na die beeld van sy Skepper vernuwe word deur die toename in kennis wat dan ook die doel van die groeiende kennis is (eie interpretasie).

Wat is hierdie kennis? εἰς ἐπίγνωσις (tot die kennis) kom hier in abstrakte sin voor (O'Brien 1982:192) soos in Filippense 1:9 (“dat julle nog meer en meer oorfloedig mag word in kennis en alle ervaring”). Die vernuwing van die “nuwe mens” het in sig die lesers se progressiewe toename en vermoë om God se wil en opdrag te herken (vgl Kol 1:9), 'n eienskap wat die “ou mens” nie besit nie. Ware kennis lei tot 'n optrede en gedrag wat ooreenstem met die Skepper se wil. Om hierdie rede moet, volgens Yates (1993:116-117) ἐπίγνωσις (kennis) as 'n praktiese en etiese term verstaan word.²³⁰

²³⁰ In hierdie verband stel Roberts (1997:76-77) dat gelowiges vernuwe word deur die goeie boodskap te ken (die boodskap wat in die brief se geloofsbelydenis en danksegging na vore kom, te wete Kol 1:3-20).

Harris (1991:152) en Van der Watt (1988:90) oordeel dat die onuitgesproke objek van ἐπίγνωσιν (kennis) God (vgl Kol 1:10), God se wil (vgl Kol 1:9) of Christus self is (vgl Kol 2:2; Ef 1:17; 4:3). Volgens Lohse (1971:222) was 'n gebrek aan kennis die kern van die mens se eerste mislukking (vgl Gen 2:17; 3:5, 7) en die mensdom se mislukking om op te tree volgens hulle kennis van God. Deur Hom te erken in aanbidding is die sentrale element in Paulus se analise van die vroeëre mens se toestand, dié van die “ou self” (vgl Rom 12:1). Vernuwning in kennis van God en die verhouding wat deur hierdie kennis geïmpliseer word (vgl Kol 1:10) is daarom vir Paulus van eerste belang. Die parallel tussen Romeine 12:2 en Kolossense 1:9-10 is dus belangrik vir die verstaan van die samehang van die teologiese refleksie van hierdie gedeelte.

Kennis beteken dus hier om te weet wie God is en wat sy wil is. Hierdie kennis word verkry deur Jesus Christus te ken. Hierdie kennis moet vermeerder word omdat die doel van hierdie kennis is om al hoe meer gelykvormig te word aan die beeld van die Skepper (vgl 1 Kor 15:49).

Wat beteken κατ' εἰκόνα τοῦ κτίσαντος αὐτόν (volgens die beeld van sy Skepper)?²³¹ Twee sake verdien hier aandag: na wie verwys die woord “Skepper” (κτίσαντος), en wat is die inhoudelike van die woord “beeld”?

Wat eersgenoemde vraag betref oordeel O'Brien (1982:191) dat hierdie frase, alhoewel dit nie 'n eksplisiete aanhaling uit die Ou Testament is nie, sinspeel op Genesis 1:27 waar gesê word dat die eerste Adam na die beeld van God (κατ' εἰκόνα θεοῦ) geskape is. Hier word die eerste Adam geïnterpreteer as die “ou mens” wat nou afgelê is sodat die gelowige die “nuwe mens” kan “aantrek”. Volgens O'Brien is die woorde τοῦ κτίσαντος (die Skepper) dus in wese 'n beskrywing van God (vgl Ef 4:24).

In die Pauliniese materiaal en die res van die Nuwe Testament is God die subjek van κτίζω (skep; vgl Rom 1:25; Ef 3:9, 1 Kor 11:9; Ef 2:10; 4:24; 1 Tim 3:3; Matt 19:4; 1 Pet 4:19; Op 4:11; 10:6). In Kolossense 1:16 is God die

²³¹ Kyk weer bespreking in § 3.3.3.1

logiese subjek van die passiewe werkwoord ἐκτίσθη (geskep). Om dus te sê dat die “nuwe mens” vernuwe word “volgens die beeld van God” – in die lig van die himniese paragraaf waar Christus geprys word as die εἰκών (beeld) van God (Kol 1:15) en Paulus se Christologiese onderrig elders (vgl Rom 8:29; 1 Kor 15:49; 2 Kor 4:4; Fil 2:6) – beteken dus dat God se herskepping van die mens plaasvind “in the pattern of Christ who is God's likeness, absolutely” (O'Brien, in Moule 1973:120).

Hierdie uitdrukking is nie 'n afwyking van die apostel se ander uitsprake wat handel oor die gelowige se transformasie na die beeld van Christus nie (vgl Rom 8:29; 1 Kor 15:49; 2 Kor 3:18; Fil 3:21). Terwyl κατ' εἰκόνα τοῦ κτίσαντος dit duidelik maak dat die verlore “nuwe mens” (καινή κτίσις; “nuwe skepping”) by wie die beeld van God – wat Adam verloor het – herstel is, dui αὐτόν dat hierdie herstel van die Goddelike beeld niks anders is as die transformasie na die beeld van Christus nie. αὐτόν (sy) verwys na die “nuwe mens”. Dit impliseer egter nie, aldus O'Brien, dat Christus persoonlik 'n geskape wese is nie – Hy is die “nuwe mens” wie die gelowige aangetrek het: “the new man who is created is the new personality that each believer becomes when he is reborn as 'n member of the new creation whose source of life is Christ” (Bruce 1970 :273, in O'Brien 1982:101).

Schweizer (1971:198), vanuit sy etiese hoek oordeel dat agter die metafoer om Christus “aan te trek” 'n geheel en al 'n ander boodskap na vore kom as soos hierbo beskryf. Die beeld van die onsigbare God, volgens Kolossense 1:15, is Christus. Dit word ook aangedui deur die wêreld wat in Kolossense 3:11 beskryf word en volgens Galasiërs 3:27-29 'n effektiewe realiteit in Christus geword het. Die idee vervat in hierdie metafoer is egter nie volledig deurgevoer nie: in die eerste plek word Christus nooit as Skepper in die Nuwe Testament aangedui nie (behalwe vir die Ou Testamentiese aanhaling wat in Heb 1:10 ingevoeg is), en in die tweede plek kan die frase “sy Skepper” alleen verwys na die (nuwe) natuur, en beslis nie na Christus nie. Die metafoer moet dus verstaan word in die sin dat die beeld van die Een wat die mens geskep het (God) alleen teenwoordig is in die suiwer vorm van

Christus. Die “nuwe mens” word voortdurend deur Hom opgeneem en word meer en meer deur Hom vernuwe.

εἰκόνα (beeld) betrek die Christushimne (Kol 1:15-20) by hierdie gedeelte. In Kolossense 1:15 word van Christus as die εἰκόνα (beeld) gepraat. Dat Christus die εἰκόνα (beeld) is beteken dat Hy in status en funksie God is. Dieselfde gedagte word hier oorgedra. Soos Christus God as Skepper uitbeeld, so moet die gelowige die Skepper uitbeeld. Om die Skepper in jou optrede uit te beeld beteken dus om vernuwe te wees. Dan sal ἀλλὰ [τὰ] πάντα καὶ ἐν πᾶσιν Χριστός (maar alles en in alles Christus wees; Van der Watt, 1988:90)²³².

Volgens Harris (1991:153) verwys εἰκόνα moontlik na Christus wie die beeld van God is (vgl Kol 1:15; 2 Kor 4:4) eerder as na God self (vgl Gen 1:26) aangesien Paulus hier besig is om die vernuwing van die “nuwe mens/mensheid” te bespreek en nie die herskepping van die eerste (ou) persoon nie. In die denke van Paulus is Christus die paradigma vir gelowiges se transformasie (vgl Rom 8:29; 1 Kor 15:49; 2 Kor 3:18). τοῦ κτίσαντος (die Skepper) verwys na God, en nie na Christus nie, omdat in die Pauliniese corpus die uitgedrukte of geïmpliseerde subjek van κτίζω (skep) altyd God is. αὐτόν (sy) verwys na die “nuwe mens” of die “nuwe mensheid”, nie die mensdom op sigself of Christus as die “nuwe mens” nie, omdat 1) die enigste eksplisiete antesedent vir αὐτόν (sy) τὸν νέον ἄνθρωπον), die nuwe mens is; 2) die “ou mens /mensheid” nie gelykgestel kan word met die “ou mens” nie en ook nie beskou word as 'n Goddelike skepping nie; en 3) in geen manier Paulus sou sê dat God Christus geskep het nie (vgl 1:16-17). Indien αὐτόν dus wel na die “nuwe mens” of die “nuwe mensheid” verwys is Paulus hier besig om te bevestig dat God die “nuwe mens /mensheid” geskep het en nou besig is om hom/haar te vernuwe na die “patroon” van Christus, wie die beeld van God is. Die Skepper se doel in hierdie herskepping is nie die

²³² Pelser (1983:280) huldig dieselfde siening. In die gelowige moet herstel word wat deur die sondeval vernietig is. Hy/sy moet weer beeld van God word. Christus is die beeld van God. Die “nuwe mens” moet soos Christus word.

herstel van die oorspronklike goddelike beeld in die skepsel nou besoedel deur die sonde nie, maar eerder die “konstruksie” van 'n nuwe beeld, dit is Christus.²³³

Die woord Skepper in hierdie frase verwys na God. Omdat Kolossense 1:15 Christus egter as beeld van God beskryf en die belydenis (Kol 1:13-20) die sleutel tot die verstaan van die hele Kolossensebrief is, is dit duidelik dat Christus die sentrale norm (bron) is waarom alles wentel. Dus, om na die beeld van die Skepper vernuwe te word is om na die beeld van Christus vernuwe te word. Hy is die beeld van God. Hy is in status en funksie God self (Van der Watt 1988:90).

Wat is die inhoudelike van die woord “beeld”? Capper (1985:22) vra in hierdie verband die belangrike vraag of die beeld van God relasioneel verstaan moet word of moet dit eerder in terme van die mens se wese verstaan word? Volgens hom is die antwoord nie te vind in die onderskeid tussen die twee moontlikhede nie, maar in albei. Die beeld van God sluit duidelik meer in as die oorspronklike geregtigheid wat met die sondeval verloor is omdat die beeld nog duidelik teenwoordig is in die mens na die sondeval (Gen 9:6; Jak 3:19). Die natuurlike gawes soos redelikheid en selfbewussyn blyk 'n integrale deel te wees van die beeld van God. 'n Mens se persoonlikheid is 'n integrale deel van God se beeld in 'n mens. Die beeld van God behels nie net die wese van die mens nie, maar behels ook die mens se verhoudings binne die menslike gemeenskap. In 'n bespreking van Berkouwer, Barth en Calvin se sienings oordeel Capper (1985:26) dat dit duidelik is na aanleiding van Kolossense 3:10 en Efesiërs 4:23 dat kenmerke van God se beeld soos kennis, geregtigheid en heiligheid deur die sondeval verwronge gemaak is. In die konteks van om die “nuwe mens” “aan te trek” is daar egter 'n nouer verbintenis tussen die beeld van God en die “nuwe mens”. Die beeld van God hou verband met die “nuwe lewe” van die “nuwe mens”.

²³³ Pelser (1983:280) is van mening die beeld van God met die sondeval vernietig is. Daarom moet die gelowige weer die beeld van God word.

Capper (1985:27) maak 'n verdere belangrike opmerking wanneer hy stel dat Kolossense 3:10 en Efesiërs 4:22-24 gerig is op gemeentes. Nadat hulle alreeds opdrag ontvang het om die “ou mens” te laat vaar word die meervoudigheid van mense wat die kerk vorm aangesê om die “nuwe mens” “aan te trek” met die reeds genoemde kwaliteite. Elke vers volg onmiddellik met instruksies betreffende die praktiese (etiese - my invoeging) uitwerk hiervan in verhouding tot die Christelike gemeenskap (bv wees geduldig met mekaar; Kol 3:13), en die praat van waarheid onder mekaar (Kol 3:9; Ef 4:25). Hierdie gedeeltes oor die gedrag binne die Christelike gemeenskap word afgesluit met opdragte betreffende rolverdelings wat gevolg moet word in en deur die gemeenskap (vgl Kol 3:18-4:1; Ef 5:21-6:9).

In hierdie verband meld Lohse (1971:222) dat “beeld” 'n dinamiese konsep is soos die gebruik daarvan met verwysing na Goddelike wysheid en Christus (Kol 1:15) dit bevestig. Gevolglik impliseer dit nie 'n statiese status nie maar 'n verhouding waarin die “beeld” nuut (νέος) moet bly. Dit moet in kontak bly met die Een wie se beeld dit is. Dan sal dit groei na ware kennis hoe meer dit vernuwe word na die beeld van sy “Skepper”.

As daar dus na die beeld van God verwys word, word in hierdie studie bedoel Christus (Kol 1:15). Die term “beeld” beklemtoon Christus se verhouding tot God. Dit beteken dat hy in status en funksie God is. Daar is 'n baie intieme verband tussen sy wese en die wese van God. Hy is die draer daarvan. Christus is God se openbaring van Homself, sy verteenwoordiger. God se eienskappe is in Christus sigbaar. God kan deur Christus geken word. Hy is die spieëlbeeld van God, sy sigbare ewebeeld. As die gelowige wil weet wie, wat en hoe God is, kyk na Jesus. God se heerlijkheid straal van Jesus Christus uit. Verder is die mens die beeld van God. Hierdie beeld van God in die mens moet in terme van die wese van die mens én relasioneel tot Christus verstaan word. Met die wese van die mens word bedoel die natuurlike gawes en kwaliteite van die mens soos redelikheid, selfbewussyn en persoonlikheid wat 'n integrale deel is van die beeld van God. Die beeld van God behels egter meer as die mens se verhoudings tot ander. Die

“goddelike” eienskappe in die mens soos liefde, geregtigheid, heiligheid, meelewendheid en sagmoedigheid (wat te make het met verhoudings). 'n Deel van God se beeld in die mens is dus nog sigbaar, en 'n deel is vernietig deur die sondeval.

Hierdie is waaroor dit in Kolossense gaan – die herstel van dié deel van die beeld wat vernietig is. Gelowiges word daaraan herinner dat hulle herskepte, nuwe mense in Christus is. Hulle het Christus “aangetrek”, daarom moet hulle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou. Hy wat die beeld van God is het ons kom wys hoe 'n lewe lyk wat volgens die beeld van God geleef word. Die gelowige het nou 'n nuwe status en moet 'n nuwe lewe leef.

Binne die konteks van Kolossense beteken dit die etiese lewe van die gelowige. Christus het as' t ware met sy lewe weer kom wys hoe die eienskappe van die beeld van God wat vernietig is lyk en hoe dit geleef moet word. Hierdie moreel-etiese eienskappe word deurgaans in Kolossense genoem: liefde (Kol 2:2; 3:14), meelewendheid, goedgesindheid, nederigheid, sagmoedigheid, verdraagsaamheid en vergewensgesindheid (Kol 3:13).

Die lys van Christelike deugde wat byvoorbeeld in Kolossense 3:2 gegee word is 'n wyse van lewe wat in wese aan God of Christus toegeskryf word. Tegelykertyd roep dit egter die gelowiges op om hierdie lewe, wat aan Christus behoort, “aan te trek”. Om weer na die beeld van die Skepper (dus Christus) vernuwe te word beteken dan dat hierdie eienskappe al meer sigbaar moet word in 'n gelowige se lewe en al die ander ondeugde al hoe minder sigbaar. Ten slotte kom dit daarop neer dat die gelowige soos Christus moet wees en leef. Wie Christus is moet in 'n gelowige sigbaar word en wees, net soos God in Christus sigbaar is. Só is die gelowige die beeld van sy/haar Skepper, en moet dit al hoe meer word.

In hierdie Afdeling word ten slotte aandag gegee aan die uitdrukking ὄπου οὐκ ἔστι (waar daar nie is nie) in Kolossense 3:11. ὄπου dui plek aan (daar of

hier; NAV). ἔνι is 'n verkorte vorm van ἔνεστι en word in Nuwe Testament altyd gebruik saam met die negatief οὐκ) en kan vertaal word met “iets is nie of bestaan nie” (Louw & Nida 1989a:713, 83.5; Liddell & Scott 1987:226).

Die “plek” waarna verwys word is die “nuwe lewe” van die “nuwe mens”, die “herskepping”, die “nuwe mensheid” wat in verbondenheid aan Christus ontstaan het (vgl Kol 3:10), dus die kerk. In hierdie geloofsgemeenskap heers 'n nuwe orde, 'n nuwe lewenswyse. Net soos individuele gelowiges die gesindhede en gewoontes van die “ou mens” afgelê het, net so moet die kerk/gemeente die ou skeidsmure wat mense geskei het, aflê. Hier in die “nuwe skepping” is die “nuwe lewe” so radikaal dat dit 'n verandering van alle menslike verhoudings tot gevolg het. Die volgende word genoem:

- Rasseskeiding (Grieks of Jood)
- Godsdienstige skeiding (besny of onbesnede)
- Kulturele skeiding (barbaar of skith – anderstalig of onbeskaaf – soos die NAV dit korrek vertaal)
- Sosiale skeiding (slaaf of vry)

Natuurlike verskille word nie opgehef nie (vgl Gal 3:28) maar in Christus is al die skeidings en verskille onbelangrik. Onder gelowiges is daar geen verskil in geestelike status nie. In Christus is almal gelyk ongeag ras, klas of stand omdat Christus alles en in almal (NAV) is (ἀλλὰ [τὰ] πάντα καὶ ἐν πᾶσιν Χριστός).

Hierdie stelling eggo Kolossense 1:15-20. Christus, wat die algenoegsame Here en Verlosser is, is al wat saak maak. Sy Gees-bemiddelde inwoning in alle gelowiges, van watter klas, stand of agtergrond, waarborg die skepping en geleidelike volmaaktheid in elkeen en almal van die “nuwe mens” wat vernuwe word tot die volle kennis van God volgens die beeld van sy/haar Skepper.

4.4.2.4 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:5-11

Die eintlike paranetiese deel van die brief begin by Kolossense 3:5. Die gedeelte Kolossense 3:5-11 bevat vermaninge oor die alledaagse lewe van gelowiges en verwys na die slegte eienskappe wat “gedood” moet word. In Kolossense 3:1-4 word die lesers vermaan om die dinge daarbo, waar Christus is, te soek en te bedink omdat hulle saam met Christus gesterf en opgestaan het.

Hierdie feit vind sy konkrete uitdrukking en toepassing in die verdere opdragte. In die eerste opdrag (Kol 3:5) word gesê die aardse dinge wat nog deel van die gelowiges se lewe is doodgemaak moet word. 'n Lys van vyf persoonlike sondes word genoem en die waarskuwing word gerig dat God se toorn/straf deur sulke dinge oor mense kom wat aan Hom ongehoorsaam is. In 'n tweede opdrag (Kol 3:8-9) word 'n verdere lys gegee van dinge wat afgelê moet word omdat gelowiges met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek het en nou die lewe van die nuwe mens lewe. Die sondes in die tweede lys raak die verhoudings tussen mense. Medegelowiges kan hierdeur te na gekom word en die eenheid in die gemeente skade berokken. In die derde opdrag (Kol 3:10) word gesê dat die lewe van die nuwe mens moet nou geleef word. Hierdie nuwe mens moet ook al hoe meer vernuwe word na die beeld van Christus (Hy wat die beeld van God is) en tot volle kennis van God kom. Christus moet al hoe meer in die gelowige gestalte kry.

In Kolossense 3:11 word ten slotte gestel dat hierdie nuwe lewe van die nuwe mens, die herskepping (die nuwe mensheid wat in verbondenheid aan Christus ontstaan het) ook die kerk is waarin 'n nuwe orde moet heers. In die kerk van Christus geld onderskeid tussen rasse, volke, godsdienstige verskille, kulture en sosiale stande nie meer nie – in die kerk is Christus alles en in almal.

4.4.3 KOLOSSENSE 3:12-17: DIE UITVERKORE VOLK VAN GOD – LEEF AS UITVERKORENES

Na die negatiewe vermaninge om die ondeugde wat deel is van die ou mens/lewe dood te maak en af te lê (Kol 3:5-11) volg nou positiewe verma-

ninge oor die “aantrek” van die deugde van die nuwe mens/lewe. Die motiveering vir die “uittrek” van die ou mens/lewe en die “aantrek” van die nuwe mens/lewe is dieselfde, te wete die verbondenheid met Christus. Die nuwe mens (vgl Kol 3:10) word nou beskryf in terme van die gelowige se etiese eienskappe en nuwe lewenswyse teenoor medegelowiges en die gemeente. Die gedeelte in Kolossense 3:12-17 kan ingedeel word in Kolossense 3:12-14 en Kolossense 3:15- 17, ‘n indeling wat gevolg word in die bespreking hieronder.

4.4.3.1 KOLOSSENSE 3:12-14: UITVERKORE EN SAAMGEBIND IN LIEFDE

Kolossense 3:12-14 lees soos volg: ἐνδύσασθε οὖν ὡς ἐκλεκτοὶ τοῦ θεοῦ, ἅγιοι καὶ ἠγαπημένοι, σπλάγχνα οἰκτιρμοῦ, χρηστότητα, ταπεινοφροσύνην, πραῦτητα, μακροθυμίαν ἀνεχόμενοι ἀλλήλων καὶ χαριζόμενοι ἑαυτοῖς ἄν τις πρὸς τινα ἔχη μομφήν· καθὼς καὶ ὁ κύριος ἔχαρίσατο ὑμῖν οὕτως καὶ ὑμεῖς ἐπὶ πᾶσιν δὲ τούτοις τὴν ἀγάπην, ἧ ἔστιν σύνδεσμος τῆς τελειότητος (Beklee julle dan as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het soos die Here julle vergewe het so moet julle ook [en beklee julle] bo al hierdie dinge met die liefde wat die band van die volmaaktheid is).

Met die beklee julle (ἐνδύσασθε) in Kolossense 3:12 word die beeld van “aantrek” in Kolossense 3:10 voortgesit in die aoristus imperfektum-vorm wat dui op 'n afgehandelde gebeurtenis. Die woord οὖν (dan/daarom) verwys na Kolossense 3:11 en moontlik ook na Kolossense 3:10. Die “nuwe mens” (vgl Kol 3:10) word nou nader omskryf as uitverkorenes (ὡς ἐκλεκτοὶ) van God. Gelowiges is God se uitverkorenes omdat Hy hulle verlos het deur die vergewing van sondes (vgl Kol 1:13, 14) – dieselfde gedagte as die uitverkie-sing van Israel (vgl Deut 4:37; 7:7; Ps 33:12; kyk ook Rom 8:33; 9:11; 11:5, 7, 28; 1 Pet 2:9).

Heilige en geliefdes (ἅγιοι καὶ ἠγαπημένοι) moet verstaan word as attribute tot uitverkorenes. Heilig beteken wat afgesonder is as eiendom van God (vgl 1:2; 2 Kor 6:17) en geliefdes (vgl 1 Tess 1:4; Ef 1:6) verwys na die gelowiges wat die voorwerpe is van God se besondere liefde. Al hierdie benamings beklemtoon die manier waarop die gemeente afgesonder is deur God se liefde vir hulle.

Op grond van hierdie verhewe posisie voor God moet die gelowiges 'n lewenswyse openbaar wat die “nuwe mens” waardig is. Hierdie gedrag waartoe hulle aangespoor word weerspieël die Here wat hulle uitverkies het. Hierdie afleiding kan gemaak word op grond van die feit dat die deugdelys wat vervolgens gegee word in die Nuwe Testament dikwels verbind word met die daede en hoedanighede van God en Christus (vgl Rom 12:1; 2 Kor 1:3; Rom 2:4; 9:22; Ef 2:7; Tit 3:4; Fil 2:8; 2 Kor 10:1; Matt 11:29). Hierdie deugde is gerig op mense, maar die visie is op God of Christus en so is ook alle daede gerig op die idee dat Christus alles in almal is (Barth & Blanke 1994:419).

Deurgaans in die Nuwe Testament verteenwoordig hierdie deugde gesindhede 'n optrede wat van wesenlike belang is vir verhoudinge tussen gelowiges in die gemeente (vgl Fil 2:4). Die onderskeie deugde word soos volg gelys:

- met innerlike ontferming (σπλάγχνα οἰκτιρμοῦ), letterlik die ingewande of hart as die setel van die gevoel. Hierdie verwys na die meelewendheid en barmhartigheid wat teenoor 'n ander betoon moet word (vgl Ef 4:32);
- goedertierenheid (χρηστότητα). Dit is die goedheid en welwillendheid wat ook die gedagte van genade, barmhartigheid en lankmoedigheid insluit (vgl 1 Kor 13:4);
- nederigheid (ταπεινοφροσύνην) is 'n gesindhede en optrede wat deur beskeidenheid en ootmoedigheid gekenmerk word. Die belange van ander word eerste gestel. Dit is die teenoorgestelde van selfverheffing (vgl Fil 2:3);

- sagmoedigheid (πραΰτητα) hou verband met nederigheid. Sagmoedigheid beteken nie swakheid, lamleedigheid of vrede teen elke prys nie. Sagmoedigheid is versoenbaar met krag en outoriteit, maar is nooit aggressief, ongeskik, bombasties in sy optrede teenoor 'n ander nie. Sagmoedigheid is 'n deeglike besef van jou eie tekortkominge, maar is nie sensitief oor hom/haarself nie en is nie altyd op die verdediging nie. Dit het ook nie 'n hoë dunk van hom/haarself nie. Sagmoedigheid behandel die ander persoon met 'n sagtheid, selfs in teregwysing. Sagmoedigheid hou ook verband met lankmoedigheid en verdraagsaamheid te midde van onreg wat teenoor jou gepleeg word. Dit is nie wraaksugtig nie (vgl 1 Pet 2:20-23). Sagmoedigheid is altyd gereed om te luister en te leer. Die uitnemendste voorbeeld van sagmoedigheid vind ons in die Here Jesus Christus (vgl Fil 2:4-11; Matt 11:29; 21:15; Jak 3:13; 1 Pet 3:14; 1 Kor 4:21; Gal 5:22; Ef 4:2).
- lankmoedigheid (μακροθυμίαν) is om geduld en verdraagsaamheid te beoefen. Om baie te verdra sonder om kwaad te word. Dit is die teenoorgestelde van wrewel, wrok en wraak.

In Kolossense 3:13 word die vermaning voortgesit met twee partisipia, te wete verdra mekaar (ἀνεχόμενοι ἀλλήλων) en vergewe mekaar (καὶ χαρίζόμενοι ἑαυτοῖς). In beide die gevalle word die partisipium imperatiwies gebruik en onderstreep nogeens die belangrikheid van die regte optrede van gelowiges.

Uit lankmoedigheid (Kol 3:12) moet onderlinge verdraagsaamheid of geduld en wedersydse vergifnis²³⁴voortvloei. Vergifnis vind plaas wanneer die een teen die ander 'n klag (verwyf, wrok, grief) het (ἐάν τις πρὸς τινα ἔχη μομφήν). Die gemeente moet 'n genadige en wedersydse vergewende gemeenskap wees. (vgl Matt 6:14, 15; 18:35; Mark 11:25, 26; 2 Kor 2:7; Ef 4:32). Gelowiges moet mekaar vergewe soos die Here hulle vergewe het (καθὼς καὶ ὁ κύριος ἐχαρίσατο ὑμῖν οὕτως καὶ ὑμεῖς). Die interaksie van gelowiges moet die optrede van die Here teenoor hulle weerspieël (vgl Kol

²³⁴ Kyk ook bespreking van Kolossense 2:13 in § 3.3.4.1

1:22). Die volmaakte voorbeeld van Christus moet nagevolg word. Wie self deur die Here vergewe is, moet ook die medemens vergewe. Christus se vergifnis dien beide as model én motief vir hulle vergewensgesindheid teenoor mekaar (vgl Ef 4:32). Die praesens vorm van vergewe dui op 'n voortdurende, daaglikse gesindheid en optrede van vergifnis.

Die woord κύριος (Here) wat God kan beteken (vgl 2:13; Ef 4:32) is nie die betekenis hier in Kolossense nie gesien in die lig van die feit dat in Kolossense 3:17, waar die voorafgaande vermanings opgesom word, die Here Jesus uitdruklik genoem word (vgl ook Kol 1:3, 10; 2:6; 3:18, 20, 22, 23). In die Pauliniese literatuur is dit op verskeie plekke op te merk dat God en ook Jesus as subjek genoem word vir dieselfde optrede. Dit is dus nie 'n kontradiksie nie.

Die begrip “en beklee julle²³⁵ bo al hierdie dinge” in Kolossense 3:14 (wat vanuit Kol 3:12 veronderstel kan word; ἐπὶ πάνσιν δὲ τούτοις) mag die gedagte laat dat dit sou beteken bo-op (belangriker as) al die ander deugde. ἐπὶ πάνσιν moet egter hier as bykomend tot alles verstaan word (Barth & Blanke 1994:423; O'Brien 1982:203). Die liefde (τῆς τελειότητος)²³⁶ is dit waarmee die gelowiges hulle moet beklee. Liefde is nie net nog 'n deug wat by die ander bygevoeg word nie, maar neem die eerste plek in. Dit is die belangrikste morele kwaliteit in die “nuwe mens” se lewe (vgl Rom 13:8-10; 1 Kor 13:1-13 ; Gal 5:4). Daarom is die liefde bo al die ander deugde. Dit oortref alles wat die gelowige moet “aantrek”. Hierdie liefde is verder die band van volmaaktheid (ὃ ἐστὶν σύνδεσμος τῆς τελειότητος). Kenmerkend aan Kolossense word ook hier 'n belangrike opmerking by wyse van 'n kort relatiewe bysin gemaak (vgl Kol 1:7, 24, 27; 2:10, 17, 22; 4:9; Barth & Blanke 1994:424). Omdat die liefde alles oortref word dit die band van volmaaktheid genoem.

²³⁵ Die Nuwe Afrikaanse vertaling bied 'n goeie vertaling van Kolossense 3:13, te wete sonder “en beklee julle”.

²³⁶ Sien ook die bespreking in § 3.2.7, 3.3.2.5 en Ekskurs V.

Band (σύνδεσμος) beteken om verskillende dinge saam te bind (vgl Kol 2:19). Die woord kan ook metafories gebruik word om dit wat eenheid skep, aan te dui. Volmaaktheid (τελειότητα)²³⁷ beteken volheid, volkomenheid, volwassenheid of volledigheid. Daar is twee moontlikhede objekte van band waarna hier verwys word, te wete of die deugde of die gelowiges/gemeente (die uitverkorenes; kyk besprekings van Barth & Blanke 1994:424–425; O'Brien 1982:203- 204; Pokorný 1991:172-173; Lohse 1971:148-149; Schweizer 1982:207-208). Word die genitief τῆς τελειότητος as 'n kwalitatiewe of beskrywende genitief geneem verwys dit na die band wat al die ander deugde saambind om 'n organiese eenheid te vorm en so die volheid van die Christelike lewe voort te bring. Die meerderheid eksegete betwyfel egter hierdie interpretasie aangesien, volgens hulle, dit onwaarskynlik is dat dit die bedoeling van die skrywer was. Nêrens anders beskou hy liefde as 'n saambindende mag wat ander deugde verenig nie. Hierdie gedagte word ook nie by ander uitsprake oor die liefde in die Nuwe Testament gevind nie. Wanneer die genitief τῆς τελειότητος as 'n doelgenitief²³⁸ geneem word beteken dit die liefde die band is wat na volmaaktheid lei. Só verstaan, is die objek van die band die lidmate in die gemeente. Liefde bind die gelowiges saam tot 'n volmaakte eenheid in die liggaam van Christus (vgl Kol 2:2). Hierdie interpretasie word versterk deur die feit dat die paranese gerig is op die eenheid van die uitverkorenes (vgl Kol 3:11), 'n gedagte wat in Kolossense 3:15 onderstreep word. Paulus is besorg oor die lesers se korporatiewe lewe en die volmaaktheid wat hy aan hulle voorhou is nie 'n eng individuele aangeleentheid nie. Volmaaktheid word verkry in gemeenskap met ander gelowiges deur liefde aan mekaar te bewys. Só word die liggaam opgebou.

Alhoewel die tweede interpretasie hierbo genoem dalk die beste blyk te wees, is dit tog die oordeel van hierdie studie dat die eerste interpretasiemoontlikheid nie geïgnoreer kan word nie. Gelowiges kan tog nie in 'n eenheid

²³⁷ Sien ook besprekings in § 3.3.3.2.8.1.5

²³⁸ Die interpretasie van die genitief van "volmaak" as kwalitatief (as inhoud) of as doel, is nie uitsluitende moontlikhede nie.

saamgebind word sonder meelewendheid, goedgesindheid, nederigheid, sagmoedigheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar nie. Ook nie as hulle nie geduldig is met mekaar en mekaar vergewe nie. Hulle kan egter nie hierdie deugde aan mekaar betoon sonder dat hulle mekaar liefhet nie. Hierdie deugde word gemotiveer deur die liefde, anders sou dit blote wettisisme wees²³⁹.

4.4.3.1.1 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:12-14

Die gelowiges in Kolossense word daaraan herinner dat hulle die uitverkore volk van God is wat Hy vir Hom afgesonder het en wie Hy baie liefhet. Hierdie beskrywing van “uitverkore”, “heiliges” en “geliefdes” wat dikwels in die Ou Testament voorkom word nou hier in die Nuwe Testament ten opsigte van Christus self gebruik. Hierdie identifisering met Christus vorm die grondslag om as “nuwe mense” die deugde aan te trek wat kenmerkend van Christus is. Deur hierdie deugde hulle lewenswyse te maak – in hulle optrede teenoor ander en veral medegelowiges – wys die gelowiges dat hulle God se uitverkorenes is. Vir so 'n optrede het hulle nie net 'n voorbeeld in die liefde van God en die vergifnis van Christus nie – hulle is self ontvangers daarvan. Dit maak dat hulle dieselfde aan mekaar verskuldig is. Eintlik moet hulle mekaar net liefhê, aangesien die liefde saambind tot 'n volmaakte eenheid.

4.4.3.2 KOLOSSENSE 3:15-17: DOEN ALLES IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS CHRISTUS EN DANK GOD DIE VADER DEUR HOM

Kolossense 3:15-17 lees soos volg: καὶ ἡ εἰρήνη τοῦ χριστοῦ βραβευέτω ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν, εἰς ἣν καὶ ἐκλήθητε ἐν ἐνὶ σώματι· καὶ εὐχάριστοι γίνεσθε ὁ λόγος τοῦ χριστοῦ ἐνοικεῖτω ἐν ὑμῖν πλουσίως, ἐν πάσῃ σοφίᾳ διδάσκοντες καὶ νοουθετοῦντες ἑαυτοὺς ψαλμοῖς, ὕμνοις, ᾠδαῖς πνευματικαῖς ἐν [τῇ] χάριτι ἄδοντες ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν τῷ θεῷ καὶ πᾶν ὃ τι ἐὰν ποιῆτε ἐν λόγῳ ἢ ἐν ἔργῳ, πάντα ἐν ὀνόματι κυρίου ἰησοῦ, εὐχαριστοῦντες τῷ θεῷ πατρὶ δι’ αὐτοῦ (En laat die vrede van Christus in

²³⁹ Volgens Schroeder (1976:546-547) is die basiese etiese opvatting van die Nuwe Testamentiese etiese lyste dat gelowiges 'n verantwoordelikheid het binne die strukture van die samelewing, wat ons terugneem na die onderrig en voorbeeld van Jesus.

julle harte heers met die oog waarop julle ook in een liggaam geroep is en wees dankbaar. Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid lerende en vermanende mekaar met psalms, lofsange, geestelike liedere en sing in julle harte met dankbaarheid vir God en alles wat julle ook al doen in woord en daad, doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom. En alles wat julle ook al doen in woord of daad, doen dit alles in die Naam van die Here Jesus, en dank God die Vader deur Hom).

Die begrip vrede (εἰρήνη)²⁴⁰ in Kolossense 3:15 het 'n omvattende betekenis. Dit kan ook verstaan word as barmhartigheid, welsyn en verlossing/versoening (vgl Kol 1:20). Verder kan die begrip “vrede” gesien word as 'n samevatting van die deugde in Kolossense 3:12-14. “Vrede” beskryf die lewe in God se koninkryk. Dit moet die maatstaf wees om alle menslike optrede/gedrag te meet.

Die vrede van Christus (τοῦ Χριστοῦ) is 'n vrede wat Hy self verpersoonlik en alleen Hy kan gee. Dit is hierdie vrede wat in die gelowiges en onder hulle moet heers (vgl Joh 14:27; Ef 2:14). Heers (βραβεύετω) is 'n woord uit die sportwêreld en dui op die aktiwiteit van 'n skeidsregter. Dit kan egter ook in 'n algemene sin gebruik word met die betekenis “beoordeel”, “om te besluit”, “om te lei”, of “om te heers”. In hierdie vers is daar geen sinspeling op sport nie, daarom die gebruik van die algemene betekenis, “heers”.

Die Christusvrede moet nie alleen objektief en subjektief verstaan word nie, maar ook relasioneel. Vrede moet die oordeel vel oor die verhoudings in die gemeente. Wanneer die vrede van Christus in die gemoed ervaar word sal goeie verhoudings gehandhaaf word en verkeerde verhoudings herstel word.

Hart (καρδία) verwys na alles in 'n mens, sy/haar denke, wense, gevoel en optrede wat daaruit voortspruit. Die vrede wat deur Christus geskep en geskenk is moet die bepalende faktor wees vir alle lewensterreine. Die vrede

²⁴⁰ Sien ook bespreking in § 3.2.6

van Christus moet in sy liggaam, die kerk, geleef word. Daartoe word die gelowiges deur God geroep, hulle moet in vrede met mekaar lewe – dit is die oog waarop hulle ook in een liggaam geroep is (εἰς ἣν καὶ ἐκλήθητε ἐν ἐνὶ σώματι·)

Bo alles moet die gemeente dankbaar wees (καὶ εὐχάριστοι γίνεσθε). Soos in Kolossense 1:12, Kolossense 2:7, Kolossense 3:17 en Kolossense 4:2 word spesiale klem geplaas op dankbaarheid. Die manier hoe lidmate teenoor mekaar lewe moet getuig van dankbaarheid, want God het hulle in Christus uitverkies en deel gemaak van Christus se liggaam hier op aarde. Hulle nuwe lewe is een van dankbaarheid, nie net in terme van 'n innerlike gesindheid nie, maar moet ook uiterlik manifesteer in hulle verhoudings in die liggaam van Christus.

Daar kan egter nie van 'n lewe, soos hierbo vereis, sprake wees sonder dít wat in die sentrum van die geloofsluwe van die gemeente staan nie, te wete die verkondiging van die woord van God en die erediens. (Kol 3:16). Die begrip woord van Christus (λόγος τοῦ Χριστοῦ) in Kolossense 3:16 word gebruik met verwysing na Kolossense 1:5 en Kolossense 1:25. In Kolossense 1:5 word die “woord” “die waarheid” en “die evangelie” genoem wat onder die Kolossense vrugdra (Kol 1:6). In Kolossense 1:25 word dit “die woord van God” genoem wat verborge was maar nou geopenbaar is. Al hierdie begrippe is sinonieme. Die woord van Christus beteken die prediking of boodskap wat hulle oor Christus bely²⁴¹ (vgl Gal 1:7; 1 Kor 9:12).

Die begrip ryklik in julle woon (ἐνοικεῖτω ἐν ὑμῖν πλουσίως) beskryf die wyse waarop die woord in die gemeente moet leef. Ryklik beteken oorfloedig, gereeld of ten volle. Die evangelie moet elke aspek van die gelowige se lewe deurdring deur in beheer te wees van elke gedagte, woord en daad. Die woord woon in hulle as hulle dit hoor (vgl Matt 13:9), suiwer verkondig (vgl 2 Tim 2:15), in die hart bêre of daaraan vashou (vgl Ps

²⁴¹ Kyk ook besprekings van Kolossense 1:25-27 in § 3.3.3.2.8.1-3.3.3.2.8.3

119:11). Die rykdom van die evangelie word gedeel deur hulle wat dit ontvang het.

Die gemeente moet verder mekaar in alle wysheid leer en mekaar vermaan (Kol 3:16; ἐν πάσῃ σοφίᾳ διδάσκοντες καὶ νοουθετοῦντες ἑαυτοῦς). Wat Paulus en sy medewerkers in Kolossense 1:28 gedoen het, moet die lidmate van die gemeente nou teenoor mekaar doen. Wysheid²⁴² (σοφία) moet aan die partisipia lerende en vermanende (διδάσκοντες καὶ νοουθετοῦντες) verbind word. Die partisipia beklemtoon dat wysheid soberheid vereis en deur konkrete optrede bevestig word. In die krag van hierdie wysheid, wat deur die Gees gegee word, verstaan die gemeente wat die wil van God is (vgl Kol 1:9-14). Wysheid weet dat in Christus al die verborge skatte van wysheid en kennis te vinde is (vgl Kol 2:3), weet hoe om die dinge wat 'n skynwysheid is te ontmasker (vgl Kol 2:23) en besef wat die regte optrede is (Kol vgl 4:5). Wysheid is dus 'n kwalifikasie waaraan “leer” en “vermaning” moet voldoen.

Verder moet die gemeente psalms, lofsange en geestelike liederes (ψαλμοῖς, ὕμνοις, ᾠδαῖς πνευματικαῖς) sing. Hierdie psalms, lofsange en liederes dui op die verskeidenheid van geestelike liederes wat gesing moet word (vgl Ef 5:19). Sonder om 'n volledige bespreking hier te gee kan volstaan word om te sê dat daar nie skerp onderskeid getref kan word ten opsigte van die betekenis van psalms, lofsange en geestelike liederes nie²⁴³. Hierdie drie vorme van sang is die wyse waarmee die gemeente op die woord van God en tot sy eer moet antwoord. Hieruit kan afgelei word dat die erediens moet bestaan uit 'n ryke verskeidenheid van lof en aanbidding en dank, wat aan God gebring moet word. Om in die harte te sing (ᾄδοντες ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν τῷ θεῷ) beteken nie liederes wat in stilte²⁴⁴ gesing word nie, maar liederes wat gesing word terwyl die hele mens betrokke is, en met volle

²⁴² Vir 'n vollediger bespreking kyk § Ekskurs V.

²⁴³ Vir volledige besprekings kyk O'Brien (1982:208-210), Pokorný (1991:174-175), Barth en Blanke (1994:427-428).

²⁴⁴ Roberts (1997:81) verstaan dit as “stille lofsegging”.

oorgawe tot eer van God. Hierdie liedere moet met dankbaarheid (ἐν [τῆ] χάριτι) gesing word.

Oor die interpretasie van ἐν [τῆ] χάριτι is daar meningsverskil. Dit kan met “genade” (vgl Ef 1:6), “geskenk/guns” (vgl Hand 24:27), “geestelike gawes/genadegawe (vgl Rom 1:11; 6:23) of met “dankbaarheid” (vgl 1 Kor 15:57), vertaal word. Volgens Louw en Nida (1989a:429, 1.33.350) is χάρις 'n uitvoerende uitdrukking wat dankbaarheid kommunikeer deur dit uit te spreek.²⁴⁵ Die verskil van mening wentel rondom die bepalende lidwoord τῆ (die) wat in sommige manuskripte voorkom²⁴⁶. Hierdie studie verkies om χάρις te vertaal met “dankbaarheid” aangesien die gedagte van dankbaarheid in hierdie gedeelte sterk figureer²⁴⁷.

Om met dankbaarheid te sing moet verstaan word as 'n konkretisering van die opdrag om dankbaar te wees in Kolossense 3:15. Hierdie dankbaarheid is 'n respons op die genade van God wat die enigste basis van die gelowige se bestaan is, wat aan hulle die lewe gee en die omgewing skep waarbinne die Christelike lewe kan bestaan en groei.

Daar is ook meningsverskil oor die sintaks van “psalms, lofsange, geestelike liedere”. Sommige eksegete verbind dit met lering en vermaning (O'Brien 1982:208-209; Pokorný 1991:174; Roberts 1997:81; Barth & Blanke 1994:4260; Van der Watt 1988:131). Dit beteken dan die “lering en vermaning” deur middel van 'n verskeidenheid van liedere plaasvind. Die hoofargument is dat die voegwoord καί (en) ontbreek om dit met “sing” te verbind. Hulle veronderstel die voorsetsel ἐν (met; “by means of”), moontlik as gevolg van die datiewe ψαλμοῖς ὕμνοις ᾠδαῖς.

²⁴⁵ Barth en Blanke (1994:428) en ander verkies om dit te vertaal met “genade”.

²⁴⁶ Kyk besprekings van Lohse (1971:151-152), O'Brien (1982:210) en Schweizer (1982:210-211).

²⁴⁷ Soos ook die vertaling van Nestle-Aland²⁶, die Ou Afrikaanse vertaling, die Verklarende Bybel, die Nuwe Afrikaanse Vertaling en Van der Watt (1988:131).

In ooreenstemming met hierdie interpretasie het die Ou Afrikaanse Vertaling Kolossense 3:16 só vertaal: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here”.

Ander eksegete verbind “psalms, lofgesange en geestelike liedere” met ᾄδοντες (sing) deur die voegwoord καὶ (en) in te voeg (Schweizer 1982:210; Martin 1985:114-115; Wright 1986:144; Müller 1958:147).

Schweizer (1982:100) merk op dat aangesien καὶ (en) ontbreek dit moontlik verstaan kan word dat die lering en vermaning deur die sing van liedere plaasvind. Dit word egter nie eksplisiet gestel dat die lering en vermaning verband hou met die lidmate van die gemeente nie, terwyl die sing van liedere tot God gerig is. Waarskynlik is hierdie drie uitdrukkings, “die inwoning van die woord”, “lering en vermaning” en “sing”, alhoewel in jukstaposisie, nie ondergeskik aan mekaar nie.

In ooreenstemming met hierdie tweede moontlikheid vertaal Nestle-Aland²⁶ Kolossense 3:16 soos volg: “Let the word of Christ dwell in you richly, teach and admonish one another in all wisdom, and sing psalms and hymns and spiritual songs, with thankfulness in your hearts to God” Die Nuwe Afrikaanse Vertaling het min of meer dieselfde strekking met net 'n verskil in punktuasie en die gebruik van “met” in plaas van “en”.

Dit is duidelik moeilik om tussen hierdie twee moontlikhede te kies. Hierdie studie verkies die eerste moontlikheid bloot op inhoudelike gronde²⁴⁸ en bepaald met Kolossense 1:28 in gedagte, asook dat die lering en vermaning in Kolossense 3:16 in die gemeente met alle wysheid onderling moet plaasvind. Die feit dat lering en vermaning wel deur middel van liedere gedoen kan word, word nie ontken nie. Tog word die sing van liedere eerder verstaan as 'n respons uit dankbaarheid teenoor God. Hierdie twee

²⁴⁸ Van der Watt (1988:93) kies op inhoudelike gronde die tweede moontlikheid.

moontlikhede behoort nie teen mekaar afgespeel te word nie. Die ervaring van die woord van Christus wat ryklik in hulle woon en waarin die gelowiges mekaar leer en vermaan loop immers uit op die dank aan God vir sy genade wat dan uitgespreek word in die sing van liedere in die gemeente se samekomste.

Die gemeente moet verder alles wat hulle ook al doen in woord of daad (καὶ πᾶν ὃ τι ἐὰν ποιῆτε ἐν λόγῳ ἢ ἐν ἔργῳ) doen, doen in die naam van die Here Jesus Christus. Die werkwoord doen (ποιῆτε; imp)²⁴⁹ word veronderstel uit die konteks. Die uitdrukking in die Naam van die Here Jesus (πάντα ἐν ὀνόματι κυρίου ἰησοῦ) word in verskeie kontekste gebruik en die elke konteks waarin dit staan sal waarskynlik help om die betekenis daarvan te bepaal.

“Die Naam” dui Jesus Christus self aan soos Hy Homself geopenbaar het. “In die Naam” beteken in ooreenstemming met 'n lewensbelangrike verhouding met Hom wat op sy beurt beteken om in harmonie met sy geopenbaarde wil te lewe, in afhanklikheid van Hom en vertrou op Hom. In verbondenheid aan Hom in die “nuwe lewe” moet gelowiges Hom altyd erken en bely in hulle woorde en dade. Hulle moet Hom verteenwoordig en Hom waardig wees.

Carson (1979:91) maak in hierdie verband 'n belangrike opmerking wanneer hy stel dat om op te tree in die Naam van die Here Jesus is om 'n uitdrukking te gebruik wat sterk verband hou met die bekende gedagte “in Christus” of “in die Here”.

Ten slotte moet die gemeente God die Vader deur Hom dank (εὐχαριστοῦντες τῷ θεῷ πατρὶ δι' αὐτοῦ). Die totale optrede van die gelowige moet in 'n voortdurende gesindheid van dankbaarheid (εὐχαριστοῦντες; part) teenoor God die Vader geskied. Dit vind plaas deur Jesus Christus wat alles moontlik maak.

²⁴⁹ O'Brien (1982:211) kontra Barth en Blanke (1994:429), verkies ποιοῦντες (part), analogies met die imperatiewe gebruik van die partisipium in Kolossense 3:16

4.4.3.2.1 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:15-17

Die gelowiges word deur God geroep om as lede van die een liggaam van Christus in vrede met mekaar te lewe. Hierdie vrede word deur Christus gegee en dit moet in hulle lewens heers, wat in werklikheid beteken dat Hy sy heerskappy oor hulle uitoefen. Hulle moet verder altyd dankbaar wees. Die gelowiges word ook aangemoedig en vermaan om die woord van Christus ryklik in hulle te laat woon. Die woord in sy oorvloed en volheid moet in die sentrum staan van die gemeente se geloofslewe. Die gelowiges moet mekaar in alle wysheid leer en vermaan sodat hulle die wil van God kan verstaan. Hierdie wysheid en kennis word in Christus gevind. Deur die sing van 'n verskeidenheid van geestelike liedere moet hulle, uit dankbaarheid, met hulle hele wese, tot eer van God sing. Wie die gelowiges en gemeente is, is aan die werk van Christus te danke. Alles wat hulle sê of doen staan onder sy heerskappy. Hy moet in alles erken word en 'n plek hê, en sy Naam moet in alles verheerlik word. Uiteindelik kom al die dank God toe, maar alleen deur Jesus Christus.

4.4.4 KOLOSSENSE 3:18- 4:1: WEDERSYDSE VERHOUDINGS IN DIE HUISHOUDING

Kolossense 3:18-4:1 lees soos volg: αἱ γυναῖκες, ὑποτάσσεσθε τοῖς ἀνδράσιν, ὡς ἀνῆκεν ἐν κυρίῳ. οἱ ἄνδρες, ἀγαπᾶτε τὰς γυναῖκας καὶ μὴ πικραίνεσθε πρὸς αὐτάς. τὰ τέκνα, ὑπακούετε τοῖς γονεῦσιν κατὰ πάντα, τοῦτο γὰρ εὐάρεστόν ἐστιν ἐν κυρίῳ. οἱ πατέρες, μὴ ἐρεθίζετε τὰ τέκνα ὑμῶν, ἵνα μὴ ἀθυμῶσιν. οἱ δοῦλοι, ὑπακούετε κατὰ πάντα τοῖς κατὰ σάρκα κυρίοις, μὴ ἐν ὀφθαλμοδουλίᾳ ὡς ἀνθρωπάρεσκοι, ἀλλ' ἐν ἀπλότητι καρδίας, φοβούμενοι τὸν κύριον. ὃ ἐὰν ποιῆτε, ἐκ ψυχῆς ἐργάζεσθε, ὡς τῷ κυρίῳ καὶ οὐκ ἀνθρώποις, εἰδότες ὅτι ἀπὸ κυρίου ἀπολήμψεσθε τὴν ἀνταπόδοσιν τῆς κληρονομίας. τῷ κυρίῳ Χριστῷ δουλεύετε· ὁ γὰρ ἀδικῶν κομίσεται ὃ ἠδίκησεν, καὶ οὐκ ἔστιν προσωποληψία. οἱ κύριοι, τὸ δίκαιον καὶ τὴν ἰσότητα τοῖς δούλοις παρέχεσθε, εἰδότες ὅτι καὶ ὑμεῖς ἔχετε κύριον ἐν οὐρανῷ (Vroue wees die mans onderdanig soos dit gepas is in die Here. Mans julle moet die vroue liefhê en word nie verbitter teen hulle nie. Kinders wees gehoorsaam aan julle ouers in alles want dit is

die Here welbehaaglik. Vaders moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie. Diensknegte, julle moet in alles gehoorsaam wees aan die here in die vlees, nie net oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart vresende die Here. Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here, en nie vir mense nie, wetende dat julle van die Here die beloning van die erfdeel sal ontvang, julle dien die Here Christus want hy wat onreg doen sal die onreg wat hy gedoen het ontvang en daar is geen aanneming van die persoon nie. Here, [eienaar] voorsien [betoon/doen] reg en gelykheid [billikheid] aan die slawe wetende dat julle ook 'n Here in die hemel het.

Kolossense 3:18-4:1²⁵⁰ bevat 'n reeks vermanings²⁵¹ wat agtereenvolgens gerig is aan vrouens en mans, kinders en ouers (vaders), slawe en eienaars. Die gedeelte kan soos volg ingedeel word:

Kolossense 3:18-19: Die verhouding vrou-man

Kolossense 3:20-21: Die verhouding kinders-ouers (vaders)

Kolossense 3:22- 4:1: Die verhouding slawe-eienaars

Hierdie gedeelte word ter sprake gebring sonder 'n direkte grammatikale verbinding met voorafgaande, behalwe die merkbare ooreenkoms tussen Kolossense 3:17 en Kolossense 3:23. Kolossense 3:18-4:1 vorm dus 'n onafhanklike en selfstandige paranetiese eenheid.

Van der Watt (1988:94) se waarneming in hierdie verband is vir hierdie studie van wesenlike belang as hy sê dat die gedeelte se kontekstuele posisie alhier sinvol is omdat dit in die voorafgedeelte oor die korrekte optrede van 'n

²⁵⁰ Soos die geval met Kolossense 3:11-17 bestaan die bespreking van Kolossense 3:18-4:1 uit uittreksels, opsommings en eie verwerking van die volgende bronne: Roberts (1997:82-86), O'Brien (1982:220-234), Schweizer (1982:220-230), Pokorný (1991:180-184), Barth en Blanke (1994:433-451), Van der Watt (1988:94-98), Müller (1958:150-159) en Wessels (1992:212-214).

²⁵¹ Luther het hierdie huishoudelike pligte 'n "Haustafeln" genoem, wat beteken 'n lys van reëls vir die huishouding (wat hier vertaal word as "huistafels"). 'n Bespreking van die moontlike oorsprong en agtergrond van die huistafels word nie as belangrik vir hierdie studie geag nie. Vir 'n bespreking van die moontlike agtergrond van die huistafels kyk Crouch (1972:9-161), Schweizer (1982:213-220), Standhartinger (2000:117-130), Lincoln (1999:93-112), Hartman (1987:237-244), O'Brien (1982:214-219) en Pokorný (1991:175-180).

gelowige gaan en Kolossense 3:17 die algemene maatstaf vir die Christelike optrede gee. Die betekenis wat Kolossense 3:17 vir die voorafgaande as skopus dra het dieselfde betekenis vir Kolossense 3:18-4:1. Hier word die korrekte Christelike optrede in die gesinsopset belig. Dit maak dus 'n belangrike deel van die paranese uit.

Dat dieselfde teoretiese ondertoon as by Kolossense 3:5-17 ook hier 'n rol speel blyk uit die feit dat κύριος (Here) sewe maal in Kolossense 3:18-4:1 gebruik word. Die verbondenheid met Christus waarvan Kolossense 2:8-15 so duidelik praat staan derhalwe op die voorgrond in Kolossense 3:18-4:1.

Die basiese opdragte in hierdie gedeelte is betreklik eenvoudig en word in drie pare wedersydse vermanings gestruktureer. In elke geval word die onderdanige lid eerste genoem, tot onderdanigheid of gehoorsaamheid gemaan en telkens met die Here in verband gebring. Die gesagsfiguur word egter telkens aan sy verantwoordelikheid herinner.

4.4.4.1 KOLOSSENSE 3:18: VROUΕ (γυναῖκες) WEES DIE MANS ONDERDANIG (ὑποτάσσεσθε)

Die skrywer vereenselwig hom met die beskouing van sy tyd oor die posisie van die getroude vrou tot haar man (vgl 1 Kor 14:34, Ef 5:22; Tit 2:5; 1 Pet 3:1). Hierdie onderdanigheid word gekwalifiseer of beperk deur die frase “soos dit gepas is in die Here” (ὡς ἀνῆκεν ἐν κυρίῳ). Die vrou moet wel aan haar man onderdanig wees, soos dit in die samelewing geld, maar net as dit in die Here gepas is. Dit beteken dat die onderdanigheid van die vrou afhanklik is van die heerskappy van Jesus die Here wie se gesag ook in die gelowige se huwelik geld. Die vrou moet onderdanig wees solank die eise van die man haar nie in botsing bring met die gesag van die heerskappy van die Here nie (Roberts 1997:83). In hierdie lig beskou, dui onderdanigheid wel 'n ondergeskikte posisie aan in terme van die rolvervulling in die huweliksverhouding, maar nie 'n minderwaardigheid nie (vgl 1 Kor 12:13; Gal 3:28).

4.4.4.2 KOLOSSENSE 3:19: MANS (ἄνδρες) JULLE MOET DIE VROUE LIEFHÊ (ἀγαπᾶτε)

Omdat die Here oor man en vrou gesag voer moet die man sy vrou liefhê en in liefde teenoor haar optree. Hierdie opdrag kan ook in verband gebring word met die voorafgaande opdragte wat handel oor die liefde in Kolossense 2:2 en Kolossense 3:14 as 'n lewenswyse van die “nuwe mens” (vgl ook Ef 5:25-33). Hierdie liefde is 'n opofferende en onselfsugtige liefde wat deur die voorbeeld van Christus gedefinieer word.

Die mans mag verder nie hulle teenoor hulle vrouens verbitter (πικραίνεσθε) nie. Die positiewe opdrag word nou negatief gestel (vgl Ef 4:31). Die liefde wat lankmoedig en vriendelik is en die kwaad nie toereken nie moet die man weerhou van onbillike en harde optrede teenoor sy vrou en ook van wrewelige en haatlike optrede.

4.4.4.3 KOLOSSENSE 3:20: KINDERS (τέκνα) WEES GEHOORSAAM (ὑπακούετε) AAN JULLE OUIERS IN ALLES (κατὰ πάντα)

Hierdie verpligting is reeds aan die kind in die Dekaloog opgelê (Eks 20:12; Deut 5:16; Ef 6:1-3). Of dit die grond vir die opdrag hier is, is egter te betwyfel. Dit is eerder gegrond op “want dit is die Here welbehaaglik”. Die gehoorsaamheid word beklemtoon met “in alles”. Hierdie beklemtoning maak die gehoorsaamheid omvattend, alhoewel gehoorsaamheid aan God die gehoorsaamheid aan mense beperk (vgl Hand 5:29).

Sodanige gehoorsaamheid is vir die Here welbehaaglik (εὐάρεστόν). Dit is vir die Here goed en aanneemlik en volgens sy wil (vgl Kol 1:10; 3:17, 23; Rom 12:12; 14:18; 2 Kor 5:9; Ef 5:10; Fil 4:18). Uit hierdie teksverwysings is dit duidelik dat εὐάρεστόν 'n belangrike gedagte is in paranese. Dit is die doel en motivering van 'n gelowige se hele lewe en 'n gesindheid en optrede wat spruit uit die verbondenheid aan/in die Here (ἐν κυρίῳ²⁵²; vgl Kol 3:18).

²⁵² Volgens O'Brien (1982:225) word die term εὐάρεστον gewoonlik gevolg deur 'n datief (“vir die Here”). Kyk in hierdie verband ook Barth en Blanke (1994:442-443).

4.4.4.4 KOLOSSENSE 3:21: VADERS (ΠΑΤΕΡΕΣ) MOENIE JULLE KINDERS TERG (Έρεθίζετε) NIE

Vaders moenie gedurig by kinders fout vind nie, aan hulle onbillike eise stel, of hulle verkleineer nie want hulle kan moedeloos (άθυμωσιν) word. Hulle lewensvreugde kan so ontnem word. So 'n optrede is nie aanneemlik vir die Here nie.

4.4.4.5 KOLOSSENSE 3:22: GELOWIGE SLAWE

Gelowige slawe (οί δοῦλοι) word nou aangespreek en die eerste vermaning is parallel aan die opdrag aan kinders in Kolossense 3:20. Die vermanings aan slawe is meer uitgebreid en gaan gepaard met spesifieke aanmoediging. Heel moontlik is hierdie vermanings aan die slawe gerig in gedagte die spanning tussen die vryheid in Christus (vgl Kol 3:11) wat die slawe nou beleef en die slawerny waarin hulle moet voortgaan om hulle eienaars te dien (O'Brien 1982:226; vgl 1 Kor 7:21-24).

Diensknegte of slawe (δοῦλοι) moet in alles gehoorsaam wees aan die here in die vlees (κατὰ σάρκα κυρίοις), verwysende na hulle aardse meesters of eienaars. Gehoorsaamheid word voorop gestel (vgl Kol 3:20). Hierdie gehoorsaamheid moet nie by wyse van oëdiens (όφθαλμοδουλίᾳ) soos in die geval van mensebehaers (άνθρωπάρεσκοι) geskied nie. Hierdie uitdrukking beteken dat die slawe nie net moet werk om deur hulle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te probeer kom nie (vgl Ef 6:16).

Gehoorsaamheid moet eerder plaasvind in eenvoudigheid van hart (έν άπλότητι καρδίας) vresende die Here (φοβούμενοι τόν κύριον). Die werk moet met 'n opregte hart, uit eerbied vir die Here, gedoen word. Hulle moet werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen (vgl Ef 6:6).

Wat hulle ook al doen (ὁ ἄν ποιήτε) moet van harte gedoen word (έκ ψυχῆς ἐργάζεσθε) soos vir die Here (ώς τῷ κυρίῳ) en nie vir mense nie

(καὶ οὐκ ἄνθρωποις Kol 3:23). Die omvattende vermaning in Kolossense 3:17, gerig aan alle gelowiges, word hier opgeneem en is ekwivalent aan die κατά παντα (in alles) in Kolossense 3:22. Die slawe se gehoorsaamheid en werk moet van harte (letterlik uit die siel; ψυχῆς) gedoen word en dit moet gedoen word asof dit eintlik vir die Here gedoen word en nie vir die aardse meester nie. Dit moet hulle doel en motivering wees, al sal hulle eienaars daarby baat vind.

Terwyl slawe so leef kan hulle weet (εἰδότες) dat hulle van die Here (ἀπὸ κυρίου) die beloning van die erfdeel (τὴν ἀνταπόδοσιν τῆς κληρονομίας) sal ontvang (ἀπολήμψεσθε; Kol 3:24). Paulus se etiese opdragte word dus hier geplaas binne die konteks van toekomstige beloning en straf. Hulle kan weet²⁵³ dat hulle van die Here die (hemelse) erfenis²⁵⁴ as beloning sal ontvang (vgl Kol 1:5, 12, 27; 3:1-4) vir die werk (diens) wat hulle op aarde soos vir die Here verrig (vgl 1 Pet 2:18-21).

In wese dien slawe dus die Here Christus (τῷ κυρίῳ Χριστῷ δουλεύετε).²⁵⁵ Die uitdrukking “Here Christus” kom net hier en in Romeine 16:18 voor. Op hierdie wyse word Christus as Here waarskynlik gekontrasteer met ander here. Hierdie gebruik wil aandui dat 'n keuse gemaak moet word tussen een Here en die ander (vgl Kol 3:22). Die slawe (ook almal) moet die Here dien.

Die rede (want; γάρ) vir die opdrag om die Here te dien as die Here oor alles word in Kolossense 3:25 gegee. Kolossense 3:25 is nie bloot 'n negatiewe kontras ten opsigte van die voorafgaande stelling oor die ontvangs van 'n erfenis nie. Dan sou dit “maar” in stede “want” moes wees. Dit is ondergeskik aan die onmiddellik voorafgaande opdrag in Kolossense 3:24b.

²⁵³ Kolossense 3:24 en 4:1 suggereer dat die skrywer bekende oortuigings wat aan gelowiges bekend was in gedagte roep (O'Brien 1982:228)

²⁵⁴ Kyk bespreking in § 3.3.2.6.3

²⁵⁵ δουλεύετε (julle dien) kan die indikatief of imperatief wees. Die beter tekste bevat nie 'n voorafgaande “γάρ” (want), nie. Indien wel, sou die indikatief korrek wees. Die imperatief word hier verkies (O'Brien 1982:229).

Verder word gestel dat hy wat onreg doen (ἀδικῶν) die onreg (ἡδίκησεν) ontvang (κομίσεται) wat hy gedoen het. Onreg wat gepleeg word sal nie oorgesien word nie. Die een wat die onreg gepleeg het sal dus die gevolge daarvan dra (vgl Rom 12:19; 14:10-12; 1 Joh 3:12-15; 4:4, 5).²⁵⁶ Daar is geen aanneming van die persoon (προσωπολημψία) nie. Ongeag wie, God trek niemand voor nie (vgl Ef 6:9).

Onder eksegete is daar 'n verskil van mening oor wie hier aangespreek word, die slawe, die eienaars om so as troos vir die slawe te dien, of albei (kyk besprekings van Barth & Blanke 1994:449; O'Brien 1982:230-231; Schweizer 1982:226-227). Hierdie studie is van mening dat die konteks en die redegewende "want" (γὰρ) wat Kolossense 3:25 met Kolossense 3:24 verbind daarop dui dat die slawe hier vermaan word, maar tegelykertyd ook troos ontvang. Die eienaars word in Kolossense 4:1 aangespreek.

4.4.4.6 KOLOSSENSE 4:1: HERE (EIENAARS; κύριοι) VOORSIEN (BETONN/DOEN) REG (δίκαιον) EN GELYKHEID (BILLIKHEID; ἰσότητα) AAN DIE SLAWE

Hier by die afsluiting van die huistafel word die opdrag aan die slawe in Kolossense 3:25 gebalanseer met 'n kort opdrag aan die eienaars wat baie ooreenstem met Kolossense 3:25. Die terme reg (δίκαιον) en gelykheid (billikheid; ἰσότητα) is feitlik sinoniem (kyk O'Brien 1982:231-232; Barth & Blanke 1994:450; Schweizer 1982:227-228). Slawe moet regverdig behandel word (vgl 2 Kor 8:13). Alhoewel nie sosiaal gelyk nie is gelowige eienaars en slawe voor God gelyk (vgl Kol 3:11) en moet billikheid teenoor die mindere betoon word, wetende (εἰδότες) dat julle ook 'n Here in die hemel het (ὁμοῖς ἔχετε κύριον ἐν οὐρανῷ). Die motivering vir die reg en billike behandeling van slawe is dus basies dieselfde as die slawe se motivering om hulle eienaars te gehoorsaam (vgl Kol 2:24). Die herhaling van εἰδότες (wetende) bevestig hierdie waarneming.

²⁵⁶ Nestle-Aland²⁶ vertaal dit so: "For the wrongdoer will be paid back for the wrong he has done".

Eienaars het ook (καὶ ὑμῖς), net soos slawe, 'n Here in die hemel (vgl 3:1-4) aan wie hulle verantwoordings moet doen. Hierdie Here en Regter sal bepaal of wat die aardse meesters gedoen het reg en billik was. Sy wil is die beoordeling wat werklik saak maak. Die verhouding tussen eienaars en slawe het 'n grondige verandering ondergaan. Beide is gehoorsaamheid aan dieselfde Here verskuldig, en daarom het beide 'n standaard of maatstaf vir hulle optrede teenoor mekaar (O'Brien 1982:232-233).

4.4.4.6.1 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 3:18-4:1

Die skrywer verduidelik in besonderhede, met die gebruik van drie voorbeelde (die verhouding vrou-man, kind-ouer en slaaf-eenaar) wat die beginsel in Kolossense 3:17 prakties in die sosiale lewe en spesifiek in die huishouding, beteken.

Die gesindheid, optrede en pligte van die huisgenote word duidelik en saaklik gestel. Vrouens moet hulle mans onderdanig wees, die mans moet hulle vrouens liefhê, die kinders moet hulle ouers gehoorsaam wees, vaders moet nie hulle kinders moedeloos maak nie, slawe moet hulle eienaars gehoorsaam wees, en eienaars moet hulle slawe reg en billik behandel.

Hierdie wedersydse verhoudings in die huishouding word bepaal en beheers deur hulle verbondenheid aan Christus. Daarom die herhaaldelike voorkoms van die naam "Here":

- soos dit gepas is in die Here (Kol 3:18)
- want dit is die Here behaaglik (Kol 3:20)
- vresende die Here (Kol 3:22)
- soos vir die Here (Kol 3:23)
- wetende dat julle van die Here beloning van die erfdeel sal ontvang (Kol 3:24)
- julle dien die Here (Kol 3:24)
- wetende dat julle ook 'n Here in die hemel het (Kol 4:1)

Christus die Here is dus die beweegrede, die maatstaf en die bepalende invloed in al die verhoudings in die huishouding.

4.4.5 KOLOSSENSE 4:2- 6: BID EN TREE MET WYSHEID OP

Die paranetiese gedeelte word nou afgesluit met 'n paar losstaande, maar tog belangrike vermanings (vgl Gal 5:26-6:6; Fil 4:8,9; 1 Tess 5:12-22). Die gedeelte is ryk aan beeldspraak en bestaan uit die volgende: 'n oproep tot gebed (Kol 3:2) wat gerig is op die woordverkondiging (Kol 3:3); 'n oproep tot effektiewe verkondiging van die evangelie (Kol 3:4); en die lesers se aandeel daaraan deur hulle optrede teenoor mekaar (Kol 3:5-6).

Van der Watt (1988:101) se waarneming in hierdie verband is hier van belang. Wat in hierdie gedeelte van belang is, is die verband met die res van die brief. In Kolossense 1:25-27, sê Paulus “om die woord van God te vervul” (πληρῶσαι τὸν λόγον τοῦ θεοῦ) en verwys na “die verborgenheid” (τὸ μυστήριον) en “Christus” (Χριστός). In Kolossense 4:2-3 word die Kolossense gevra om te bid sodat Paulus sal weet “om te praat van die verborgenheid van Christus (λαλῆσαι τὸ μυστήριον τοῦ Χριστοῦ). Paulus betrek die gemeente, by wyse van gebed, by sy werk. Hulle moet vir hom in sy taak bid, en 'n deel van daardie taak sluit die Kolossense in.

Paulus vra ook van hulle in Kolossense 4:2 en 3 om te bid (προσευή προσευχόμενοι). In Kolossense 1:3 en 9 bid (προσευχόμενοι) Paulus vir groei van die geloof van die gemeente. Dankbaarheid (εὐχαριστία) word in Kolossense 3:3 en 12 en in Kolossense 4:2 gebruik as deel van die gebed. Dit toon aan dat die gebed vra en dank insluit.

Kolossense 4:5 sê: “Wandel in wysheid” (ἐν σοφίᾳ περιπατεῖτε). Die gedagte kom ook in Kolossense 1:10 voor. In Kolossense 1:9 word gevra dat hulle in wysheid (σοφία) moet toeneem sodat hulle effektief kan wandel. Tussen Kolossense 1:10 en Kolossense 4:5 is daar dus sterk woordelike ooreenstemming.

Kolossense 4:6 handel oor die λόγος (woord) wat hulle moet spreek. Kolossense 3:17 sê dat 'n mens se woorde ook na Gods wil gevorm moet word. Nie alleen teenoor die gelowiges nie, maar teenoor alle mense moet ten opsigte van die woord reg opgetree word. Die fokus van Kolossense 3:17 bepaal ook Kolossense 4:2-6. Alles wat gedoen word, in woord en daad, moet as gelowiges gedoen word.

Hierdie gedeelte is gestruktureer in die vorm van twee parallelle onderafdelings wat soos volg verdeel kan word:

Kolossense 4:2-4 (Oproep tot gebed)

Kolossense 4:5-6 (Oproep tot wyse optrede)

Aan die inhoudelike van hierdie twee onderafdelings van Kolossense 4:2-6 word nou aandag gegee.

4.4.5.1 KOLOSSENSE 4: 2- 4: OPROEP TOT GEBED

Kolossense 4:2-4 lees soos volg: τῇ προσευχῇ προσκατερέϊτε, γρηγοροῦν-τες ἐν αὐτῇ ἐν εὐχαριστίᾳ προσευχόμενοι ἅμα καὶ περὶ ἡμῶν, ἵνα ὁ θεὸς ἀνοίξῃ ἡμῖν θύραν τοῦ λόγου, λαλήσαι τὸ μυστήριον τοῦ χριστοῦ, δι' ὃ καὶ δέδεμαι ἵνα φανερώσω αὐτὸ ὡς δεῖ με λαλήσαι (Volhard in gebed, wakende daarin met danksegging biddende terselfdertyd ook vir ons dat God vir ons die deur van die woord mag open, om te praat van die verborgenheid van Christus waarvoor ek ook geboei is dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit moet spreek)

In Kolossense 4:2 word drie kenmerke van effektiewe gebedslewe gegee. Volhard (προσκατερέϊτε) in die gebed suggereer 'n volgehoue gebedslewe (vgl Rom 12:12; 1 Tess 5:17). In die tweede plek moet gebed wakend (γρηγοροῦντες) geskied. In die interpretasie van hierdie term gaan die opinies van eksegete uit een. Sommiges sien dit in 'n eskatologiese konteks as wagtend en gereedheid op die Here se wederkoms (O'Brien 1992:238; Martin 1985:125-126; Barth & Blanke 1994:452; Wall 1993:165). Ander is van mening die bedoeling hier is om wakker te bly terwyl jy bid, dit wil sê te

konsentreer. Hiermee saam beteken dit om probleemsituasies raak te sien en dit in gebed voor God te bring. Dit gaan dus nie hier oor vae, algemene gebede nie maar oor spesifieke sake en om ingestel te wees op antwoorde van die Here (Schweizer 1982:231-232; Roberts 1997:86; Carson 1979:95-96; Wright 1991:151-152; vgl Matt 26:40-41). Dit kan ook verwys na intersessies soos voorbidding vir die wêreld (vgl 1 Tess 5:4-11). 'n Verdere gedagte is dat hierdie oproep tot waaksaamheid gemik is teen die dwaalleer in die gemeente. Nog 'n gedagte is dat waaksaamheid te make het met die lewe in die lig, met soberheid in geloof en hoop en met danksegging (εὐχαριστία). Nogeens word die sentrale belangrikheid van dankbaarheid dus duidelik²⁵⁷. Gebed is nie net vra nie, maar ook dankie sê. Dankbaarheid is 'n vorm van waaksaamheid.

In Kolossense 4:3 word gevra dat gebid moet word dat God die deur van die woord mag open (ἵνα ὁ θεὸς ἀνοίξῃ ἡμῖν θύραν τοῦ λόγου). Die kern van die gebed gaan oor die verkondiging van die woord, die evangelie. Die beeld van 'n geopende deur was algemeen bekend aan die lesers van die brief (O'Brien 1982:239; Schweizer 1982:232-233; Barth & Blanke 1994:452-453; Pokorný 1991:186). Paulus is met die skryf van die brief 'n gevangene en dit bemoeilik sy taak om die evangelie te verkondig. Daarom vra hy dat daar gebid sal word dat God deure sal open en geleenthede sal skep vir die evangelie om verkondig te kan word. Hierdie oproep sluit heel waarskynlik gebed tot sy vrylating in (vgl Rom 15:30; 2 Kor 1:11, 2 Tess 3:1, Ef 6:19).

Die inhoud van die Kolossense se gebede moet verder wees dat die skrywer kan praat (λαλήσαι) van die verborgenheid van Christus (τὸ μυστήριον τοῦ χριστοῦ)²⁵⁸ waarvoor hy geboei (δέδεμαι) is. Daar moet gebid word vir geopende deure sodat Paulus die geheimenis aangaande Christus kan openbaar maak. Hy wil mense vertel van God se groot dade in en deur Jesus Christus (vgl Kol 1:13-14), die evangelie wat hom 'n gevangene gemaak het (vgl Kol 1:24-29).

²⁵⁷ Kyk bespreking van Kolossense 3:15 en 17 in § 4.4.3.2).

²⁵⁸ Kyk bespreking van Kolossense 1:26 en 27 in § 3.3.3.2.8.1.4

Hierdie evangelie wil Paulus openbaar maak (φανερῶσω). In aansluiting by Kolossense 4:3 moet die gemeente ook bid dat Paulus sy roeping om die evangelie te verkondig op so 'n wyse sal doen dat dit binne die wil van God sal wees.

4.4.5.2 KOLOSSENSE 4:5-6: OPROEP TOT WYSE OPTREDE

In Kolossense 4:5 word die gemeente opgeroep om te wandel (περιπατεῖτε) in wysheid (σοφία) teenoor hulle wat buite (πρὸς τοὺς ἔξω) is. Die gemeente het ook die taak om die evangelie deur woord en voorbeeld aan die ongelowiges rondom hulle te verkondig. Die verkondiging moet gepaard gaan met optrede in wysheid, met ander woorde, met etiese korrektheid. Wysheid – wat om te doen met die kennis van God se wil (vgl Kol 1:9) en 'n lewe te leef tot eer van God deur net te doen wat Hy verlang (vgl Kol 1:10) – moet nou prakties toegepas word. Gelowiges moet so optree teenoor buitestaanders dat God se Naam nie onteer word nie en geen hindernisse in die weg lê wat ongelowiges sal verhoed om tot geloof te kom nie. Die wysheidsbeginsel in Kolossense 3:16 is in 'n sekere sin ook hier van toepassing²⁵⁹ (vgl 1 Kor 10:32, 33; 1 Pet 2:15; 3:1, 16). Terwyl dit gedoen word moet die gemeente die tyd (καιρὸν) “uitkoop” (ἐξαγοραζόμενοι). Elke geleentheid moet na beste benut word om die evangelie te verkondig.

Ten alle tye moet hulle woord (λόγος, verwysende na private gesprekke waar vrae gevra word en openbare verkondiging) altyd aangenaam wees (πάντοτε ἐν χάριτι). Waar daar in Kolossense 3:16 verkies is om ἐν [τῇ] χάριτι met “dankbaarheid”²⁶⁰ te vertaal, word hier op kontekstuele gronde gekies om dit met “aangenaam” te vertaal wat die betekenis van vriendelikheid en goeie smaak insluit. Dit moet 'n voortdurende optrede wees. Onvriendelike en onsmaklike optrede maak dat die evangelie vir mense tot aanstoot kan wees. Hulle woorde moet met sout besprinkel wees ἄλατι ἡρτυμένος). Die regte wyse van kommunikasie word met hierdie bekende metafoor uitgedruk

²⁵⁹ Kyk bespreking van Kolossense 3:16 in § 4.4.3.2.

²⁶⁰ Kyk bespreking van Kolossense 3:16 in § 4.4.3.2.

wat dui op die vorm en inhoud (wysheid) waarmee die woord verkondig word sodat dit vir die hoorder aanneemlik sal wees (vgl Ef 4:29). Juis daarom word daar gesê: om te weet (εἰδέναι) hoe julle moet antwoord (πῶς δεῖ ὑμᾶς ἐνὶ ἑκάστῳ). Die gelowiges moet weet hoe om die regte woord op die regte tyd te spreek (vgl 1 Pet 3:15).

4.4.5.3 SAMEVATTING: KOLOSSENSE 4:2- 6

Hierdie kort gedeelte met sy vermanings sluit die paranetiese gedeelte van die brief af en is gerig aan die hele gemeente. Die gemeente word opgeroep om in die gebed te volhard, waaksaam te wees en daarby ook dankbaar . Paulus vra voorbidding vir hom (en sy medewerkers) dat God 'n deur vir die verkondiging van die evangelie van Christus sal oopmaak en dat hy dit duidelik sal verkondig soos hy moet.

Paulus spreek ook die optrede van gelowiges teenoor ongelowiges aan. Hy vermaan hulle om in wysheid op te tree. Die beste gebruik moet van elke geleentheid gemaak word. In hulle optrede en spraak moet die eer van God op die voorgrond wees. Wat hulle sê moet met die nodige verantwoordelikheid geskied, met 'n gesindheid van vriendelikheid en goeie smaak. Hulle moet die regte woord op die regte tyd spreek sodat die geheimenis van Christus sonder hindernis die ongelowiges kan bereik.

4.5 SAMEVATTING VAN ETIEK (PARANESE) IN KOLOSSENSE

Die etiek in Kolossense moet in die eerste plek verstaan word teen die agtergrond van die dwaalleer in die gemeente se midde wat dreig om hulle fokus op wie Jesus Christus is, hulle identiteit in Hom en gevolglik hulle lewenswyse, te laat ontspoor. Hierdie etiese voorskrifte is egter terselfdertyd universeel en altyd geldend vir alle gelowiges in hulle daaglikse lewe.

Die wisselwerking tussen die indikatief en imperatief in Kolossense word aangewend om die lesers te oorreed om die etiese riglyne (paranese) wat voorgehou word, te volg.

Terwyl hierdie studie deeglik bewus is dat die indikatief en imperatief nie van mekaar geskei kan word nie – die indikatief (Christologie) motiveer en regverdig die imperatief (eties), terwyl die imperatief teruggryp na die indikatief waarop dit gebaseer is – wil hierdie samevatting net die etiese vermaning as sulks beskryf sonder die vermelding van die Christologiese begroning daarvan. Die verhouding tussen die Christologie en etiek, sal in Hoofstuk vyf aandag ontvang.

Hierdie werkswyse mag dalk die indruk skep dat die etiek in Kolossense 'n opeenstapeling van etiese riglyne of kodes is. Dit is egter nie die geval nie. Die etiek in Kolossense is Christologiese begrond. Die gelowige se etiese lewenswyse spruit voort uit hulle verbondenheid met Christus, hulle identiteit in Christus. Die bedoeling van die etiese riglyne is dan juis dat gelowiges as 't ware weer 'n greep op Christus moet kry. Hulle moet wees wat hulle alreeds is.

Reeds in die indikatiewe deel van die brief word die etiese vermanings aangetref, alhoewel nie in die imperatiewe vorm nie. Daar word nie uitgebrei op die etiese uitsprake nie. Dit word later in die paranetiese deel in besonderhede behandel. Die gemeente word hier as 't ware voorberei op wat gaan volg.

In die inleidende deel (Kol 1:1-12) sê die skrywer dat hy bid dat hulle, deur wysheid en insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom van wat God se wil is en dat dit tot 'n lewenswandel sal lei wat tot eer van die Here is. Paulus bid vir praktiese dinge. Die gemeente moet vrugte dra deur goeie werke te doen. Hulle moet toeneem in die kennis van God. Hulle moet die Vader met blydskap dank wat hulle geskik gemaak het om deel te hê aan die verlossing en die erfenis wat vir hulle wag in die ryk van die lig.

In Kolossense 2:6-7 spreek Paulus die gemeente vir die eerste keer in die imperatief aan. Daar word gesê dat die gelowiges in Christus moet wandel (in verbondenheid met Hom lewe), in Christus gewortel en op Hom gebou moet

wees, moet vasstaan in die geloof soos hulle geleer is, en dankbaar moet wees.

In die derde hoofdeel van die brief (Kol 3:1-4:6) word die eintlike paranetiese of etiese uitsprake gevind. In Kolossense 3:1-4 word daar gesê dat die dinge daarbo, waar Christus is gesoek moet word. Hier gaan dit oor die oriëntering van die mens se wil. 'n Volgehoue poging en inspanning word vereis. Die term soek (ζητείτε) word as 'n direkte etiese bevel gebruik. Dit druk die gesindheid waarmee gelewe moet word uit.

Die opdrag in Kolossense 3:1 word in Kolossense 3:2 herhaal. Die dinge daarbo moet bedink word en nie die dinge op die aarde nie. Daar moet dus duidelik op 'n bepaalde manier gedink word. Kolossense 3:1-4 wil sê dat gelowiges moet leef (optree) soos iemand in Christus.

Die implikasies en gevolge van die voorafgaande indikatief Kol (2:20-3:4) word dan vanaf Kolossense 3:5 as die ware alternatief teen die dwaalleer gestel. Kolossense 3:5 begin met 'n imperatief wat sê dat daar weggedoen moet word (doodmaak) van die sondige praktyke wat deel van hulle lewe was – dus alle eties onverantwoordelike gedrag. Vervolgens word vyf ondeugde genoem wat deel was van hulle lewe: onsedelikheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid wat afgodery is. So word gewaarsku dat die aardse dinge (materiële) God se plek in 'n mens se lewe kan inneem. Hierdie lys ondeugde is meer van 'n persoonlike aard.

Die tweede lys ondeugde in Kolossense 3:8 en 9 is meer van 'n sosiale aard. In hierdie lys word ook vyf ondeugde genoem wat afgelê (laat staan) moet word: toorn, woede, boosheid (nyd), laster en skandelige taal. Gelowiges moet ook nie vir mekaar lieg nie, want dit mislei ander. Dit is die vrug van 'n liefdelose gesindheid teenoor die medemens en is 'n verwerping van die eis van waarheid en opregtheid. Hierdie lys van ondeugde raak die gelowiges se verhoudings onderling asook hulle verhouding met nie-gelowiges.

In Kolossense 3:9 en 10 word gestel dat gelowiges moet leef volgens dit wat hulle alreeds is, “nuwe mense” in Christus, en nie volgens hulle “ou mens”,

hulle ou sondige praktyke, nie. Die gelowiges moet hulle “beklee” met die “nuwe mens” (Kol 3:10). Dit het reeds gebeur toe hulle tot geloof gekom het. Hier word hulle aangemoedig om dit voortdurend te doen. In hierdie proses word hulle al hoe meer vernuwe na die beeld van hulle Skepper. Hierdie vernuwing vind plaas deur die toename in ware kennis ('n praktiese etiese term). Kennis beteken hier om te weet wie God is en wat sy wil is. Hierdie kennis is bekombaar deur Jesus Christus te ken. Kennis bring dus 'n verbetering in die verhouding tot God en so ook met die medemens. Dit alles het die gevolg dat daar in die kerk 'n nuwe orde heers wat bestaan uit geen onderskeid tussen rasse, volke, godsdiens, kultuur en sosiale verskille nie. In die geloofsgemeenskap heers 'n nuwe lewenswyse (Kol 3:11).

Na die negatiewe vermanings in Kolossense 3:5-11 om die ondeugde wat deel is van die “ou mens”/lewe, dood te maak en af te lê, volg nou positiewe vermanings met fokus die “aantrek” van die deugde van die “nuwe mens”/lewe (Kol 3:12-17).

Die opdrag word gegee dat hulle, as uitverkorenes van God wat God vir Hom afgesonder het en wie Hy baie liefhet (hulle identiteit), hulleself moet “beklee” (aantrek) met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid (Kol 3:12). Verder moet hulle mekaar verdra en vergewe soos die Here hulle vergewe. Hierdie deugde dui op 'n bepaalde gesindheid teenoor mekaar.

Bo al hierdie dinge (Kol 3:14) is die belangrikste morele kwaliteit in die “nuwe mens” se lewe wat alles oortref wat die gelowige moet “aantrek” die liefde. Gelowiges moet mekaar liefhê want dit bind hulle in 'n volkome eenheid saam. Die liefde bring ook mee dat hulle genoemde deugde teenoor mekaar betoon en so kom die eenheid tussen hulle tot stand. Sonder die liefde is hierdie deugde blote wettisme.

Verder moet die vrede wat Christus gee in hulle harte/lewe heers. (Kol 3:15). Hierdie “Christusvrede” moet die maatstaf wees waarmee menslike gedrag of optrede gemeet word. Dit is beskrywend van die lewe in God se koninkryk.

Hierdie vrede is nie net objektief en subjektief nie maar ook relasioneel. Vrede moet die oordeel fel oor die verhoudings in die gemeente. Die vrede van Christus moet in sy liggaam, die kerk, geleef word. Daartoe word gelowiges deur God geroep: hulle moet in vrede met mekaar lewe

Die gelowiges moet dankbaar wees. Die saak van dankbaarheid ontvang spesiale klem in Kolossense. Die “nuwe lewe” is 'n lewe van dankbaarheid. Dankbaarheid is nie net 'n innerlike gesindheid nie. Dit moet ook uiterlik manifesteer in hulle verhoudings in die liggaam van Christus. Bo alles moet hulle dankbaarheid teenoor God betoon, vir die “nuwe lewe”, en die woord wat in hulle woon. Dankbaarheid teenoor God moet bewys word deur 'n nuwe lewenswyse, ook in die erediens deur 'n verskeidenheid van geestelike liedere wat tot sy eer gesing word.

Die woord van Christus, die evangelie, moet in sy volle rykdom in hulle bly (Kol 3:16). Dit moet elke faset van die gelowige se lewe deurdring en beheer uitoefen op elke gedagte, woord en daad. Die rykdom van die evangelie moet gedeel word deur hulle wat dit ontvang het. Die gelowiges moet mekaar in alle wysheid leer en vermaan. Wysheid vereis soberheid (die verstaan van wat God se wil is) en moet in konkrete optrede bevestig word. Wysheid is dus 'n kwalifikasie waaraan leer en vermaan moet voldoen. Die wysheid en kennis word in Christus gevind.

In die opdrag dat alles wat die gelowiges ook al doen (elke woord of daad) gedoen moet word die Naam van die Here Jesus word alles wat vooraf gesê is opgesom (Kol 3:17). Dit vorm die hoogtepunt van die paranese. Die gelowiges moet dus in 'n lewensbelangrike verhouding met die Here lewe. Dit beteken om in harmonie met sy geopenbaarde wil te lewe, in onderdanigheid aan sy heerskappy en in afhanklikheid van Hom en vertrou op Hom. In verbondenheid aan Hom in die “nuwe lewe” moet gelowiges Hom altyd erken en bely in hulle woord en dade. Hulle moet Hom verteenwoordig en waardig wees, want Christus is alles.

Met die “huistafels” (Kol 3:18-4:1) verduidelik die skrywer in besonderheid met die gebruik van drie voorbeelde (die verhouding vrou-man, kind-ouers en slawe-eienaars) hoe die beginsel in Kolossense 3:17 prakties in die sosiale lewe en spesifiek in die huishouding toegepas moet word. Die gesindheid, optrede en pligte van die huisgenote word duidelik en saaklik gestel. Vrouens moet hulle mans onderdanig wees. Dit dui wel op 'n ondergeskikte posisie in terme van rolverdeling maar nie 'n minderwaardigheid nie – alles moet binne die Here se wil wees (Kol 3:18). Mans moet hulle vrouens liefhê. Hierdie liefde is 'n opofferende en onselfsugtige liefde wat deur die voorbeeld van Christus gedefinieer word. Mans moet ook nie teenoor hulle vrouens verbitter wees nie. Die liefde wat lankmoedig en vriendelik is en die kwaad nie toereken nie moet die man weerhou van onbillike, harde, wrewelige en haatlike optrede teenoor sy vrou (Kol 3:19). Kinders moet hulle ouers in alles gehoorsaam wees. Sodanige gehoorsaamheid is vir die Here goed en aanneemlik (Kol 3:20). Hierdie gehoorsaamheid word beperk deur die beginsel om God meer gehoorsaam te wees as mense. Vaders moet nie gedurig by hulle kinders fout vind, onbillike eise aan hulle stel of hulle verkleineer nie omdat hulle kinders so moedeloos kan word. Hulle lewensvreugde kan so ontnem word. So 'n optrede is nie aanneemlik vir die Here nie (Kol 3:21).

Gelowige slawe moet in alles gehoorsaam wees aan hulle eienaars. Hulle moet nie net werk om deur hulle eienaars raakgesien te word nie en so in mense se guns te probeer kom nie. Hulle moet eerder met 'n opregte hart werk uit eerbied vir die Here (Kol 3:22). Wat hulle ook al doen moet hulle doen soos vir die Here en nie soos vir mense nie terwyl hulle weet dat hulle 'n beloning van die Here sal ontvang wat Hy belowe het. Jesus Christus is die Here wat hulle moet dien (Kol 3:23, 24). Daar word ook gewaarsku dat dié een wat onreg pleeg nie oorgesien sal word nie omdat niemand voorgetrek word nie. Ten slotte word eienaars vermaan om hulle slawe reg en billik te behandel omdat ook hulle gehoorsaamheid aan die Here verskuldig is (Kol 4:1).

Die paranese word afgesluit met 'n paar losstaande tog belangrike vermanings (Kol 4:2-6). Die gelowiges moet volhard in die gebed terwyl hulle waaksaam en dankbaar is. Hulle moet voorbidding doen vir die skrywer dat God 'n deur vir die verkondiging van die evangelie van Christus sal oopmaak, en dat hy dit duidelik sal verkondig soos hy moet (Kol 4:2-4). Die gelowiges word ook vermaan om met wysheid teenoor ongelowiges op te tree. Hulle moet die beste gebruik maak van elke geleentheid om die evangelie te verkondig. Hulle optrede moet tot eer van God en die evangelie wees. Wat hulle sê moet met die nodige verantwoordelikheid geskied, met 'n gesindheid van vriendelikheid en goeie smaak. Hulle moet die regte woord op die regte tyd spreek sodat die geheimenis van Christus sonder hindernis die ongelowiges kan bereik.

Hierbo is die etiese riglyne in Kolossense los van die Christologiese begroting daarvan beskryf. In Hoofstuk 5 wat volg word hierdie twee sake saam in fokus geplaas deur die uiters belangrike verhouding tussen die Christologie en die etiek in Kolossense te bepaal en te beskryf.

HOOFSTUK 5

DIE VERHOUDING TUSSEN

DIE CHRISTOLOGIE EN DIE ETIEK VAN KOLOSSENSE

5.1 INLEIDEND

In die onderhawige Hoofstuk word die doel van hierdie studie, te wete die verhouding tussen die Christologie en die etiek in Kolossense, in fokus geplaas. Deur gebruik te maak van die gevolgtrekkings waartoe gekom is in Hoofstukke 3 en 4 word hier gepoog om die verband tussen die Christologie en die etiek in Kolossense te beskryf. Aandag word in die besonder gegee aan die etiese implikasies wat die verband tussen Christologie en etiek vir die Kolossense gehad het, implikasies wat ook betrekking het op die etiese lewe van die (moderne) lesers van hierdie brief. In kort is die fokus dus hier die wyse waarop die etiek vanuit die Christologie gemotiveer word en wat die implikasies en gevolge daarvan vir gelowiges toe en ook nou is.

5.2 AGTERGROND VAN KOLOSSENSE

Die gemeente word bedreig deur 'n dwaalleer wat 'n valse teologie verkondig. Hierdie dwaalleer poog nie net om die belangrike verlossingswerk van Christus, en so Christus self, te vervang of aan te vul met die aanbidding van engele en menslike tradisies nie. Dit het ook die potensiaal om die lewenswyse (etiese optrede) van gelowiges negatief te beïnvloed.

Paulus is bekommerd dat die dwaalleer sal veroorsaak dat die gelowiges se fokus op wie Christus is, hulle identiteit in Hom en gevolglik hulle lewenswyse volgens die wil van God, sal ontspoor. Daarom herinner en vermaan die skrywer die gelowiges dat hulle etiese lewenswyse voortspruit uit hulle verbondenheid met Christus. Hulle moet weet wie hulle is en dit al hoe meer word. Die gelowiges moet as' t ware weer 'n greep op Christus kry, veral op sy opperheerskappy en algenoegsaamheid. Die skrywer gebruik as strategie die wisselwerking tussen indikatief en imperatief om aan sy etiese vermanings gesag te verleen en die lesers te motiveer om dit te volg.

Soos in Hoofstuk 4 aangetoon vorm Kolossense 1 en 2 die indikatiewe basis (wie Jesus Christus is en die gelowige se posisie in Hom) van die paranetiese of etiese deel (Kol 3:1-4:6). Reeds in hierdie indikatiewe deel vind ons egter imperatiewe of etiese vermanings. Ook is daar Christologiese uitsprake in die paranetiese gedeelte.

5.3 DIE VERSKILLENDE VERBANDE TUSSEN DIE CHRISTOLOGIE EN ETIEK IN KOLOSSENSE: MOTIVERING, IMPLIKASIES EN GEVOLGE

5.3.1 GELOWIGES IS DEUR GOD GESKIK GEMAAK VIR DIE KONINKRYK VAN CHRISTUS

In die inleidende deel van Kolossense (Kol 1:1-12) dank die skrywer God omdat hy gehoor het hoe die gemeente gereageer het op die waarheid (die evangelie) wat aan hulle verkondig is en hoe hulle God se genade leer ken het. Die skrywer bid dat hulle deur die wysheid en insig wat die Gees gee tot volle kennis kan kom wat God se wil is, en dié hulle lewenswandel sal lei tot eer van die Here. Paulus bid hier oor praktiese sake en dat God, wat oor al die mag beskik, hulle lewe sal verander. Hulle moet net doen wat die Here verlang. Hulle moet vrugte dra deur goeie werke te doen. Hulle moet toeneem in die kennis van God. Hulle moet in alle omstandighede volhard. Hulle moet die Vader met blydschap dank wat hulle geskik gemaak het om deel te hê aan die verlossing en die erfenis wat vir hulle wag in die ryk van die lig.

Hierdie voorbidding van Paulus vertoon 'n etiese inhoud waarop die skrywer egter nie in besonderhede ingaan nie. Dit word later in die paranetiese deel in besonderhede behandel. Die gemeente word as' t ware hier voorberei op wat gaan volg.

Vervolgens word 'n baie belangrike rede of motivering gegee vir die etiese inhoud van Paulus se gebed en die rede waarom die gemeente die Vader moet dank vir hulle deelhê aan die erfenis. Dit is die feit (indikatief) dat Hy hulle weggeruk het uit die mag van die duisternis en onder die heerskappy van sy Seun wat Hy liefhet geplaas het. Deur die Seun het die gelowiges verlossing en die vergewing van hulle sondes ontvang (Kol 1:13, 14). Hierdie

heilsindikatief vorm die grondslag van die paranese (die etiek) wat die skrywer verderaan in sy brief in meer besonderhede uitwerk en vanuit meer as een invalshoek aanbied. Hierdie gedeelte (Kol 1:13, 14), wat deel uitmaak van die belydenis oor die voorrang van Christus (Kol 1:13-20), bied ook die grondslag vir die verhouding tussen die Christologie en die etiek in Kolossense.

Gelowiges is oorgeplaas na die koninkryk van die Seun deur verlossing en die vergewing van sondes. Die Vader gee sy koninkryk aan mense wat Christus as hulle Koning aanvaar het en daarom in 'n spesiale verhouding met God staan deur Jesus Christus. Die heerskappy van God (Christus) geld alleen vir hulle wat uit die duisternis gered is en oorgebring is in die koninkryk van die Seun. Om toegang te verkry tot die koninkryk het God die gelowiges daarvoor geskik gemaak. Toegang word nie verkry deur eie pogings nie. Deur sy genade het God hulle gereed gemaak wat nie gereed was nie. Dit was 'n definitiewe, eenmalige aksie van God. Hierdie gereedmaak geskied langs die weg van verlossing of bevryding nadat die evangelie gehoor en aanvaar is. Dit behels die innerlike transformasie van die vrygespreekte. Die krag van God wat Jesus uit die dood opgewek het (vgl Kol 1:11; 2:12) raak gelyktydig die harte van sondaars aan en maak geestelike begrip en kennis moontlik. Die geskik en gereedmaak van die mens begin dus met bekering en doop (vgl Kol 2:12 - 15) – die “oorplasing” na die ryk van die lig.

Hierdie gereedmaak is gemik op die erfdeel wat nou reeds deel van die gelowiges se lewe is. Die volle ontvangs van die erfenis is egter 'n toekomsgebeure. Hierdie erfenis word verstaan as die ewige lewe. Die ewige lewe is 'n bepaalde kwaliteit van lewe in die sin dat Christus se lewe in die gelowige geleef word.

Die “erfenis in die lig” is sinoniem met die koninkryk van die Seun. Die teenoorgestelde van lig is duisternis (vgl Kol 1:13). Duisternis is simbolies die ryk van Satan. Dit is nie net die verpersoonliking van die duiwel, die vors van die duisternis nie, maar teken die kenmerkende aard en beginsels van die onbekeerde en die sondeverlore toestand, naamlik om verduister te wees in

hart en verstand (vgl Rom 1:21). Buite die ryk van Christus is daar geen lig nie. Hierdie teenstelling tussen lig en duisternis, as die toestand van die bekeerde en die onbekeerde respektiewelik, kom meermale in die Skrif voor (vgl 2 Kor 6:14; 1 Tess 5:4,5; Jes 60:2,3). Geestelike en sedelike (etiese) duisternis heers in die lewe van die onbekeerde. Die duisternis is egter nie net 'n toestand nie, dit oefen ook daadwerklike mag en heerskappy uit oor die mens. Deur die duisternis word die mens verblind ten opsigte van die sonde, die weg tot verlossing, en die diens aan God. Alleen God kan hierdie duistere mag verbreek en sy dodelike invloed tot niet maak, en van die mens 'n kind van die lig en van die oorwinning maak.

Die indikatiewe appel van die brief val op die verlossing uit die mag van die duisternis, op die feit dat die Vader hierdie redding bewerk het en op die oorgang na die ryk van die lig onder die heerskappy van die Seun. 'n Verandering in heerskappy (heerser) het plaasgevind wat absoluut bepalend is vir die lewe van die gelowige. Die gelowiges het nie net uit vrye wil tot 'n etiese besluit of keuse gekom nie, maar is bevry of verlos van 'n mag wat heerskappy oor hulle gevoer het.

5.3.2 VERLOSSING IN CHRISTUS

Die oorgang uit die duisternis na die lig word beskryf as 'n bevryding, 'n verlossing wat bestaan uit die vergifnis van sonde. Dit word duidelik dat die gelowiges die verlossing reeds besit omdat hulle dit in Christus, in die geliefde Seun het (vgl Kol 1:14). In Christus ervaar gelowiges wat God vir hulle gedoen het.

Die uitdrukking “in Christus” gee ten diepste uitdrukking aan die gedagte dat Christus 'n besondere eenheid vorm met diegene vir wie Hy gesterf en opgestaan het (vgl Kol 1:21; 2:12, 13, 20; 3:1, 3). Hulle deel ten volle in dit wat Hy vir hulle gedoen het en wat met Hom gebeur het. Die gelowiges is een met Christus, hulle is deel van Hom, in Hom opgeneem, deel van sy liggaam op aarde. Daarom kan Paulus beveel om die nuwe mens “aan te trek”, of anders gestel “leef nou die lewe van die nuwe mens” (vgl Kol 3:10). Hierdie oproep beteken dat gelowiges hulle volkome moet vereenselwig met Christus

omdat hulle reeds deur die geloof en die doop in Hom ingelyf is (vgl Kol 2:9-15). Hierdie eenheid is 'n geestelike eenheid met Christus en word in Kolossense 3:1-4 aangrypend verduidelik. Hierdie eenheid word ook beskryf deur uitdrukkings soos “in wie” (vgl Kol 1:14), “in Hom” of “met Hom” (vgl Kol 2:6-10, 13), “saam met Christus” (vgl Kol 2:20; 3:1, 2) en “in die Here” (vgl Kol 4:17).

Daar word in Kolossense 1:27 gesê dat God besluit het om die geheimenis te openbaar waarvan die inhoud “Christus is in julle” is. Dit dui op die inwoning van Christus in die gelowige. In Kolossense 3:11 word gesê: “Christus is alles en in almal”. Alhoewel “Christus in julle” wel moontlik 'n bevestiging kan wees van almal wat “in Christus” is, of omgekeerd, is die twee gedagtes nie dieselfde nie. Christus woon, deur die Heilige Gees, in almal wat Hom aangeneem het en van wie gesê word “in Hom is”.

Dit is duidelik dat Paulus sy lesers met hierdie twee uitdrukkings twee kante van God se genadewerk wil laat sien, twee kante wat nie geskei kan word nie maar wel van mekaar onderskei kan en moet word om die omvang van die nuwe lewe te verstaan. Die gelowige verkeer in 'n nuwe posisie voor God “in Christus” en hierdie nuwe posisie moet sigbaar word. Dit is alleen moontlik met “Christus in julle”, want hulle het sy lewe in hulle. Wanneer daar begin word om die grootheid van God te begryp en die intieme verbintenis (eenheid) wat gelowiges met Hom kan hê, “Hy in ons” en “ons in Hom”, kan daar niks meer van God gevra word nie.

In die Ou- en Nuwe Testament word geproklameer dat die vergifnis van sonde die enigste weg is om die verhouding tussen God en mens te herstel (bv. Jer 31:33 - 34, aangehaal in Heb 10:6 -10). Niks kan plaasvervangend vir die vergifnis van sonde wees nie, want die soewereine heerskappy van Christus is teenwoordig daar waar vergifnis is en waarsonder geen toegang tot sy koninkryk moontlik is nie. Die Seun het aan die kruis sy bloed gestort, gesterf en oorwinnend opgestaan. So is die vergifnis aan die Persoon van Christus verbonde. God het Christus die gelowiges se verlossing gemaak.

Die oorgang van duisternis na lig vind nie slegs op dramatiese wyse eens en vir altyd plaas nie, maar ook voortdurend opnuut. Die teks impliseer nie dat 'n transformasie van die menslike natuur plaasvind nie. Wat wel gebeur is 'n verandering van Here (Koning). Hierdie Here maak aanspraak op alle besluite, keuses, ervarings, optredes, denke en gedagtes. Daarom gaan daar 'n geweldige verantwoordelikheid gepaard met die burgerskap van die koninkryk. As 'n onderdaan van die koninkryk moet die gelowige op 'n behoorlike wyse die Koning verteenwoordig. Dit is dan ook 'n saak wat baie aandag in die res van die brief kry (vgl Kol 1:21-4:6).

5.3.3 GELOWIGES MOET DANKBAAR WEES

Hierdie koninkryksverantwoordelikheid ontvang sy motivering in die dankbaarheidsgedagte. Om dankbaar te wees is 'n essensiële deel van die boodskap en oproep in Kolossense (vgl Kol 1:3, 12; 2:7; 3:15, 16, 17; 4:2). Aan God moet erkentlikheid en waardering gegee word vir wat Hy in en deur Christus gedoen het. God moet gedank word vir die geloof (Kol vgl 1:3), dat Hy gelowiges geskik gemaak het vir die koninkryk (vgl Kol 1:12) en dat die gelowige in Jesus Christus gewortel is en op Hom gebou is (Kol 2:7). Gelowiges se totale lewe en hulle verhoudings met medegelowiges moet getuig van dankbaarheid. In hulle gebede moet God gedank word en moet hulle waaksaam wees as 'n bewys van hulle dankbaarheid. Hierdie dankbaarheid is nie net 'n innerlike gesindheid nie. Dit moet ook uiterlik manifesteer in hulle verhoudings in die liggaam van Christus. Dankbaarheid moet uiting vind in die erediens van die gemeente, deur die sing van psalms, lofsange en ander geestelike liedere.

5.3.4 DIE GELOWIGES IS DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

In die Kolossensebrief en baie ander plekke in die Skrif is dit duidelik dat die gawe en heil van die koninkryk nie net individueel en sporadies gedeel word nie, maar ook en veral korporatief-voortdurend in wat die kerk of gemeente genoem word (vgl Kol 1:18, 24; 4:15).

Die kerk word in Kolossense die uitverkore volk van God genoem wat Hy baie liefhet (vgl Kol 3:12). Die kerk word ook die liggaam van Christus genoem

(Kol 1:18, 24; 2:19; 3:15). As uitverkorenes is gelowiges saam die liggaam van Christus hier op aarde. Die kerk is die byeenkoms of vergadering van God se mense. Van al die metafore wat in die Skrif gebruik word om die kerk te beskryf is dié van die liggaam heel waarskynlik die mees diepsinnige.

Uit elke stam, taal, volk en nasie (vgl Kol 3:11) het Christus met sy bloed mense vir God losgekoop (Kol vgl 1:20). Hierdie mense is aan Christus verbind deur hulle geloof in Hom, in sy kruisdood en opstanding (vgl Kol 1:4, 5, 23; 2:5). Hulle is in Christus ingelyf. Wat met Hom gebeur het, het ook met hulle gebeur. Hulle het saam met Hom gesterf en opgestaan. Omdat gelowiges só aan Christus verbonde is, word hulle sy liggaam genoem.

Die liggaamsbeeld dui ook op die eenheid en die verbondenheid aan mekaar (Kol vgl 2:19). Hierdie eenheid onder mekaar is 'n eenheid in verskeidenheid (vgl Kol 3:11). Die term liggaam dra ook die beeld van 'n lewende organisme oor waarin die lede elk sy of haar eie plek en funksie het. Die lede van hierdie liggaam is verder onderling afhanklik van mekaar en moet, soos God se wil vereis, 'n bepaalde gesindheid teenoor mekaar openbaar. Hoe hulle teenoor mekaar optree moet telkens bepaal word deur hulle identiteit in Christus (vgl Kol 3:12-4:2).

Hierdie één liggaam, en die afsonderlike lede, ontvang hulle lewe en leiding van die Hoof van die liggaam. Die liggaam groei uit Christus, God laat dit groei, numeries en geestelik, en die liggaam moet aan Christus vashou (vgl Kol 1:6, 24-29; 2:19). Die liggaam behoort aan Christus en beklee 'n status van heiliges voor God (vgl Kol 1:16; 1:1; 3:12).

Hieruit is dit duidelik dat die gelowige slegs kan leef en groei vanuit sy/haar verbondenheid met Christus. Die gelowige kan egter nie op sy/haar eie groei nie, hiervoor het hy/sy gemeenskap met ander gelowiges in die kerk nodig.

Die Hoof van die liggaam is Christus (Kol 1:18). Dieselfde Een wat Here (Hoof) van die skepping is, is ook Here (Hoof) van die herskepping, die kerk. Christus is Hoof van die kerk omdat Hy die oorsprong daarvan is. Hy is die

oorsprong daarvan omdat Hy die Eerste is (vgl Kol 1:15), die Een wat uit die dood opgestaan het. Soos Hy, die beeld van die onsigbare God (vgl Kol 1:15) die Eerste genoem word met betrekking tot die skepping, so ook wat betref die herskepping. Christus se opstanding uit die dood is die begin van die nuwe skepping, die oorsprong van die kerk, want daarop berus die geloof, die bestaan en heilsverwagting van die kerk.

Christus se boodskap oor sy kerk wys op twee gedagtes. Dit wys op sy heerskappy oor die gemeente, maar druk veral sy posisie uit as die Een wat sy kerk in Homself saamsluit. Hy is die hart en die bron van sy kerk en tegelyk is Hy die doel van die kerk se lewe.

Alle mag oor die kerk berus by Christus en word deur Hom uitgeoefen. Hy beslis oor die wel en wee van die kerk, maar is nie deel van die liggaam nie. Omdat die kerk in Hom, deur Hom en vir Hom geskep is ondersteun en hou Hy dit in stand. Die gelowiges, as die kerk, moet hulle aan Hom en sy verlossingsdoel vir hulle onderwerp.

Die liggaam word ook deur Christus gebruik om die wêreld te bereik. Dit gaan nie net oor die handeling van die liggaam in die wêreld nie, maar ook oor sy bestaan in die wêreld. Die besondere aard van hierdie gemeenskap waarin die versoening reeds plaasgevind het (of besig is om plaas te vind), is 'n boodskap aan die wêreld.

5.3.5 GELOWIGES HET DIE VERSOENING ONTVANG EN DIE VREDE IS HERSTEL

Die liggaam van Christus as die uitverkore volk van God – die burgers van die koninkryk van die lig, hulle wie in Christus is en Christus in hulle, wie se sonde vergewe is – is versoende mense.

Die verhewe status en posisie van Christus ten opsigte van die skepping en herskepping word in die Christusbelydenis duidelik aangetoon (vgl Kol 1:13-20). Christus beklee 'n verhewe status en posisie teenoor die skepping, omdat Hy die beeld van God is. Hy is die beeld van God omdat Hy God se status en funksie ten opsigte van die skepping en versoening (herskepping)

het. Hy is die Eerste, verhewe bo die skepping. God het deur Hom alles geskep. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy daar en deur Hom bly alles in stand. God het die heelal geskape vir die Seun om daarvoor te regeer. Hierdie verhouding van Christus tot die sigbare, sowel as onsigbare skepping, bewys dat Hy God is.

Christus beklee 'n verhewe status en posisie teenoor die herskepping, sy kerk, omdat Hy die Hoof daarvan is, Hy is die oorsprong daarvan omdat Hy die dood oorwin het, en God het besluit om in sy volle wese in Hom te woon en om deur Christus alles met Homself te versoen. Deur Christus se bloed aan die kruis het God die vrede herstel, het God sy vredesoffer gebring en daardeur versoening bewerk. So het God alles op aarde en in die hemel met Homself versoen. Die versoening het dus 'n kosmiese omvang. God se doel met die versoening en herstel van vrede was om die harmonie van die oorspronklike skepping te herstel, om alles in 'n nuwe eenwees te bring.

Hierdie versoening geld ook vir die gelowiges, die kerk (vgl Kol 1:12-23). Versoening beteken die herstel van interpersoonlike verhoudings, tussen mens en God en tussen mens en mens. Hulle was voorheen, soos alle ander mense, ver van God af verwyder deur hulle vyandige gesindheid. Hierdie gesindheid het hulle totale menswees geraak, en dit het tot uitdrukking gekom in 'n totaal sondige lewenswyse, en nie slegs enkele dade nie.

Hulle het hulleself van God verwyder, maar God het hulle na Hom toe gebring. Die wyse waarop Hy dit gedoen het is om hulle met Homself te versoen deur sy Seun vir hulle te laat sterf. Hierdie versoening is bewerk, nie deur geestelike wesens nie, maar deur 'n liggaam van vlees en bloed wat Christus gehad het (vgl Kol 1:22). Dit spreek op 'n treffende wyse van Christus se identiteit in sy verhouding tot mense en sy onderwerping aan die dood in 'n menslike liggaam.

Die gelowige se lewe van toe en nou verskil soos dag en nag. So totaal sondig as wat dit was, so totaal nuut is dit nou. Die doel van die versoening is om hulle in volkomenheid voor God te stel (vgl Kol 1:28) wat verwys na die

kwaliteit van die verhouding tussen die gelowige en Christus. Die kwaliteit van hierdie verhouding is 'n geestelike volwassenheid wat beteken dat so volledig as wat Christus in die gelowige is, so volledig moet die gelowige in Christus wees. Dit is die nuwe mens (vgl Kol 3:10) in wie Jesus is (vgl Kol 1:27). In werklikheid is hulle dit alreeds voor God, dit is wat Hy van hulle in Christus gemaak het en dit is hoe Hy hulle beskou. Die implikasie hiervan is dat hulle nou so sal leef, één met Hom (vgl Kol 4:12). Dit beteken om soos Christus te wees, in God se oë. Dit kán gebeur as hulle aan 'n belangrike voorwaarde voldoen, naamlik om vas en seker te bly staan in die geloof (vgl Kol 1:23; 2:5) en hulle nie laat losruk van die hoop wat in hulle gewek is deur die evangelie nie (vgl Kol 1:23).

Die implikasie is dus 'n lewe waardeur hulle dit wat God in en deur Christus van hulle gemaak het elke dag in hulle lewe 'n werklikheid moet laat word. Hulle is reeds in die versoening verander, hulle moet nou daarin leef.

Om alles in 'n nuwe eenwees te bring het die kerk 'n rol te speel (vgl Kol 1:6, 27). Kolossense sê dat deur die leef van die evangelie (vgl Kol 1:10) en die verkondiging van die evangelie (vgl Kol 1:27) die kosmiese doel van die volmaakte versoening bereik word.

Hierdie visie is ontsaglik eindeloos. Die aanspraak is oorweldigend. Dit sê baie van die geloof van die eerste gelowiges dat hulle in Christus se dood en opstanding, heel letterlik, die sleutel tot die oplossing van die disharmonie in die natuur en die onmenslikheid van die mensdom kon sien. Ook dat die karakter van God se skepping en God se besorgdheid oor die heelal in sy volle uitdrukking vir hulle opgevang en omvat word deur die kruis van Christus.

In 'n sekere sin nog meer treffend is die geïmpliseerde visie van die kerk as die fokus en die middel tot hierdie kosmiese versoening. Dit is die kerk as gemeenskap, in wie hierdie versoening reeds plaasgevind het (of begin om plaas te vind), se opdrag en voorreg om hierdie versoening uit te leef (vgl Kol

3:8-15), asook om die geheim van die versoening te proklameer (vgl Kol 4:2-6).

5.3.6 GELOWIGES LEEF VANUIT DIE GENADE VAN GOD

Alhoewel die woord genade net drie keer in Kolossense gebruik word (vgl Kol 1:2, 6; 4:18) is dit duidelik dat die genade van God die breë konteks vorm van die hele brief en dat dit die hele lewe van die individuele gelowige en gemeente raak. Genade word sonder verdienste by God gevind. Dit is die gesindheid van God. Vanuit sy goedheid, skenk God sy guns in oorfloed aan die mens wat dit nie verdien nie en nie daarvoor hoef te werk nie. Genade is die demonstrasie van God se liefde wat sigbaar en konkreet is. Dit is die essensie van die Christelike evangelie. God gee vryelik die vergifnis van sonde en die ewige lewe wat die mens nie verdien nie, en nie kan verdien nie.

Dit was dan die werk van Christus, veral sy dood, wat God se genade gemanifesteer het (vgl Kol 1:14). Hierdie reddende genade is die genade van God in waarheid (vgl Kol 1:5-6). God se genade, volgens Kolossense, gaan wyer as net sondevergifnis en die ewige lewe. Dit transformeer meer as net die denke en die hart van die individuele gelowige. Dit het 'n positiewe effek op die gelowige se hele lewe: sosiaal (vgl Kol 3:5-14; 4:2-6), familiaal (vgl + Kol 3:18-4:1) en in terme van lof en aanbidding (vgl Kol 3:15-17). Hierdie positiewe effek van God se genade behoort 'n lewe van dankbaarheid tot gevolg te hê (vgl Kol 1:3, 12; 2:7; 3:15-17).

5.3.7 GELOWIGES MOET MET VREDE LEWE

Vrede is die vrug van God se genade. Dit is 'n gawe van God. Dit dui op innerlike rus en bevrediging, vryheid van aanvegting in die gemoed en versoening met God. Versoening en vrede kan as sinonieme beskou word wat as inhoud herstellende verhoudings het (vgl Kol 1:2; 3:15). Hierdie vrede strek oor hemel en aarde (kosmos; vgl Kol 1:20). Vrede is die woord wat 'n nuwe wêreld opsom, 'n wêreld wat getransformeer is van sy gevalle staat na die vorm en lewe wat deur die Skeppergod bedoel is. Dit is meer as net 'n verwysing na 'n innerlike en geestelike tevredenheid. Die Bybelse idee van

vrede omhels elke dimensie van menslike bestaan, verlede, hede en toekoms.

In Kolossense is dit duidelik dat dit God is wat sy gemeente geroep het om in vrede met mekaar te lewe. Die basis vir die vrede onder mekaar is dat God deur Christus vrede gebring het. Daarom is vrede nie net objektief en subjektief nie, maar ook relasioneel. Vrede is die maatstaf waarmee gelowiges se optrede beslissend gemeet word.

Vrede beskryf die lewe in God se koninkryk. Dit het 'n omvattende betekenis en kan ook verstaan word as barmhartigheid, welsyn, verlossing of versoening. Die begrip vrede kan ook gesien word as 'n samevatting van die deugde in Kolossense 3:12-14 wat handel oor die positiewe optrede van gelowiges teenoor mekaar in die gemeente.

Hierdie vrede is die vrede van Christus. Dit is 'n vrede wat Hyself verpersoonlik en Hy alleen kan gee. Hierdie is die vrede wat in die gelowiges en onder mekaar moet heers. Vrede moet die oordeel fel oor die verhoudings in die gemeente. Wanneer die vrede van Christus in die gemoed ervaar word sal goeie verhoudings gehandhaaf word en verkeerde verhoudings herstel word.

5.3.8 GELOWIGES MOET MET LIEFDE LEWE

God het sy uitverkore volk, die kerk, baie lief (vgl Kol 3:12), hulle wie Hy onder die heerskappy van sy Seun wat Hy liefhet, geplaas het. Christus is nie net die ewige objek van die Vader se liefde nie, maar ook die beliggaming en uitdrukking van God se liefde in sy genadige handeling met mense.

Die Christelike liefde (vgl Kol 1:4; 3:14) word deur die Gees in gelowiges gewek. God se liefde is dus ook genade. Hierdie liefde stel die gelowiges in staat om mekaar lief te hê – hulle moet mekaar bo alles liefhê. Hierdie morele kwaliteit oortref alle deugde en is 'n band tot volkome eenheid onder gelowiges in die gemeente (vgl Kol 3:14) en in hulle huishoudings (vgl Kol

3:19). Die Christelike liefde in gelowiges is in werklikheid 'n refleksie van God se liefde vir hulle.

5.3.9 GELOWIGES LEEF IN GELOOF

Geloof is deel van Christenskap, van die burgers van die koninkryk (vgl Kol 1:4). Geloof is 'n vereiste en voorwaarde vir versoening (vgl Kol 1:23). Die hoor en onderrig van die evangelie is die wyse waarop tot geloof gekom word (vgl Kol 1:6-7).

Geloof sien in Christus Jesus die Verlosser, die Een wat mens geword het en die skuld van die mens se sonde gedra het. Geloof, in gehoorsaamheid, erken dat hierdie Verlosser die Here is. Die verbondenheid aan Christus vind plaas deur die geloof deurdat die gelowiges Hom aangeneem het (vgl Kol 2:6). Gelowiges moet aan Christus verbonde bly deur die standvastigheid van die geloof.

Die wandel in Christus kan nie sonder die geloof nie, dit is afhanklik van 'n geloofsverhouding met Christus. Daarom sê die skrywer (vgl Kol 2:12) dat die gelowiges saam met Christus opgewek is omdat hulle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.

5.3.10 GELOWIGES LEEF MET HOOP

In die Nuwe Testament word die term hoop feitlik as 'n sinoniem vir vertroue op God gebruik. Alhoewel die term hoop slegs drie keer in Kolossense voorkom, ontvang dit sterk direkte of indirekte beklemtoning (vgl Kol 1:5, 23, 27; 3:1, 4).

Kolossense stel dat geloof en liefde op hoop gegrond is, met die implikasie dat die Christelike hoop 'n kragtige motivering is vir konstante geloof en liefde in die hede (vgl Kol 1:5). Hoop word in die gelowiges gewek deur die evangelie wat hulle gehoor het (vgl Kol 1:23).

Hoop is aan die eenkant 'n objektiewe werklikheid, 'n heilsgawe. So gesien is hoop dit wat God reeds vir die gelowige gereed gemaak het en in die hemel

in bewaring hou (vgl Kol 1:5, 27: 3:1, 4). Aan die ander kant is hoop 'n subjektiewe werklikheid, te wete die innerlike respons op die belofte van God (vgl Kol 1:23).

Christus is die gelowige se hoop op die heerlikheid. Daarom het die gelowige 'n vaste hoop, leef hy/sy nie vir hom/haarself nie, maar is iemand met 'n ewige bestemming wat streef om sy/haar geloof en liefde te laat groei. Daarom word die gelowiges vermaan om hulle nie te laat losruk van die hoop wat in hulle gewek is nie (vgl Kol 1:23).

5.3.11 GELOWIGES LEEF MET TOENEMENDE KENNIS, INSIG EN WYSHEID

Die skrywer bid dat God die gemeente sal vervul met kennis en sy wil in alle wysheid en geestelike insig (vgl Kol 1:9). Daar kan tot volle kennis gekom word wat die wil van God is deur die wysheid en insig wat die Gees gee. Kennis hou direk verband met die wil van God. Die vernuwing van die nuwe mens het in sig die lesers se progressiewe toename in die vermoë om God se wil en opdrag te herken (vgl Kol 1:9). Hierdie ware kennis lei tot 'n optrede en gedrag wat ooreenstem met die Skepper se wil. Dit is 'n begrip vir die etiese eise van God. Die gelowige word geplaas in die posisie van verantwoordelikheid voor God.

Kennis beteken ook om te weet wie God is. Hierdie kennis is bekombaar deur die geheimenis van God te ken. Die geheimenis is Christus in wie al die verborge (in Christus gedeponeer of gestoor) skatte van wysheid en kennis te vind is (vgl Kol 2:2-3). Hierdie kennis moet vermeerder word omdat die doel van hierdie kennis is om al hoe meer gelykvormig te word aan die Skepper (Christus; vgl Kol 3:10).

Die besit van hierdie Geestelike (deur die Gees gegee) of Goddelike wysheid toon aan die gelowige die rigting en standaard van sy/haar optrede. Insig het eweneens sy toepassing in konkrete lewensituasies. Kennis van die wil van God is alleen moontlik deur die wysheid en die insig wat die Gees gee en wat in Christus beliggaam is (vgl Kol 1:9; 2:2). Die wysheid word meegedeel deur die Woord van God en menslike onderrig (vgl Kol 1:28; 3:16).

Die praktiese gevolge van 'n vervulling met die kennis van God se wil, te wete geestelike wysheid en insig, is dat die gemeente tot eer van God sal lewe, net sal doen wat Hy verlang, vrugte sal dra deur goeie werke te doen en sal toeneem in die kennis van God. Die gemeente moet ook saam strewende na diep en volledige insig sodat hulle God se geheimenis (Christus) kan ken (vgl Kol 1:10; 2:2). Daar moet na Christus gekyk word as die enigste bron waar die skatte van wysheid en kennis gevind kan word sodat gelowiges nie deur vals redenasies mislei kan word nie.

Hierdie skatte van kennis, wysheid en insig bly verborge vir alle menslike pogings om te begryp. Dit is God alleen wat dit vrylik kan skenk en dit kan alleen in geloofsgehoorsaamheid ontvang word. Christus bly dus die subjek van al die kennis, wysheid en insig. Buite Christus is dit nie te vind nie. Ook hieruit blyk die algenoegsaamheid, verheewendheid en onoortreflike heerlikheid van Christus.

5.3.12 GELOWIGES LEEF IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS

Gelowiges wat nou onder die heerskappy van Christus lewe is aan Hom verbonde omdat hulle deur God in Christus met Homself versoen het deur die verlossing en vergifnis van sondes (vgl Kol 1:22, 23). Aangesien hulle Christus Jesus as Here aangeneem het, het hulle ook hulleself aan Christus verbind deur die geloof (vgl Kol 2:6).

Omdat gelowiges aan Christus verbonde is moet hulle in verbondenheid met Hom wandel. Hulle moet prakties in afhanklikheid van en in gehoorsaamheid aan Hom tot sy eer lewe. Om te wandel suggereer ook 'n gereelde groei in die gelowige se lewe soos hy/haar kennis van God toeneem (vgl Kol 1:10).

Verbondenheid aan Christus beteken ook dat die gelowige in Christus gewortel moet bly. God het hulle in Christus gewortel deur hulle geloof. Christus is die bron van hulle geestelike voedsel en groei, hulle lewenskrag en vrugdra (vgl Kol 1:10).

Verbondenheid aan Christus beteken ook dat gelowiges op Hom gebou is. God is besig om hulle op te bou. Christus is die vaste fondament en hulle moet al hoe meer soos Hy word. In die proses moet gelowiges vasstaan in die geloof en dankbaar wees vir alles wat God in Christus vir hulle gegee en gedoen het. Christus Jesus die Here is meer as genoegsaam. Die gemeente se lewe moet voortdurend in ooreenstemming wees met wat hulle geleer is.

Gelowiges moet nie dat iemand hulle van Christus af wegvoer deur misleidende teorieë en argumente nie. Hierdie dinge berus op die nuttelose oorlewering van mense en wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. Gelowiges is van hierdie dinge bevry. Hulle verbondenheid met Christus het hulle in 'n nuwe proses geplaas. In Christus is die volle wese van God teenwoordig en in verbondenheid aan Hom deel hulle in sy volheid. Hulle deel in wat Christus gee, die verlossing en die lewe. So maak God die gelowiges vol (vgl Kol 1:19; 2:9, 10, 13; kyk ook Kol 1:15-16; 2:15).

In verbondenheid met Christus is gelowiges ook geestelik besny deur Christus (vgl Kol 2:11). Dit beteken die verwydering van die sondige natuur, die aflê van 'n sondige bestaanswyse. Christus het finaal 'n einde aan die ou lewe gemaak. Dit het by die doop gebeur deurdat gelowiges saam met Hom begrawe is (vgl Kol 2:12). In hulle verbondenheid met Christus geld dit wat met Christus gebeur het ook vir die gelowige. Dit is egter nie die doop wat die besnydenis of verandering te weeg gebring het nie. Die doop word in 'n figuurlike sin gebruik as 'n teken en seël van wat met die gelowige gebeur het. Die gelowiges is ook saam met Christus opgewek omdat hulle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Hulle was geestelik dood vanweë die sonde en omdat hulle sondige natuur nie wegeneem was nie. God het hulle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy al hulle sondes vergewe het. Dit het gebeur deurdat God die skuldbewys met al sy eise aan die kruis gespyker en dit tot niet gemaak het (vgl Kol 2:12-14). So is die bose magte ontwapen, die oorwinning aan die kruis behaal en is hulle in Christus se triomftog weggevoer (vgl Kol 2:15).

Dus, in hulle verbondenheid met Christus is die gelowiges bevry van alles wat mag oor hulle wil uitoefen. Hulle hoef niks te vrees nie. Hulle moet hulle nie onderwerp aan enigiets of iemand naas Christus nie. Hulle moet hulle onderwerp aan Christus want alle volheid is in Hom te vind. Hy is genoegsaam.

5.3.13 GELOWIGES MOET NIE MISLEI WORD NIE

Omdat Christus die magte oorwin het moet die gemeente hulle nie laat voorskryf wat hulle moet eet of drink nie of watter feeste of dae onderhou moet word nie. Dit is alles egter uitgediende en nuttelose dinge want dit is maar net 'n voorafskaduwing van die toekomstige. Die enigste werklikheid nou is Christus. Hy is hulle hoop. Die skadudinge het nie meer bindings- of oordeelskrag nie (vgl Kol 2:16-17; 1:5, 23, 27). Die gelowiges moet ook nie toelaat dat hulle gediskwalifiseer word deur dié wat teen hulle optree as skeidsregters met hulle selfgodsdienste van vals nederigheid, die aanbidding van engele en die sien van visioene nie. Dis niks anders as eiewaan en selfverheffing bo ander mense nie. Iemand wat bogenoemde selfgodsdienste beoefen is iemand wat nie aan die Hoof van die liggaam, Christus, vashou nie (vgl Kol 2:18-19).

Gelowiges is aan Christus verbonde, hulle het saam met Hom gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Deur hulle verbondenheid aan Christus is hulle ook saam met Christus opgewek tot 'n nuwe lewe. Hierdie nuwe lewe moet gekonkretiseer word. Hulle is nie net in Christus nie, hulle moet ook so optree. Hulle moet nie meer lewe asof hulle nog aan die wêreld behoort deur allerhande voorskrifte te gehoorsaam nie (vgl Kol 2:20-23).

Alles kom daarop neer dat gelowiges nie dit mag vertoon wat hulle reeds afgesterf het nie. Hulle moet dit vertoon wat hulle deur die sterwe en opstanding saam met Christus verwerf het. Dit gaan oor die ingesteldheid van die gelowiges ten opsigte van hulle lewe. Slegs standvastige vashou aan Christus kan die verlore help om onvoorwaardelik die oue te verwerp en met vreugde die vryheid van die nuwe te ervaar.

5.3.14 GELOWIGES MOET STREWE NA DIE DINGE DAARBO WAAR CHRISTUS IS

Omdat die burgers van die koninkryk van die lig saam met Christus uit die dood opgewek is moet hulle voortdurend na dinge daarbo, die hemel, strewe of soek, daar waar Christus is en waar Hy aan die regterhand van God sit. Om hierdie opdrag te beklemtoon word gesê die gelowiges moet ook hulle gedagtes rig op dinge wat daarbo is en nie op dinge wat op die aarde is nie, want hulle het gesterwe is saam met Christus verborge in God (vgl Kol 3:1-3).

Gelowiges moet met volgehoue inspanning, wil en gesindheid op Christus fokus. Hy is die sentrum. Alles gaan om Christus, Hy wat heerskappy voer oor al die geestelike magte, asook oor die gelowiges. Hy is die Here oor almal. Hy tree ook vir die gelowiges in by God. Daarom moet die Christelike lewe voortdurend op Hom gerig wees. Gelowiges is saam met Christus opgewek en deel sy hemelse lewe. Dit beteken dan om die werklikheid van die verbondenheid met Christus te leef, 'n lewenswyse wat gekenmerk word deur deugde en nie ondeugde nie (vgl Kol 3:5-17). Dit gaan dus om 'n verhouding met die verhoogde Here.

Gelowiges se denke, gedagtes moet ook op die dinge daarbo gerig wees omdat dit die oriëntering van die gelowige se hele wyse van lewe bepaal. Gelowiges het 'n radikale geestelike verandering ondergaan en bevind hulle in 'n nuwe geestelike omgewing. Hulle het 'n nuwe doel in die lewe. Hulle sien nou dinge vanuit 'n hemelse Christusperspektief (ewigheidsperspektief). Daarom moet hulle nie hulle denke rig op aardse dinge nie. Die aardse lewe is nie onbelangrik nie. Die geestelike moet nie van die aardse geskei word nie, maar moet die aardse bepaal. Die rede waarom gelowiges hulle denke op dinge daarbo moet rig is omdat hulle gesterf het. Hulle is aan Christus verbind deur hulle eenwording met Hom in sy dood (vgl Kol 2:11, 12, 20). Die gelowiges het gesterf vir die godsdienstige reëls, vroom praktyke en alles wat 'n verhouding met Christus kan verhinder (vgl Kol 2:16-23). Hulle het by implikasie gesterf vir die dinge op aarde. Gelowiges behoort derhalwe nie meer aan die aarde nie maar aan die wêreld daarbo.

Hierdie nuwe lewe is 'n verborge realiteit, saam met Christus verborge in God, en alleen 'n realiteit wanneer in die geloof gelewe word. Hierdie opstandingslewe is streng verbonde aan Christus in God (vgl Kol 3:3; 2:3). Dit beteken dat die waarborg van hulle nuwe lewe God self is omdat God getrou is en Christus self in God is. Hulle wat aan Christus verbonde is het dus ook hulle lewe in God (vgl Kol 1:15, 16, 26; 2:7).

Hierdie verbondenheid is 'n voortgaande gebeurtenis tot en met Christus se wederkoms (vgl Kol 3:4). Dit is 'n hemelse verbintenis en is daarom verborge vir die mens se waarneming behalwe waar dit in sigbare daade geleef word (vgl Kol 2:20). Hierdie nuwe, hemelse lewe, sal nie altyd verborge wees nie maar ten volle gemanifesteer word in al sy heerlikheid wanneer Christus, wat die beliggaming daarvan is, met sy wederkoms sal verskyn (vgl Kol 3:4). By die wederkoms sal dit duidelik word dat Christus se eie mense saam met Hom is, en dat hulle lewe geopenbaar sal word. Die feit dat gelowiges op 'n sekere tydstep in heerlikheid sal leef onderskei hulle toekomstige vervolmaking van hulle huidige lewe. Heerlikheid is die wêreld van Christus of God (vgl Kol 1:11,27) wat nog deur gelowiges verwag word (vgl Kol 1:27) al is dit reeds aan hulle gegee deur Christus as 'n geskenk vooruit (vgl Kol 1:2-14, 22; 2:6-15; 3:1-4).

Christus, wat by sy wederkoms gaan verskyn, is die gelowiges se lewe (vgl Kol 3:4). Die doel en taak van die gelowiges is Christus. Christus is die wese en essensie van die Christelike bestaan. Die Christelike lewe word nie net met Christus gedeel nie, die lewe is Christus. Daarom is die lewe in sy diepste sin nie wat in die gelowige gevind word nie maar wat Christus op die gelowige afdruk of stempel.

5.3.15 GELOWIGES MOET DIE AARDSE DINGE DOODMAAK

Die burgers van die koninkryk moet hulle identiteit in Christus en verbondenheid aan Christus op 'n sigbare en praktiese wyse nou uitleef. Die implikasies en gevolge van wie hulle is moet gekonkretiseer word in hulle lewe. Hulle moet dit doen deur die aardse dinge dood te maak wat nog deel van hulle lewe is. Hulle moet daarvan afstand doen deur dit volledig te

verwyder (vgl Kol 3:5-9) omdat hulle in Christus nuwe mense is en dood is vir die aardse dinge.

Die dinge wat nog deel van hulle lewe kan wees is persoonlike ondeugde soos onsedelikheid (immoraliteit of onwettige seksuele praktyke), onreinheid ('n onreine woord, gesindheid en begeerte), slegte begeertes (seksuele begeertes en die sondige gesindheid wat lei tot sondige dade), en gierigheid (die sterk begeerte om meer en meer materiële dinge te versamel en te besit). Laasgenoemde mag ook seksuele ondertone hê. Die materiële kan die god in 'n mens se lewe word en só God se plek in die mens se lewe inneem.

Gelowiges wie se lewenswyse hierdie dinge insluit is ongehoorsaam aan die wil van God en ongehoorsaam aan die evangelie van Jesus Christus. Hulle leef volgens hulle sondige begeertes, die lewe van die ou mens. Op so 'n lewenswyse kom die toorn of straf van God

Omdat gelowiges 'n lewensverandering ondergaan het moet hulle alle ondeugde wat hulle sosiale lewe raak laat staan: toorn (wat uitloop op die uitbarsting van die humeur), woede, boosheid (wat iemand leed aandoen), laster deur van iemand kwaad te praat en onwelvoeglike taal. Gelowiges moet nie vir mekaar lieg nie want hulle het met die ou sondige mens en sy gewoontes gebreek. Die leuen is bedoel om te mislei en is gebore uit 'n liefdelose gesindheid teenoor die medemens. Leuens is ook 'n verwerping van die eis van waarheid en opregtheid.

5.3.16 GELOWIGES HET MET DIE OU MENS GEBREEK EN MOET NOU DIE LEWE VAN DIE NUWE MENS LEEF

Gelowiges hét die “ou mens uitgetrek” (afgelê) toe hulle in Christus se dood gedoop is en die “nuwe mens aangetrek” (die lewe van die nuwe mens aanvaar). Die gelowiges moet daarom nou leef wat hulle alreeds is – nuwe mense in Christus. Kan nie nou meer leef volgens hulle ou sondige natuur nie (vgl Kol 3:9-10). Hierdie vermaning geld vir die individuele gelowige sowel as vir die gemeente in korporatiewe sin. Die nuwe lewe van die nuwe mens

moet al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot volle kennis van God (vgl Kol 1:15, 27, 28, kyk § 5.3.11).

5.3.17 GELOWIGES IS DIE BEELD VAN CHRISTUS

Om na die beeld van die Skepper vernuwe te word is om na die beeld van Christus vernuwe te word omdat Hy die beeld van God is. Hy is in status en funksie God self.

Die term beeld beklemtoon in die eerste plek Christus se verhouding tot God. Daar is 'n baie noue verband tussen sy wese en die wese van God. Hy is die draer daarvan. Christus is die openbaring van God, sy verteenwoordiger. God se eienskappe is in Christus sigbaar. God kan deur Christus geken word. Hy is die spieëlbeeld van God, 'n sigbare ewebeeld. As die mens wil weet hoe God is, kyk na Jesus Christus. God se heerlikheid straal van Jesus Christus uit.

Wanneer die mens die beeld van God of Christus is raak dit sy/haar wese en verhoudings. Die deel van die beeld van Christus in die mens wat te doen het met verhoudings (vgl Kol 3:12-17) is deur die sondeval vernietig. Hierdie is dit waaroor Kolossense handel: die herstel van dié deel van die beeld wat vernietig is. Daarom word gelowiges daaraan herinner dat hulle herskepte mense is, nuwe mense in Christus wat beteken dat die beeld van Christus in die gelowiges herstel is.

Binne die konteks van Kolossense impliseer dit 'n bepaalde etiese lewe van gelowiges. Christus het as' t ware met sy lewe weer kom wys hoe die eienskappe van die beeld van God wat vernietig is lyk en hoe dit geleef moet word. Hierdie moreel-etiese eienskappe word deurgaans in Kolossense genoem, byvoorbeeld liefde (vgl Kol 2:2; 3:14), meelewendheid, goedgesindheid, nederigheid, sagmoedigheid, verdraagsaamheid en vergewensgesindheid (vgl Kol 3:12-15). Hierdie deugde word aan God of Christus toegeskryf, maar gelowiges word nou opgeroep om hierdie lewe aan te trek en daarin vernuwe te word, hierdie lewe wat aan Christus behoort. Om weer na die beeld van die Skepper, Christus, vernuwe te word beteken dat hierdie

eienskappe al meer sigbaar moet word in 'n gelowige se lewe en al die ondeugde al hoe minder sigbaar.

Dit kom daarop neer dat die gelowige soos Christus moet wees en leef. Wie Christus is moet in die gelowige sigbaar wees net soos God in Christus sigbaar is. Só is die gelowige die beeld van sy/haar Skepper, en moet dit al hoe meer word.

5.3.18 GELOWIGES LEEF IN 'N NUWE ORDE

In die nuwe lewe van die nuwe mens, die herskepping of die nuwe mensheid wat in verbondenheid aan Christus ontstaan het (vgl Kol 3:10) – die geloofsgemeenskap wat Christus as Hoof en Koning het, dus die kerk – heers 'n nuwe orde, 'n nuwe lewenswyse en nuwe verhoudings (vgl Kol 3:11).

Net soos individuele gelowiges die gesindhede en gewoontes van die ou mens afgelê het moet die kerk/gemeente die ou skeidsmure wat mense geskei het verwyder. Hier in die nuwe skepping is die nuwe lewe so radikaal anders dat dit 'n verandering tot gevolg het van alle menslike verhoudings. Daar mag nie rasse-, godsdienstige-, kulturele-, of sosiale skeiding wees nie. Natuurlike verskille word nie opgehef nie, maar in Christus is al die skeidings en verskille onbelangrik. Onder gelowiges is daar geen verskil in geestelike status nie. In Christus is almal gelyk, ongeag ras, klas, of stand omdat Christus alles en in almal is. Christus wat die algenoegsame Here en Verlosser is, is al wat saak maak (vgl Kol 1:15-20). Sy Gees as die bemiddelde inwoning in alle gelowiges van watter klas, stand of agtergrond waarborg die skepping en die groei na volmaaktheid. Hierdie groei vind plaas in elkeen en almal wat as nuwe mense vernuwe word tot volle kennis van God volgens die beeld van sy/haar Skepper.

5.3.19 GELOWIGES MOET AS UITVERKORENES LEEF

Na die negatiewe vermanings om die ondeugde in hulle persoonlike lewe en verhoudings met medegelowiges dood te maak en te verwyder (vgl Kol 3:5-11) word die gelowiges positief vermaan om deugde aan te trek en die nuwe lewe te leef. Dit het in werklikheid alreeds gebeur, hulle moet dit nou net leef.

Die motivering vir die uittrek van die ou mens, en aantrek van die nuwe mens, is dieselfde, te wete die verbondenheid aan Christus. Die burgers van God se koninkryk, die nuwe mense wat die beeld van Christus is, besit nou etiese eienskappe en 'n nuwe lewenswyse wat hulle teenoor hulle medegelowiges en gemeente moet openbaar.

Daarom word hulle daaraan herinner dat hulle die uitverkore heiliges (volk van God) is wat Hy baie liefhet. Hulle is uitverkorenes want God het hulle verlos deur die vergewing van sondes (vgl Kol 1:13, 14; 3:13, kyk § 5.3.2 en 5.3.5). Hulle is vir God afgesonder as eiendom van God en die voorwerpe van sy besondere liefde.

Op grond van hierdie verhewe identiteit en posisie voor God moet die gelowiges 'n lewenswyse openbaar wat die nuwe mens waardig is. Hierdie gedrag waartoe hulle aangespoor word weerspieël dan ook die Here wat hulle uitverkies het. Die rede hiervoor is dat die etiese eienskappe wat in hulle lewe moet heers eienskappe van God en Christus is. Hierdie deugde is gerig op mense, maar die visie is op God of Christus. So is ook alle dade gerig op die gedagte dat Christus alles en in almal is (vgl Kol 3:12-15).

Daarom moet gelowiges teenoor mekaar meelewend wees omdat die belange van ander belangrik is. Hulle moet mekaar goedgesind wees deur goedheid en welwillendheid teenoor mekaar te betoon. Ook moet hulle nederig teenoor mekaar wees met 'n gesindheid van beskeidenheid en ootmoedigheid. Sagmoedigheid moet hulle lewe kenmerk en hulle moet verdraagsaam wees teenoor mekaar. Die gelowiges moet mekaar verder vergewe soos die Here hulle vergewe. Die interaksie van gelowiges moet die optrede van die Here teenoor hulle weerspieël (vgl Kol 1:22; kyk § 5.3.5). Die volmaakte voorbeeld van Christus moet nagevolg word. Wie self deur die Here vergewe is moet ook die medemens vergewe. Christus se vergifnis dien beide as model en motief vir hulle vergewensgesindheid teenoor mekaar. Vergifnis moet verder 'n voortdurende, daaglikse gesindheid en optrede wees.

Bo alles moet gelowiges mekaar liefhê omdat dit die band is wat hulle tot 'n volmaakte eenheid saambind (vgl Kol 1:4; 3:14; § 5.3.8.). Die vrede wat Christus gee moet in hulle lewe heers. God het immers die gelowiges geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe (vgl Kol 1:2, 20; 3:15; § 5.3.5 en 5.3.7). Daarby moet die gelowiges altyd dankbaar wees (vgl Kol 1:3, 12; 2:7; 3:15, 16, 17; 4:2; § 5.3.3).

5.3.20 DIE WOORD VAN CHRISTUS MOET IN GELOWIGES WOON EN HULLE MOET MEKAAR LEER EN VERMAAN

Die woord van Christus (die waarheid of die evangelie) moet in sy volle rykdom in die gelowiges bly. Dit moet oorvloedig, gereeld en ten volle elke aspek van hulle lewe deurdring. Dit moet in beheer wees van elke gedagte, woord en daad. Die woord bly in hulle as hulle dit hoor, suiwer verkondig, in die hart bewaar en daaraan vashou. Die rykdom van die evangelie word gedeel deur hulle wat dit ontvang het (vgl Kol 3:16). Die woord van Christus staan in die sentrum van die geloofsluwe, dit is die lig op die pad van die nuwe lewe.

Die gelowiges moet mekaar ook in alle wysheid leer en vermaan. In die krag van die wysheid wat die Gees gee (kyk § 5.3.11) verstaan die gemeente wat die wil van God is (vgl Kol 1:9 - 12). So weet die gemeente dat in Christus al die verborge skatte van kennis, wysheid en insig in Christus te vind is (vgl Kol 2:3) en wat die regte optrede is (vgl Kol 2:6-23; 3:1-4:6). Gelowiges het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar om mekaar te help om in verbondenheid met Christus te lewe met al die gevolge en implikasies daarvan. Daarom moet hulle mekaar leer en vermaan sodat almal tot geestelike volwassenheid in Christus kan kom.

5.3.21 DIE EREDIENS VAN DIE GEMEENTE MOET GETUIG VAN DANKBAARHEID

Gelowiges as gemeente moet op die woord van God en tot sy eer antwoord. Die woord en sy volheid moet geleef word deur dit ook te laat weerklink in die liedere van dankbaarheid wat die gemeente saam sing om hulle verbondenheid aan Christus as Hoof van sy liggaam te vier (vgl Kol 3:16).

5.3.22 GELOWIGES MOET ALLES WAT HULLE SÊ OF DOEN IN DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS DOEN

Met die opdrag dat die gelowiges wat alles wat hulle ook al sê of doen in die Naam van die Here Jesus doen word alles wat vooraf in die brief gesê is saamgevat. Hierdie is die algemene maatstaf vir die Christelike optrede.

In die Naam van Jesus Christus dui op Christus self soos Hy Homself geopenbaar het. Dit beteken dat alles wat gesê of gedoen word in ooreenstemming moet wees met 'n lewensbelangrike verhouding met Hom. Gelowiges moet in harmonie met sy geopenbaarde wil lewe, in afhanklikheid van Hom, en in vertroue op Hom.

Wie die gelowiges en gemeente is, is aan die werk van Christus te danke. Alles wat hulle sê en doen staan onder sy heerskappy. Hy moet in alles erken word en 'n plek hê. Dit is hoe die nuwe lewe geleef moet word. Hy moet in alles verheerlik word. Uiteindelik kom al die dank God toe, maar alleen deur Jesus Christus (vgl Kol 3:17).

5.3.23 GELOWIGES MOET IN HULLE HUISHOUDINGS CHRISTUS WEERSPIEËL

Die vermaning dat alles wat gesê en gedoen word in die Naam van Jesus Christus gedoen moet word (vgl Kol 3:17), as algemene maatstaf, geld ook vir die verhoudings in die huishouding. Die verbondenheid aan Christus moet ook in die gesinsopset konkreet geleef word (vgl Kol 3:18 - 4:1).

Die vrou moet haar man onderdanig wees in afhanklikheid van die Here se heerskappy wat ook in die huwelike van gelowiges geld. Die vrou moet onderdanig wees solank die eise van die man binne die wil van die Here is. Mans moet hulle vrouens liefhê. Omdat die Here oor man en vrou gesag voer moet die man in liefde teenoor sy vrou optree as 'n lewenswyse van die nuwe mens. Hierdie liefde is 'n opofferende en onselfsugtige liefde wat deur die voorbeeld van Christus gedefinieer word. Mans moet nie verbitterd teenoor hulle vrouens word of die lewe vir hulle bitter maak nie. Die liefde moet die deurslag gee.

Kinders moet in alles gehoorsaam wees aan hulle ouers, want dit is vir die Here goed en aanneemlik en dit is volgens sy wil. Vaders moet nie hulle kinders moedeloos maak deur gedurig by hulle fout te vind en onbillike eise te stel nie. Hulle lewensvreugde word so ontnem, en dit is nie vir die Here aanneemlik nie. Ook slawe moet in alles gehoorsaam wees aan hulle eienaars. Hulle moet hulle werk doen asof hulle dit vir die Here doen. Dit is van Hom wie hulle 'n beloning sal kry, te wete dit wat belowe het, die ewige erfenis. Christus is die Here in wie se diens hulle eintlik staan. In die koninkryk van God word niemand voorgetrek nie, en onreg wat gepleeg word sal nie deur God oorgesien word nie. Eienaars moet hulle slawe reg en billik behandel. Hulle moet weet dat hulle dieselfde Here in die hemel het as die slawe, die Here aan wie hulle verantwoording moet doen. Die wedersydse verhoudings in die huishouding moet dus bepaal en beheers word deur elkeen se verbondenheid aan Christus.

5.3.24 GELOWIGES MOET BID EN MET WYSHEID OPTREE

Die gemeente word opgeroep om volgehoue gebed en danksegging te beoefen. Die gemeente moet vir mekaar en vir die skrywer bid. Daar moet vir spesifieke sake gebid word. Hulle moet bid dat die Here 'n deur vir die evangelie sal oopmaak en dat die evangelie duidelik verkondig sal word (vgl Kol 4:2-4).

Teenoor ongelowiges moet met wysheid opgetree word. Die beste gebruik moet van elke geleentheid gemaak word. In dit wat hulle sê en doen moet die eer van God op die voorgrond wees. Wat hulle sê moet met die nodige verantwoordelikheid geskied, met 'n gesindheid van vriendelikheid en goeie smaak. Hulle moet die regte woord op die regte tyd spreek sodat die geheimenis van Christus sonder hindernis die ongelowiges kan bereik.

Die brief in Kolossense wil die gelowiges herinner dat hulle aan Christus verbonde is, dat hulle in Christus is en Hy in hulle. Hulle is nuwe mense. Leef nou die nuwe lewe. Sê en doen alles in die Naam van Jesus Christus en dank God die Vader deur Hom.

HOOFSTUK 6

RESULTATE VAN ONDERSOEK

Dit is duidelik dat die rede vir die skryf van die brief aan die Kolossense aan 'n dwaalleer of 'n bedreiging toe te skryf is. Hierdie dwaalleer het die volstrekke heerskappy van Christus en die volkomenheid van sy verlossingswerk bedreig. Die dwaalleer wou die verlossingswerk van Christus aanvul met asketiese praktyke en seremoniële rites wat die gelowige die vryheid in Christus sou ontnem sonder om oorwinning oor die sondige natuur te bied (vgl Kol 2:23).

Hierteenoor stel Paulus die volstrekke uniekheid van Christus (vgl Kol 1:12-20) en kan hy die gemeente verseker dat hulle saam met Christus gesterf het (vgl Kol 2:20) en saam met Hom opgewek is (vgl Kol 3:1). Op grond van hierdie indikatiewe roep hy hulle dan ook op om die nuwe oorwinnende lewe te lei wat hieruit voortspruit (vgl Kol 2:20-4:6).

Behalwe die inleidende deel (Kol 1:1-12) en die briefafsluiting (Kol 4:7-18) bestaan die brief uit drie hoofdele, te wete Kolossense 1:13-2:5, Kolossense 2:6-23 en Kolossense 3:1- 4:2. Verder is die kenmerkende van Paulus se briewe om uit twee hoofdele te bestaan, te wete leerstellig en vermanend of die prinsipiële en paranese (die indikatief en imperatief). Hierdie struktuur is ook in Kolossense aan te toon. Hierdie verdeling moet egter nie te ver gevoer word nie omdat die Christologiese uitsprake wat hoofsaaklik in die eerste twee hoofstukke voorkom ook te vinde is in die paranetiese deel van die brief (Kol 3:1-4:6). So ook word etiese vermaninge (paranese) in die indikatiewe deel van die brief aangetref.

In die inleidende deel van die brief dank die skrywer God dat die Kolossense gelowiges is. Hy bid dat hulle die wil van God sal doen en dat hulle geestelik sal groei en sal volhard. Die gemeente word opgeroep om die Vader met blydskap te dank wat hulle geskik gemaak het vir die erfenis in die ryk van die lig.

Vervolgens word in die eerste hoofdeel vertel hoe hulle gelowiges geword het. Hulle is weggeruk uit die mag van die duisternis en onder die heerskappy van die Seun geplaas. Deur Christus het hulle verlossing verkry deur die vergewing van hulle sondes.

Met die Christusbelydenis word die voorrang van die Seun beskryf. Hy het die vrede herstel. God het gelowiges deur Christus met Homself versoen. Die boodskap is dat Christus die geheimenis van God is wat geopenbaar is. Voortdurend word daarna verwys dat ware kennis wat tot die korrekte lewenswyse lei by Christus alleen te vinde is. Die gemeente word teen misleiding gewaarsku en die gelowiges word vermaan om vas te staan in hulle geloof in Christus.

In die tweede hoofdeel word die gelowiges versoek om in verbondenheid met Christus te lewe omdat hulle saam met Christus gesterf het en ook saam met Hom opgewek is. Hulle lewenswyse moet deur hulle identiteit in Christus bepaal word. Hulle moet die nuwe lewe saam met Christus leef.

In die derde hoofdeel word deur praktiese voorbeelde presies uiteengesit wat die korrekte lewenswyse in verbondenheid aan Christus moet wees. Dit raak gelowiges se persoonlike lewe, hulle verhoudings binne die gemeente en gesinsopset en hulle optrede teenoor buitestaanders. Alles word saamgevat met die vermaning dat wat gedoen of gesê word in die Naam van Jesus Christus gedoen moet word.

Daar is dus 'n logiese verloop aan te dui in die brief. Dit begin by die werklikheid dat die Kolossense gelowiges is. Hulle besit 'n identiteit in Christus. Hulle is verbonde aan Christus en moet vanuit hierdie verbondenheid lewe.

Die brief aan die Kolossense beklemtoon dus baie sterk die onlosmaaklike verband tussen die Christologie en die etiek. Dus is hierdie studie van mening dat die hipotese in §1:5 gestel, wel duidelik bevestig is.

AFSLUITING

Uit die verskeie kommentare, artikels en inleidings wat vir hierdie studie geraadpleeg is, is dit duidelik dat die fokus van die navorsing op Kolossense hoofsaaklik die dwaalleer, outeurskap, die belydenis (Kol 1:13-20) en die huistafels (Kol 3:18-4:1) is. In 'n mindere of meerdere mate is daar ook aandag gegee aan die teologie, Christologie en etiek in Kolossense. In sommige werke word wel na die verhouding tussen die indikatief en imperatief verwys, maar 'n volledige in diepte ondersoek, wat spesifiek fokus op die verhouding tussen die Christologie en etiek as 'n wyse om die dwaalleer in die gemeente teen te staan, kon nie gevind word nie (kyk ook voetnota 1).

Bogenoemde navorsing is ongetwyfeld van baie waarde vir die kennis en verstaan van die Kolossensebrief. Maar die gedagte is tog sekerlik dat hierdie kennis en begrip die gelowige lesers van die Kolossensebrief sal help om hulle kennis en geloof te funksionaliseer. En dit geld dan ook vir die gelowige lesers vandag.

Soos in §1.1 vermeld, is die rede vir hierdie studie die praktiese ervaring dat baie gelowiges sukkel om hulle kennis en geloof prakties uit te leef omdat hulle nie van 'n vaste vertrekpunt af werk nie. Die Kolossensebrief bied hierdie vaste vertrekpunt, te wete Jesus Christus, asook die gelowige se identiteit in Hom – dit wat hulle praktiese Christelike lewe bepaal en nie 'n wettiese ingesteldheid nie.

Hierdie boodskap van Kolossense is veral belangrik vandag in ons eie Suid-Afrikaanse konteks waarin gelowiges daagliks gekonfronteer word deur die bose in al sy vorme en die kerk homself bevind in situasies waarin hy nooit vantevore was nie. Onsekerhede word vermenigvuldig en lidmate vra om praktiese leiding. Hierdie studie is daarvan oortuig dat die antwoord op ons huidige situasie, en al die vrae wat daaruit voortspruit, in die Kolossensebrief vir ons gegee word. Wanneer die praktiese ekklesiologie sterker klem lê op die wisselwerking tussen die indikatief en imperatief, soos in die Kolossensebrief aangebied word, sal die gelowiges beter toegerus word om in hulle praktiese geloofslawe staande te bly en te volhard.

Hierdie studie se ondersoek na *die verhouding tussen die Christologie en die etiek* in die brief aan die Kolossense, as 'n wyse om dwaling en enige ander negatiewe situasie wat gelowiges konfronteer, teen te staan is hierdie studie se beskeie bydrae tot die navorsing tot die Kolossensebrief.

*Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het,
moet julle in verbondenheid met Hom lewe,
in Hom gewortel en op Hom gebou,
vas in die geloof soos julle geleer is,
en met dankbaarheid vervul*
(Kol 2:6-7)

BIBLIOGRAFIE

- Barth, M & Blanke, H 1994. *Colossians*. Tr by Astrid B Beck. New York. Doubleday.
- Barth, K 1963. *Evangelical theology. An introduction*. Edinburgh: T & T Clark LTD.
- Bauch, S M 1985. The poetic form of Col. 1:15-20. *Westminster Theological Journal* 47(2), 227-244.
- Beasley-Murray, G R 1979. The second chapter of Colossians. *Review and Expositor* 70, 469-479.
- Boonzaaier, J 2002. God, skepping en verlossing. 'n Eksegetiese verkenning van Kolossense 1:13-20. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Boers, H s j. *What is New Testament theology?* Philadelphia: Fortress Press.
- Bornkamm G 1990. *Paul*. London: Hodder and Stoughton.
- Bratcher, R G 1977. *A translators handbook on Paul's letter to the Colossians and to Philemon*. Stuttgart: United Bible Societies.
- Bright, J 1981. *The kingdom of God*. Nashville: Abingdon Press.
- Buswell, J O 1969. *A systematic theology of the Christian religion*. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House.
- Capper, L S 1985. The Imago Dei and the implications for order in the church. *Covenant Seminary Review* 11(1), 21 -33.
- Carr, W 1973. Notes and studies : Two notes on Colossians. *JTS* 24, 493-500.
- Carson, H M 1979. *The epistles of Paul to the Colossians and Philemon*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Christopher, G T 1990. A discourse analysis of Colossians 2:16 - 3:17. *Grace Theological Journal* 11.2, 205-220.
- Clines, D J A 1993. *Image of God. Dictionary of Paul and his letters*, 426-428. Intervarsity Press: Downers Grove, Illinois.
- Combrink, V & Venter C J H 1995. Menslike subjekte in gemeente-opbou volgens die Kolossensebrief. 'n Diakoniologiese perspektief met toespitsing op eskatologiese dimensies. *In die Skriflig* 29(4), 583-602.

- Crouch, J E 1972. *The origin and intention of the Colossian Haustafel*.
Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht
- Davis, J J 2004. *Evangelical ethics*. Phillipsburg, NJ: P & R Publishing.
- Dunn, J D G 1996. *The epistles to the Colossians and to Philemon: A Commentary on the Greek text*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Dunn, J D G 1977. s v “Christology”. *The Anchor Bible Dictionary*, 979-991.
- Dunn, J D G 1998. *The theology of Paul the apostle*. Edinburgh: T & T Clark.
- Dunn, J D G 1994. The “Body” in Colossians , in To tell the mystery. Essays on New Testament eschatology. *JSNT Supplement Series* 100. 161-181.
- Du Plessis, I J 1988. Die Pauliniese Christologie, in Du Toit, AB (red), *Handleiding by die Nuwe Testament: Band V*, 213-232. Pretoria: NG Kerkboekhandel (Edms) Bpk.
- Du Plessis, I J 1991. Die God wat skep en herskep – Ekologie en menseverhoudinge in Kolossense. *Skrif en Kerk* 12 (2), 194-211.
- Du Toit, AB 1989. Die brief aan die Romeine, in *Verklarende Bybel*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Feinburg, P D 1999. s v “Will of God”. *Wycliffe Bible Dictionary*. 1810-1811. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.
- Filson, F V 1946. *Opening the New Testament*. Philadelphia: The Westminster Press.
- Flender, O 1976. s v “Image”. *The new international dictionary of the New Testament theology*, 286-288. Exeter: The Paternoster Press.
- Fossum, J 1989. Colossians 1:15-18a in the light of Jewish mysticism and Gnosticism. *New Testament Studies* 35, 183-201.
- Furnish, V Paul 1973. *The love commands in the New Testament*. London: SCM Press.
- Gaukroger, S 2002. *Colossians and Philemon*. Leicester: Crossway Books.(Crossway Bible Guide.)
- Harris, M J 1991. *Colossians & Philemon*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Hartman, L 1987. Code and context: A few reflections on the paranesis of Col. 3:6-4:1, in *Tradition and interpretation in the New Testament: Essays in honor of E Earle Ellis*, 237-244. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Hendriksen, W 1979. *Colossians*. Edinburgh: The Manner of Truth Trust.

- Heyns, J A 1978. *Dogmatiek*. Pretoria. NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Helyer, L R 1983. Colossians 1:15-20: Pre-Pauline or Pauline? *JETS* 26/2 167-179.
- Helyer, L R 1988. Arius revisited: The first born over all creation (Col 1:15). *JETS* 31/1 59-67.
- Helyer, L R 1992. Recent research on Colossians 1:15-20 (1980-1990). *Grace Theological Journal* 12(1), 51-67.
- Helyer, L R 1994. Cosmic Christology and Colossians 1:15-20. *JETS* 37/2 235-246.
- Hughs, R K 1989. *Colossians and Philemon. The supremacy of Christ*. Westchester, Il: Crossway Books.
- Hume, C R 1998. *Reading through Colossians and Ephesians*. London: SCM Press.
- Jeremias, J 1971. *New Testament theology, Part I: The proclamation of Jesus*. London SCM Press.
- Johnson, D H 1992. The image of God in Colossians. *Didaskalia* 3(2), 9-15.
- Jordaan, P J 2000. The macrostructure of Colossians. *Ekklesiastikos Pharos* 82/1&2, 44-49.
- Killen, R A 1999. s v "Theology". *Wycliffe Bible Dictionary*, 991-992. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.
- König, A 2001. *Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie. 'n Nuwe kyk op die Een wat jou lewe verander*. Wellington: Lux Verbi.
- Konkel A H 1992. Male and female as the image of God. *Didaskalia* 3(2), 1-8.
- Lane, W L 1978. Creed and theology: Reflections on Colossians. *Journal of the Evangelical Theological Society* 21, 213-220.
- Lategan, B C 1988. Die Pauliniese etiek, in Du Toit, A B (red) *Handleiding by die Nuwe Testament, Band V*, 320-330. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Liddell and Scott 1987. *Greek-English Lexicon. Abridged edition*. Oxford : Oxford University Press.
- Lincoln, A T 1999. The household code and wisdom mode of Colossians. *JSNT* 74, 93-112.
- Lohse, E 1971. *Colossians and Philemon*. Tr by William R Poehlman. Philadelphia: Fortress Press.

- Louw, J P & Nida, E 1989a. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, Vol 1*. Kaapstad: Bible Society of South Africa.
- Louw, J P & Nida, E 1989b. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, Vol 2*. Kaapstad: Bible Society of South Africa.
- Lucas, D 2000. *The message of Colossians & Philemon*. Downers Grove, IL: InterVarsity Press.
- MacArthur, J F 1992. *Colossians & Philemon*. Chicago: Moody Press.
- Martin, R P 1985. *Colossians and Philemon*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Martin, R P 1972. *Colossians: The church's Lord and the Christian's liberty*. Exeter: The Paternoster Press.
- Morris, L 1967. *The cross in the New Testament*. Exeter: Paternoster Press.
- Moule, C F D 1973. The new life in Colossians. *Review & Expositor* 70, 481-493.
- Müller, J J 1958. *Die Brief aan die Kolossense*. Stellenbosch: Christen Studente Verenigingsmaatskappy van SA.
- Müller, J J 1959. Die Brief van die apostel Paulus aan die Kolossense, in *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge*, 574. Kaapstad: Lux Verbi
- Nestle-Aland²⁶ 1971. *Greek-English New Testament*. Stuttgart: Biblia Druck GmbH.
- O'Brien, P T 1982. *Colossians, Philemon*. Waco, Texas: Word Books Publisher.
- O'Neill, J C s j. The source of the Christology in Colossians. *New Testament Studies* 26, 87-100.
- Overfield, P D s.j. Pleroma: A study in content and context. *New Testament Studies* 25, 384-396.
- Pelser, G M M 1989. Die brief aan die Kolossense, in *Verklarende Bybel*. 1983 *Vertaling*, 274. Kaapstad: Lux Verbi.
- Perdue, L G 1990. The social character of paraenesis and paraenetic literature. *Semeia* 50, 5-39.
- Perkins, P s j. New Testament ethic, in *The Anchor Bible Dictionary* 2, 562-665. New York: Doubleday,

- Pollard, T E s.j. Colossians 1:12-20: A reconsideration. *New Testament Studies* 27, 572-575.
- Pokorný, P 1991. *Colossians: A commentary*. Tr by Siegfried S Schatzmann. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.
- Quinn, J D 1990. Paraenesis and the Pastoral epistles: Lexical observations bearing on the nature of the sub-genre and soundings on its role in socialization and liturgies. *Semeia* 50, 189-205.
- Reyes, L C 1999. The structure and rhetoric of Colossians 1:15-20. *Filologia Neotestamentaria* 12 (23-24), 139-154.
- Roberts, J 1988. Die dwaalleer van Kolosse, in Du Toit, A B (red), *Handleiding by die Nuwe Testament, Band V. Die Pauliniese Briewe: Inleiding en teologie*, 147-151. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Roberts, J 1997. *Verlos en vry. Kolossense en Filemon. Die Woord vir die mense*. Halfway House: Orion.
- Roberts, J 1998. Jewish mystical experience in the early Christian era as background to understanding Colossians. *Neotestamentica* 32(1), 161-183.
- Roberts, J W 1999. s v "Hope". *Wycliffe Bible Dictionary*, 808-809. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.
- Sappington, T J 1991. Revelation and redemption at Colossae. *JSNT* 53, 176-223.
- Schillebeeckx, E 1981. *Christ: The experience of Jesus as Lord*. Tr by John Bowden. New York: Crossroads.
- Schrage, W 1996. *The ethics of the New Testament*. Edinburgh: T & T Clark.
- Schroeder, D 1976. Lists, Ethical, in *The Interpreter's Dictionary of the Bible. An illustrated encyclopedia. Supplementary volume*, 546-547. Nashville: Abingdon.
- Schweizer, E 1973. Christ in the letter to the Colossians. *Review and Expositor* 70, 451-467.
- Schweizer, E 1982. *The letter to the Colossians. A commentary*. Tr by Andrew Chester. London: SPCK.
- Smalley, S S 1980. The Christ-Christian relationship, in *Paul and John. Pauline studies*, 95-104. Exeter : Eerdmans Publishing Company.

- Standhartinger, A 2000. The origin and intention of the household code in the letter to the Colossians. *JSNT* 79, 117-130.
- Swart, G 1999. The interpretation of Col. 3:4. *Neotestamentica* 33(1), 169-177.
- Taylor, P 1992. Image – Bearers as caregivers. *Didaskalia* 3(2), 16-23.
- Toussaint, S D 1999. s v “God the Father”. *Wycliffe Bible Dictionary*, 596. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.
- Thurston, B 1995. *Reading Colossians, Ephesians & 2 Thessalonians. A literary and theology commentary*. New York Crossroads Publishing Company.
- Van der Watt, J G 1988. *Christus is julle hoop. Die brief aan die Kolossense: 'n Semantiese redevoeringsanalise*. Pretoria: NG Kerk-boekhandel.
- Van der Watt, J G 2003. Exegesis: An approach. Ongepubliseerde klasaantekeninge vir besprekings tydens MTh-kursus gedurende 2003-2004, Universiteit van Pretoria.
- Vergeer, W C 1994. ΣΚΙΑ And ΣΩΜΑ. The strategy of contextualization in Col. 2:17. A contribution to the quest for a legitimate contextual theology today. *Neotestamentica* 28(2), 379 -313.
- Vergeer, W C 1995. Die dwaalleer in Kolosse (2): Die boodskap van die Kolossensebrief. *In die Skriflig* 29(3), 413-442.
- Viljoen D J 1981. *Heidelbergse Kategismus. Leer uit die Woord 6. Hierdie dinge moet jy weet*. Bloemfontein: N.G.Kerk-Jeugboekhandel.
- Viljoen, F P 2002. Die strategiese funksie van die Christus-himne in Kolossense 1:13-20. *In die Skriflig. Tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging* 36(1), 67-87.
- Wall, R W 1993. *Colossians & Philemon*. Downers Grove, Il: InterVarsity Press.
- Weaver J A 1983. *Colossians 1:15-20 and its function in the letter*. Ann Arbor, Michigan, U.S.A.
- Wedderburn, A J M 1993. *New Testament Theology – The theology of the later Pauline letters: The theology of Colossians*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Wessels, F 1987. The eschatology of Colossians and Ephesians. *Neotestamentica* 21, 183-202.

- Wessels, F 1992. Middelklas-moraliteit in die Kolossensebrief? Geloof en opdrag: Perspektiewe op die etiek van die Nuwe Testament. *Scriptura* S9a, 204 -221.
- Weis, E A 1967. s v “Theology”. *New Catholic Encyclopaedia* 14, 39-44.
- Weiss, H 1972. The law in the epistle to the Colossians. *The Catholic Biblical Quarterly* 34, 294-314.
- Wilson, W T 1997. *The hope of glory. Education and exhortation in the Epistle to the Colossians.* Leiden: Brill.
- Wilson, W T 1998. The “practical” achievement of Colossians: A theological assessment. *Biblical Theology* 20(1), 49-73.
- Wright, N T 1990. Poetry and theology in Colossians 1:15-20. *New Testament Studies* 36, 444-468.
- Wright, N T 1991. *Colossians and Philemon.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Yates, R 1991. The Christian way of life: The paraenetic material in Colossians 3:1-4:6. *The Evangelical Quarterly* 63:3, 241- 251.
- Yates, R 1993. *The epistle to the Colossians.* London: Epworth.
- Yates, R 1995. From Christology to soteriology. *The Expository Times*, 268-269.